# Die politieke loopbaan van Jacob Daniel Du Plessis (Japie) Basson tot 1966

deur

WILLEM THERON ADENDORFF

voorgelê om te voldoen aan die
vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Geskiedenis)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

BLOEMFONTEIN

**Studieleier:** Prof. S.L. Barnard

Bloemfontein
Mei 1996

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskap Ontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskap Ontwikkeling toegeskryf word nie.

**VERKLARING**

Ek, Willem Theron Adendorff, verklaar dat die verhandeling, *(Die politieke loopbaan van Jacob Daniel du Plessis (Japie) Basson tot 1966)*, wat hierby vir die graad **MAGISTER ARTIUM** aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

W.T. ADENDORFF

Geteken te Bloemfontein op 31 Mei 1996.

## VOORWOORD

Die tema wat in hierdie verhandeling onder die loep geneem word, poog om die oriëntering van 'n ervare politikus, Japie Basson, weer te gee in die tydperk van die dertiger- tot sestigerjare van hierdie eeu. Arthur Barlow, 'n bekende voormalige politikus, het die wens uitgespreek dat Basson se loopbaan in die politiek opgeteken moes word. Barlow, outeur van Almost in Confidence, het dié wens uitgespreek met 'n inskripsie in sy werk wat hy aan Basson geskenk het: *"With best wishes from the author. I hope that Japie Basson, one of the outstanding men among our younger members of the House of Assembly, will one day carry out in private and in a Book, preferably in Afrikaans the story of his life in Parliament... I know it will be colourful and interesting.*

*Arthur Barlow M.P.*
*House of Assembly*
*Cape Town*
*15th May 56"*

Barlow noem hiermee een van die belangrikste redes waarom hierdie tema in dié studie ondersoek is. Slegs enkele publikasies fokus op die opposisiepartye en die rol van individue in dié dramatiese tydperk in die partypolitieke geskiedenis. Oor die Verenigde Party se rol as amptelike opposisie na 1948 bestaan daar bloedweinig werke. Net so bestaan daar weinig sekondêre bronne oor politici van hierdie tydperk, met die uitsondering van werke oor sommige Eerste Ministers van Suid-Afrika.

Japie Basson was reeds vanaf 'n jeugdige ouderdom betrokke by die politiek. Hy was in sy politieke loopbaan lid van verskillende politieke partye, wat tekenend was van die partypolitiek van die tydperk. Basson, as 'n Afrikaanssprekende politikus, se eiesoortige optrede en reaksie maak 'n studie oor sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek noodsaaklik. Enersyds poog dié studie om die leemte in navorsing oor die rol van die opposisie aan te vul. Andersyds gaan die Suid-Afrikaanse partypolitieke historiografie mank aan indringende wetenskaplike studies rondom persoonlikhede wat betrokke was in die veranderinge tussen die dertiger- en sestigerjare. Die rol wat Basson gespeel het, word op generlei wyse, wetenskaplik of andersins, aangespreek nie. Die Suid-Afrikaanse partypolitieke historiografie het 'n hiaat in dié verband en sal deur hierdie studie gevul kan word. Dié studie is egter nie 'n biografie nie, maar 'n wetenskaplike ontleding en kritiese beoordeling van Basson se optrede, sy politieke dogma, oriëntering, strategie en sy rol in die Suid-Afrikaanse partypolitiek in die tydperk tot 1966.

Die rasionaal vir die tydperk waaroor die studie strek, is tweërlei van aard. Eerstens was die dertigerjare die periode waarin Basson aktief betrokke geraak het by die politiek en was dit nodig om sy verdere optrede te beoordeel aan die hand van sy politieke dogma wat in dié jare vorm aangeneem het. Tweedens laat die inhoud en omvang van die politieke gebeure en Basson se optrede en reaksie daarop, dit nie toe dat sy volle loopbaan in die politiek beskryf word nie. Daarom is die periode afgesluit met die eerste verkiesing wat hy vir die Verenigde Party geveg het in 1966.

Weens die kontemporêre aard van die tema, het my navorsing eiesoortige probleme opgelewer. Dokumentêre gegewens was eerstens beperk, en weinig is reeds oor die genoemde tydperk gepubliseer. Geen wetenskaplike werk het ook tot op hede oor Basson en sy rol in die politiek verskyn nie. Daarom is swaar geleun op primêre navorsing. Die belangrikste navorsing het onder meer 20 ure se onderhoude met Japie Basson en 'n studie van die Japie Basson-versameling, wat by die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) bewaar word, ingesluit. Primêre bronne kan uiteraard 'n subjektiewe beeld van die verlede gee. Ek was daarom verplig om 'n eie versameling op die been te bring deur onderhoude, korrespondensie en dokumentasie te versamel van gees- en tydgenote van Basson, asook van politieke waarnemers en joernaliste. Dit was veral uit die onderhoude dat 'n skatkis van inligting en perspektiewe op Basson en sy rol in die politiek oopgegaan het en daarom het hierdie bron 'n belangrike plek beklee in my navorsing.

Die Japie Basson-versameling by INEG is in 'n geordende staat wat die navorsingsproses tot 'n groot mate vergemaklik het. Die versameling bestaan onder andere uit korrespondensie, notules, agendas, aantekeninge, toesprake, verslae en pamflette. Ongelukkig was daar dokumentasie oor die tydperk van die tema waartoe ek nie toegang kon kry nie, soos byvoorbeeld die dagboeke van Basson. Daar is dus waarskynlik 'n leemte in die studie, veral oor die daaglikse denke, rasionaal en emosie van Basson tot 1966. Die onderhoude wat gevoer is en die persoonlike dokumentasie wat tot my beskikking gestel is, kan waarskynlik nie hierdie leemte totaal vul nie.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika se versameling by INEG, het bygedra om Basson se tydperk in die Party te belig en waardevolle agtergrondinligting is uit genoemde versameling verkry. Geen kopieë mag egter van dokumente uit die versameling gemaak word nie.

Die Verenigde Party-versameling word bewaar in die biblioteek van Unisa. Die versameling is geordend en ek het onbeperkte toegang daartoe gehad. Die versameling het veral waardevolle inligting oor die Unie-Jeugfront en die samewerking met die Nasionale Unie gehad, hoewel relatief min inligting oor Basson beskikbaar is tot 1966.

Japie Basson het goedgunstiglik toegang aan my verleen tot sommige van sy dokumente wat steeds in sy persoonlike besit is. Hierdie privaatversameling beskik oor kosbare en kernbelangrike dokumente en inligting waarsonder hierdie studie onvolledig sou wees.

Talle ander persoonlikhede se dokumenteversamelings is ook deurgegaan by die onderskeie argiefbewaarplekke, waaronder van Basson se tydgenote en Eerste Ministers onder wie hy gedien het. Die meeste van hierdie versamelings het egter weinig, indien enige, dokumente van belang vir die studie en enkeles is ontoeganklik, aangesien dit nog nie georden is nie.

Buiten die dokumenteversamelings wat geraadpleeg is, was koerante en Debatte van die Volksraad ook 'n waardevolle bron van aanvullende kennis en 'n weerspieëling van die tydsgees wat geheers het. Hierdie bronne was ryk aan detailgegewens en het uiteenlopende perspektiewe op die optrede en reaksie van Basson belig.

Een van die grootste uitdagings in die navorsing was om objektief te bly in die beoordeling en weergee van persone se optrede. Dit is veral bemoeilik deurdat talle persone met wie onderhoude gevoer is, steeds in die aktiewe politiek of joernalistiek betrokke was. Sommige van hulle was dus huiwerig om 'n standpunt oor sekere sake te stel of het bloot net sekere gebeure vergeet. Daar was ook talle persone wat onderhoude juis om dié rede nie wou toestaan nie. Daarbenewens is 'n groot aantal persone reeds so bejaard dat hulle bloedweinig kon onthou van wat werklik gebeur het. Ongelukkig is sommige van hulle ook reeds oorlede. Dit het nietemin uit die onderhoude baie duidelik geblyk dat daar verskillende menings en persepsies oor Basson as 'n politikus bestaan.

'n Verdere probleem in die studie was die gebruik van terminologie. In die vyftigerjare was die term *naturelle* die benoemingsvorm vir swartmense en

*kleurlinge* vir bruinmense. Die ouer terminologie word egter vir die beskrywing van wetgewing of instellings van die tydperk van die tema gebruik. Andersins word die terme swartes, swartmense en bruinmense gebruik. Namibië het voor sy onafhanklikwording as Suidwes-Afrika bekend gestaan. Die benaming Suidwes-Afrika word gebruik, aangesien die land sy onafhanklikheid eers in 1990 verkry het. Talle dokumente word nie taalkundig korrek aangedui nie. Ter wille van die historiografiese verwysingsmetode, is dit nie taalkundig korrek verander nie.

Weens die resente aard van die onderwerp en die feit dat alle dokumentasie oor die tema nie tot my beskikking was nie, kan dit wees dat hierdie studie sekere leemtes bevat. Dit was nietemin 'n eerlike poging om objektief lig te werp op 'n omstrede persoonlikheid en sy rol in en bydrae tot die Suid-Afrikaanse partypolitiek. Dit is verder ook 'n poging om na die persoon Japie Basson te kyk en sy optrede te beoordeel teen die agtergrond van sy tyd en omstandighede. Die laaste woord oor Basson se rol, ook in die periode na 1966, is nog nie gespreek nie, en verdere navorsing is dus nodig. Daarbenewens bestaan die leemte steeds om 'n biografiese werk oor die persoon Japie Basson die lig te laat sien.

Hierdie studie en navorsing sou nie moontlik gewees het sonder die ondersteuning en bydraes van talle persone en instansies nie. Ek wil graag slegs enkeles uitsonder:

* Baie dankie aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling wat 'n finansiële bydrae gemaak het om hierdie studie te laat realiseer.

* Ek spreek graag 'n groot dankwoord uit teenoor die hoofde en personeel van al die biblioteke, argiewe en navorsingssentra wat my behulpsaam was met inligting en hul vriendelike diens. Hier wil ek graag die personeel van INEG, waar ek letterlik maande deurgebring het, uitsonder.

* My opregte dank aan die talle persone, wie se name in die bronnelys verskyn, wat hul tyd aan my afgestaan het vir onderhoude en ook dokumente aan my geskenk het.

* Aan Sonja Liebenberg my dank vir die wyse waarop sy die taalversorging hanteer het.

* 'n Besondere woord van dank gaan aan Christo en Caro Wiese wat dit vir my moontlik gemaak het om by hul tuis te gaan tydens my navorsing in Kaapstad en omgewing. Dit was vir my 'n verrykende ervaring waartydens ek oorlaai is met hulle goedgunstigheid.

* Aan Japie en Clarence Basson - my hoogste waardering dat ek by u aan huis kon kom op 'Clifton se rif'. Baie dankie vir die ure se gesels en onuitputbare kennis en perspektiewe wat vir my oopgegaan het. Ek wil my erkentlikheid teenoor u betuig aangesien u u privaatversameling ook tot my beskikking gestel het. Dankie dat ek die voorreg kon smaak om met u as persone kennis te maak.

* Aan professor Leo Barnard, my studieleier en mentor, my dank en agting vir sy leiding oor die afgelope jare. Dit was 'n voorreg en ervaring om te kon put uit u kennis, insig en liefde vir die Suid-Afrikaanse politieke verlede. Baie dankie vir u opofferings en motivering.

* Ek wil graag my vrou, Elizabeth, bedank vir haar liefdevolle belangstelling, begrip en motivering. Baie dankie vir die talle opofferings wat jy ter wille van my moes maak.

* Ten slotte wil ek my moeder, Riana, bedank vir haar aandeel in hierdie werk. Baie dankie vir die ondersteuning en aanmoediging wat ek deurentyd gekry het. Dit is daarom vir my 'n voorreg om hierdie studie met liefde aan haar op te dra.

W.T. ADENDORFF

Bloemfontein
Mei 1996

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1** 1 - 16

**DIE JEUGJARE VAN JAPIE BASSON**

Japie Basson se kinderjare in die Paarl

Basson en Stellenbosch se studentepolitiek

Basson as die Sekretaris van die Verenigde Party in die Paarl en verslaggewer vir Die Suiderstem

**HOOFSTUK 2** 17 - 46

**JAPIE BASSON - SY EERSTE TREë IN DIE POLITIEK, 1941-1947**

Basson - Organiseerder van die V-Front

Basson as kandidaat in die nominasiestryd vir die Verenigde Party in die Somerset-Ooskiesafdeling

Japie Basson as kandidaat van die Verenigde Party in die algemene verkiesing in 1943 in Moorreesburg

Die totstandkoming van die Unie-Jeugfront

Basson en die Unie-Jeugfront se posisionering in die na-oorlogse periode

Toenemende spanning tussen die Unie-Jeugfront en die Verenigde Party

Basson vind nuwe politieke weivelde

HOOFSTUK 3 47 - 71

**BASSON - SEKRETARIS VAN DIE VERENIGDE NASIONALE SUIDWESPARTY, 1947-1949 EN AANSLUITING BY DIE NASIONALE PARTY VAN SUIDWES-AFRIKA**

Basson as Sekretaris van die Verenigde Nasionale Suidwes Party

Basson heroorweeg sy posisie binne die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Basson se weë skei met die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Basson se aansluiting by die Nasionale Party van Suidwes-Afrika

Basson se verkiesing as 'n verteenwoordiger van Suidwes-Afrika vir die Volksraad in Suid-Afrika

HOOSTUK 4 72 - 102

**BASSON SE TYDPERK AS PARLEMENTêRE VERTEENWOORDIGER VAN DIE NASIONALE PARTY VAN DIE KIESAFDELING NAMIB IN SUIDWES-AFRIKA**

Basson vestig homself in die Nasionale Party - eerste termyn as Lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Namib

Die Algemene Verkiesing van 1953

Basson - voorstander van volkseenheid

Die botsing tussen Basson en die Eerste Minister, J.G. Strijdom

Basson kritiseer die beleid van apartheid

Spanning laai op tussen Basson en die Nasionale Party

**HOOFSTUK 5** 103 - 131

**BASSON REBELLEER TEEN DIE BELEID VAN APARTHEID EN SY SKORSING UIT DIE NASIONALE PARTY IN 1959**

Basson bevraagteken die kleurbeleid van die Nasionale Party

Basson en Verwoerd bots

Basson se skorsing uit die koukus van die Nasionale Party

**HOOFSTUK 6** 132 - 170

**DIE ROL VAN JAPIE BASSON IN DIE STIGTING VAN DIE NASIONALE UNIE EN DIE VERKIESINGSOOREENKOMS MET DIE VERENIGDE PARTY**

Die totstandkoming van die Nasionale Unie

Die samewerkingsooreenkoms tussen die Suidwesparty en die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party

**HOOFSTUK 7** 171 - 196

**BASSON SE TWEEDE VERBINTENIS MET DIE VERENIGDE PARTY**

Basson sluit aan by die Verenigde Party

Die aanloop tot die Algemene Verkiesing van 1966

**EVALUERING** 198 - 207

**BYLAE** 208 - 215

**I** Nasionale Unie Party - Program van beginsels (1960)

**II** Verkorte opsomming van die politieke loopbaan van Japie Basson tot 1966

**BRONNELYS EN BIBLIOGRAFIE** 216 - 228

# 1. DIE JEUGJARE VAN JAPIE BASSON

## Japie Basson se kinderjare in die Paarl

Jacob Daniël Du Plessis Basson is op 25 Julie 1918 in die Paarl gebore. Hy het in die Paarl grootgeword en skoolgegaan.[1] Die politieke loopbaan van Basson kan nie ewewigtig beoordeel word indien die invloed van die Paarl se politiek, asook die politieke aktiwiteite van sy studentejare nie kortliks onder die loep geneem word nie. In hierdie verband word slegs oorsigtelik gekyk na die fondamente waarop Basson sy politieke loopbaan gebou het.

Volgens Basson het sy gesin, sy skool en breër omgewing 'n beduidende rol gespeel in sy belangstelling in en voorbereiding vir die politiek. Die politieke debat was deel van die Bassonhuishouding. Die twintiger- en dertigerjare was Japie Basson se bewuswordingsjare van die politieke wêreld. In dieselfde mate waarin sy vader, Danie Basson, vir generaal J.B.M. Hertzog gesteun het, het sy oupa vir generaal J.C. Smuts ondersteun.[2] Nietemin was die eensgesindheid oor die strewe na 'n republiekstatus vir die Unie van Suid-Afrika, asook nasionale simbole, een vlag en een volkslied baie sterk.[3] Die gedagte van tweetaligheid, 'n verenigde Afrikaanse en Engelse bevolking - een vlag en een volkslied - soos wat Hertzog dit gesien het, is sterk deur die Bassons aangehang.

Basson het skoolgegaan en gematrikuleer aan die Paarl Hoër Seunskool. Die skool was 'n versamelpunt van talle skrander skoliere uit vooraanstaande families in die Boland. Meneer Fred Crafford, Basson se Latynonderwyser, het 'n groot indruk op hom gemaak. Die onderwyser het 'n lewendige belangstelling in die politiek gehad, 'n belangstelling wat hy ook oorgedra het na sy leerlinge. By geleentheid het hy aan die leerlinge gevra wat elkeen wou word. Basson se onomwonde antwoord was: Parlementslid! Dit is veelseggend vir die doel van hierdie studie.[4] Basson se politieke loopbaan moet beoordeel word aan die hand

---

1. Basson, J., Advokaat vir Suid-Afrika, Deel 1, Die Pad Politiek Toe, pp. i, 17.
2. Ibid. p. 37.
3. Ibid. p. 25; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 05.04.1993 en Hein Basson, 10.06.1994.
4. Basson, p. 11. F.S. Crafford het later die werk Jan Smuts - A Biography, Londen, 1946 die lig laat sien. O.P.F. (Owen) Horwood en Sonny (Danie) du Plessis, beide latere politici in die Volksraad, was klasmaats van Basson.

van sy besondere vasberadenheid en dryfkrag om in dié doel wat hy vir homself gestel het, te slaag.[5]

Die verkiesingskoalisie van die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party in 1933 en hul samesmelting in 1934 het die politiek in die Paarl nie sonder roeringe gelaat nie. Die samesmelting van die twee partye op 5 Desember 1934 het brûe gevestig tussen sommige ondersteuners van die twee partye en hulle het in die volksmond bekend gestaan as Smelters. As stoere Hertzogondersteuners het die Bassongesin dié groepering ondersteun. Die Nasionale Party was egter verdeeld en 'n groep lede onder aanvoering van dr. D.F. Malan het afgesplinter en die Gesuiwerde Nasionale Party het sy beslag gekry. Binne die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party of Smelterparty moes die Hertzog- en Smutsaanhangers mekaar noodgedwonge verduur.[6] Die eenheid sou uiteindelik verbrokkel met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939. Dit het gelei tot Hertzog se bedanking nadat sy betoog vir neutraliteit gefaal het en generaal J.C. Smuts weer eens die leisels oorgeneem het as Oorlogspremier.[7] 'n Waardevolle politieke les wat Basson gedurende dié jare geleer het, is die vloeibaarheid van die politiek. Basson het geleer dat dit 'n risiko was om skerp aanvalle te loods teen "vyande" wat môre jou vriende kon word en andersom.

Een van die uitstaande kenmerke van Basson was sy besondere vermoë om Afrikaans en Engels op 'n kleurryke en vaardige wyse te besig. In die tweetalige Paarl Hoër Seunskool het hy 'n "waardering vir die verrykende effek van tweetaligheid" ontwikkel en deurentyd 'n hoë premie daarop geplaas.[8] Sy buitengewone liefde vir lees was reeds vroeg in sy lewe gevestig. Dit het hom nie net 'n bekende taalpuris in die politiek gemaak nie, maar ook nuwe wêrelde is daardeur vir hom geopen. Uit sy leeservaring kon hy kennis put en toepas in sy omgang met politici. Hy het deur sy leeservaring 'n student van die politiek

---

5. Kriek, D.J., Genl. J.B.M. Hertzog se Opvattings oor die Verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes na Uniewording, Ongepubliseerde proefskrif, pp. 209-211, 216-218.
6. Van Wyk, A., Die Keeromstraat-kliek: Die Burger en die Politiek van Koalisie en Samesmelting 1932-1934, p. 103. Die Burger was sterk gekant teen die koalisievorming tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party. As getroue Hertzogondersteuner maar ook sterk aanhangers van Die Burger, moes dit sekerlik 'n mate van sielewroeging in Japie Basson se gemoed tot gevolg gehad het.
   Spies, F.J. du T., Kruger, D.W. en Oberholster, J.J., Die Hertzogtoesprake, Deel 6, Oktober 1932 - September 1942, p. 103; Le Roux, J.H., Generaal J.B.M. Hertzog Sy Strewe en Stryd, Volume II, pp. 599-600.
7. Ingham, K., Jan Christiaan Smuts: The Conscience of a South African, pp. 210-213.
8. Basson, pp. 18, 30-31.

geword. Sy vermoë om semanties met woorde te speel, het hom enersyds 'n gedugte teenstander in die arena van die politiek gemaak en hom andersyds laat oorleef. Sy houding teenoor tweetaligheid het hom in die Afrikaans- sowel as die Engelssprekende gemeenskap meer aanvaarbaar gemaak. Dit het vir hom die geleentheid tot groter mobiliteit tussen partye, wat in daardie era tot 'n groot mate taaleksklusief was, geskep.[9]

Die twee dagblaaie, Die Burger en Cape Argus was die Bassonhuisgesin se politieke handboeke. Die Cape Argus het wel wyer buitelandse nuusdekking gegee, maar die dagblad se sentimente is nie deur die Bassons gedeel nie. Inteendeel het dit aanleiding gegee tot 'n beperkte toleransie van hul politieke vyand, die Suid-Afrikaanse Party.[10] Daar is nie 'n anti-Engelse sentiment in die Bassongesin se huis geadem nie, maar hulle was onversoenbaar met simbole van imperialisme, naamlik die Britse vlag en volkslied.

Basson was reeds as tienderjarige nie huiwerig om sy standpunte oor Suid-Afrikanerskap en nasionale simbole te stel nie. Hy het dit in 'n reeks artikels in die Paarl Post in 1933 gedoen waarin hy die Afrikaans-georiënteerde jeugkultuurbeweging, die Voortrekkers (waarvan hy 'n lid was) se strewes verduidelik en probeer bevorder het.[11] Reeds in 1935 meld Basson in 'n brief aan die redakteur van Die Burger dat dit *"betreurenswaardig en haas ongelooflik dat daar nog persone is - Afrikaners - wat die Unievlag 'n 'lafhartige vlag sonder betekeniswaarde' kan noem."*[12] Dié ervaring kon sy selfvertroue en geloof in sy standpunt versterk en hom blootgestel het aan die skryfkuns en die joernalistieke wêreld.

Die Bassons was getroue kerkmense en was deeglik op hoogte van die interne politiek en verwikkelinge binne kerkverband. Die onderlinge onmin en twis wat aan die einde van die twintigerjare uitgebreek het in die hoë geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het nie ongesiens in die gemoed van Japie

---

9. Paarl Post, 12.02.1937; Basson, pp. 30-31. Basson het in Standerd 7 tweede geëindig in 'n leeskompetisie met 'n totaal van 118 boeke wat hy in 'n jaar gelees het. Die besondere hoë peil van taalvaardigheid van Basson word weerspieël in die Debatte van die Volksraad.

10. Basson, p. 13; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

11. Paarl Post, 17.03.1933, 31.03.1933, 07.04.1933, 28.01.1936; Die Burger, 02.10.1936. Basson was deel van die redaksie wat 'n jaarblad vir die Voortrekkerbeweging in die Paarl gepubliseer het.

12. Die Burger, 10.09.1935.

Basson verbygegaan nie. Die spil om wie die geskil gedraai het, was die vermaarde professor Johannes du Plessis, hoogleraar aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch en ook redakteur van Het Zoeklicht. Basson se pa was 'n intekenaar op die blad en hy het Du Plessis verdedig in die briewekolom van Die Burger.[13] Dit was nie net die Du Plessis saak wat byna tot skeuring in gemeentes gelei het nie, maar ook die vertaling van die Bybel in 1933 in Afrikaans. As vyftienjarige seun het Japie Basson toe reeds onder die indruk gekom van dogmatiese verskille.[14] Teen dogma sou Basson in latere jare sterk in opstand kom, en die verwikkelinge in die kerk en die invloed daarvan op hul familie het bygedra tot sy kritiese ingesteldheid en wye belangstellingsveld.

Volgens Basson het hul huisgesin se houding teenoor bruin en swart Suid-Afrikaners getuig van medeburgerlikheid, wellewendheid en goedgemanierdheid. Bruinmense is op dieselfde hoflike wyse in hul huis ontvang as blankes.[15] As ondersteuners van die Nasionale Party sou dié houding teenoor swartmense en bruinmense beslis 'n minderheidsverskynsel op daardie tydstip in hul gemeenskap wees. Dit blyk egter dat die Bassons se houding teenoor swartmense en bruinmense nie heeltemal uit lyn kon wees met dié van die wit gemeenskap nie, want hulle is nie geïsoleer of verstoot vanweë hul optrede nie. Basson voer aan dat medemenslikheid en respek die grondslag was van sy siening van die verhoudingspolitiek in die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap en dat dit reeds op 'n jeugdige ouderdom ingeskerp is.[16]

Opsommenderwys blyk dit uit sy kinderjare dat die politieke bloed dik in die Bassonfamilie se are gevloei het. Politiek was veel meer as 'n belangstelling, dit was 'n leefwyse. Japie Basson se vader, Danie J. Basson, was een van die takstigters van die Nasionale Partytak in die Paarl in 1914 en laasgenoemde het sy politieke loopbaan afgesluit as senator vanaf 1955 tot 1966. In dié periode was Japie Lid van die Volksraad en hy en sy pa het mekaar dus gereeld in die Parlement gesien.[17] Net so het sy jonger broer, Hein, 'n tuiste in die politiek

---

13. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993; Erasmus gee in sy proefskrif, Die Bediening van Johannes Du Plessis (1868-1935) in die Ned. Geref. Kerk, met besondere Verwysing na sy Teologiese Denke. 'n Kerkhistoriese Studie, 'n volledige uiteensetting van die aanloop van die hofsaak. Die hofsaakgebeure en die afloop daarvan word in hoofstuk sewe beskryf.
14. Basson, p. 28.
15. Ibid. pp. 50-51.
16. Ibid. pp. 50-51; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.
17. Basson, pp. i, 13.

gevind as organiseerder vir die Nasionale Party in die Kaapprovinsie. Hoewel hul hoeksteen dieselfde was, het hul politieke weë op stadiums uiteengeloop.[18]

Basson se skoolopvoeding, kerkbetrokkenheid en gesinslewe het 'n groot rol gespeel om sy belangstelling in die politiek aan te wakker. Hy is blootgestel aan verskillende standpunte; hy het toleransie teenoor ander standpunte aangeleer en politiek ervaar as 'n geïntegreerde deel van die daaglikse bestaan. Hy het hierdie leefwyse, waarvan politiek so 'n groot deel uitgemaak het, verder gevoer na die aanvang van sy studie in 1936 aan die Universiteit van Stellenbosch. Basson is van mening dat die beginselgrondslae van die politiek waarmee hy uit die huis is dwarsdeur sy politieke loopbaan konstant gebly het.[19] Dit is egter onwaarskynlik, want as adolessent het 'n universiteitsloopbaan en 'n beroepslewe nog in die toekoms gelê. In dié periode kon 'n menigte faktore inwerk op die vestiging en verandering van Basson se politieke grondslag.

## Basson en Stellenbosch se studentepolitiek

Aan die begin van 1936 het Japie Basson as sewentienjarige ingeskryf vir die B.A.-graad in Regte aan die Universiteit van Stellenbosch. Die motivering daarvoor was, soos hy dit stel, voorbereiding vir 'n politieke loopbaan, hetsy in 'n organisatoriese, sekretariële of joernalistieke verband. Basson sou uiteindelik in elk van dié hoedanighede binne die partypolitiek dien. Op die kampus het Basson direk in aanraking gekom met prominente figure binne die politiek. Die akademiese omgewing van Stellenbosch was in dié jare 'n teelaarde vir politieke debat en Basson kon lustig daaraan deel hê. Hy het onder meer klas gehad by dr. H.F. Verwoerd, asook by Erika Theron.[20] Van sy dosente het hy 'n waardering ontwikkel vir gestruktureerde, suiwer en kritiese denke. Hierdie vaardighede is geslyp in die klaskamers van die Regsfakulteit.

---

18. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hein Basson, 10.06.1993.
19. Basson, p. 51; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.
20. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993. Erika Theron was gedurende die tydperk toe sy 'n dosent vir Basson was, een van die leidende ondersteuners van die Ossewa-Brandwag op die kampus en Basson moes deeglik daarvan kennis neem. Sy het bekendheid verwerf vanweë haar voorsitterskap van die kommissie wat aangestel is deur die Regering om sake rakende bruinmense te ondersoek. Verwoerd was 'n sosioloog en het later tot die politiek toegetree en was Eerste Minister van Suid-Afrika vir die periode 1958-1966.

Studentepolitiek het 'n bloeitydperk in die dertigerjare in Stellenbosch beleef. Dit het nie lank geduur voordat Basson hom in dié arena begewe het nie. Stellenbosch was een van die Gesuiwerde Nasionale Party se sterkste vestings en Basson het dit in sy tweede jaar gewaag om die eerste Junior Verenigde Partytak op 23 Augustus 1937 tot stand te bring met die hulp van dr. J.H. (Jack) Loock, die Kaaplandse Hoofsekretaris van die Verenigde Party.[21] Die stigtingsvergadering is deur ongeveer 120 persone bygewoon in die landbousaal op Stellenbosch. Basson is tot die amp van voorsitter verkies en het by dié geleentheid verklaar dat die strewe van die tak sou wees *"om die politiek op 'n hoër peil te plaas."*[22] Dié gevleulde woorde het moontlik beteken dat die politiek op 'n meer beskaafde wyse bedryf moes word. Dit is egter onwaarskynlik, gemeet aan die voortvarendheid en felheid van politiek binne studentegeledere. Die jeugpolitiek van Stellenbosch het 'n eie momentum ontwikkel en was 'n soeke na sy posisie binne die nasionale politiek. Basson het met die stigting van die Junior Verenigde Partytak homself binne die hoofstroom van die jeugpolitiek bevind. Hy is kort daarna uitgenooi na die stigtingsvergadering van die Afrikaner-Jeugfront op 4 September 1937 in Bloemfontein.[23]

Van meet af aan was daar teenstand en konflik tussen die Junior Verenigde Partytak onder leiding van Japie Basson en die Gesuiwerde Nasionale Party se ondersteuners onder die studenteleiding van Tromp Nel, John Vorster en Jan Haak. Hulle was polities begeesterd en talle van die jeugleiers op Stellenbosch het later 'n loopbaan in die politiek gevolg.[24] Op 6 September 1937 is die eerste

---

21. Ibid. Basson meld dat hy eers vir Flip le Grange, later lid van die Senaat, asook Beyers Naude genader het om die voorsitterskap van die tak te aanvaar. Nie een van die twee het egter kans gesien om op daardie stadium die voorsitterskap te aanvaar nie. Basson het uiteindelik self die voorsittersamp vervul. Beyers Naude was primarius van Wilgehof-koshuis en het bekendheid verwerf vir sy teenstand van die Nederduits Gereformeerde Kerk se ondersteuning van die Nasionale Partyregering se beleid van Apartheid na die Cottesloe-beraad.

22. Die Vaderland, 24.08.1937. Gawie Theron en Frans Venter is onder andere tot die bestuur verkies. Basson en Theron was politieke geesgenote en Basson en Venter se paaie sou tien jaar later weer kruis in Suidwes-Afrika. Theron was 'n studentevriend van Basson en Venter het as Afrikaanse skrywer bekend geword met werke soos Offerland, Geknelde Land, Belofteland en Swart Pelgrim.

23. Die Vaderland, 26.08.1937. Dit is interessant om daarop te let dat die beweging eers later bekend sou staan as die Unie-Jeugfront.

24. Cape Times, 24.08.1937; Cape Times, 07.09.1937; Die Oosterlig, 13.09.1937; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Frans Venter, 22.06.1993. Hoewel Basson nie self daarna verwys het nie, blyk dit dat hy en Vorster reeds vanaf hul studentejare geensins politieke ooghare vir mekaar gehad het nie. John Vorster het H.F.

openbare vergadering van ongeveer 500 persone onder leiding van die Junior Verenigde Partytak gehou met advokaat H.A. Fagan as hoofspreker. Hy is bygestaan deur professor I.S. Fourie en advokaat L. d.V. van Winsen.[25] Na die vergadering is Basson verkies tot die organiserende komitee vir die Verenigde Party in Kaapland. As verteenwoordiger van die Jeugtak en het hy sodoende onder die aandag van die Party gekom.[26] In antwoord op die inisiatief van die Junior Verenigde Partytak, het Vorster 'n tak van die Nasionale Party op die been gebring. Dit het die seën en ondersteuning van talle van die personeellede en dosente aan die Universiteit geniet, 'n feit waarvan Basson noodgedwonge moes kennis neem.[27]

Sy kamer in die Dagbreek-koshuis het 'n versamelpunt geword waar die politiek van die dag ywerig en soms met drif bespreek is.[28] Basson kon bykans nie anders nie as om natuurlikerwys deel te word van die lewendige debat wat op dié stadium uit die Stellenbosch Universiteit gevloei het en die pas in die land aangegee het. Hy het met die stigting van die Junior Verenigde Partytak momentum verleen aan 'n beweging tot groter toeganklikheid vir die jeug in die politiek.

Teen die einde van die dertigerjare was daar nog sommige spore van die ekonomiese depressie sigbaar. Die Verenigde Partyregering was nog bloedjonk na sy totstandkoming in 1934. Die afsplintering van Malan se Gesuiwerde Nasionale Party het 'n letsel op die Verenigde Party gelaat. Hertzog het gepoog om Afrikaans- en Engelssprekendes deur die samesmelting te verenig, groter onafhanklikheid vir Suid-Afrika van Brittanje te beding en steun te monster waardeur die kleurkwessie wat al sterker op die politieke voorgrond getree het,

---

Verwoerd opgevolg as Eerste Minister van Suid-Afrika in 1966. Ook Jan Haak het 'n loopbaan binne die Nasionale Party gevind.

25. Cape Times, 07.09.1937. H.A. Fagan was 'n bekende Afrikaanse skrywer, die voorsitter van die Fagan-kommissie wat ondersoek moes instel en 'n beleid formuleer teenoor swartes; Fagan het ook as Hoofregter van Suid-Afrika afgetree. Professor I.S. (Sakkies) Fourie was die Rektor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en later Verenigde Party-Volksraadsverteenwoordiger vir Edenvale.

26. Die Vaderland, 07.08.1937.

27. Van Wyk, A.W., 'n Krities-Sosiologiese Studie van Afrikaanse Jeugorganisasies, Ongepubliseerde proefskrif, p. 18. Dit was eers op 19 Oktober 1940 dat 'n nasionale liggaam vir die Nasionale Party tot stand gebring is wat die Nasionale Jeugbond geheet het.

28. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 05.04.1993 en Frans Venter, 22.06.1993.

aangespreek kon word.[29] In 1936 is Hertzog se segregasie-wetsontwerpe aangeneem, naamlik die *Naturelle-Verteenwoordigings-Wet* (No. 12 van 1936) en die *Naturelletrust en Grond Wet* (No. 18 van 1936). Dit sou dekades lank as oplossing aan die kiesers voorgehou word vir die wit-swart-verhoudinge in Suid Afrika.[30]

Dit was nie soseer die kleurkwessie wat Basson se aandag geniet het nie, maar veel eerder die uitvloeisels van Afrikanernasionalisme - een vlag en volkslied en 'n republikeinse status wat in die dertigerjare 'n bloeitydperk betree het - waaroor hy gaande sou raak. Afrikanernasionalisme is gestu deur die Voortrekker-eeufeesvieringe van 1938.[31] Die Suid-Afrikaanse politiek is oorskadu deur die gevolge van Nazi-Duitsland se imperialistiese versugtinge in Europa. Die gevolg hiervan was dat politieke verdelingslyne duideliker na vore getree het, iets wat Hertzog tussen twee vure vasgevang het. Hy moes as't ware 'n balanseertoertjie uitvoer in die poging om verdere afskilfering na die Ossewa-Brandwag en die Gesuiwerde Nasionale Party te verhoed. Daarbenewens het 'n skeuring tussen die Hertzog- en Smutsondersteuners binne die Verenigde Party gedreig. Onder dié omstandighede moes Basson op jeugdige ouderdom onbenydenswaardige keuses maak ten opsigte van sy politieke koers, want dit was duidelik dat Hertzog nie onbeperk 'n brug kon wees tussen die verskillende faksies in die Party nie.[32]

Die eerste toets waarvoor die Junior Verenigde Partytak op Stellenbosch te staan gekom het, was die verkiesingsveldtog van 1938 wat op 19 Mei 1938 'n hoogtepunt bereik het. Die Stellenboschsetel is gedurende die vorige verkiesing in 1933 onbestrede deur W.B. de Villiers van die Nasionale Party gewen. Daarbenewens het Malan, leier van die Gesuiwerdes, persoonlike bande met die Universiteit gehad. Advokaat H.A. Fagan, wat as kandidaat vir die Verenigde Party in die setel benoem is, was self 'n gedugte teenstander. Die jeug van die Verenigde Party se entoesiasme het 'n wesentlike bydrae gelewer tot die organisatoriese aanloop en propaganda vir die Verenigde Party. Hulle het veral hul gewig ingegooi by openbare vergaderings, die stel van vrae tydens die Nasionale Party se vergaderings, die hantering van posstemme en die werwing van stemme. Fagan se aansien, gekombineer met 'n kragtige organisatoriese

---

29. Du Plessis, W., Die Goue Draad "Op die Trekpad van 'n Nasie", pp. 66-68.; Le Roux, p. 598.
30. Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel VII 1924-1939, p. 518.
31. Messina, E.A., Die Voortrekkereeufees 1938, Ongepubliseerde verhandeling, p. 167.
32. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

masjien, was 'n wenresep. In 1938 het die Verenigde Party daarin geslaag om die setel met slegs 30 stemme te wen teen die Nasionale Party. Naas die Wonderboom-uitslag, waar die Verenigde Party 'n meerderheid van 9 stemme gekry het, was dit die kleinste oorwinning vir die Verenigde Party tydens die verkiesing.[33]

Die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party het 111 setels met 448 000 stemme op hom verenig, teenoor die vernaamste opposisie, die Gesuiwerde Nasionale Party met 27 setels en 247 000 stemme.[34] Die oorwinning was soet, maar nie sonder letsels nie. Openlike konfrontasie met politieke opponente was nie uitgesluit nie en Basson het sterk teenstand gekry. Desnieteenstaande het hy waardevolle ervaring in die praktiese politiek opgedoen. Die vriendskappe wat Basson gesmee het, sou vir hom selfs jare later baie beteken. Die teendeel is ook waar, want hy het ook politieke opponente gemaak met wie hy deur sy politieke loopbaan rekening moes hou.[35]

As voorsitter van die studentetak, het Basson tydens die verkiesingsveldtog onder die aandag van vername politici soos dr. W.P. Steenkamp en generaal J.C.G. Kemp gekom, persone wat saam met Fagan vergaderings op Stellenbosch toegespreek het.[36] Basson het skielik in uitgelese geselskap verkeer, 'n faktor wat hom slegs meer vasberade gemaak het om 'n loopbaan vir homself in die politiek te skep. Dit was duidelik dat hy die aandag wat politici ontvang het, beny het.

---

33. Malan, D.F., Afrikaner Volkseenheid en my Ervarings op die Pad daarheen, p. 15; Anoniem, Verkiesings 1910-1970, (Pamflet), pp. 30-31.

34. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993; Anoniem, Verkiesings 1910 tot 1970, pp. 30-31, pp. 34-35.

35. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993. Basson het die staaltjie te vertelle van 'n vergadering wat deur die Junior Verenigde Party gereël is in die landbousaal op Stellenbosch. H.A. Fagan en Abraham Jonker was die sprekers, maar het eers 'n spreekbeurt gekry sowat 'n uur nadat die vergadering 'n aanvang geneem het. Gesuiwerdes het die vergadering probeer ontwrig en aangedring op 'n eie voorsitter wat Basson moes vervang. Basson het toegegee, maar opdrag aan Gawie Theron gegee om die hoofskakelaar van die stadsaal af te skakel sodra die gehoor sou vra om mosies te stel. Dit het ook gebeur en die vergadering het wanordelik in die donker uitmekaar gegaan!

36. Cape Argus, 21.06.1938; Die Suiderstem, 13.08.1938, 25.08.1938, 26.08.1938.

Vir Basson was die hoogtepunt van die algemene verkiesing van 1938 'n gelukwensing van die Eerste Minister, J.B.M. Hertzog. Basson is bedank vir die rol wat die Junior Verenigde Party onder sy voorsitterskap tot die verkiesing van Fagan gespeel het. Volgens Hertzog was dit die eerste keer in die Party se geskiedenis dat die jeug op 'n georganiseerde wyse 'n kandidaat van die Party ondersteun het. Hertzog het, in antwoord op 'n brief van Basson, interessante kommentaar gelewer oor die posisie van die Verenigde Party. Hertzog noem die kwessies wat tot strydpunte binne die Party verhef is: *"Die boei-haai oor 'God Save the King' en die spele van die 'Stem', as ook oor die 'Union Jack'* "[37] Die ondertoon van verdeeldheid binne die Party kom na vore in die brief: *"Die verkiesing is 'n skitterende sukses gewees vir die Verenigde Party en vir ons beginsels. Wel-is-waar neem ik nie aan dat al ons ondersteuners by die eleksie juist so entoesiasties is gewees oor die beginsels van ons Party nie."* Hertzog was redelik geïrriteerd met die eng Britsgeoriënteerde sentimente binne die Party. Basson, as 'n voorstander van eenheid en 'n verenigde Blanke bevolking, het dié siening met hom gedeel.[38]

Na afloop van die verkiesing het Basson met oortuigingswerk daarin geslaag om generaal Hertzog in Septembermaand 1938 in Stellenbosch te kry. Hertzog het die studentetak toegespreek en gedurende die vergadering het Basson saam met Fagan en Hertzog op die verhoog verskyn. 'n Droom is vir Basson verwesenlik.[39] Hoewel Basson 'n baie hoë dunk van Hertzog gehad het, het Hertzog se gewildheid en daarmee saam die steun vir sy ideaal van eenheid tussen Engels- en Afrikaanssprekendes, begin afneem. Die tendens is op dieselfde dag geïllustreer deur die bedanking van twee kabinetslede, Jan Hofmeyer en F.C. Sturrock, ondere andere vanweë wrywing oor nasionale simbole.[40] Die gebeure het ongetwyfeld 'n indruk op Basson gemaak. Hy het gevrees dat tweespalt 'n werklikheid sou word en die posisie van die Verenigde Party in Stellenbosch en daardeur ook sy eie posisie in gedrang kon kom met 'n stemverskuiwing.[41]

---

37. Japie Basson-privaatversameling: Brief van J.B.M. Hertzog aan Japie Basson, 09.06.1938; Barnard, S.L. en Marais, A.H., Die Verenigde Party: die groot Eksperiment, p. 38. Hertzog verwys waarskynlik na die viering van Uniedag op 31 Mei 1938, waartydens die speel van "God save the King" per abuis nagelaat is en 'n kabinetslid, R. Stuttaford, uit protes daarop bedank het, maar dit teruggetrek het na die fout aangedui is.

38. Japie Basson-privaatversameling: Brief van J.B.M. Hertzog aan Japie Basson, 09.06.1938. *"Dog hier is juis geleë die groot taak van nasionale opbou waarmee u en ik en geheel ons Partij ons behoor besig hou. As daar is van ons Engelse mede-lede wat aan hierdie opbou nie wens deel te neem nie, dan bewijs dit alleen dat hul nie bij ons thuis behoor nie."*

39. Die Suiderstem, 10.09.1938; Cape Argus, 10.09.1938.

40. Barnard, p. 38.

41. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

Dit blyk uit Basson se studentejare dat hy 'n intense belangstelling in die politiek ontwikkel het. Die politieke agtergrond van Stellenbosch het Basson die geleentheid gebied om aktief te kon deelneem aan die partypolitiek op studentevlak. Hy is hierdeur aangemoedig deur talle van sy dosente se voorbeeld en ook deur die talle vooraanstaande politici wat hy gedurende hierdie jare ontmoet het. Dit was daarom ook nie vreemd dat Basson hom kort na afloop van sy studieloopbaan in 'n partypolitieke pos bevind het nie.

## Basson as die Sekretaris van die Verenigde Party in die Paarl en verslaggewer vir Die Suiderstem

Na voltooiing van sy graad in die Regte in 1938 is Basson deur Jack Loock genader om P.P. du Toit, die Verenigde Party se sittende lid vir die Paarl, by te staan as voltydse sekretaris. Die Gesuiwerde Nasionale Party het veld gewen in die Boland en die bedreiging moes afgeweer word.[42] Kort nadat Basson die uitnodiging aangeneem het, is Du Toit oorlede en 'n tussenverkiesing is afgedwing. Die twee kandidate in die verkiesing was F.P.S. le Roux en P. Hugo, onderskeidelik van die Verenigde Party en die Herenigde Nasionale Party.[43] Basson het weer eens met vername politici in aanraking gekom, onder meer generaal J.C. Smuts en dr. D.F. Malan, wat vergaderings namens die twee kandidate in die kiesafdeling toegespreek het. Basson het op organisatoriese en administratiewe gebied hard gewerk om kiesers in sy tuiskiesafdeling vir die Verenigde Party te registreer. Op 19 April 1939 is die stryd beslis en die Gesuiwerdes het geseëvier. Selfs Basson as boorling van die gebied kon nie die gety van Afrikanernasionalisme stuit nie. Hy het sy onvermoë om 'n uitslag ten gunste van die Verenigde Party te bewerkstellig, probeer verbloem deur aan te voer dat die verwaarlosing van die registrasie van kiesers die vernaamste rede vir die nederlaag was.[44]

Die uitslag in die Paarltussenverkiesing moes vir Basson 'n groot skok gewees het, vergeleke met die triomf wat hy ervaar het in die algemene verkiesing in Stellenbosch. Hy het dit selfs oorweeg om tydelik uit die politiek te tree en in te skryf as prokureursklerk. Hy het egter begin om as vryskutjoernalis vir Die Suiderstem berig te doen en plaaslike politieke artikels te skryf. Op 15 Junie

42. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.
43. Die Suiderstem, 05.04.1939, 14.04.1939.
44. Die Suiderstem, 10.04.1939.

1939 het die eerste oplaag van Nasiebou, die blad van die Junior Verenigde Party in die Paarl verskyn. Dié inisiatief van Basson het die seënwense van generaals Hertzog en Smuts geniet. Hy het 'n wêreld betree waarin hy sy politieke energie, kritiese denke en taalvaardigheid kon kombineer.[45]

In die tydperk wat Basson as sekretaris van die Verenigde Party in die Paarl aangestel was, het die fokus van die nasionale sowel as die internasionale politiek, op Europa en Adolf Hitler se imperialistiese strewes geval. Vanweë Suid-Afrika se verbintenis met Brittanje, het die verstryking van die oorlogsultimatum deur Brittanje aan Nazi-Duitsland op 3 September 1939 die Verenigde Party in 'n krisis gedompel. Twee duidelike standpunte is ingeneem. Hertzog was 'n voorstaander van neutraliteit en Smuts was ten gunste van deelname aan die Geallieerde kant na die verstryking van die ultimatum. Die geskil is indringend in die Volksraad bespreek en die uitslag daarvan was dat Suid-Afrika hom by Brittanje geskaar het en gevolglik die wapen opgeneem het teen Duitsland en sy bondgenote. Hierop het Hertzog sy bedanking ingedien en Smuts is deur die Goewerneur-Generaal versoek om op 6 September 1939 'n nuwe kabinet saam te stel.[46]

Die gebeure het die Verenigde Party tot in sy fondamente geskud. Die droom van eenheid in blanke geledere was aan skerwe. Dit was veral die voormalige Nasionale Partylede en Hertzogondersteuners wat grotendeels Afrikaanssprekend was, wat ontnugter gelaat is. Die oorlog het kortstondig die steun agter Smuts gekonsolideer. Daarteenoor het dit nuwe politieke oriëntasie tot gevolg gehad, wat 'n geleidelike wegvloei van steun van die Verenigde Party na die Gesuiwerde Nasionale Party van Malan beteken het.[47]

Hierdie gebeure het Basson direk geraak. As 'n politieke dissipel van Hertzog sou hy homself in daardie stadium in 'n politieke woestyn bevind het. Hy het hom nie vereenselwig met Smuts se binnelandse beleid nie en het ook skerp

---

45. Japie Basson-privaatversameling: Nota van J.H. Loock aan Japie Basson, Mei 1939; Die Suiderstem, 16.06.1939; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

46. Van der Westhuizen, L.J., Die Neutraliteitsvraagstuk as Verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse Politiek (1933-1940), met besondere Verwysing na die Rol van Genl. J.B.M. Hertzog, Ongepubliseerde verhandeling, pp. 101, 146, 153; Ingham, pp. 203-208; Hertzog se optrede en die gebeure word breedvoerig bespreek in hoofstuk 10 van J.H. le Roux (red.) se werk Generaal J.B.M. Hertzog: Sy Strewe en Stryd Volume II.

47. Le Roux, pp. 690-691.

standpunt oor Malan se uitgangspunte gehad. Basson het toegegee dat Smuts se deelname aan die oorlog die regte besluit was. Hy het Hertzog se betoog vir neutraliteit geïnterpreteer as 'n politieke skuif om Malan en die Gesuiwerde Nasionale Party te probeer fnuik. Basson het geredeneer dat, in ruil vir deelname aan die oorlog, die Britse Protektorate van Brittanje verkry kon word vir inlywing by die Unie. Deur dié weg te volg, kon generaal Hertzog Suid-Afrika as 'n Republiek uitroep en 'n groter staatkundige eenheid in Suider-Afrika skep.[48]

Basson was 'n groot aanhanger van Hertzog en gee die volgende siening van Hertzog op daardie stadium van sy lewe: "*Barry is my leier, sal my leier bly. Vir my is hy die grootste Afrikanerleier, my leier, my ideale politikus en staatsman - 'n man wat ek lief het en wat ek nooit sal beveg nie. Ek sê weer, hy is my leier en sal my leier bly, selfs na sy dood. Sy vaderlandsliefde werk aansteeklik; hy is eerlik, standvastig in sy optrede, getrou aan sy ondersteuners, genadeloos in sy optrede teenoor vuilgoed, diktator in sy houding - 'n man, 'n leier! Hoe baie kan 'n man tog nie van hom leer nie.*" Daarteenoor het Basson hom in sy jeugdige voortvarendheid skerp uitgelaat oor Malan as leier van die Gesuiwerde Nasionale Party. Hy was nietemin in die kol met sy voorspelling dat Hertzog in die skemering van sy politieke loopbaan was en plek sou moes maak vir Malan.[49] Nieteenstaande Basson se voortvarendheid en moontlike ondeurdagte uitsprake, blyk daar reeds op 'n jeugdige ouderdom tekens te wees van sy politieke neus, sy ontledingsvermoë en aanvoeling vir die politiek van die dag.

Die Europese konflik en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog asook die gevolge daarvan vir die plaaslike politiek, vernaamlik Hertzog se posisie, het verder daartoe bygedra dat Basson sy posisie as sekretaris van die Verenigde Party in die Paarl as tydelik en onhoudbaar begin ervaar het. Met Hertzog skynbaar in die politieke wildernis, moes Basson noodgedwonge sy eie weg in die politiek vind indien hy daarvan 'n loopbaan wou maak.[50] Basson verwoord sy vrese en verwagtinge as volg: "*Ek wag op die ideale Afrikaner-party: Republiek uit en uit + militêre bondgenootskap met Engeland; Afrikaans eerste amptelike taal (met al die komplikasies: Alle kennisgewings, skole, ens., Afrikaans eerste); redelik 'liberaal' teenoor kleurlinge en naturelle; 'n mate van (sic) - staatsdissipline; en so meer, veral EERLIKHEID - nie alles wat jou teenparty voorstel is uit die bose*

48. Privaatversameling (PV) 58: 2/1/1/1, Japie Basson aan Gawie Theron, 09.10.1939.

49. Ibid.

50. Ibid.

*verdoem nie. En as hierdie Party nie kom nie... is daar maar een uitweg."* [51] Dié versugting blyk 'n kombinasie te wees van Hertzog en Smuts se onversoenbare ideale.

Die nouer verbondenheid aan Brittanje het die Engelssprekende en ook die Engelse taal in Suid-Afrika 'n hoër status gegee. In reaksie op hierdie tendens het Basson hom sterk uitgelaat vir Afrikaans en 'n republiek. Hy is daardeur geassosieer met die Gesuiwerdes se anti-Britse houding. Dié Party was ook die hoofaanvoerders teen die Smutsleiding.

As redakteur van Nasiebou moes Basson standpunt inneem teenoor Hertzog, wat nou buite die Verenigde Party gestaan het. Dit het hy nie maklik gedoen nie, maar het laasgenoemde nietemin gekritiseer dat hy hom nie neergelê het by die demokratiese meerderheidsbesluit van die Volksraad oor die besluit van deelname aan die oorlog nie. Basson erken self dat Nasiebou se beriggewing en skryfwerk van 'n lae standaard was.[52] Sy belangstelling in die perswese het vir hom deure oopgemaak en die geleentheid geskep om tyd te wen voordat hy homself op 'n meer formele wyse aan die partypolitiek gekoppel het.

Voordat Basson 'n keuse moes maak om hom polities te verbind tot óf Hertzog óf Smuts, is 'n permanente verslaggewerspos deur die bemiddeling van Jack Loock in Oktober 1939 by Die Suiderstem vir hom aangebied. Sy aanstelling het ten doel gehad om die verspreiding van Nasiebou, die blad van die Junior Verenigde Party in die Paarl, buite die Paarl uit te brei. Daar was geen ander blad wat spesifiek tot die jeug 'n politieke appél gemaak het nie, en is daar gepoog om wyer steun onder die jeug vir die Verenigde Party te wen deur dit as 'n bylaag tot Die Suiderstem te laat verskyn. Nasiebou is deur Unie-Volkspers oorgeneem en uitgegee. Nasiebou se leeftyd was egter van korte duur, onder andere vanweë die lae standaard daarvan, en dit het reeds in 1940 sy laaste oplaag belewe.[53]

Benewens Basson se verpligtinge teenoor Nasiebou het hy ook by Die Suiderstem begin met vertaalwerk vir Reuter Nuusagentskap. Vertaalwerk het sy taalvaardigheid getoets en uitgebrei. Senior kollegas van wie hy baie geleer het

---

51. Ibid.
52. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.
53. Ibid.

in die tydperk by die dagblad, is onder andere Uys Krige en Grosskopf, beide letterkundiges. Die redakteur, Abraham Jonker, was lank reeds persoonlik aan Basson bekend vanweë die verskeie kere wat hy die Studente Junior Verenigde Partytak op Stellenbosch as gas besoek het.[54] Basson is kort nadat hy aangestel is, bevorder tot parlementêre verslaggewer.[55] Hy het twee jaar op die persgalery deurgebring en ook Partykongresse bygewoon. Daarbenewens het hy oor plaaslike politieke gebeurtenisse verslag gedoen en saam met politici Kaapland deurkruis op reis na vergaderings.[56] Volgens Marais Steyn was Basson bekend onder medejoernaliste vir sy besondere taalaanleg, onbevange en onafhanklike standpunte met 'n sterk gewete wat hom weerhou het van napratery.[57] Basson het nie groot opgang as joernalis gemaak nie. Die rede daarvoor was dat sy ambisie nie op 'n joernalistieke loopbaan gevestig was nie, maar dat hy dit beskou het as 'n stap om nader aan sy groter ideaal te kom, naamlik as verteenwoordiger van sy mense in die hoogste raadsale van die land.

Op die politieke front was die deelname van Suid-Afrika aan die oorlog die sentrale tema. Smuts, as Eerste Minister en lid van die oorlogskabinet van Brittanje, het die leisels vasgehou van Suid-Afrika se voorbereiding en deelname aan die Geallieerde kant.[58] Huishoudelik het talle probleme kop uitgesteek namate die oorlog gevorder het. Die politieke verdeeldheid wat geheers het oor deelname al dan nie was nog nie besweer nie.

Die antagonisme jeens die Regering het die Malaniete en Hertzogiete nader na mekaar gedryf. Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, met Hertzog as

---

54. Die Suiderstem, 05.04.1939.
55. Persoonlike versameling: Transkripsie van 'n onderhoud met Piet Beukes, 02.06.1993.
56. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993. Basson vertel die staaltjie van 'n berig oor Kommunisme wat hy moes skryf vir Die Suiderstem tydens 'n Nederduits Gereformeerde Kerksinode. Hy het die uitslag van 'n mosie wat nog deur die sinode hanteer moes word, geantisipeer en reeds sy berig geskryf. Hy het opdrag gegee dat dit gepubliseer kon word sodra dit goedgekeur was deur die sinode. Daar het egter 'n misverstand ingesluip en die berig is geplaas voordat die mosie gedien het op die sinode. Basson was in 'n geweldige verleentheid en het die moderator, ds. van Wyk versoek of die mosie nie nog op dieselfde dag hanteer kon word nie. Dit is toegestaan, maar nie sonder dat Basson hom die spot van die afgevaardigdes op die lyf geloop het nie. Tydens hierdie geleentheid het Basson kontak gemaak met leidende kerkfigure, asook met die strominge binne die kerk wat veral in die vyftigerjare op 'n spits gedryf sou word vanweë die kleurkwessie.
57. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Marais Steyn, 11.06.1993.
58. Kruger, D.W., The Making of a Nation - A History of the Union of South Africa 1910-1961, pp. 203-204.

die leier, is op 29 Januarie 1940 in die lewe geroep na suksesvolle pogings om eenheid in Afrikanergeledere te skep. Die eenheid was van meet af broos en het verbrokkel met Hertzog se bedanking op 6 November 1940 tydens die stigtingskongres van die Party in die Vrystaat.[59] Malan het die leierskap oorgeneem en Hertzog se roemryke loopbaan het tot 'n tragiese einde gekom. Hy het op 12 Desember 1940 as Volksraadslid bedank en as 'n verbitterde man in eensaamheid gesterf op 21 November 1942.[60] Stoere volgelinge van Hertzog en Klasie Havenga het 'n nuwe party, die Afrikanerparty, op die been gebring. Hul toekoms was egter gedoem in die gepolariseerde politiek van die vroeë veertigerjare.[61] Gedurende hierdie stormagtige politieke tydperk het Basson hom tuis gemaak in die perswese en berig gelewer oor die verwikkelinge.

Basson se kort joernalistieke loopbaan was 'n uitstekende voorbereiding vir sy politieke loopbaan. Enersyds het hy hom probeer distansieer van die interne posisionering rondom partyleiers en 'n pos by Die Suiderstem te aanvaar. Die gevolglike wroeginge en spanning in die party het dus nie dieselfde impak op hom gehad as op talle ander party-organiseerders nie. Andersyds het hy kennis gemaak met die ratwerk en werking van die perswese. Sy insig, begrip, waarnemingsvermoë en aanvoeling van die breë politiek het verskerp en toegeneem. As joernalis kon hy die politiek in die gange en om die koffietafels van die parlement volg.[62] Dit was veral sy begrip van die mag en metodiek van die koerantwese wat hy gedurende later jare sou probeer aanwend om die kollig van die koerantwêreld op hom te hou.

As joernalis was hy steeds nou gemoeid met die jeug. Die leiers van die Party sou hom spoedig aanwend om die steun van die jeug vir die Party te werf. Sy betrokkenheid by die jeug van die Verenigde Party sou Basson terselftertyd 'n stap nader bring in sy voorbereiding om as 'n lid van die Volksraad verkies te word.

---

59. Hancock, W.K., Smuts: The Fields of Force 1919-1950, pp. 336, 353.
60. Le Roux, p. 733; Pienaar, S.W. en Scholtz, J.J.J., Glo in u Volk - Dr. D.F. Malan as Redenaar 1908 - 1954, p. 232.
61. Liebenberg, B.J., Spies, S.B., (reds), South Africa in the 20th Century, p. 279.
62. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

# 2. JAPIE BASSON - SY EERSTE TREë IN DIE POLITIEK, 1941-1947

### Basson - Organiseerder van die V-Front

As joernalis het Basson steeds noue kontak gehad met die Junior Verenigde Party. Hy het as vrywilliger begin help om 'n organisasie en administrasie vir die Junior Verenigde Party op die been te bring. Hy is uitgenooi om talle vergaderings toe te spreek en het meegedoen aan die stigting van takke. Sy aanklank met die jeug het hom gewild gemaak en hy het spoedig 'n ondersteuningsbasis vir homself opgebou.[1]

In dieselfde periode het Verenigde Partylede soos Jack Loock, F.R. Emery, die tesourier van die Party in Kaapland, J.W. Mushet, Volksraadslid en die Kaaplandse leier en Senator A.M. Conroy die inisiatief geneem vir die totstandkoming van 'n politieke jeugbeweging vir die Verenigde Party. Die oogmerk daarmee was om die steun van die Verenigde Party onder die jeug uit te brei. Basson se potensiaal is raakgesien en hy is betrek om voorbrand te maak vir die stigtingskongres van die Verenigde Party se Junior V-Frontbeweging.[2]

Die stigtingskongres is op 27 September 1941 in Worcester gehou en deur nagenoeg 'n duisend afgevaardigdes van oor die hele Kaapprovinsie bygewoon. Die mosies wat aangeneem is, het die grondslag gevorm van die aktiwiteite van die V-Front van die Verenigde Party. As uitgangspunt moes daar in elke kiesafdeling in Suid-Afrika 'n V-Frontklub gestig word. 'n Parlementêre debatsvereniging moes in die lewe geroep word en 'n mondstuk van die V-Front moes as byvoegsel van Die Suiderstem en Ons Land uitgegee word. Daar moes verder 'n sentrale organisasie in die lewe geroep word om die klubs se werksaamhede te koördineer.[3] Dit blyk dat Basson 'n redelike prominente rol gespeel het in die organisering en administrasie van die kongres, maar nie veel geleentheid gekry het of daarvan gebruik gemaak het om sy eie stempel af te druk op die debatspunte wat tydens die kongres bespreek is nie. Dit is moontlik dat hy so besig was met organisatoriese aangeleenthede dat hy nie die tyd

---

1. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Marais Steyn, 11.06.1993 en Japie Basson, 05.04.1993.
2. Die Suiderstem, 22.07.1941, 01.08.1941, 14.10.1941.
3. Die Suiderstem, 29.09.1941.

daarvoor kon vind om deel te neem nie of ook dat die senior partylede hom nie as belangrik genoeg geag het om wel 'n bydrae te kon lewer nie.

Die stigting van die V-Front moet teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog gesien word. Jeugbewegings het internasionaal sterk na vore getree en nasionalisme en patriotisme het bloeitydperke beleef in die aanvangsjare van die oorlog.[4] Die V-Frontsimbool is waarskynlik in dié gees afgelei van die bekende oorlogsimbool wat deur die Britse premier, Winston Churchill, bekend gemaak is.[5]

Kort na die kongres het die Verenigde Party besluit om 'n persoon as voltydse organiseerder vir die V-Front aan te stel. Japie Basson is aangestel vanweë sy algemene betrokkenheid en ervaring in die jeugpolitiek. Sy organisatoriese vermoë is getoets met die organisering van die kongres. Volgens sy politieke meesters het hy die toets geslaag met die organisering van die kongres en vanaf 1 November 1941 het hy voltyds aandag gegee aan die totstandkoming van klubs en die opbou van 'n effektiewe organisasie vir die V-Front.[6] Die aanstelling het 'n einde gemaak aan sy joernalistieke loopbaan by Die Suiderstem.

Basson het sy taak ywerig opgeneem en stigtingsvergaderings van die V-Front tot aan die uithoeke van die Kaapprovinsie toegespreek.[7] Ook in die Vrystaat, Natal en Transvaal is formeel gepoog om die Junior Verenigde Partytakke in te skakel by die V-Front. Die Junior Verenigde Party was direk ingeskakel by die Verenigde Party en het nie 'n afsonderlike kantoor en administrasie gehad nie. In Pretoria was die aanvoerders van die poging D.J. Opperman, die sekretaris van die Party in Transvaal, Bailey Bekker en David Gould.[8] Die ander provinsies kon egter nie dieselfde geesdrif en entoesiasme openbaar as wat in die Kaapprovinsie die geval was nie.

---

4. Die Suiderstem, 24.07.1941, 12.08.1941, 19.08.1941, 26.08.1941, 30.08.1941, 09.09.1941; Springhall, J., Youth, Empire and Society British Youth Movements, 1883-1940, pp. 134-135; Loewenberg, P., Decoding the Past The Psychohistorical Approach, pp. 250-251.

5. Japie Basson-privaatversameling: Omsendbrief 5/6/42 Junior Verenigde Party V-Front. Hier verwys Basson na die teken: "*EN ONS TEKEN is die V vir Vryheid; want alleen as ons land Vry bly van buitelandse oorheersing, en van binnelandse dwinglandy, en ons Volk Volkome Vry gemaak kan word van rassehaat en van geestelike sowel as stoflike gebrek, kan ons hoop om ons Taak te volbring!*"

6. Die Suiderstem, 14.10.1941.

7. Die Suiderstem, 19.11.1941, 13.01.1942.

8. Cape Times, 12.12.1941; Die Suiderstem, 19.11.1941.

Die stigtingsvergaderings se aard het gewissel, hoewel die formaat gewoonlik begin het met toesprake deur plaaslike politici en Basson, en is opgevolg deur sosiale verrigtinge en vermaak.[9] Basson het die doelstellings van die V-Front tydens dié geleenthede uitgespel. Die V-Front moes die Verenigde Party bystaan, die gees van eenheid bevorder en kritiese denke en debatvoering kweek. Benewens die politieke funksie het die Beweging ook 'n sosiale funksie gehad en moes voorsiening maak vir ontspanning en vermaak. Fondse om die Beweging te finansier, is verkry deur ledegeld, fondsinsameling en subsidie van die Verenigde Party. Tweetaligheid en kontak met die pers deur beriggewing is onder V-Frontlede aangemoedig.[10]

Basson het in dieselfde asem van die geleentheid gebruik gemaak om persoonlike standpunte oor sy siening van die politiek te stel. Standpunte wat sterk na vore gekom het in die Beweging, was die V-Front se kritiek teen Nazisme en die simpatiseerders daarvan. Basson het die oorlogspoging, asook eenheid tussen Afrikaans en Engelssprekendes met oortuiging gesteun. In 'n omsendskrywe van die V-Front het hy *"VOLLE VOLKSEENHEID"* voorgehou as 'n voorwaarde vir *"Ware Suid-Afrikaanse Nasionalisme"*.[11]

Dié uitgangspunt van Suid-Afrikaanse nasionalisme van die V-Front het nie veel steun uit Afrikanergeledere veral uit dele van die Vrystaat en Transvaal, gekry nie. By geleentheid het Basson versigtig verwys na die republikeinse kwessie wat vir hom nou ingeskakel het by die vorm van nasionalisme wat hy bepleit het. Hy het die kwessie nie verder gevoer en dit tot 'n openbare debat verhef nie. Hy moes sekerlik besef het dat die tyd daarvoor nie geleë was nie, want dit sou die Verenigde Party in 'n verleentheid plaas teenoor sy Britse bondgenoot.[12]

In Januarie 1942 het Die V-Front, mondstuk van die V-Front, as bylaag van Die Suiderstem en Ons Land verskyn. Basson se joernalistieke ervaring by Die Suiderstem het hom handig te pas gekom as redakteur van Die V-Front. Dit was in enkelbladformaat met beriggewing oor verwikkelinge binne die V-Front en

9. Die Oosterlig, 27.02.1942; Oudtshoorn Observer, 05.10.1942; Graaff-Reinet Advertiser, 26.05.1942.
10. Die Oosterlig, 17.03.1942.
11. Japie Basson-privaatversameling: Omsendbrief 5/6/42 Junior Verenigde Party V-Front.
12. Die Suiderstem, 09.03.1942; Die Oosterlig, 03.03.1942, 28.04.1942.

klubaktiwiteite.[13] Die V-Front se steun en ledetal het uitgekring. Teen Oktober 1942 is daar in die Kaapprovinsie reeds 76 klubs gestig.[14] In die Vrystaat het Youth Friend, as bylaag van The Friend, veld probeer wen vir die V-Front in dié provinsie.[15] Met die uitbreiding van die V-Front deur die hele land het die blad, Die V-Front, se naam verander na Unie-Jeug. Die Unie-Jeug is versprei as bylaag van Die Suiderstem en Ons Land.[16] Japie Basson, as organiseerder en redakteur van die Unie-Jeug het sinoniem geword met die V-Front.

Die V-Front se eerste jaarkongres is in Cradock gehou op 2-3 Oktober 1942. Die kongres is bygewoon deur meer as 300 afgevaardigdes en is toegespreek deur onder meer senator A.M. Conroy, Blaar Coetzee, dr. J.H. Loock, F.R. Emery en J.W. Mushet. Basson is gelukgewens met sy werk om 'n organisasie op die been te bring en binne 10 maande meer as 70 klubs te stig. Hy het ook 'n pluimpie gekry vir sy redakteurskap van Unie-Jeug.[17] Die kongres het 'n sterk sosiale komponent gehad wat 'n konsert, orkesoptrede, basaar, boeresport en debatskompetisies ingesluit het.[18] Dit blyk hieruit dat die V-Front nie slegs 'n propaganda-instrument vir die Verenigde Party onder die jeug was nie, maar ook 'n rol gespeel het in die aanbieding van vermaak en ontspanning op die platteland van die Kaapprovinsie.[19]

## Basson as kandidaat in die nominasiestryd vir die Verenigde Party in die Somerset-Ooskiesafdeling

Basson was grotendeels besig met die organisasie en administrasie van die V-Front. Hy het egter gretig van geleenthede gebruik gemaak om, afgesien van die takbesoeke wat hy moes bring, ook openbare vergaderings op uitnodiging toe te spreek. Openbare optrede was een van sy sterk voorkeure en daarom het hy nie twee keer gedink om 'n uitnodiging te aanvaar om 'n vergadering toe te spreek nie. Die Verenigde Party in Somerset-Oos het kort na afloop van die V-Frontkongres in 1942 Basson uitgenooi om 'n vergadering in die kiesafdeling te kom toespreek. Volgens Basson wou die Verenigde Partytak van Somerset-Oos egter vir Jack Basson, sekretaris van die Verenigde Party, as spreker in die kiesafdeling kry. Die versoek het egter by Japie Basson uitgekom en die fout is

13. Japie Basson-privaatversameling: Omsendbrief No. 1/42, Junior Verenigde Party V-Front.
14. Cape Times, 20.10.1942.
15. Youth Friend, April 1942.
16. Japie Basson-privaatversameling: Omsendbrief 7/7/42, Junior Verenigde Party V-Front.
17. Midland News, 24.09.1942, 06.10.1942; Die Oosterlig, 22.09.1942, 06.10.1942.
18. Die Oosterlig, 25.09.1942.
19. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Marais Steyn, 11.06.1993.

eers met die aanvang van die vergadering besef. Die vergadering het nietemin voortgegaan en Basson het die kans benut om 'n indruk op die gehoor en afdelingsbestuur te maak. Hy is daarop deur die sekretaris, Fred J. Knoetze, op 30 Januarie 1943 as kandidaat genomineer. 'n Stemming sou daarna plaasvind om te bepaal wie as kandidaat namens die Verenigde Party in die kiesafdeling sou staan tydens die algemene verkiesing. Knoetze was 'n koerantman van die Somerset Budget en Basson het waarskynlik die gemeenskaplikheid gebruik om homself bekend te stel en aanklank by Knoetze te vind. Knoetze het Basson as 'n buitestaander positiewe dekking in die plaaslike koerant gegee, en dit blyk dat Basson gewildheid gewen het onder 'n groep ondersteuners.[20]

Basson is in kennis gestel dat Harry Nash reeds genomineer was as die Verenigde Party se kandidaat, maar dat lede van die Verenigde Partyafdelingsbestuur onderneem het om Nash te oorreed om sy kandidatuur terug te trek. Dié reëling het Basson welgeval, maar hy meld dat hy sy nominasie aanvaar het sonder die toestemming van die senior partylede wat hom as organiseerder aangestel het.[21] Basson het daardeur gewys dat die pos wat hy as organiseerder beklee het, vir hom slegs 'n trap op die politieke leer was. Sy eiewilligheid en opportunisme was groter as die vrees om die hom argwaan van senior partylede op die hals te haal. Basson het nietemin die V-Front se kantoor in Kaapstad op hoogte gehou van die verwikkelinge. 'n Telegram van Basson aan F.R. Emery, 'n senior en kollega van Conroy, het melding gemaak dat Conroy tevrede was met Basson se nominasie. Conroy het hom twee maande vrygestel van sy verpligtinge as organiseerder, op voorwaarde dat Emery ook daartoe moes instem.[22] Dit blyk dat die seniors nie so ernstig begaan was oor die afwesigheid van Basson en sy verpligtinge teenoor die V-Front nie. Basson is nie as onmisbaar beskou nie, klaarblyklik omdat die V-Front nie op daardie stadium vir die Verenigde Party 'n prioriteit was nie.

Nash het geweier om terug te staan vir die jeugdige Basson. Nash het 'n organiseerder, De Beer, aangestel om steun vir hom te werf en 'n nuwe tak, wat die stryd op 1 Mei 1943 in sy guns beklink het, te stig.[23] Basson het 440 stemme teenoor die 478 van Nash getrek. Lede van die afdelingsbestuur was ongelukkig oor die uitslag en het Nash beskuldig van ongrondwetlike optrede. Hulle het

---

20. Basson, J. du P., Tot Diens van My Party, 1943; Somerset East Budget 20.02.1943.

21. PV 58: 2/25/1/1/1, Japie Basson aan E.H. le Roux, 02.02.1943; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson 05.04.1993.

22. PV 58: 2/25/1/1/1, Japie Basson aan F.R. Emery, 02.02.1943.

23. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993; Somerset East Budget, 05.05.1943.

gedreig om die saak na die Hoofbestuur en Regskommissie van die Party te verwys.[24] Die optrede van Nash was slegs één van die redes waarom Basson nie die paal gehaal het nie. Basson het waarskynlik die indruk geskep van oorgretigheid, veral van 'n jeugdige buitestaander wat gevestigde gemeenskapsleiers in hul domein kom aandurf het. Daarbenewens was hy as 'n politieke liggewig nie opgewasse teen die meer ervare Nash nie. Dit blyk ook dat Basson se ondersteuningsbasis beperk was, omdat hy relatief onbekend onder die kiesers was. Die tweestryd tussen Basson en Nash het egter vir opwinding in die kiesafdeling gesorg. Basson wou nie die saak verder voer nie, waarskynlik vanweë vertwyfeling of die Regskommissie se beslissing in sy guns sou val. Hy het nietemin getoon dat hy oor bepaalde politieke talente beskik het.

## Japie Basson as kandidaat van die Verenigde Party in die algemene verkiesing in 1943 in Moorreesburg

Kort nadat Basson die stryd in die Somerset-Ooskiesafdeling gewonne moes gee, het hy 'n nominasie as kandidaat vir die Verenigde Party uit die Moorreesburgkiesafdeling ontvang. Die algemene verkiesing sou op 7 Julie 1943 plaasvind en advokaat F.C. Erasmus van die Herenigde Nasionale Party was sy teenstander.[25] Erasmus was die eerste sekretaris van die Federale Raad van die Herenigde Nasionale Party onder die voorsitterskap van Malan en toe reeds 'n Volksraadslid. Hy was dus 'n swaargewig in die opposisiepolitiek.[26] Basson se ambisie en voortvarendheid het hom voor 'n groter uitdaging te staan gebring, waarvoor hy beswaarlik voorbereid kon wees.

Basson het nietemin in die Somerset-Ooskandidatestryd 'n paar waardevolle lesse geleer, wat hom handig te pas sou kom in die stryd teen Erasmus. Hy het getoon dat sy vermoë om steun te wen, nie onderskat moes word nie, selfs in 'n kiesafdeling waar hy relatief vreemd was. Sy sterkste bate was waarskynlik die positiewe indruk wat hy op mense gemaak het. Hy was ten spyte daarvan nie op daardie stadium volkome opgewasse vir die taak en verantwoordelikheid van 'n parlementslid nie.

---

24. Somerset East Budget, 08.05.1943.
25. PV 58: 2/25/1/1/1, Baba Knoetze aan Japie Basson, 06.05.1943; Somerset East Budget, 15.05.1943.
26. Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika Sy Stryd en Sy Prestasies 1914-1964, p. 163.

Soos met die Somerset-Ooskandidatestryd, was die senior partylede bereid om Basson af te staan, want die pos wat hy beklee het, het nie intussen in prominensie of belangrikheid toegeneem nie. Hulle het besef dat sy kans om verkies te word, uiters skraal was. Die Verenigde Party wou graag 'n kandidaat stel en omdat niemand ingewillig het nie, het hulle Basson genader wat, soos verwag is, dadelik ingestem het.[27] Hy het tydens die verkiesingstryd by Bool Smuts, broer van generaal Smuts, tuisgegaan en ook heelwat ondersteuning van Jack Loock ontvang, wat in die buurkiesafdeling Ceres geveg het. As vier-en-twintigjarige was Basson die jongste kandidaat in die verkiesing en Erasmus het hom vanaf die eerste ontmoeting met argwaan bejeën. Erasmus het dit as 'n belediging beskou dat 'n politieke groentjie teen hom ingespan word.[28]

Die Moorreesburgkiesafdeling was geografies relatief uitgestrek. Die verste dorp noord was Vredenburg en Philadelphia in die suide met Tulbagh die verste oostelike punt. Dit het 8 538 geregistreerde kiesers gehad wat 542 bruin kiesers ingesluit het. Basson het in die kiesafdeling waarin hoofsaaklik blanke kiesers was, sewentien blanke vergaderings en ses bruin vergaderings in die vyf weke voor die verkiesing toegespreek. Volgens sy verkiesingsverslag was die vergaderings lewendig, maar ordelik. Die grootste vergadering was op Moorreesburg en volgens Basson en Die Suiderstem is dit bygewoon deur 1 800 mense.[29] Dit is egter te betwyfel of so 'n groot getal kiesers die vergadering bygewoon het as die uitgestrektheid van die gebied en die relatiewe lae bevolking in aanmerking geneem word.

Vir albei kandidate het die fokus van die verkiesing op die deelname van Suid-Afrika aan die Tweede Wêreldoorlog geval. Basson het hom aan die kant van Smuts en die Geallieerdes geskaar. Smuts het in sy hoedanigheid as premier en oorlogkabinetslid van Brittanje, meer aandag aan internasionale kwessies geskenk as aan die kleurlose binnelandse politiek van Suid-Afrika. Smuts se belangeloosheid rakende die Suid-Afrikaanse politiek het 'n gevaar ingehou, maar die prestasie van die Suid-Afrikaanse troepemag in Noord-Afrika en die gety wat teen die Spilmoondhede gedraai het, het sy aansien tydelik verhoog en

---

27. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993; Die Suiderstem, 04.06.1943, 08.06.1943, 22.06.1943.

28. Die Suiderstem, 25.06.1943; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

29. PV 58: 2/25/1/1/1, Japie Basson aan mej. H. van der Merwe, 05.08.1943; Die Suiderstem, 28.06.1943.

Suid-Afrika se deelname aan die oorlog begunstig.[30] Dit het die indruk by die Verenigde Party geskep dat hulle die verkiesing met vertroue kon tegemoetgaan.

Basson was van mening dat Suid-Afrika as lid van die Geallieerdes 'n vry land kon bly, 'n republiek uitroep en Suidwes-Afrika inlyf by Suid-Afrika.[31] Naas die oorlogsdeelname het sy belangrikste argumente om die kleurkwessie gedraai. Hy het striemende aanvalle op die Herenigde Nasionale Party geloods en hulle beskuldig van Nazistiese optrede. Hul stiefkind-houding en optrede jeens bruinmense en die onderdrukking van swartmense het hy as verfoeilik beskou. Daarbenewens was Malan, volgens Basson, nie in staat om die landsprobleme op te los nie. Hy het dit inteendeel vererger, omdat die Herenigde Nasionale Party niks positief in die Regering se stappe kon sien nie en dit ondermyn het.[32] Hy is in dié standpunte op vergaderings bygestaan deur senior lede van die Party soos dr. A.H. Jonker, J.W. Mushet, dr. C.J.S. Strydom en dr. W.P. Steenkamp.[33]

Die Verenigde Partyregering se antwoord op die kleurvraagstuk was 'n *laissez faire*-houding in die hoop dat tyd die oplossing sou voorsien. Toenemende druk en ontevredenheid oor die lot van swartmense en bruinmense het veral uit die geskoolde gemeenskappe ontstaan, hoewel daar ook enkele stemme opgegaan het uit die blanke gemeenskap. Die teenstand was egter baie klein en ongeorganiseerd en het gevolglik bykans geen impak op beleidsvorming en besluite van die Regering gehad nie.[34] Spanning oor rasseverhoudinge, veral die wroeginge in die bruin gemeenskap, het onder Basson se aandag gekom en hy noem dat: *"die kleurling diep bewus is van die beperkings waaronder hy en sy landgenote gebuk gaan, en die diskriminerende wetgewing van die blanke."* Basson het gewaarsku dat die algemene goeie verhouding wat tussen die bruinmense en blankes bestaan het, versuur kon word. Dit kon gebeur indien aandag nie gegee sou word aan die lewensomstandighede van plaasarbeiders nie, lae lone nie aangepas word en die stemregkwalifikasies waaroor 'n bruin persoon moes beskik, nie hersien is nie. Hierdie saak is op die spits gedryf, aangesien blanke vrouens op daardie stadium kon stem, maar dit van bruinvrouens weerhou is.[35]

---

30. Ingham, pp. 226-227.
31. PV 58: 3/11/1/1/1, Toespraak deur Japie Basson as kandidaat van die Verenigde Party vir die Volksraad in die kiesafdeling van Moorreesburg, Junie 1943.
32. Ibid.
33. Die Burger, 24.06.1943; Die Suiderstem, 11.06.1943, 19.06.1943, 24.06.1943, 26.06.1943.
34. Ingham, pp. 224-226.
35. PV 58: 2/25/1/1/1, Japie Basson aan mej. H. van der Merwe, 05.08.1943.

Basson het by die blanke kieser gepleit dat die bruin en swart gemeenskappe se vriendskap gewen moes word. Isolasie en swak verhoudinge tussen die blankes en nie-blankes kon nie bekostig word nie en sou die blanke in 'n knyptangposisie plaas. Daardeur sou Kommunisme veld wen onder bruinmense en swartes, wat 'n wesentlike bedreiging vir die blankes kon inhou.[36] Dit was die eerste keer dat Basson hom vanaf die openbare platform uitgelaat het oor die kleurkwessie, hoewel sy sienswyse steeds uit die hoek van die blanke was. Sy simpatie en aanvoeling vir die problematiek was veel dieper vir die bruinmense as vir die swartman, aangesien hy nie soveel kontak met swartmense gehad het nie.

Die Herenigde Nasionale Partykandidate het die kleurbeleid van die Verenigde Party voorgehou as 'n gevaar vir die blanke beskawing. Volgens die Herenigde Nasionale Party sou dit afstuur op 'n swartmansland waarin die blanke oorgelewer sou word aan die genade van die swart massa. Basson is uitgekryt en beskuldig van dislojaliteit en versaking van die Afrikanervolk se "verhewe" waardes vanweë sy houding teenoor bruinmense en swartes. Dié aanslae op Basson het hom egter nie van stryk gebring nie.[37]

Smuts het effektief daarin geslaag om die aandag van die kleurkwessie af te lei en die algemene verkiesing van 1943 te omskep in 'n "Ja-" of 'n "Nee-stem" vir of teen die deelname van Suid-Afrika aan die oorlog. Die Verenigde Party het die verkiesing gemaklik gewen, maar die uitslag was nie 'n werklike weerspieëling van die steun van die Verenigde Party nie.[38] Die Herenigde Nasionale Party het sterker na vore begin tree. In Moorreesburg het Erasmus egter die setel gewen. Die uitslag van die verkiesing was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| F.C. Erasmus | Herenigde Nasionale Party | 4072 stemme |

---

36. Die Suiderstem, 19.06.1943.

37. PV 58: 3/11/1/1/1, Toespraak deur Japie Basson as kandidaat van die Verenigde Party vir die Volksraad in die kiesafdeling van Moorreesburg, Junie 1943.

38. Stultz, N., The Electoral Revival of the National Party in South Africa, 1934 to 1948, Ongepubliseerde proefskrif, pp. 213, 215;
Roberts, M. en Trollip, A.E.G., The South African Opposition 1939-1945 An Essay in Contemporary History, pp. 158-159. Die Verenigde Party het ongeveer 640 000 stemme (ongeveer 64%) en die Herenigde Nasionale Party 362 000 stemme (ongeveer 36%) op hul verenig. Die Verenigde Party het sy stemtotaal met 82 000 en die Herenigde Nasionale Party syne met 71 000 opgeskuif. Die verhouding van die Verenigde Party teenoor die Herenigde Nasionale Party het vanaf die 1938-verkiesing verander van 184:100 tot 160:100. Die Afrikaanssprekende kieser wat vir die Verenigde Party gestem het, het van 40% afgeneem tot 32%, wat 'n duidelike wegswaai van die Verenigde Party aantoon.

| | | |
|---|---|---|
| J. du P. Basson | Verenigde Party | 3050 stemme |
| Nasionale Partymeerderheid | | 1 022 |

Ten spyte van die nederlaag het Basson egter daarin geslaag om die proporsionele steun vir die Verenigde Party in die kiesafdeling te verbeter op die 1938-verkiesingsprestasie van die Verenigde Party. Die kieserstal het gestyg met 945 kiesers waarvan slegs 109 hul steun aan Erasmus toegesê het.[39] Die proporsionele toename vir die Verenigde Party in die setel kan nie noodwendig aan Basson se invloed toegeskryf word nie, maar moet gesien word teen die toename van steun wat die Verenigde Party landswyd gekry het.[40] Die beperkte tyd ter voorbereiding vir die kiesdag en die herindeling van distrikte het die Verenigde Party benadeel. Vergeleke met Erasmus was Basson relatief onervare in die politiek en 'n verkiesingstryd. Basson het die swak registrasie van kiesers, gebrekkige takorganisasie, ongereelde vergaderings en beperkte vloei van inligting na die kiesers, aangegee as die stremminge op die Verenigde Party se vertoning.[41] Dit is egter te betwyfel of die faktore wat Basson aangevoer het, 'n wesentlike verskil aan die uitslag sou gemaak het. Dit was 'n gevestigde setel van die Herenigde Nasionale Party en Erasmus was 'n ou hand in die politiek.

Dit blyk in koerantberiggewing dat Basson en die V-Front nietemin uitgesonder word vir die vertoning van die Verenigde Party in die Moorreesburgverkiesing.[42] Dit was Basson se eerste volbloedgeveg in die politieke arena en hy is nie verneder deur die swaargewig Erasmus nie. Die rede daarvoor was dat hy die proporsionele steun van die Verenigde Party verhoog het in 'n relatiewe sterk setel van die Herenigde Nasionale Party.

Basson het skaars sy V-Front-werksaamhede hervat, toe hy weer eens deur die Verenigde Party se afdelingsbestuur van Moorreesburg genader is. Die keer was

39. PV 58: 2/25/1/1/1, Japie Basson aan mej. H. van der Merwe, 05.08.1943. Die kieserslys het altesaam 8538 kiesers ingesluit waarvan 3675 wit mans, 3953 wit vrouens, 542 bruin mans (burgerlikes), 212 wit soldatemans, 16 wit soldatevroue en 140 bruin soldate was.

40. Tothill, F.D., *The South African General Election of 1943* in Historia, Jaargang 34, No. 1, Mei 1989, pp. 79-86.

41. PV 58: 3/11/1/1/1, Toespraak van Japie Basson op Moorreesburg tydens die Oorwinningsfees, 30.07.1943; Die Suiderstem, 04.08.1943.

42. Die Kruithoring, 23.06.1943; Die Burger, 29.07.1943; Die Suiderstem, 29.07.1943, 30.07.1943.

dit om as kandidaat te staan vir die Provinsiale Raadsverkiesing op 13 Oktober 1943. Die afdelingsbestuur het aangevoer dat die verkiesing 'n voortsetting van die algemene verkiesing was. Daarom is Basson, wat reeds bekend was in die kiesafdeling, genomineer.[43] Hy het teen 'n familielid, Kruger van der Spuy van die Herenigde Nasionale Party, te staan gekom. Basson maak melding van die ongemaklikheid wat dit tot gevolg gehad het in familiegeledere, maar selfs dit het hom nie laat afsien van sy plan om te staan in die verkiesing nie.[44] Basson noem dat hy ook in dié verkiesing nie verwag het om as wenner uit die stryd te tree nie. Hy kon egter nie slegs deelgeneem het om goeie ondervinding op te doen nie.[45] Dit blyk dat Basson kwalik die kollig van die politiek kon weerstaan en hy het weer eens gretig aan die verkiesing gaan deelneem, hoewel hy op hierdie tydstip nie werklik langtermynbeplanning in sy politieke loopbaan gedoen het nie. Hy het opportunisties na elke geleentheid gegryp, sonder om die eise wat dit gestel het, op te weeg teen sy vermoë en ervaring.

Waar die algemene verkiesing gekonsentreer het op die oorlog, het die provinsiale verkiesing gefokus op nasionale kwessies. Die strydpunte was tweetaligheid in die onderwys, onderwys en gesondheid wat elk onder een Uniale staatsdepartement moes ressorteer, na-oorlogse rekonstruksie en die opgradering van die vervoerstelsel.[46] Basson het die kleurkwessie weer aangeroer deur 'n oproep te maak tot verantwoordelike volkskap en 'n verantwoordelike regering wat moes regeer in belang van alle rasse, kleure en seksies. Hy het die groeperinge, die sogenaamde "Ware Afrikaners" en die uiters Britse jingo's met hul *Home*-kompleks, alternatiewelik vir hul eksklusiwiteit en gevolglike onverdraagsaamheid en meerderwaardigheid gekritiseer.[47] Sy ideaal was een Suid-Afrika waarin almal vreedsaam kon woon met behoud van elkeen

43. Die Suiderstem ,16.09.1943.

44. Cape Times, 05.09.1943; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993; Somerset East Budget, 07.08.1943.

45. PV 58: 3/11/1/1/1, V.P.-Oorwinningsfees, Tulbagh (Onder beskerming van die V-Klub), Sat. 4 Sept. '43.

46. Lazarus, H.W., Kiesafdeling Moorreesburg, 1943; Die Suiderstem, 22.09.1943, 28.09.1943, 13.10.1943; Oosthuizen, O.A., Provinsiale Raadsverkiesing, Woensdag 13 Oktober 1943. Beleidsverklaring deur die Verenigde Party, 1943; Barnard, Die Verenigde Party..., pp. 55. In 1943 het al die Provinsiale Rade, behalwe dié van die Oranje-Vrystaat, 'n mandaat van die kiesers gekry om dubbelmediumonderwys te implementeer onder die toesig van vooraanstaande opvoedkundiges. Dit het egter spoedig geblyk dat dit 'n volslae mislukking was.

47. Die Suiderstem, 28.09.1943; PV 58: 3/11/1/1/1, Toesprake voorberei deur Japie Basson vir die Provinsiale Raadsverkiesing. Word aangedui as Elekverg.(*sic*) (Eleksievergadering) Moorreesburg 12.10.43 (Prov. Raad.) (*sic*) (Provinsiale) en Provinsiale Raadsverkiesing Moorreesburg 13 Okt. 1943. Deel I.

se eie taal, kultuur en belange.[48] Basson se entoesiasme, werkvermoë en bekendheid in die kiesafdeling was nie genoeg om Van der Spuy uit die kussings te hou nie.

Die uitslag van die verkiesing in Moorreesburg was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| J.D. du P. Basson | Verenigde Party | 2866 |
| H.K.J. van der Spuy | Herenigde Nasionale Party | 3573 |
| Herenigde Nasionale Partymeerderheid | | 707 |

As gevolg van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog is die vergunning aan soldate gemaak om ook te kon stem. Hiervan het Basson 223 stemme teenoor Van der Spuy se 12 stemme gekry. Die groter getal stemme wat Basson gekry het, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die suksesse wat die Geallieerdes op die oorlogsfront begin behaal het en die feit dat die regerende party se populariteit gevolglik gestyg het.[49]

Die Herenigde Nasionale Party se meerderheid het vanaf die algemene verkiesing gekrimp van 1 022 tot 707 in die provinsiale verkiesing. Een van die redes daarvoor was waarskynlik die kleiner stempersentasie. Daarbenewens het die algemene verkiesing reeds die Verenigde Party as die Regering aangewys en kon sommige kiesers dalk huiwerig gewees het om vir 'n "verloorder" te stem. Dit is te betwyfel of die stemverskuiwing toegeskryf kan word aan die optrede van die kandidate. Basson was nog relatief jonk in die politiek en het gevolglik nie die verkiesingstryd oorheers nie. Die uitslag was daarom eerder 'n weerspieëling van nasionale en internasionale invloede en gebeure.

Basson het tydens sy omswerwinge in die Moorreesburgkiesafdeling min aandag aan sy verantwoordelikhede as jeugorganiseerder van die V-Front gegee. Hy het in dié tyd egter waardevolle kontak met die jeug behou, wat hom in staat gestel

---

48. Die Suiderstem, 06.10.1943; PV 58: 3/11/1/1/1, Toesprake voorberei deur Japie Basson vir die Provinsiale Raadsverkiesing. Word aangedui as Elekverg.(*sic*) (Eleksievergadering) Moorreesburg 12.10.43 (Prov. Raad.) en Provinsiale Raadsverkiesing Moorreesburg 13 Okt. 1943. Deel I.
49. Anoniem, Provinsiale Raad - Algemene Verkiesing - 13 Oktober 1943, (Pamflet).

het om kort na afloop van die verkiesings talle V-Fronttakke in die kiesafdeling op die been te bring.[50]

## Die totstandkoming van die Unie-Jeugfront

Basson het na afloop van die verkiesingstryd voortgegaan met sy werk as organiseerder en talle takke is gestig. Die naderende Kongresse van die V-Front, wat onderskeidelik in Aliwal-Noord en Mosselbaai in Desember 1943 en Januarie 1944 sou plaasvind, het die kantoor se tyd tot so 'n mate in beslag geneem, dat besluit is om die kantoorpersoneel uit te brei. Ena Steyn, 'n lid van die V-Front, het die betrekking gevul en van die administratiewe pligte op haar skouers geneem.[51]

Die kongresse het voortgebou op die formaat van politieke aktiwiteite, afgewissel met vermaak en ontspanning soos die vorige kongresse. Tydens die twee kongresse is 'n mosie deurgevoer om die naam van Die Junior Verenigde Party V-Front te verander na Die Unie-Jeugfront van die Verenigde Party.[52] Die missie van die Unie-Jeugfront is oorgeneem van die V-Front en die Beweging se leuse was "Ons Bou". Die kwalifiserende ouderdom vir volle lede was ouer as twaalf en jonger as dertig jaar.[53] Die rede vir die naamsverandering was die poging om die Beweging op 'n permanente Uniale grondslag te plaas. Daarom die verwysing na "Unie" en ook na "Jeug" in Jeugfront. Daarbenewens is daar ook gepoog om weg te beweeg van die konnotasie wat die V-Front met die oorlogspoging van die Regerende Party gehad het, en die oogmerk was nie meer hoofsaaklik om 'n voedingsbron van jong manne aan die weermag te wees nie.[54] Daar word ook aangevoer dat die naamsverandering plaasgevind het om weg te beweeg van die V-Front wat 'n "jingo-klank" gehad het.[55] Die naam "V-Front" was moontlik eksklusief en deur die naamsverandering is gepoog om steun te werf uit 'n breër politieke spektrum wat aansluiting kon vind by die missie van die Beweging. Die naamsverandering het egter geen verandering aan Basson se posisie veroorsaak nie.

---

50. Die Suiderstem, 13.10.1943.
51. Die Suiderstem, 04.11.1943.
52. Frontier Post, 17.12.1943, 23.12.1943; The Friend, 27.12.1943.
53. Japie Basson-privaatversameling: Die Unie-Jeugfront, Voorligtingsreeks Nommer Een, 1 Junie 1944.
54. Jeugvriend (Bylaag in Die Vrystater), 14.12.1943.
55. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Schachat, 11.06.1993.

Die Unie-Jeugfront het hom meer op die politiek begin toespits en voorbrand is gemaak vir die stigting van 'n studentevleuel, Die Unie-Studentebond, asook die stigting van 'n jeugparlement. Die gedagte van 'n jeugparlement was 'n uitvloeisel van die stigtingskongres in Worcester, maar het nog nie op die been gekom nie. Die rede daarvoor was waarskynlik vanweë die klem wat op die oorlogspoging geval het, eerder as op die politiek. Tweetaligheid en eenheid onder Afrikaans- en Engelssprekendes is aangemoedig by beide kongresse, asook by die Vrystaatse kongres wat ook in Desember 1943 in Bloemfontein plaasgevind het. Basson was 'n voorstander van Smuts se gedagte van 'n Verenigde State van Brits Suid-Afrika, wat die Britse Hoë Kommissarisgebiede se oordrag en Suidwes-Afrika se inlywing by Suid-Afrika beteken het.[56] Hy het veral sterk gevoel oor die inlywing van Suidwes-Afrika, en het aangevoer dat die Unie-Jeugfront sy vleuels moes sprei omdat die jeug in Suidwes-Afrika geen ander heenkome gehad het as in die Beweging nie.[57]

Die Verenigde Party se leiers het hul egter nie veel daaraan gesteur nie, aangesien Basson se aanhang in die Verenigde Party nie so groot was dat dit enigsins 'n bedreiging vir die leierskap ingehou het nie.[58] Basson se politieke tydsberekening was ook op daardie tydstip ongeleë vir die Party, aangesien inlywing moontlik as 'n vorm van imperialisme vertolk kon word.

Basson is raakgesien deur Blaar Coetzee, 'n senior Verenigde Party-organiseerder, wat deur die Algemene Raad van die Verenigde Party van die Witwatersrand versoek is om 'n redaksie vir 'n Afrikaanse naweekkoerant op die been te bring. Coetzee en Marais Steyn het die posisie van nuus- en subredakteur aan Basson aangebied, met die verdere opdrag om die organisering van 35 kiesafdelings rondom Johannesburg namens die Verenigde Party te behartig.[59] Basson se vorige ervaring in die perswese en organisasie van die Verenigde Party het hom geskik gemaak vir die pos. Dit was 'n geleentheid om

---

56. Hyam, R., The Failure of South African Expansion 1908 -1948, p. 103; Meiring, P., Smuts the Patriot, p. 23.

57. Die Suiderstem, 15.01.1944, 17.01.1944; Mossel Bay Advertiser, 22.01.1944, 29.01.1944; Die Vrystater, 14.12.1943.

58. Hyam, pp. 176-177.

59. Blaar Coetzee was redakteur van Ons Land van die Unie-Volkspersgroep, en ook later die redakteur van Eendrag, die koerant waarvoor hy Japie Basson genader het. Hy was aktief betrokke in die politiek as organiseerder - joernalis en het in die Uitvoerende Komitee van die Verenigde Party gedien. Marais Steyn en Basson se paaie het reeds gekruis toe hul joernaliste was by Die Suiderstem.

op die redaksie van 'n koerant in Johannesburg, waarheen die politieke fokus in Suid-Afrika besig was om te verskuif, te dien.

Basson het die aanbod egter van die hand gewys. Die rede wat Basson daarvoor aangevoer het, was soos hy dit stel, omdat hy in die praktiese politiek wou bly.[60] Dit is nie heeltemal duidelik wat Basson hiermee bedoel het nie, maar daar kan afgelei word dat hy teen dié tyd goed gevestig was in die Kaap en dit sou waarskynlik vir hom moeiliker gewees het om as Kapenaar vinnig opgang te maak in die Transvaalse politiek. Daarbenewens was dit 'n koerant wat op daardie stadium nog in die beplanningstadium was en nie veel sekuriteit kon bied nie.

In Junie 1944 kon Basson aan die Verenigde Party van Kaapland se kongres rapporteer dat die Unie-Jeugfront 'n groeiende beweging was met 83 funksionerende klubs. Die jeugbeweging het verskeie projekte aangebied en was werksaam op die kulturele-, maatskaplike- en politieke terreine om die beginsels van die Verenigde Party uit te dra. Die Unie-Jeug, mondstuk van die Beweging, het maandeliks verskyn en jongmense is op vroeë ouderdom geskool in die politiek deur debatte en deelname aan die jeugparlement.[61] Die Unie-Jeugfront het dus geslaag in die funksie wat dit vir die Verenigde Party moes vervul.

Tog het dit spoedig duidelik geword dat sekere oogmerke van die Beweging en die gedagte van gelyke beregtiging vir Afrikaans- en Engelssprekendes, patriotisme teenoor Suid-Afrika en nasionale simbole, tot kriewelrigheid onder lede van die Party aanleiding gegee het.[62] Die Regering se verhouding met Brittanje asook die vrees vir oordrewe nasionalisme in eie boesem, soos in Duitsland en Italië die geval was, het gevaarligte vir sommige senior partylede laat flikker. Dit wil voorkom asof Basson tot op hierdie stadium tevrede was om volgens die pype van senior lede in die Party te dans. Namate sy statuur en selfvertroue in die Unie-Jeugfront gegroei het, het hy dié gedienstigheid egter al meer begin afskud. Basson se ambisie om vordering te maak in die Verenigde Party het aanleiding gegee tot 'n groeiende spanning en kompetisie met senior partylede.

---

60. PV 58: 2/1/1/1, Blaar Coetzee aan Japie Basson, 06.05.1944; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

61. PV 58: 3/12/1/1/1, Organiseerdersverslag, Sesde Provinsiale Kongres van die Verenigde Party in Kaapland, 16.06.1944.

62. Japie Basson-privaatversameling, Die Unie-Jeugfront, Voorligtingsreeks Nommer Een, 1 Junie 1944.

Basson het die seniors versoek om groter steun en samewerking te verleen aan klubs en die kantoor van die Jeugfront. Dit sou sy las verlig en hom in staat stel om voort te gaan met die stigting van nuwe takke en dienslewering aan bestaandes waar hy dikwels as gasspreker opgetree het.[63] Basson het hard gewerk om van die eerste uniale Unie-Jeugfrontkongres wat in Graaff-Reinet in Oktober 1944 plaasgevind het, 'n sukses te maak. 'n Mylpaal is bereik deurdat 400 lede van dwarsoor die Unie, en nie net uit Kaapland nie, die kongres bygewoon het. Dit was ook die geleentheid waar die eerste jeugparlement gesit het. Die goue draad van gelyke taalberegtiging, volkseenheid en patriotisme was die hoofbesprekingspunte van die kongres. Die sosiale aktiwiteite het ook nie agterweë gebly nie.[64] Teen hierdie tyd was die Vrystaatse Kongres ook reeds 'n instelling en die simbool van die Jeugfront, 'n troffel, is by dié geleentheid bekend gestel.[65]

Dit blyk dat die inisiatief en momentum vir die kongres in die Unie-Jeugfront grootliks uit die geledere van die jeug en enkele volwassenes afkomstig was. Geen tasbare aanduiding kan gevind word wat laat blyk dat die kwessies wat tydens die kongres bespreek is en die versoeke wat Basson namens die Unie-Jeugfront aan die Verenigde Party gerig het, ernstig deur die Verenigde Party oorweeg is nie. Hoewel enkele Verenigde Partylede hul individuele steun tot die beweging toegesê het, was die Unie-Jeugfront grootliks aangewese op die leierskap en inisiatiewe van jong persone soos Basson. Die jeugleiers se politieke invloed en bedingingsmag by die Verenigde Party was egter beperk.

Juis vanweë die toenemende onbetrokkenheid van die Verenigde Party by die Unie-Jeugfront, het Japie Basson die geleentheid aangegryp om sy idees oor eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekende, asook 'n kleurbeleid in die Unie-Jeugfront te laat geld. Hy het sy stempel nie net op kongresse probeer afdruk nie, maar ook tydens sy talle vergaderings en reise in Kaapland. Die spanning

63. PV 58: 3/12/1/1/1, Organiseerdersverslag, Sesde Provinsiale Kongres van die Verenigde Party in Kaapland, 16.06.1944; Ons Land, 26.05.1944, 13.06.1944; Die Suiderstem, 05.06.1944, 18.07.1944, 02.08.1944, 11.09.1944; Paarl Post, 18.07.1944, 17.11.1944; Cape Times, 23.08.1944; Mossel Bay Advertiser, 09.09.1944.

64. Somerset East Budget, 12.08.1944; Graaff-Reinet Advertiser, 28.09.1944, 05.10.1944; Die Suiderstem, 03.10.1944, 05.10.1944, 06.10.1944; Ons Land, 06.10.1944; Japie Basson-privaatversameling: Die Unie-Jeugfront van die Verenigde Party, H-K-O 4/44, 15 Augustus 1944, H-K-O 5/44, 6 September 1944, Jaarverslag Kongres 5.

65. Jeug-Nuus, 08.12.1944; Die Vrystater, 26.12.1944.

tussen Basson en senior partylede het stelselmatig begin toeneem, want Basson het hom sterk uitgespreek teen die *Ossewa Boys* en *Obstinate British*, die persone in Afrikaans- en Engelssprekende geledere wat eenheid tussen die taalgroepe teengestaan het. Hy het die partyleiers gewys op spore van ekstremisme in hul eie houding jeens Suid-Afrikanerskap, veral die Engelssprekende se "oordrewe lojaliteit" teenoor Brittanje. Die partylede se houding was nie te versoen met die standpunte van die junior lede van die Party nie en hulle het Basson kwalik geneem vir die kritiek wat in hul rigting gemik was.[66]

## Basson en die Unie-Jeugfront se posisionering in die na-oorlogse periode

Teen die middel van 1945 was die oorlog in Europa op 'n end, met Suid-Afrika aan die kant van die Geallieerde oorwinnaars. Op die tuisfront het die einde van die oorlog hernude oriëntering vir die nasionale politiek ingehou. Die kohesiekragte wat die politiek onder die bedreiging van die oorlog saamgesnoer het, het verslap en verskeie ontevrede stemme het binne die Verenigde Party opgeklink. Die na-oorlogse ekonomiese toestande en die kleurkwessie is deur die Herenigde Nasionale Party en die internasionale gemeenskap aangeroer.[67] Die sake het tot interne verdeeldheid in die Verenigde Party gelei. Daarbenewens het die Arbeidersparty en Dominiumparty se verhouding met die Verenigde Party skipbreuk gelei met die bedankings van Walter Madeley en Charles Stallard onderskeidelik uit die kabinet.[68] Smuts het reeds 'n hoë ouderdom bereik en het as internasionale staatsman hoë aansien geniet. Hy het egter nie antwoorde en oplossings gehad vir die problematiek van Suid-Afrika, wat gedurende die oorlog 'n snelle verskuiwing van 'n plattelandse landbou-georiënteerde land na 'n verstedelike nywerheidsland ondergaan het nie.[69]

Teenoor die interne woelinge van die Verenigde Party het die Unie-Jeugfront teen 1945 'n bloeitydperk beleef en dié jaar nog op die golf van oorwinning van die oorlog gery. Die Jeugfront het uitgebrei vanaf 'n Kaapland-gesentreerde

---

66. Japie Basson-privaatversameling: Tulbagh-klub en Partytak, November 1945; PV 58: 3/12/1/1/1, Openbare vergadering - Strand, 12.01.1945; Cape Times, 28.03.1945; Die Suiderstem, 26.10.1945.
67. Lawrence, J., Harry Lawrence, pp. 208-210. Lawrence het die saak van Suid-Afrika oor die behandeling van die Indiërbevolking by die Verenigde Nasies teen Indië se klag verdedig.
68. Chadinha, J.G., Magsdeling en Magsverdeling. 'n Vergelykende Studie van Beginselprogramme van Blanke Politieke Partye in Suid-Afrika sedert 1948, Ongepubliseerde verhandeling, p. 40.
69. Kruger, p. 221; Barnard, Die Verenigde Party..., pp. 58-59.

Beweging tot 'n landswye Beweging met voltydse organiseerders, Louis Wessels, L. le Seuer en Willie Beckman in die Transvaal en Chris Steenkamp in die Vrystaat.[70] Kaapland was egter steeds die sterkste vesting van die Beweging met Japie Basson as die spilpunt daarvan. Dit blyk dat Natal die enigste provinsie was waar die Beweging nie veld kon wen nie, waarskynlik as gevolg van die besondere sterk Britse sentimente wat onder die meerderheid Engelssprekendes aanwesig was wat hul nie kon versoen met die ideale van die Unie-Jeugfront nie.

Die roeringe in die Verenigde Party na die oorlog het die Jeugfront nie onaangeraak gelaat nie. Die spanninge in die senior geledere van die Party het ook botsings met die Jeugfront en Japie Basson as die verpersoonliking van die Beweging tot gevolg gehad. Oppervlakkig beskou, het die botsings gehandel oor die ideale wat die Beweging gekoester het soos wat dit uitgespel is tydens kongresse. Dit was egter hoofsaaklik 'n stryd tussen tradisie en vernuwing, outoriteit en gedienstigheid. Die botsings waarin Basson toenemend betrokke geword het, is veral oor die boeg gegooi van die behandeling van Afrikaanssprekendes binne die Party en 'n gebrek aan respek vir senioriteit vanaf sy kant.[71]

Basson se ambisie het daartoe gelei dat hy die tradisionele gesagstrukture en beleid van die Verenigde Party toenemend begin uitdaag het. Basson het telkens die beeld gebruik van 'n klein hondjie wat die groot hond op en wakker hou, om die verhouding tussen die Unie-Jeugfront en die Verenigde Party te illustreer.[72] Die "groot hond" (senior lede van die Verenigde Party) was reeds elf jaar aan bewind en het die geblaffery oor taal, nasionale simbole en patriotisme irriterend gevind. Die Party moes vele uitdagings van buite afweer en het dus nie veel aandag gegee aan en simpatie gehad vir Basson se pleidooie nie.

Japie Basson was bewus van die vernuwende gees wat onder die jeug in Suid-Afrika posgevat het na die oorlog. Dit het ook in die Unie-Jeugfront weerklank gevind, waar patriotisme en nasionalisme groterwordende steun geniet het.[73] Basson het dié steun gebruik en ook deur die motivering vir 'n nasionale vlag

---

70. Vereeniging News, 09.11.1945; Die Suiderstem, 19.07.1945, 28.08.1945, 10.10.1945, 11.10.1945.

71. PV 58: 2/24/1/2/1, Japie Basson aan D. Bloch, 16.04.1945; 2/25/1/1/1, Japie Basson aan S.M. Wale, 20.11.1945; Cape Times, 09.04.1945.

72. Ons Land, 02.03.1945; PV 58: 3/11/1/1/1, Toespraak van Japie Basson op Bredasdorp, 07.02.1945; Die Suiderstem, 21.03.1945.

73. Die Suiderstem, 21.03.1945; Frontier Post, 23.03.1945.

druk probeer uitoefen op die Party om beleidsaanpassings te maak om sy eie aspirasies en die van die Jeugfront te volvoer. Basson het egter nie sukses behaal nie, maar die eise wat hy aan die Party gestel het, het die spanning tussen hom en die Jeugfront enersyds en die Verenigde Party andersyds net verder laat toeneem.

Die profiel van die Unie-Jeugfront het ook na die oorlog stelselmatig begin verander. Een van die na-oorlogse realiteite was die toenemende tempo van blanke verstedeliking. Dit was een van die redes vir die toename in die stigting van klubs in die stedelike gebiede en die verskuiwing van die krag van die Beweging uit die platteland na die stede. Die Beweging se getalsterkte was aanvanklik in die platteland gesetel.[74]

Die sentrale idee van die Verenigde Party, die eenheidsgedagte, is met die uitbreek van die oorlog in 'n wesentlike mate afgetakel en moes begin plek maak vir die politiek van kleur. Veral die politieke posisie van die bruinmense is onder die loep geneem. Die Verenigde Party was, volgens Basson, die enigste voertuig om die behoeftes en ideale van die bruin gemeenskap te verwesenlik.[75] Daarenteen het die Unie-Jeugfront nie lidmaatskap van bruinmense binne dieselfde takke as die blankes aangemoedig nie, maar het nie aparte takke vir bruinmense teengestaan nie. Hierdie inkonsekwente beleid was nie oortuigend nie en het die Jeugfront onder die skoot van Nasionalistiese aanvalle geplaas.[76]

Die hoogtepunt van 1945 vir die Unie-Jeugfront was die aanbreek van die Jeugfrontkongres in die Paarl wat deur 560 afgevaardigdes bygewoon is. Luister is aan die geleentheid verleen deur die teenwoordigheid van senior politici van die Verenigde Party en die sitting van die jeugparlement. Verskeie kompetisies, 'n konsert en speletjies het bygedra tot die geesdrif tydens die kongres.[77] Basson het sy oproep tot die Verenigde Party herhaal om aan die jeug 'n spesifieke taak toe te ken en hulle toe te laat om verantwoordelikhede van die Party te deel. Hy het ook gevra vir beter samewerking tussen senior takke en junior klubs. Hy is hierin gesteun deur die redakteur van Die Suiderstem wat die Verenigde Party

---

74. Die Suiderstem, 19.06.1945.

75. PV 58: 3/8/1/1/1, Port Elizabeth - tussenverkiesing in 1945; Eastern Province Herald, 01.03.1945.

76. Die Kruithoring, 23.05.1945.

77. Cape Times, 02.10.1945; Paarl Post, 05.10.1945; Die Suiderstem, 03.10.1945; Japie Basson-privaatversameling: Die Unie-Jeugfront Diensbrief No. 3/45, 4/45, 5/45, 7/45, 8/45, 9/45; Lente-Kongres - Die Unie-Jeugfront Paarl, 1,2 en 3 Oktober 1945 - Rooster.

gewys het op die potensiaal van die Beweging wat in Kaapland 'n ledetal van 10 000 gehad het.[78] Debatsonderwerpe wat die gees van die kongres weerspieël het, was onder andere hoe om 'n goeie Suid-Afrikaner te wees en beter verstandhoudinge tussen blankes en gekleurdes te bevorder.[79] Dit het duidelik geword dat 'n openlike botsing tussen Basson, die Unie-Jeugfront en die Verenigde Party oor botsende ideale nie vir die toekoms uitgesluit kon word nie.

## Toenemende spanning tussen die Unie-Jeugfront en die Verenigde Party

Teen 1946 het Basson tot die besef gekom dat die ideale wat hy gekoester het en wat hy deur die Jeugfront wou laat realiseer, nie veel indruk gemaak het op die senior partylede nie. Die kans dat die Verenigde Party beleidsaanpassings sou maak om Basson se ideale te akkommodeer, is daardeur uitgesluit. Basson het homself in 'n doodloopstraat bevind en hy sou toenemend krities en sinies begin staan teenoor die Jeugfront, die instrument waardeur hy sy ideale aanvanklik wou bereik.

Basson het in Januarie 1946 'n besoek aan Suidwes-Afrika gebring en op Steinhausen, Usakos, Karasburg en Mariental vergaderings toegespreek. Hy is met groot geesdrif ontvang.[80] Sy sterk punt, naamlik persoonlike kontak en sy besondere vermoë om met mense te kommunikeer, het gou van hom 'n bekende en gewilde persoonlikheid gemaak. Tydens die besoek het hy veral klem gelê op die behoefte aan die inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika en dat die Jeugfront in die Unie, asook sy vleuel in Suidwes-Afrika, hom vir inlywing moes beywer.[81] Die land en sy mense het bepaald 'n indruk op hom gemaak en die geleenthede in die Suidwes-Afrikaanse politiek het vir Basson op daardie tydstip aantreklik voorgekom, vergeleke met die posisie en die omstandighede waarin hy in Suid-Afrika verkeer het.

Basson het nog gereeld Jeugfronttakke in die Kaapprovinsie besoek, hoewel hy Arnold Smit as 'n assistent gehad het om hom in sy pligte by te staan. Izak Perold het die redakteurskap van Unie-Jeug, die lyfblad van die Jeugfront, by Basson

78. Die Suiderstem, 28.08.1945; Cape Times, 15.10.1945.
79. Japie Basson-privaatversameling: Die Unie-Jeugfront Byvoegsel tot Diensbrief No. 5/45.
80. Die Suidwes-Afrikaner, 18.01.1946, 08.02.1946, 15.02.1946, 08.03.1946; Die Suidwester, 01.02.1946, 18.01.1946; Die Suiderstem, 19.01.1946.
81. Die Suidwester, 01.02.1946; Die Suiderstem, 04.02.1946; Die Suidwes-Afrikaner, 08.02.1946.

oorgeneem. Basson het administratiewe en organisatoriese steun ontvang van lede van die hoofbestuur van die Unie-Jeugfront, Louis Schachat, Ben Kuyler en Bertie Maritz, wat hom verder in staat gestel het om sy relatiewe posisie buite die Jeugfront te begin toets.[82]

Die Kaaplandse sewende en agtste kongresse het onderskeidelik op Robertson en Queenstown in 1946 plaasgevind. Weer eens is daar gewag gemaak van die uitnodiging aan generaal J.C. Smuts, die leier van die Party, om die kongres te open, maar tot die teleurstelling van Basson en talle Jeugfrontlede het J.W. Mushet, die ereleier van die Beweging, en senator A.M. Conroy die openingstoesprake gelewer.[83] Dit blyk dat die Jeugfront nie so hoog op die prioriteitslys van die Verenigde Party se leierskap was om die moeite te loon om veel tyd aan hulle af te staan nie.

Beskrywingspunte wat by die kongresse gedien het, toon duidelike frustrasie by die jeug oor die toestand en posisie waarin die Jeugfront verkeer het. Daar was 'n sterk behoefte by die Beweging dat die ou garde in die Party moes plek maak vir nuwelinge uit die geledere van die Beweging. Mosies oor die bevordering van tweetaligheid en een nasionale volkslied is eenparig gesteun by die kongresse.[84] Basson het 'n redelike "veilige" posisie ingeneem deur sy kritiek teen die Jeugfront en die Verenigde Party af te wissel met die uitspel van die suksesse van die Jeugfront. Hy het verklaar dat die Jeugfront reeds vyf jaar in die lewe was en sy oogmerk begin bereik het deur leiers te kweek. Basson het egter in dieselfde asem gewaarsku dat die Beweging se ideale egter steeds 'n onvervulde droom gebly het en die jaarlikse groei van nuwe lede begin afplat het, soos ook blyk uit die getal takke wat in 1946 gestig is.[85]

Die Jeugfrontlede was nie meer slegs tevrede met die voorbereidende oefeninge soos debatte en 'n jeugparlement nie, maar wou daadwerklik deel word van die besluitnemende prosesse in die Party. Basson het in sy toespraak gereageer op 'n beskuldiging van 'n senior lid dat die junior lede nooit senior lede word nie. Hy

---

**82.** Die Suiderstem, 27.02.1946, 08.03.1946, 12.03.1946, 18.06.1946, 21.06.1946, 10.08.1946; Unie-Jeug, 28.11.1946, 05.12.1946, 12.12.1946; Bolandjeug, 9/46; Stellalander, 01.08.1946; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Izak Perold, 10.06.1993 en Louis Schachat, 11.06.1993.

**83.** Die Suiderstem, 26.08.1946, 26.09.1946, 07.10.1946; Daily Report, 10.10.1946.

**84.** Japie Basson-privaatversameling: Stem U Saam ? Kongres Sewe: Beskrywingspunte; Daily Report, 12.10.1946; Unie-Jeug, 10.10.1946, 17.10.1946; Die Suiderstem, 08.10.1946.

**85.** Unie-Jeug, 10.10.1946.

het aangetoon dat dit die senior Party was wat versuim het om die junior lede te nader om ingeskryf te word as senior lede van die Party.[86] Die versuim was tekenend van die groef waarin die senior Party verval het.[87] Die teregwysing van die Verenigde Party deur Japie Basson in die openbaar sou onwaarskynlik ongesiens verbygegaan het, en Basson is toenemend uitgesonder as 'n moeilikheidmaker. Hy is egter verdra vanweë die bydrae wat hy tot die Party kon lewer.

Basson het tydens sy tweede besoek aan Suidwes-Afrika, na afloop van die Jeugfront van Suidwes-Afrika se kongres wat op 17 Augustus 1946 in Windhoek plaasgevind het, 'n ontmoeting met die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty gehad. Tydens dié ontmoeting is die moontlikheid van 'n pos vir hom in die Party genoem.[88] Sy toenadering tot Suidwes-Afrika was nie verniet nie, want hy het kort daarna weer 'n besoek op uitnodiging onderneem. Hoewel die Emery-studiebeurs vir studie in die politiek in die buiteland aan hom toegeken is, het hy op daardie stadium waarskynlik reeds besluit waarheen sy politieke weë sou lei. Hy het die beurs dus nie benut nie.[89]

## Basson vind nuwe politieke weivelde

Die Kaaplandse Provinsiale Kongres van die Verenigde Party in Oos-Londen in 1946 het egter die keerpunt vir Basson en in 'n sekere sin ook vir die Unie-Jeugfront aangekondig. Senior lede van die Party het 'n verslag voorgehou oor die goeie toestand waarin die Party verkeer het. Daarmee het hulle die realiteit en van die probleme in die Party geïgnoreer. Net daarna het Basson in sy spreekbeurt die Jeugfront se jaarverslag voorgehou wat presies die teendeel bewys het. Hy het gewaarsku dat die Party dag na dag besig was om agteruit te gaan en lede te verloor. Dit was veral duidelik in die Jeugfront waaruit verskeie

---

86. Japie Basson-privaatversameling: Robertson, Gesamentlike vergadering: V.P.-tak en Jeugfront, 1 November 1946.

87. Tothill, F.D., *The South African General Election of 1943* in Historia, Jaargang 34, No. 1, Mei 1989, pp. 85-94; Posthuma, A.J., *Waarom die Verenigde Party van Generaal J.C. Smuts die Algemene Verkiesing van 1948 verloor het* in Gister en Vandag, Tydskrif vir Geskiedenisonderrig, No. 17, 1989, pp. 9-10.

88. Die Suidwes-Afrikaner, 30.08.1946; Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Aan die 1947-Jaarkongres: Verslag van die Werksaamhede van die Hoofbestuur 1946-1947.

89. Japie Basson-privaatversameling: Unie-Jeugfront: Suidwes-Afrika: Kongres Een - Kafee Zoo - Windhoek, 17 Aug. 1946 - Openingstoespraak; Unie Jeug, 10.10.1946, 24.10.1946, 28.11.1946.

leiers en takvoorsitters bedank het om by die Nasionale Party aan te sluit. Die Verenigde Party het nie die behoefte na 'n verligte vorm van nasionalisme waarin een volkslied, vlag en burgerskap uiting sou kon kry, raakgesien nie en gevolglik homself nie daarby aangepas nie.[90] Basson het verder gewaarsku dat iets daadwerkliks gedoen moes word om tweetalige Volksraadslede verkies te kry, want die Party het veral in die platteland talle Afrikaanssprekende lede verloor, aangesien Engelstalige Volksraadslede hul nie in hulle eie taal kon bedien nie.[91] Hy het 'n beroep op die Verenigde Party gedoen om aandag te gee aan die feit dat: *"New South Africanism has sprung up amongst us and the UP must help the youth to bring this new spirit to its logical conclusion in the constitutional sphere of national life"*[92]

Basson het die fout gemaak om ook sy bedanking as Organiserende Sekretaris van die Beweging in dieselfde asem aan te kondig. Die kongres se vyandige reaksie teenoor Basson na die aankondiging van sy bedanking en sy kritiek teen die Party, het sy besluit slegs bevestig. Senior Partylede het hom waarskynlik as 'n bedreiging begin sien, omdat die jeug so sterk agter sy leierskap verenig was en hy homself meer effektief aan die publiek verkoop het as die amptelike beleid van die Party. Sy bedanking het tot veel meer antagonisme gelei as wat hy waarskynlik te wagte was en sy posisie is vir die enkele oorblywende maande in die Party in Kaapland bykans onuithoudbaar gemaak, terwyl daar ook nie veel aandag aan sy verdere pleidooie gegee is nie.[93] Indien Basson nie sy bedanking in dieselfde asem aangekondig het as sy kritiek teen die Party nie, kon hy moontlik groter druk op die Party uitgeoefen het om wel kennis te neem van sy standpunte en waarskuwings.

Basson was egter uitgeslape en sou nie so roekeloos politieke selfmoord pleeg nie. Hy moes ander faktore in ag geneem het voordat hy sy bedanking aangekondig het. Hy kon geredeneer het dat die Verenigde Party in elk geval nie sou reageer op die pleidooie van die Jeugfront nie en alle pogings tot oorreding dus vrugteloos sou wees. Aan die ander kant het Basson 'n aanbod uit Suidwes-Afrika ontvang van 'n pos wat vir hom aantrekliker was as die pos van Organiserende Sekretaris in Kaapland wat hy in die Jeugfront beklee het. Die

---

90. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993; Tothill, pp. 86-87.
91. Japie Basson-privaatversameling: Agtste Provinsiale Kongres van die V.P. in Kaapland Oos-Londen, 16, 17 en 18 Oktober 1946. Jeugfront - Jaarverslag (17 Okt. 1946); Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Schachat, 11.06.1993.
92. Ibid.; Unie-Jeug, 07.11.1946.
93. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 05.04.1993.

aankondiging van sy bedanking blyk dus berekend te wees en Basson se belangrikste oorweging was sy eie politieke toekoms.[94]

Basson het nie net teen die Verenigde Party kritiek uitgespreek nie, maar ook teen die Jeugfront. Sy kritiek teen en frustrasie met die Jeugfront was, onder andere, die slaafse navolging van die Verenigde Party en die gebrek aan daadkragtigheid oor politieke aangeleenthede. Hy het afgesluit met 'n voorstel dat die jaarlikse kongresse van die Jeugfront afgeskaf moes word, en dat die Beweging eerder die jaarlikse kongres van die Verenigde Party moes bywoon en sodoende poog om 'n regmatige plek as integrale deel van die Party in te neem.[95] Basson het 'n driejaarplan vir die Beweging aangekondig. Dit het die verdeling van Kaapland en Suidwes-Afrika in drie streke ingesluit, asook 'n poging om die Jeugfront op 'n Uniale basis met 'n hoofkantoor en een gesamentlike kongres te vestig.[96]

Hoewel Basson sy bedanking aangekondig het, was dit nie onmiddellik van krag nie en het hy in die laaste paar maande in sy posisie as organisasiehoof van die Unie-Jeugfront sy wortels begin loswikkel. Hy sou voortaan konsentreer op die Suidwes-Afrikaanse politiek.[97] Met sy tweede besoek aan Suidwes-Afrika in 1946 het hy die tydsgees in die gebied opgesom en sterk pleidooie vir inlywing by Suid-Afrika gelewer: *"Die opheffing van die Mandaatstelsel te bewerkstellig en nouer assosiasie met die Unie te verkry."* Verder: *"Dat onmiddellik na die beëindiging van die huidige oorlog die mandaat oor Suidwes-Afrika opgehef word, en dat Suidwes deur die Unie van Suid-Afrika geannekseer word".* Dit was in lyn met die Verenigde Nasionale Suidwesparty se beleid waarmee hulle die oorwinning behaal het in die algemene verkiesing van 9 Mei 1945.[98] Basson se ideaal om Suidwes-Afrika as 'n vyfde provinsie ingelyf te hê, was nie net 'n opportunistiese standpunt om onder die aandag van die kieserskorps te kom nie.

---

94. Japie Basson-privaatversameling: Unie-Jeugfront: Suidwes-Afrika: Kongres Een - Kafee Zoo - Windhoek, 17 Aug. 1946 - Openingstoespraak.

95. Japie Basson-privaatversameling: "Cape Peninsula Youth Front Council, Argus Board Room, Tuesday, 19th Nov. 1946"; Unie-Jeug, 28.11.1946.

96. Japie Basson-privaatversameling: Vredenburg-Klub, 9 November 1946; Unie-Jeug, 14.11.1946, 26.12.1946; PV 58: 11/1/1/1, Eendragfees, Rosebank - Skougronde, 12 April 1947.

97. Ibid.

98. Hamman, J.L., Die toekoms. Waarom moet u as Kieser die V.N.S.W.P. tydens die eerskomende Verkiesing op 9 Mei heelhartig ondersteun, 1944; PV 58: 2/23/1/1/1, Besluit van die Wetgewende Vergadering - Aangeneem op 8 Mei 1946.

Dié ideaal het hy reeds in 1939 aan sy studentevriend, Gawie Theron, verwoord.[99]

Smuts het verskeie onsuksesvolle pogings aangewend om Suidwes-Afrika by Suid-Afrika ingelyf te kry. Deur die verkiesing in 1945 en die referendums wat in Desember 1945 en in April 1946 gehou is, het die meerderheid van die bevolking aangedui dat die gebied deur Suid-Afrika geannekseer moes word.[100] Die Verenigde Partyregering het met dié boodskap vertoë tot die Verenigde Nasies gerig. Laasgenoemde liggaam het egter vasgeskop teen hierdie pleidooie en Smuts wou dit nie verder voer nie, aangesien hy een van die stigterslede van die liggaam was en daarom die beslissing gerespekteer het.[101] Basson het aangevoer dat Suidwes-Afrika 'n integrale deel van Suid-Afrika geword het as gevolg van die oorlog. Hy het die versugting uitgespreek dat Artikel 6 van die Program van Beginsels van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, wat gelui het dat die Party "*onttrek sig uit Unie politiek*", geskrap moes word.[102] Vir Basson sou die blanke van Suidwes-Afrika se voortbestaan bykans ondenkbaar wees indien die politieke en emosionele verbintenis met Suid-Afrika afgebind sou bly. Die inlywingskwessie is as gevolg van die opskorting van die Volkebond na die oorlog op 'n spits gedryf. Die rede daarvoor was die vraagteken oor die geldigheid van die ooreenkoms tussen die ontbinde Volkebond en Suid-Afrika waarvolgens Suidwes-Afrika as 'n C-mandaat aan Suid-Afrika toegeken is.[103]

Met Basson se derde besoek aan Suidwes-Afrika in November 1946 het dit duidelik geword dat hy sy politieke loopbaan in Suidwes-Afrika sou voortsit. Die Verenigde Nasionale Suidwesparty het die pos van Organiserende Hoofsekretaris geadverteer, aangesien L.C.F. Taljaard, wat een-en-twintig jaar lank die pos beklee het, besluit het om te bedank. Na voorlopige persoonlike gesprekke met J.C. Jooste, J.P. De M. Niehaus, A.J. Bester, M.J. Kritzinger en

---

99. PV 58: 2/1/1/1, Japie Basson aan Gawie Theron, 09.10.1939.
100. Hyam, pp. 171-173, 186.
101. Carroll, F., South Africa and the United Nations, p. 39; Bruwer, J.P. van S., South West Africa: The disputed Land, p. 113.
102. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993; Japie Basson-privaatversameling: Kongres Een - S.W.A. Kafee Zoo, Windhoek, 17 Augustus 1946 - Openingstoespraak.
103. Pretorius, J.W.F., Die Staatkundige Ontwikkeling van Suidwes-Afrika met besondere Aandag aan die Invloed van die Bevolkingsgroepe in die gebied, Ongepubliseerde verhandeling, p. 11; PV 58: 2/23/1/1/1, Besluit van die Wetgewende Vergadering - Aangeneem op 8 Mei 1946.

L.C.F. Taljaard in Windhoek en op aanbeveling van Senator Conroy het Basson die pos op 28 November 1946 aanvaar.[104]

Basson het sy aanvaarding van die pos openbaar gemaak voordat die Hoofbestuur 'n verklaring daaroor uitgereik het. Hy het aangevoer dat dit sy diepe belangstelling in die staatkundige posisie van Suidwes-Afrika was wat hom gemotiveer het om die aanbieding te aanvaar.[105] Sy aankondiging het tot gevolg gehad dat spanning tussen hom en Taljaard ontstaan het, aangesien laasgenoemde steeds in die pos was en 'n sterk bewoorde briewewisseling het plaasgevind.[106] Basson se verweer was dat hy nie kon instaan vir die media se vertolking van sy toesprake nie en het sy misnoë uitgespreek teen verdagmakery wat teen hom gemik was. Hy het in 'n brief aan die redakteur van Die Suiderstem, dr. C.J.S. Strydom, die redaksie se etiese oordeel gekritiseer en die "jingo-klank" wat in Die Suiderstem weerklank gevind het, betreur.[107]

Daarby het die nuus vanuit Suid-Afrika oor sy botsings met senior lede van die Party, ook die ore van die Hoofbestuur bereik. Dit blyk uit briefwisseling tussen die Verenigde Party se hoofkantoor in die Kaap en die Verenigde Nasionale Suidwesparty, wat Basson later onder oë gekry het.[108] Die ware toedrag van sake was egter dat die aanstelling van Basson die Party in 'n verleentheid by sy kiesers gebring het deurdat dit geïmpliseer het dat daar 'n noue verwantskap tussen die Verenigde Party en die Verenigde Nasionale Suidwesparty was. Dié suggestie wou die Verenigde Nasionale Suidwesparty ten alle koste verhoed, want hulle het volgehou dat hul 'n onafhanklike party met eie outonomiteit

---

104. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met adv. Percy Niehaus, 22.06.1993; Japie Basson-privaatversameling: Karasburg: Massavergadering om die Inlywing van S.W.A. te eis, 30 November 1946; Die Suiderstem, 05.12.1946; Unie-Jeug, 27.12.1946, 16.01.1947; Die Suidwes-Afrikaner, 13.12.1946; Windhoek Advertiser, 07.12.1946.

105. PV 58: 2/14/1/1/1, Japie Basson aan mev. C. Oberholzer, 23.12.1946; Japie Basson-privaatversameling: Keetmanshoop: Vergadering van ouers en bestuurslede - 27 Nov. 1946, Keetmanshoop: Byeenkoms van jongere klublede op 28 Nov. 1946.

106. PV 58: 2/14/1/1/1, L. Taljaard aan Japie Basson, 14.12.1946; Japie Basson aan L. Taljaard op 19.12.1946; Japie Basson aan mev. C. Oberholzer, 23.12.1946; Mev. C. Oberholzer aan Japie Basson, 27.12.1946; Unie-Jeug, 12.12.1946.

107. Japie Basson-privaatversameling: Japie Basson aan dr. C.J.S. Strydom, 06.05.1947; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Izak Perold, 11.06.1993.

108. PV 58: 3/12/1/1/1, "Die persklaar kopie v. (*sic*) (van) my Afskeidsboodskap aan die U.J.F. soos dit gereis het van Piet Beukes - dr. Strydom - sen. Conroy, en daarvandaan "in d. (*sic*) (die) hande v.d. (*sic*) (van die) Verenigde Party v. Suidwes" gestel is. (Mnr. Taljaard) Terug ontvang (Taljaard) 4 Mei 1947."

was.[109] Die Hoofbestuur moes dus nie net waak oor 'n ambisieuse Basson wat 'n posisie in die Party wou verkry nie, maar ook oor die beleid van die Party se verhouding met Suid-Afrika. 'n Verdere rede vir die ferme optrede van die Party teenoor Basson moes moontlik as afskrikmiddel dien vir Basson, indien hy sy persoonlike magsbasis wou uitbrei ten koste van die Party.

Tot voor 11 April 1947 toe Basson amptelik in diens getree het as Organiserende Hoofsekretaris van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, het hy Kaapland deurreis en afskeid geneem van die Unie-Jeugfronttakke.[110] Een van die sentrale temas waarom hy sy afskeidstoesprake gebou het, was die uiteensetting van die verhouding tussen 'n doel en 'n instrument. Die doel het volgens Basson konstant gebly, maar die Verenigde Party wat die instrument was, moes aangepas word na gelang van die omstandighede.[111] Basson het ook verwys na die strewe na eenheid. Eenheid sou volgens Basson bereik word indien daar 'n gemeenskaplike sentiment tussen Engels- en Afrikaanssprekendes jeens eenheidsimbole, soos die vlag en volkslied, bestaan het. Basson het gevra dat die stryd om eenheid te verkry, nie verslap moes word voordat die ideaal bereik is nie.[112]

Hy het daaraan toegevoeg dat griewe teen die Verenigde Party binne die Party uitgestryk moes word. Om vanweë griewe by die opposisie aan te sluit, sou aldus Basson nie die oplossing wees nie.[113] Dit blyk dat Basson self ernstige verskille met die Party gehad het en ook bewus was van ander partygenote wat op die uitkyk was na ander politieke weivelde. Basson se raad om probleme met die Verenigde Party binne die kader van die Party op te los, het hy moontlik gedoen om die leierstrukture tevrede te hou na sy bedanking. Hy wou waarskynlik ook die jeug motiveer om voort te gaan met die Unie-Jeugfront se bedrywighede wat hy op die been help bring het, in die hoop dat die Party sou aanpas en die Jeugfront akkommodeer.

---

109. Die Suidwes-Afrikaner, 10.12.1946; Die Suidwester, 04.10.1946.
110. Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Verslag van die Werksaamhede van die Hoofbestuur 1946-1947.
111. Japie Basson-privaatversameling: Jeugfront-Naweeksaamtrek: Swellendam, Opening Stadsaal, Vrydagaand 28 Maart 1947.
112. Japie Basson-privaatversameling: Jeugfront - Klub Paarl; Jaarvergadering en "Afskeid". Banketsaal, Sat. 22 Feb. 1947.
113. Japie Basson-privaatversameling: Moorreesburg - Totsiens; Jeugfront - Klub en V.P.-Tak Stadsaal, Moorreesburg, Vrydagaand, 7 Maart 1947; Unie-Jeug, 20.03.1947.

Waardering vir Basson se bydrae tot die Unie-Jeugfront en die Verenigde Party is uitgespreek by verskeie afskeidsgeselligheide wat tot sy eer gereël is. Die ereleier van die Jeugfront, J.W. Mushet, het selfs die wens uitgespreek dat Basson binnekort terug in Kaapstad sou wees as een van Suidwes-Afrika se Parlementêre verteenwoordigers wat in die vooruitsig gestel is. Mushet het Basson as die vader van die Jeugfront beskou, 'n eer wat Basson toegekom het as oor sy insette in die Beweging geoordeel word. Ook Gerald Friedman het die wens uitgespreek dat Basson spoedig terug in die Jeugfront se midde sou wees indien Suidwes-Afrika by Suid-Afrika ingelyf sou word.[114]

Basson se vertrek uit Suid-Afrika was inderdaad 'n groot slag vir die Jeugfront. Sy charisma, persoonlikheid en bydrae om die Jeugfront op die been te bring, kan nie onderskat word nie. Sy opvolger sou 'n onbenydenswaardige taak hê om die voorbeeld na te volg wat Basson daargestel het. Perold is van mening dat die Unie-Jeugfront tot 'n groot mate sy aantreklikheid onder die jeug verloor het, aangesien Basson se entoesiasme en motivering ontbreek het na sy vertrek.[115] In dieselfde tydperk wat Basson afskeid geneem het in die Unie, het hy saam met Taljaard van die Verenigde Nasionale Suidwesparty kiesafdelings in Suidwes-Afrika besoek om hom voor te stel aan die besture en lede van die Party.[116]

Die hoofrede waarom Basson na Suidwes-Afrika verhuis het, was om uiteindelik tot die Volksraad verkies te word. Basson was oortuig daarvan dat Smuts 'n verkiesing in die gebied sou uitroep na afloop van 'n ontmoeting tussen Smuts en 'n afvaardiging van die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty.[117] Smuts het kiesers gewaarsku dat 'n verkiesing reeds in 1948 gehou kon word om verteenwoordigers van Suidwes-Afrika na die Unie-Parlement te stuur. Die konstitusionele toekoms van Suidwes-Afrika en die kwessie van inlywing by Suid-Afrika is druk in die Volksraad bespreek.[118] Hoewel Smuts ten gunste van verteenwoordiging in die Volksraad was, was hy nie daarvan oortuig dat die tydsberekening vir inlywing op daardie stadium

114. Unie-Jeug, 13.02.1947, 20.03.1947, 10.04.1947.

115. Unie-Jeug, 23.11.1946; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Izak Perold, 10.06.1993.

116. Japie Basson-privaatversameling: Hoofkantoor Verenigde Nasionale Suidwes Party van Suidwes-Afrika, 20 Februarie 1947. Uiters belangrike Sirkelkonferensies; Windhoek Advertiser, 26.04.1947; Die Suidwes-Afrikaner, 13.03.1947, 20.03.1947, 24.04.1947, 01.05.1947; Die Suiderstem, 28.04.1947.

117. Die Volkstem, 03.03.1947. Hoewel Basson nog nie amptelik in diens van die Verenigde Nasionale Suidwesparty was nie, was hy deel van die afvaardiging wat Smuts besoek het.

118. Die Suidwes-Afrikaner, 24.04.1947.

geskik was sonder om teenkanting uit die internasionale gemeenskap te kry nie. Malan, daarenteen, het gevoel dat die saak spoediger hanteer moes word en het aangedring op provinsiale status vir Suidwes-Afrika. Voogdyskap as 'n vorm van bestuur vir Suidwes-Afrika deur Suid-Afrika, is nie deur een van die twee partye as 'n moontlikheid oorweeg om die spanning oor die konstitusionele toekoms van Suidwes-Afrika op te los nie.[119]

Basson het finaal al sy amptelike bande met die Unie-Jeugfront verbreek na 'n onaangename voorval waartydens Cyrus Smith, een van die leiersfigure in die Jeugfront, onder die roede van die Verenigde Party moes deurloop na aanleiding van sy publieke standpunt oor nasionale simbole.[120] Die gebeure het 'n groot impak op die Unie-Jeugfront gehad. Vir Basson en talle Jeugfrontlede is alle hoop om die ideaal van eenheid en die verkryging van een vlag en volkslied deur die Verenigde Party verydel. Volgens Carter was die Unie-Jeugfront daarna gesuiwer van sy militante en nasionalistiese leiers en die Party was dus suksesvol om ontslae te raak van die ekstreme elemente in sy midde.[121] Die Beweging het 'n kreeftegang gegaan en die gedagte om die Jeugfront te herdoop tot die Junior Verenigde Party, het nie veel teenkanting gekry van die oorblywende Jeugfrontlede nie. Die Junior Verenigde Party sou baie nouer moes inskakel by die Verenigde Party as wat die geval was met die Unie-Jeugfront.[122] Die gebeure het egter nie 'n blywende invloed op Basson se politieke loopbaan gehad nie. In Suidwes-Afrika sou hy spoedig nuwe geleenthede ontdek om sy drome te verwesenlik en die geskille met die Verenigde Party is op die agtergrond geskuif.

Dit was die einde van 'n era waarin Basson sy stempel afgedruk het op die jeug in die Unie-Jeugfront. Sy persoonlike politieke bydrae was gering indien dit gemeet word teen die breë politiek van die dag. Sy persoonlike impak op sommige individue in die Beweging kan aan die ander kant egter nouliks onderskat word. Deur die Jeugfront het jeugdiges die geleentheid gekry om op politieke, kulturele en sosiale gebied hul vaardighede te ontdek en te ontwikkel. Basson se bydrae tot die Jeugfront en die Suid-Afrikaanse politiek was die gees van Suid-Afrikanisme en eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Basson het in sy afskeidsboodskap die doel wat hy nagestreef het opgesom as: "

---

**119.** Die Suidwester, 21.01.1947, 24.01.1947, 21.03.1947.

**120.** Persoonlike versameling: Japie Basson aan Cyrus Smith, 18 Februarie 1947; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Cyrus Smith, 22.11.1993 en Izak Perold, 10.06.1993; Die Suidwester, 25.03.1947.

**121.** Carter, G.M., The Politics of Inequality South Africa since 1948, p. 293.

**122.** Die Suiderstem, 12.06.1947; Die Burger, 03.05.1947, 05.07.1947.

*'n Verenigde Volk - waar 'n einde gebring is aan die vreemde liefdes en on-Afrikaanse gees".*[123] Dit was hierdie gemeenskaplike patriotisme jeens Suid-Afrika wat Basson, binne die Jeugfront geïnspireer het.

123. PV 58: 3/12/1/1/1, Afskeidsboodskap van Japie Basson aan die Unie-Jeugfront, 07.04.1947; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Myburgh Streicher, 07.06.1993, Frank Zietsman, 23.11.1993 en Cyrus Smith, 22.11.1993.

# 3. BASSON - SEKRETARIS VAN DIE VERENIGDE NASIONALE SUIDWESPARTY, 1947-1949 EN AANSLUITING BY DIE NASIONALE PARTY VAN SUIDWES-AFRIKA

## Basson as sekretaris van die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Basson moes die moontlikhede in Suidwes-Afrika opweeg teen die posisie waarin hy verkeer het in die Verenigde Party. Hy was nie geneë met sy posisie en die na-oorlogse stagnasie en rigting waarin die Verenigde Party in Suid-Afrika besig was om te beweeg nie, en het goeie politieke aanvoeling openbaar deur sy politieke heil in Suidwes-Afrika te gaan soek. Suidwes-Afrika se politieke speelveld was relatief braak met talle moontlikhede vir spoedige opgang.[1] Afgesien van die nuwe uitdaging was sy vrou, Clarence, ook afkomstig uit die Noord-Kaap en hulle het talle vriende in Suidwes-Afrika gehad. Basson het ook 'n lewendige belangstelling in die politieke toekoms van die streek gehad. Dit was uiteindelik 'n sameloop van persoonlike omstandighede en 'n kombinasie van politieke stoot- en trekkragte wat hom laat besluit het om die Verenigde Party in Suid-Afrika te verruil vir die Verenigde Nasionale Suidwesparty.[2]

Suidwes-Afrika was geografies 'n uitgestrekte landstreek en het teen 1946 slegs sowat 12 420 geregistreerde kiesers uit 'n blanke bevolking van 37 858 gehad. Dit was 'n tiende van die totale bevolking van 360 040.[3] Suidwes-Afrika se geografie, sy bevolkingsamestelling en ook sy politiek het verskil van dié van die Unie van Suid-Afrika. Die bevolking het uit 'n groot Duitse komponent bestaan wat nie dieselfde rigiede konsepte oor ras en klasseverskille aangehang het as die blankes in Suid-Afrika nie. In Suidwes-Afrika het daar 'n veel groter toleransie vir dié verskille bestaan. Persoonlikhede wat in Suidwes-Afrika 'n tuiste in die politiek gevind het, sou waarskynlik nie voldoen het aan die hoë "morele" eise wat in Suid-Afrika gegeld het.[4] Teen hierdie agtergrond sou dit vir Japie Basson makliker wees om in die politiek van Suidwes-Afrika 'n tuiste te vind, aangesien

---

1. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 05.04.1993 en Hein Basson, 10.06.1993; PV 58: 2/14/1/1/1, Japie Basson aan mev. C. Oberholzer, 23.12.1946.
2. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Schachat, 11.06.1993.
3. Joubert, P.S., Partypolitieke Groeperinge in Suidwes-Afrika sedert 1915, Ongepubliseerde verhandeling, p. 207; J.G. Strijdom-versameling: Nasionale Party S.W.A. 23 Jun. 1950 - 30 Aug. 1956.
4. Die Suiderstem, 28.04.1947; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 14.06.1993, A.H. du Plessis, 25.11.1993 en Hennie Serfontein, 24.11.1993.

hyself 'n "politieke verlede" gehad het wat teen hom gehou kon word en ook 'n meer gematigde beskouing oor die kleurkwessie.

Basson meld dat hy na sy vestiging in Suidwes-Afrika in sy amp as Hoofsekretaris geskok was oor die toestand waarin hy die Verenigde Nasionale Suidwesparty wat reeds meer as twee dekades bestaan het, aangetref het.[5] Basson het egter nie te kenne gegee dat hy dié indruk gekry het toe hy samesprekinge met die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty oor 'n pos vir hom gevoer het nie. Vanweë Basson se vorige besoeke en kontak met die gebied en sy mense, sou dit onwaarskynlik wees dat hy onbewus was van die toestand waarin die Party verkeer het. Dit sou ook nie in sy aard wees om na te laat om deeglike inligting in te win rakende die Party in Suidwes-Afrika nie. Hy het egter deur sy energieke optrede daarin geslaag om die swak toestand waarin die Verenigde Nasionale Party van Suidwes-Afrika verkeer het, te gebruik om ondersteuning te kry en opgang in die Party te maak.

Basson se aanstelling as Sekretaris van die Party het nie sonder die bedenkinge van sommige Hoofbestuurslede van die Verenigde Nasionale Suidwesparty gepaard gegaan nie. Die Jeugfront in Suidwes-Afrika se verskille met die leiers van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, het daartoe bygedra dat agterdog jeens Basson ontstaan het omdat hy aktief by die Jeugfront betrokke was. Die agterdog is versterk deurdat talle ouer persone op die besture van die Jeugfrontklubs in Suidwes-Afrika verkies is en hul politieke steun aan Japie Basson toegesê het. Die rede vir die groter getal ouer persone in Suidwes-Afrika wat betrokke was by die Unie-Jeugfront, kan onder meer toegeskryf word aan frustrasie met die onvermoë van die Verenigde Nasionale Suidwesparty om in die kiesers se behoeftes te voorsien en die sosiale afleiding wat die Beweging gebied het.[6]

Die onvervulde behoefte aan opwinding en nuwe gesigte in die politiek, het bygedra tot die toenemende apatie teenoor die leierskap van die Verenigde Nasionale Suidwesparty. In teenstelling met die senior partylede het die jeug Basson as 'n vars bries beskou, omdat hy sy eie rigting gevolg het. Hy het belofte

---

5. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993.
6. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met adv. Percy Niehaus, 22.06.1993.

getoon om die eentonigheid van die politiek te verbreek deur sy jeugdigheid en dinamiese optrede.[7]

Die afname van gewildheid van die Verenigde Party in Suid-Afrika het 'n direkte uitwerking gehad op die gewildheid van die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Dit was veral die leierskap van die Verenigde Nasionale Suidwesparty wat onder dié omstandighede in die spervuur van die Unie-Jeugfront gekom het met die beskuldiging dat hulle 'n gebrek aan entoesiasme getoon het om inlywing by Suid-Afrika sterker te propageer. Almal binne die Jeugfront van Suidwes-Afrika was egter nie ewe begeesterd om by Suid-Afrika ingelyf te word nie. Basson het moeite gehad om die takke op Mariëntal en Maltahöhe te oortuig van die somtotaal van voordele wat inlywing ingehou het.[8]

In teenstelling met die senior partylede wat hul berus het by die besluit van Smuts om die saak van inlywing nie verder te voer nie, het die Jeugfront van Suidwes-Afrika dit steeds gepropageer. Die Beweging het selfs 'n telegram aan die Verenigde Nasies gestuur waarin die wens tot inlywing by Suid-Afrika uitgespreek is.[9] Onder leiding van Basson het die Jeugfront verklaar dat hulle nouer by Suid-Afrika wou inskakel en is die naam "Unie-Jeugfront" aanvaar. Die Unie-Jeugfront van Suidwes-Afrika sou egter steeds onderworpe bly aan die Verenigde Nasionale Suidwesparty, maar het ingeskakel by die organisatoriese hoofkantoor van die Unie-Jeugfront van Kaapland in Kaapstad.[10] Van die Jeugfrontlede het selfs gedreig om 'n mosie van wantroue teen die Uitvoerende Komitee van die Party in te stel en hulle by Smuts te verkla vir die onbevredigende wyse waarop Basson se aanstelling hanteer is deur die leierskap van die Verenigde Nasionale Suidwesparty.[11] Dit blyk hieruit dat daar reeds voor Basson se aankoms 'n groot verwydering tussen groeperinge onder die jeug en senior lede in die Party in Suidwes-Afrika was. Basson se koms het die verdelingslyne duideliker afgepen en dit kon bygedra het tot antagonisme van die Partyleiers teenoor Basson.

---

7. Unie-Jeug, 13.02.1947.
8. Japie Basson-privaatversameling: Kongres Een - S.W.A. Kafee Zoo, Windhoek, 17 Augustus 1946.
9. Die Suiderstem, 05.12.1946; Die Suidwes-Afrikaner, 20.12.1946; Unie-Jeug, 26.12.1946.
10. Unie-Jeug, 03.10.1946; Die Suidwes-Afrikaner, 19.07.1946.
11. PV 58: 2/14/1/1/1, Mev. C.H.B. Oberholzer aan Japie Basson 27.12.1946; Japie Basson aan L.C.F. Taljaard, 19.12.1946; Mev. Chris Oberholzer, Unie-Jeugfront, Karasburg aan Die Redakteur, 28.12.1946; Die Suidwester, 12.07.1946.

Die Jeugfront van Suidwes-Afrika het gestrewe na groter onafhanklikheid van Suid-Afrika en het 'n eie blad, Aksie, gekry, waarvan Basson die naamgewer was. Die blad het as 'n bylaag van Die Suidwes-Afrikaner verskyn.[12] Die Beweging het 'n tree gevorder op pad na onafhanklikheid deur 'n eie kantoor in Windhoek te open en nie meer van die kantoor in Kaapstad afhanklik te wees nie.[13] Basson kon moontlik 'n rol hierin gespeel het, want daardeur sou verhoed kon word dat die Verenigde Party ook die Jeugfront van Suidwes-Afrika kon manipuleer. Aan die ander kant sou Basson sodoende sy eie stempel op die Beweging kon afdruk en sy persoonlike magsbasis uitbou, sonder inmenging van die Verenigde Party. Die stap na onafhanklikheid is nog verder gevoer deur 'n naamsverandering te ondersoek. Die voorgestelde naam, Jong Suidwes, het positiewe terugvoer van sy lede en die publiek gekry.[14] Die jeugbeweging in Suidwes-Afrika het teen Desember 1947 by die Verenigde Nasionale Suidwesparty ingeskakel as die junior vertakking van die Party en daardeur alle bande met die Unie-Jeugfront in Kaapland verbreek.[15]

Die leiers van die Verenigde Nasionale Suidwesparty het nie dieselfde besitlike houding oor die juniors in die Party gehad soos wat in die Verenigde Party die geval was nie. Hulle het nie veel aandag of steun aan die Jeugfront van Suidwes-Afrika gegee nie, waarskynlik omdat ook hulle die jeugbeweging nie as 'n prioriteit beskou het nie. Die Jeugfront was relatief klein met die grootste ledetalkonsentrasie in die Suide van Suidwes-Afrika. Dit was nie soseer 'n Beweging wat steun getrek het net op grond van politieke beginsels nie. Die gewildheid van sekere persoonlikhede in die Beweging en die takbyeenkomste wat ingerig was as 'n sosiale geleentheid, het 'n groot rol gespeel om steun te werf.[16] Hoewel Basson steeds betrokke was by die Unie-Jeugfront van Suidwes-Afrika, het hy sy fokus gaandeweg verskuif na die senior politiek.

Kort nadat Basson as sekretaris aangestel is, moes hy C.P. Michau bystaan in Julie 1947 vir 'n tussenverkiesing in Gobabis waarin Michau die kandidaat vir die Verenigde Nasionale Suidwesparty was. Basson se hoofsaaklike bydrae was in 'n organiserende en administratiewe hoedanigheid. Daarbenewens het hy Michau bygestaan deur kiesers toe te spreek tydens vergaderings en hy het ook

---

12. Die Suidwes-Afrikaner, 12.06.1947.
13. Die Suiderstem, 12.06.1947, 09.12.1947.
14. Die Suidwester, 03.07.1947.
15. Unie-Jeug, 13.12.1947; Verenigde Party-versameling, UP of SWA, Head Office, Besluit geneem op Konferensie van Verteenwoordigers van die Unie-Jeugfront, 29 September 1948, Windhoek.
16. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Frank Zietsman, 23.11.1993.

verkiesingsvlugskrifte opgestel.[17] Deur hierdie ervaring het Basson 'n aanduiding gekry van die politieke kwessies wat vir die kiesers belangrik was. Hy het ook die Nasionale Party-opponent dr. B.A. de Wet, beter leer ken asook ander persoonlikhede soos A.H. du Plessis, die Nasionale Party se sekretaris.[18]

Basson het twee gedagtes verkondig. Die een was dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty onafhanklik was van die Verenigde Party in Suid-Afrika, en die ander dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika gesteun het. Tot op daardie stadium was die beleid van die Verenigde Nasionale Suidwesparty rakende inlywing van Suidwes-Afrika nog nie op skrif gestel nie. Basson het toestemming van die Hoofbestuur ontvang om 'n pamflet wat hy opgestel het om inlywing te propageer, te laat publiseer. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om sy eie standpunt te formuleer, wat toe as Partybeleid aanvaar is.

Basson se argument dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty onafhanklik van die Verenigde Party in die Unie was, is nie oortuigend deur die kiesers aanvaar nie. Sy "oorplasing" vanaf die Verenigde Party na die Verenigde Nasionale Suidwesparty het die teendeel bewys.[19] In teenstelling met die beleid wat Basson verkondig het namens die Verenigde Nasionale Suidwesparty, het dr. B.A. de Wet van die Nasionale Party die hooftemas van die Unie-politiek, naamlik die kleurvraagstuk en Kommunisme, aangeraak om steun te werf. Die kwessies het makliker 'n indruk op kiesers gelaat as die politieke probleme wat op daardie tydstip uniek aan Suidwes-Afrika was.[20]

Die Verenigde Nasionale Suidwesparty het die Gobabistussenverkiesing op 23 Julie 1947 naelskraap gewen met 561 stemme teenoor die 534 stemme van die Nasionale Party. Die Verenigde Nasionale Suidwesparty se meerderheid het dus gekrimp van 139 stemme in die verkiesing van 1945 tot slegs 27 stemme.[21] Daar

---

17. Basson, J. du P., Vyf Goeie Redes waarom u teen Dr de Wet moet stem, (s.a.); Basson, J. du P., Openbare Volksvergaderings, Verenigde Nasionale Suidwesparty, C.P. Michau, (s.a.); Basson, J. du P., Julle wraakgieriges! Unie-Nasionaliste Beledig Ons Volk, (s.a.); Die Suidwes-Afrikaner, 17.07.1947; Die Suidwester, 15.07.1947.
18. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993.
19. Die Suidwes-Afrikaner, 30.05.1947; Die Burger, 24.07.1947; Die Kruithoring, 18.06.1947; Die Suidwester, 22.04.1947, 06.05.1947, 20.06.1947, 26.06.1947, 01.07.1947, 04.07.1947.
20. Die Suidwes-Afrikaner, 03.07.1947; Die Suidwester, 08.07.1947, 18.07.1947.
21. Windhoek Advertiser, 02.08.1947; Die Suidwester, 25.07.1947, 01.08.1947; Die Suidwes-Afrikaner, 22.05.1947, 12.06.1947.

is twee standpunte oor Basson se betrokkenheid in die tussenverkiesing. Die een standpunt skryf die oorwinning juis toe aan Basson se organisasie, sy hulpverlening en ondersteuning aan die kandidaat van die Verenigde Nasionale Party. Daarteenoor word dit betwyfel of Basson self 'n groot impak gehad het op kiesers se keuse van 'n kandidaat en Party. Basson was op daardie stadium nog kort in Suidwes-Afrika en die omstandighede en kwessies in die kiesafdeling was onbekend aan hom. Hy het ook nie 'n lang verbintenis met die Party gehad nie en gevolglik het relatief min van die kiesers hom geken.

Volgens A.H. du Plessis was die uitslag van die tussenverkiesing in Gobabis ook vir die Partye in Suid-Afrika van betekenis. Dit was 'n aanduiding van die verskuiwing van politieke steun wat in Suidwes-Afrika tussen die prominente partye plaasgevind het. Die steunverskuiwing vanaf die Verenigde Nasionale Suidwesparty na die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het ook 'n direkte implikasie gehad vir die verdere onderhandelinge tussen die Verenigde Party in Suid-Afrika en die Verenigde Nasionale Suidwesparty oor die konstitusionele posisie van Suidwes-Afrika en inlywing van die gebied by Suid-Afrika.[22] Die onderhandelinge het gesloer en Basson moes bekommerd geword het oor sy vooruitsig om as Volksraadslid vir Suidwes-Afrika verkies te word.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het op die gebeure gereageer en onder die leierskap van H.J. Klopper die inisiatief geneem om die saak van inlywing te probeer bespoedig. Hulle het aan J.L. Hamman, leier van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, 'n uitnodiging gerig vir 'n vergadering tussen die twee partye waartydens gesamentlik oor die toekoms van Suidwes-Afrika besin moes word.[23] Die saak van inlywing was egter op daardie tydstip 'n sensitiewe saak binne die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Aandrang op inlywing van Suidwes-Afrika kon Smuts in 'n netelige posisie by die Verenigde Nasies plaas. Dit kon ook die einde van die Verenigde Nasionale Suidwesparty beteken, asook van die politieke loopbane van die leiers van die Party. Daarteenoor het hulle die gevaar geloop om verder steun te verloor indien hulle openlik teen inlywing standpunt sou inneem.

Hoewel die uitnodiging van Klopper aan Hamman gerig was, het Basson in sy hoedanigheid as Hoofsekretaris die uitnodiging namens Hamman aanvaar en

---

22. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993.
23. PV 122: 2/10/1/1/1, H.J. Klopper aan J.L. Hamman, 23.04.1947.

betrokke geword by die gesprekke wat sou volg tussen die twee partye.[24] Die uitnodiging tot gesprekvoering was waarskynlik die voorbereiding vir onderhandelinge en Hamman het moontlik teen hierdie agtergrond vir Basson opdrag gegee om met die Nasionale Party in verbinding te tree.

Van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika was dit A.H. du Plessis, Hoofsekretaris van die Party, wat saam met Basson verantwoordelik was vir die reël van die ontmoetings tussen die twee partye. Wedersydse wantroue en antagonisme het bygedra tot die spanning tussen die twee partye, en aanvanklik het Basson en Du Plessis moeite gehad om tot 'n ontmoeting tussen die twee partye ooreen te kom. Hoewel beide partye die samesprekinge in die openbaar ondersteun het, was hul steeds verbind tot hulle eie interpretasie van inlywing en die eise wat daarmee gepaard gegaan het.[25]

Hoewel die Eerste Minister, Smuts, inlywing in beginsel gesteun het, het hy in Julie 1947 aangekondig dat die inlywingkwessie uitgestel moes word vanweë die toenemende internasionale druk op Suid-Afrika.[26] Basson was baie teleurgesteld in die leierskap en die Verenigde Nasionale Suidwesparty se onvermoë om die saak van inlywing verder te voer. In teenstelling met Smuts het Malan die dringendheid van inlywing beklemtoon tydens sy openingstoespraak van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika se kongres in Augustus 1947 in Windhoek. Malan se standpunt het 'n indruk op Basson gemaak.[27] Klopper, die leier van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, het by Malan se standpunt aangesluit en gesê dat 'n oorwinning vir die Nasionale Party in Suid-Afrika in die 1948-verkiesing, ook 'n oorwinning sou wees vir die toekoms van Suidwes-Afrika en dat inlywing dan 'n voldonge werklikheid sou word.[28]

Die onderhandelinge tussen die Verenigde Nasionale Suidwesparty en die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het nietemin voortgegaan, asook die

---

24. PV 122: 2/10/1/1/1, Japie Basson aan H.J. Klopper, 19.05.1947; Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Aan die 1947 - Jaarkongres: Verslag van die werksaamhede van die Hoofbestuur (1946 -1947).
25. Die Suidwester, 05.09.1947, 09.09.1947. Die samesprekinge het byna op die rotse geloop na 'n misverstand, maar is na 'n regstelling weer op koers geplaas.
26. Die Suidwester, 11.07.1947, 22.08.1947; Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Aan die 1947 - Jaarkongres, Verslag van Werksaamhede van die Hoofbestuur 1946 - 1947.
27. Die Suidwester, 08.08.1947, 19.08.1947.
28. Die Suidwester, 23.12.1947.

onderhandelinge tussen Smuts en die Verenigde Nasionale Suidwesparty. J.P. Niehaus, lid van die Uitvoerende Komitee van die Verenigde Nasonale Suidwesparty, en Basson, die sekretaris, het Smuts weer in Januarie 1948 gespreek om: "*verteenwoordiging in die Volksraad te verkry sodat daar 'n mondstuk is vir die belange van Suidwes*" [29] 'n Verklaring van die Verenigde Nasionale Suidwesparty het hierby aangesluit en genoem dat Suidwes-Afrika ook verteenwoordiging in die Senaat moes geniet. Volgens die verklaring moes Suidwes-Afrika egter outonomiteit behou oor huishoudelike sake.[30] Smuts was egter ook in 'n verdere dilemma gewikkel en kon nie op dié pleidooie van inlywing reageer met die algemene verkiesing in Suid-Afrika voor die deur nie. Die Nasionale Party het al meer gelyk na die Party wat die saak wel sou kon deurvoer en die Party het 'n groterwordende aantrekkingskrag vir Basson geword.

## Basson heroorweeg sy posisie binne die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Basson wat nou betrokke was by die samesprekinge met die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en ook met Smuts, het waarskynlik die omstandighede en sy relatiewe politieke posisie opgesom. Die Verenigde Nasionale Suidwesparty het nie vordering gemaak nie. Die rede wat Basson daarvoor aangevoer het, was onder andere die swak organisasie van die Party, asook die leiers wat 'n gebrek aan entoesiasme en vernuwende inisiatiewe gehad het en kontak verloor het met die behoeftes van die kiesers. Basson het terselftertyd gewaarsku dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty nie agter moes raak met die wetenskaplike benadering waarmee die Nasionale Party van Suidwes-Afrika verkiesings sou veg nie. Hy het dit selfs gewaag om takbesture en organiseerders van die Party te versoek om druk op die leierskap toe te pas om sodoende die Party te rig na gelang van die veranderende omstandighede.[31]

Benewens die toestand van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, kon dié Party en die Verenigde Party nie gestalte gee aan Basson se droom van: " *'n Gekonsolideerde Gebied - waar ons Unie tot sy logiese voltooiing gebring is deur die inlywing van Suidwes-Afrika en die Britsbeheerde Protektorate aan en binne ons*

29. Die Suidwes-Afrikaner, 22.01.1948.
30. PV 58: 2/23/1/1/1, Diensbrief: 'n Handleiding vir takke, Augustus 1948.
31. PV 58: 3/9/1/1/1, Verenigde Nasionale Suidwesparty-vergadering te Kalkfeld, einde 1947; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993.

*land se bakens"* nie.[32] Met twee tussenverkiesings vir die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika in 1948, naamlik in Swakopmund en Otjiwarongo, moes Basson namens sy Party noodgedwonge standpunt inneem oor die kwessie van inlywing. Dit het Basson in 'n moeilike posisie geplaas, want hy het simpatie met die gedagte van inlywing gehad, maar het verskil met sy Party oor wanneer dit moes plaasvind.

Basson het die politieke verwikkelinge in Suid-Afrika waargeneem en besef dat dit ook die posisie van die Verenigde Nasionale Suidwesparty en gevolglik sy eie posisie sou raak. Na die Eerste Wêreldoorlog het die Volkebond Suidwes-Afrika, 'n voormalige kolonie van Duitsland, onder die mandaatskap van Suid-Afrika geplaas. Daar het 'n noue verhouding tussen Suid-Afrika en Suidwes-Afrika ontstaan, tot so 'n mate dat sommiges Suidwes-Afrika as deel van Suid-Afrika beskou het. Daarom het Suidwes-Afrika se ekonomie en politiek gereageer op ontwikkelinge in Suid-Afrika. Die Nasionale Party het daarin geslaag om Afrikanernasionalisme te gebruik in die poging om die Party uit te bou. Die Nasionale Party het verskeie kultuurorganisasies, selfs die kerk en sy jeugbeweging, die Jeugbond, ingespan om steun te werf onder kiesers.[33] Die uitslag van die tussenverkiesing in die Hottentots-Hollandkiesafdeling en ook bedankings uit die Verenigde Party, het dit duidelik laat blyk dat die Verenigde Party steun begin verloor het.[34] Dié gebeure het 'n direkte invloed gehad op die kieser in Suidwes-Afrika, omdat inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika gesien is as 'n uitvloeisel van Afrikanernasionalisme om mense met dieselfde kultuuragtergrond byeen te bring. Die Verenigde Nasionale Suidwesparty was vir talle jare die leidende party in Suidwes-Afrika en die kiesers in Suidwes-Afrika het, soos kiesers in Suid-Afrika, die behoefte tot vernuwing in die politiek ontwikkel.

Die Nasionale Party het nie net onder Afrikaanssprekendes in Suidwes-Afrika veld gewen nie, maar ook onder Duitssprekendes. Die rede daarvoor was die Verenigde Nasionale Suidwesparty se aandrang op die deportasie van Suidwes-Afrikaanse Duitsers wat Nazi-Duitsland gesteun het in die Tweede Wêreldoorlog. Die na-oorlogse ekonomiese toestande, werkloosheid en verbruikerstekorte is voor die deur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty

---

32. PV 58: 3/12/1/1/1, Afskeidboodskap, 07.04.1947; Die Suidwester, 30.01.1948.
33. Giliomee, H., Adam, H. (reds), Afrikanermag Opkoms en Toekoms, p. 88; Lawrence, J., Harry Lawrence, p. 219; Hancock, pp. 497-499; Malan, D.F., Afrikaner Volkseenheid en my Ervarings op die Pad daarheen, p. 12.
34. Die Suidwester, 28.03.1947, 23.09.1947; Hancock, p. 497; Louw, L., Dawie 1946 - 1964, pp. 24-25.

geplaas, wat verder bygedra het tot die afname van die populariteit van die Party.[35] Basson het 'n goeie verhouding met die Duitsers gehad, aangesien hy hulle as deel van die Afrikaanssprekendes gesien het en teen hul deportasie gekant was.

Die oorwinning van die Herenigde Nasionale Party oor die Verenigde Party op 26 Mei 1948 in die algemene verkiesing in Suid-Afrika het 'n beduidende invloed gehad op die krag van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika.[36] Dit het geblyk uit die tussenverkiesings wat in Swakopmund en Otjiwarongo plaasgevind het in 1948. In die tussenverkiesing in Swakopmund het A.H. du Plessis, Sekretaris van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, P.A. Marais van die Verenigde Nasionale Suidwesparty wat deur Basson bygestaan is, geklop met 459 teenoor 408 stemme. Die tussenverkiesing het slegs enkele dae na die oorwinning van die Nasionale Party in Suid-Afrika plaasgevind.[37]

Ook met die tussenverkiesing in Otjiwarongo op 24 November 1948 is die Verenigde Nasionale Suidwesparty geklop. Die Nasionale Partykandidaat, J.G.H. van der Wath, het A.J. Labuschagne van die Verenigde Nasionale Suidwesparty met 992 teenoor 749 stemme gewen.[38] Aanvanklik was Basson as kandidaat genomineer om teen Van der Wath te staan te kom. Hy moes egter sy nominasie terugtrek omdat hy nie burgerreg van Suidwes-Afrika kon verkry voor die nominasies gesluit het nie. Basson se nominasie was onkonstitusioneel en sy gevolglike onttrekking was 'n verleentheid vir die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty.[39] Hulle het hom ook in die eerste plek verkwalik dat hy die nominasie aanvaar het, terwyl hy in 'n junior posisie en Sekretaris van die Party was. Basson het moontlik doelbewus sonder die instemming van die Hoofbestuur die nominasie as kandidaat aanvaar, omdat hy

---

35. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993; Joubert, p. 206; Die Suidwester, 30.06.1948.

36. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met A.H. du Plessis, 25.11.1993 en adv. Percy Niehaus, 22.06.1993.

37. Joubert, p. 280; Die Suidwester, 04.06.1948; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993; Basson, J. du P., Burger van Suidwes Klop u Afrikanerhart nog Warm?, (s.a.); Basson, J. du P., Laat u Afrikaner-gewete U op 2 Junie lei, (s.a.).

38. PV 122: 2/1/1/8, A.H. du Plessis aan H.J. Klopper, 10.02.1948; Die Suidwester, 17.02.1948, PV 122: 2/1/1/9, H.J. Klopper aan A.H. du Plessis, 14.09.1948; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met adv. Percy Niehaus, 22.06.1993.

39. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met adv. Percy Niehaus, 22.06.1993; Die Suidwester, 22.09.1948, 02.10.1948.

geweet het wat hul reaksie daarop sou wees. Daar het dus nie 'n openhartige verhouding tussen hom en die Hoofbestuur bestaan nie en hy was ook nie verseker van hulle steun nie. Hierdie opportunistiese optrede van Basson het bygedra tot die verslegtende verhouding tussen hom en die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty.

Indien Basson geglo het dat hy enigsins 'n kans gehad het om die verkiesing teen Van der Wath te wen, sou dit waarskynlik 'n politieke flater gewees het.[40] Selfs indien hy die verkiesing sou wen, sou hy al hoe moeiliker die standpunte en beleid van die Verenigde Nasionale Suidwesparty kon verdedig, omdat hy self ook verskille met sy party gehad het ten opsigte van die bereiking van 'n ooreenkoms met die Nasionale Party oor die staatkundige toekoms van Suidwes-Afrika.[41] Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat Basson gepoog het om as verteenwoordiger van die kiesafdeling verkies te word, en dan op 'n geleë stadium by 'n ander politieke party aan te sluit sonder om sy posisie in te boet.

Dr D.F. Malan het as Eerste Minister kort na die algemene verkiesing in 1948 in Suid-Afrika 'n besoek aan Windhoek in Oktober 1948 gebring. Hy het met dié stap die inisiatief van Smuts en die Verenigde Nasionale Suidwesparty ten opsigte van die inlywingskwessie oorgeneem. By dié geleentheid het hy samesprekinge gehad met afgevaardigdes van beide die Suidwes-Afrikaanse partye se Uitvoerende Komitees. Hy het terugvoer gegee op die gesamentlike versoeke wat die partye aan hom as Eerste Minister gerig het, nadat hy as premier by Smuts oorgeneem het.[42] Sowel die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en die Verenigde Nasionale Suidwesparty het agt Volksraadslede en ses senatore as parlementêre verteenwoordigers vir Suidwes-Afrika gevra.[43] Malan het 'n meerderheid van slegs vyf setels in die Volksraad van Suid-Afrika gehad. Hy het dus eers seker gemaak dat hy setels in Suidwes-Afrika sou wen en sodoende sy posisie versterk voordat hy setels wou toestaan. Die samesprekinge is afgesluit met 'n ooreenkoms vir verteenwoordiging in die Unie-Parlement, bestaande uit ses volksraadslede en vier senatore, asook meer uitgebreide magte aan die Wetgewende Vergadering oor Suidwes-Afrikaanse aangeleenthede. Hy

40. PV 122: 2/1/1/9, A.H. du Plessis aan H.J. Klopper, 17.09.1948; Die Suidwester, 09.10.1948, 03.11.1948, 27.11.1948; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993.

41. Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Notule: Vergadering van die Hoofbestuur, 29.09.1948.

42. D.F. Malan-versameling: 1/1/2413, Ooreenkoms tussen die NP van SWA en die VNSWP, 3 Augustus 1948; Thom, H.B., D.F. Malan, pp. 228-229.

43. Die Suidwester, 11.08.1948, 14.08.1948, 23.10.1948.

kon nie die volle kwota setels soos deur die partye versoek, toestaan nie, aangesien die gemiddelde getal kiesers in 'n kiesafdeling in Suidwes-Afrika veel minder was as die gemiddelde getal kiesers in 'n kiesafdeling in Suid-Afrika.[44]

## Basson se weë skei met die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Spanning tussen Basson en die Uitvoerende Komitee het tot uitbarsting gekom na dié ontmoeting met Malan. Dit was klaarblyklik veral M.J. Kritzinger wat nie die ooreenkoms wou aanvaar nie. Daarbenewens was daar ook skerp verskille tussen Basson en die res van die Hoofbestuur oor die tempo waarteen beweeg moes word om Suidwes-Afrika by die Unie ingelyf te kry.[45] Die spanning tussen Basson en die Hoofbestuur het 'n aanloop gehad waarin ook sterk persoonlike verskille weerklank gevind het. Krizinger het selfs so ver gegaan as om die bedanking van Basson as Hoofsekretaris te eis.[46] Die Hoofbestuur het egter teruggedeins vir die gevolge van so 'n stap.

Te midde van die spanninge het J.P.L. Hamman, die leier van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, te kenne gegee dat hy wou uittree. Die aankondiging van Hamman het die spanning en onsekerheid in die Party net verder verhoog.[47] Teenoor die onsekerheid in die Verenigde Nasionale Suidwesparty het die daadkragtige optrede van Malan gestaan. Malan se optrede moes 'n indruk op Basson gemaak het en Basson het tot die oortuiging gekom deurdat Malan die persoon was wat die saak van inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika sou verwesenlik.[48]

---

44. Joubert, p. 212.
45. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993; Die Suidwester, 16.06.1948, 03.07.1948, 28.07.1948, 29.09.1948.
46. Die Suidwester, 01.12.1948, 05.03.1949.
47. PV 122: 2/1/1/9, A.H. du Plessis aan H.J. Klopper, 13.12.1948; PV 122: 2/1/1/8, H.J. Klopper aan A.H. du Plessis, 23.06.1948; Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Notule: Vergadering van die Hoofbestuur in die Grossherzog Hotel, Woensdag, 29 September 1948; Die Suidwester, 30.06.1948.
48. Die Suidwester, 24.11.1948. Die saak van inlywing het veral momentum gekry na die uitslag van die Voogdykomitee van die Verenigde Nasies oor die posisie van Suidwes-Afrika ten gunste van sy mandaathouer, Suid-Afrika. Indië se voorstel het bepaal dat Suid-Afrika nie kon voortgaan met nouer politieke aaneensluiting met Suidwes-Afrika nie en dat 'n kommissie van ondersoek van die Verenigde Nasies na die gebied gestuur moes word.

Afgesien van Basson se teleurstelling met en vertwyfeling in die vermoë van die Verenigde Nasionale Suidwesparty om Suidwes-Afrika verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse Parlement te gee, het dit duidelik geword dat hy nie meer welkom in die Party was nie. Basson het na sy botsings met die Hoofbestuur besef dat hy na hierdie gebeure 'n ander politieke heenkome moes vind. Na afloop van die Nasionale Party se oorwinning in Suid-Afrika, die uitslag van die tussenverkiesings in Suidwes-Afrika en Malan se toekenning van verteenwoordiging aan Suidwes-Afrika in die Suid-Afrikaanse Parlement, moes dit vir Basson duidelik gewees het dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty groot steun ten gunste van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika verloor het.

Basson was daarvan oortuig dat die Nasionale Party die leisels sou oorneem en sodoende ook veel meer geleenthede bied aan 'n ambisieuse politikus om opgang te maak in die politiek. Sy opsies was beperk. Indien hy in die Verenigde Nasionale Suidwesparty sou bly, was sy enigste vooruitsig om in die Partystrukture opgang te maak. Hy was egter nie daarmee tevrede nie. 'n Ander moontlikheid was om terug te keer na Suid-Afrika en in die regsberoep 'n tuiste te vind. Basson was egter 'n politikus in murg en been en indien hy 'n kans wou hê om tot die Volksraad verkies te word, moes hy lid wees van 'n politieke party waardeur hy dié ideaal kon bereik.

Op hierdie stadium was Basson reeds tien jaar direk of indirek by die politiek betrokke. Tot op hierdie tydstip was sy betrokkenheid gerig op administrasie en organisasie en hy sou graag meer betrokke wou word in die politieke debat van die dag. Hy was ook reeds byna dertig jaar oud en het die behoefte gehad aan nuwe en andersoortige uitdagings. Hy het verskeie onsuksesvolle pogings aangewend gehad om as 'n verteenwoordiger van 'n kiesafdeling verkies te word. Dit het waarskynlik bygedra tot sy frustrasie met die Verenigde Party en die Verenigde Nasionale Suidwesparty, aangesien hy homself in 'n politieke doodloopstraat bevind het.

## Basson se aansluiting by die Nasionale Party van Suidwes-Afrika

Dit het vir Basson duidelik geword dat sy persoonlike ideale teen 1949 eerder in die Nasionale Party van Suidwes-Afrika verwesenlik sou word as in die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Basson het aangvoer dat hy nie meer hoop vir die Verenigde Party gehad het nie. As redes vir die stelling het hy aangevoer dat die agteruitgang in die Verenigde Party toegeskryf kon word aan die min moeite wat die Party gedoen het om Afrikaanssprekende kiesers in die Party te

laat tuis voel. Die Afrikaanssprekendes wat nog nie na die Nasionale Party toe oorgeloop het nie, was volgens Basson ongelukkig in die Verenigde Party. 'n Sprekende voorbeeld daarvan was die verwaarlosing van die enkele Afrikaanse koerante van die Party. Van die 8 koerante wat die Party 13 jaar tevore gesteun het, is nie een Afrikaanse koerant meer gepubliseer nie. Dit het onder andere Die Suiderstem, Volkstem, Die Vrystater, Eendrag en Ons Land ingesluit. Daarbenewens was daar 'n gebrek aan dinamiese Afrikaanssprekende leiers in die Party wat Afrikaanssprekende kiesers kon lok.[49] Basson se stelling dat daar 'n geweldige uitvloei van Afrikaanssprekende kiesers uit die Verenigde Party was, is ietwat oordrewe aangesien die groter meerderheid van Afrikaanssprekendes steeds die Verenigde Party gesteun het ten spyte daarvan dat die Nasionale Party meer setels gewen het.

Basson se bedanking op 21 Februarie 1949 as Hoofsekretaris en as lid van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, was dus geen verrassing vir die Verenigde Nasionale Suidwesparty nie. Ook die Nasionale Party van Suidwes-Afrika was reeds bewus van die kloof tussen Basson en die res van die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty.[50] Voor Basson se bedanking het hy 'n voorstel aan die Hoofbestuur gemaak dat politieke samewerking en eenheid eers in Suidwes-Afrika verkry moes word voordat effektiewe verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse Parlement verkry kon word.[51] Die Hoofbestuur het die voorstel egter verwerp, want hulle het nie kans gesien om op Basson se aandrang nouer met die Nasionale Party saam te werk nie. Basson het geweet dat sy voorstel nie

---

49. PV 58: 3/11/1/1/3, Agteruitgang; White, W.B., *The United Party's Afrikaans-language Press, 1948 - 1953* in Kleio, XXIV, 1992.

50. PV 122: 6/3/1/1/1, 7 Februarie 1949.

51. Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Japie Basson aan die Hoofbestuur en Uitvoerende Bestuur, (s.a.). Basson het die volgende redes vir sy bedanking aangevoer: "*Dit is my oortuiging:*

*(1) Dat die Verenigde Nasionale Suidwes-Party sy hooftake met welslae voltooi het.*

*(2) Dat ons met die inskakeling van Suidwes-Afrika by die wetgewende liggaam van die Unie, tans voor 'n nuwe politieke situasie te staan gekom het.*

*(3) Dat in die omstandighede verdere afsydigheid jeens die Unie se partypolitiek en politieke partye ondoenlik is.*

*(4) Dat die tyd dus aangebreek het dat die lede en leiers van die twee partye in Suidwes alle persoonlike en kleinburgerlike politiekery moet staak en 'n nuwe politieke eenheid moet bewerkstellig wat aan Suidwes-Afrika 'n verenigde front in die Unie-parlement sal besorg.*

*(5) Dat dit in die landsbelang is dat sodanige vereniging op die grondslag sal geskied van ondersteuning aan die Nasionale Regering van die Unie."*

aanvaarbaar sou wees nie en het na die Hoofbestuur se verwerping daarvan bedank.[52]

Daar is in die pers kennis geneem van Basson se bedanking, hoewel dit nie dieselfde publisiteit verkry het as die bedankings uit die Verenigde Party van onder andere kolonel Kalie Rood, senator J.M. Brink, kolonel D.H. Botha, G.J. Schutte, D. Basson en majoor Greyling nie.[53] Die Hoofbestuur se persverklaring het gelui dat Basson se bedanking nie as 'n verrassing gekom het en ook nie onwelkom was nie, maar dat die redes wat hy vir sy bedanking aangevoer het, wel verrassend was. Die Hoofbestuur het ook aangevoer dat dit duidelik geword het dat Basson nie dieselfde standpunte as die Verenigde Nasionale Suidwesparty oor die konstitusionele en finansiële posisie van Suidwes-Afrika gehandhaaf het nie. Hulle het Basson beskuldig dat hy die belange van Suidwes-Afrika ondergeskik gestel het aan die belange van Suid-Afrika.[54]

Die Party se leierskap het Basson aangeval met die stelling dat hy daaraan gewoond was om hoof te kon wees van die Unie-Jeugfront en dieselfde wou doen in die Verenigde Nasionale Suidwesparty, maar nie daarin kon slaag nie omdat die Party hom verhoed het. Frank Marais het verklaar: *"Japie soek setel, man. Dis al"* In die redaksionele kommentaar van Die Suidwes-Afrikaner word Marais se standpunt onderskryf deur daarop te wys dat Basson so onlangs as November 1948 bereid was om as kandidaat vir die Verenigde Nasionale Suidwesparty te staan. Dit was volgens die redakteur onmoontlik om te glo dat Basson in enkele maande so radikaal van beginselstandpunt kon verander.[55]

Basson het teruggekap op die aanvalle en verdere redes aangevoer waarom hy sy verbintenis met die Party beëindig het. Hy het daaraan toegevoeg dat sy bedanking uit die Party nie vroeër kon plaasvind nie, aangesien dit die indruk kon skep dat hy die Party in die steek laat nadat hy nie die kandidaatskap vir die

---

52. PV 58: 2/14/1/1/1, Japie Basson aan die Hoofbestuur en die Uitvoerende Bestuur, 21 Februarie 1949; Die Suidwester, 23.02.1949; Verenigde Party-versameling: UP of SWA, Head Office, Japie Basson aan die Hoofbestuur en Uitvoerende Bestuur, (s.a.).

53. Barnard, Die Verenigde Party..., pp. 64-65; Die Suidwester, 09.02.1949; Die Burger, 23.02.1949.

54. Die Suidwes-Afrikaner, 24.02.1949; PV 58: 2/14/1/1/1, Verklaring van die Uitvoerende Bestuur van die VNSWP; Cape Times, 24.02.1949; Die Transvaler, 25.02.1949.

55. Die Suidwester, 26.02.1949; Die Suiderstem, 24.02.1949; Die Suidwes-Afrikaner, 24.02.1949, 03.03.1949; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Frans Venter, 22.06.1993 en adv. Percy Niehaus, 22.06.1993.

tussenverkiesing in Otjiwarongo gekry het nie.[56] Basson het in sy persverklaring seine uitgestuur na die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en genoem dat hy die Nasionale Party sou ondersteun en uit dié kader teen die Verenigde Nasionale Suidwesparty sou optree na aanleiding van die aanvalle op hom.

Basson het die volgende redes aangevoer vir sy bedanking:

> "*(1) Nadat die Verenigde Party jarelank 'n kampvegter vir Suidwes was, het hy selfs in die drie jaar na die oorlog nie sovêr gekom om die Suidwes-vraagstuk tot enige praktiese resultate te bring nie.*
> *(2) Oor die kardinale vraagstuk van die regte verhouding tussen blank en nie-blank het die VP wel 'n verklaring van beleid, maar hy kom nie sovêr om soos die HNP 'n ingrypende en aanneemlike program van aksie voor te lê wat die hoop (sic) (wek) dat dit die toestand soos dit ontwikkel en versleg het, die hoof te bied nie.*
> *(3) Die VP is bevooroordeeld en word alhoemeer vyandiggesind teenoor Afrikaanse liggame en nagenoeg alles wat daarop bereken is om die Afrikaanse lewe te verryk.*
> *(4) Voor Britse sentiment in Suid-Afrika buig die VP gewillig die knie, terwyl hy die gevoelens en begeertes aan Afrikaanse kant nagenoeg getrou veronagsaam.*
> *(5) Volkseenheid het 'n leë kreet in die mond van die VP geword. In die aangesig van al sy woordrykheid oor die saak lê hy hom naarstigtelik daarop toe om die Engelssprekendes so Brits - (in plaas van Suid-Afrikaans) gesind as moontlik te maak, ten einde op dié grond alleen hul steun by die stembus te probeer behou.*"[57]

Van al die argumente wat Basson vir sy bedanking aangevoer het, was dit egter net die kritiek teen die onvermoë van die Verenigde Nasionale Suidwesparty om Suidwes-Afrika by Suid-Afrika ingelyf te kry wat redelik oortuigend was. Dit is egter sterk te betwyfel of slegs dié argument aangevoer kon word vir sy bedanking uit die Party. Basson se bedanking was egter veel eerder gegrond op 'n kulminasie van faktore en omstandighede waarvan sy ambisie en persoonlike oorweginge waarskynlik die belangrikste was. In dié lig kon Basson verwag dat hy sterk aangeval sou word deur die Verenigde Nasionale Suidwesparty, omdat al die ander argumente wat hy aangevoer het vir sy bedanking aanvegbare stellings was.

---

56. Die Suidwester, 26.02.1949, 05.03.1949; Die Burger, 24.02.1949; Die Suiderstem, 23.02.1949; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Frank Zietsman, 23.11.1993.

57. Die Suidwester, 26.02.1949.

Basson het onderneem om nie van private of persoonlike inligting wat hy bekom het in sy hoedanigheid as Sekretaris van die Party teen die Party gebruik te maak indien die Party hom nie polities sou aanval nie.[58] Dit is te betwyfel of Basson werklik verwag het dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty aan hierdie voorwaarde gehoor sou gee. Daarvoor het hy die partypolitiek en die optrede teenoor lede wat hul partye verlaat het, te goed geken. Hy het waarskynlik eerder regverdiging gesoek om sy plan om by die Nasionale Party aan te sluit, vinniger te kon deurvoer.

Voordat Basson die voorwaarde gestel het, moes hy bewus gewees het van 'n moontlike pos vir hom in die Nasionale Party. Hy moes in Suidwes-Afrika bly omdat daar in Suid-Afrika vir hom geen kans was om vinnig in die politiek opgang te maak nie. Die algemene verkiesing was pas afgeloop en die volgende verkiesing was eers vir vyf jaar later geskeduleer. Hy het geen toekoms in die Verenigde Party gehad nie. Dit sou hom ook waarskynlik 'n hele aantal jare neem om opgang te maak in die Nasionale Party in Suid-Afrika indien hy by hulle sou aansluit in die hoop om as Volksraadslid verkies te word. Daarenteen was hy teen daardie tyd reeds bekend in Suidwes-Afrika.

Slegs drie dae na Basson se bedanking, is hy deur die leierskap van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika genader oor 'n toekoms vir hom in die Party.[59] M.C. van Rensburg, die voorsitter van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, het die aanbeveling gemaak dat die Hoofbestuur Basson moes nader om A.H. du Plessis in sy sekretariële pligte van die Party by te staan. Dit het die Party egter aan die fondse ontbreek om sy salaris en reis- en verblyfkostes te betaal. J.G.H. van der Wath het daarop 'n Japie Basson-Fonds gestig waarin bydraes gedeponeer is.[60] Op 1 Maart 1949 het Basson 'n pos as organiseerder en medesekretaris vir die Nasionale Party van Suidwes-Afrika aanvaar. *"Mnr. J. Basson se salaris word vasgestel op £500 per jaar plus parlementêre toelae."*[61] Dit was 'n gemiddelde salaris, maar wat hom op dieselfde voordeleskaal geplaas het as A.H. du Plessis wat reeds etlike jare Basson se senior in die Party was. Met sy aanvaarding van die medesekretarisskap in die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, het Basson die bykans onmoontlike vermag. Hy het daarin geslaag om vanaf die Verenigde

---

58. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 14.06.1993; Die Suidwester, 30.03.1949.
59. PV 122: 1/3/2/2/1/1, Notule van Hoofbestuursvergadering gehou op 25 en 26 Februarie 1949; 1/3/2/2/1/2, Notule van Hoofbestuur, 25.02.1949; Die Suidwester, 02.03.1949.
60. Van der Wath, J.G.H., Johannes van der Wath van Suidwes-Afrika, p. 124.
61. PV 61: 1/2/2/2, Notule van die Hoofbestuursvergadering, 07.09.1950.

Nasionale Suidwesparty, waar hy Sekretaris was, oor te gaan na die Nasionale Party waar hy as medesekretaris aangestel is.

Dat die Nasionale Party van Suidwes-Afrika aan hom die belangrike pos van sekretaris aangebied het, is nie maklik verklaarbaar nie. Faktore wat tot dié besluit kon lei, is moontlik die Party se persepsie van Basson as 'n vurige en bekwame persoon. Daar is gevoel dat hy moontlik 'n bydrae tot die Party kon lewer met sy administratiewe vaardighede en sy verhouding met die kiesers.[62]

In teenstelling met die reaksie van die Nasionale Party en die Verenigde Nasionale Party op Basson se aanstelling in die Nasionale Party, het Ettienne Malan van Die Suiderstem 'n meer simpatieke oordeel oor Basson uitgespreek. Malan het erken dat Basson se bedanking onverklaarbaar was, maar die wens uitgespreek dat: *"hy, deur die jare, sy onafhanklike denkrigting sal behou"* en terselfdertyd gewaarsku dat: *"Hy moet onthou dat die H.N.P. anders as die V.P. nie afwykendes in sy geledere verdra nie. Daar lê vir hom 'n enge intellektuele leefwyse voor"* [63] Basson het waarskynlik geweet dat hy nie dieselfde ruimte in die Nasionale Party sou hê as wat in die Verenigde Party die geval was nie. Hy moes egter dié bedreiging opweeg teen die moontlikheid om sonder 'n politieke heenkome te sit, sonder 'n inkomste en sonder die moontlikheid om op die kort termyn 'n kans gegun te word om vir die Volksraad te staan. Gesien teen sy persoonlike agtergrond en omstandighede en sy politieke ambisie, het Basson nie werklik op daardie tydstip 'n ander keuse gehad as om by die Nasionale Party aan te sluit nie.

Hoewel Basson redelik entoesiasties deur die Nasionale Partyleiding in die Nasionale Party verwelkom is, het daar nietemin twyfel bestaan oor sy betroubaarheid en die egtheid van sy motiewe vir sy bedanking uit die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Volgens A.H. du Plessis het Basson egter baie vinnig aangepas in die Nasionale Party van Suidwes-Afrika. Hy het die leierskap beïndruk met sy organisasie van kiesafdelings en takke, asook met sy openbare optredes.[64]

---

62. Die Suidwester, 23.02.1949; Die Transvaler, 26.05.1949; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Frans Venter, 22.06.1993.

63. Die Suiderstem, 23.02.1949.

64. PV 122: 2/1/1/9, A.H. du Plessis aan H.J. Klopper, 18.03.1949; PV 122: 2/1/1/9, Telegram: Japie Basson aan A.H. du Plessis, 11.03.1949; Japie Basson aan A.H. du Plessis, 07.03.1949; Willem de Wet aan A.H. du Plessis, 18.03.1949; Die Suidwester, 02.04.1949.

Basson se bedanking uit die Verenigde Nasionale Suidwesparty het nie sy persoonlike lewe onaangeraak gelaat nie, omdat jarelange vriendskappe daardeur in die slag gebly het. Ook uit die Unie-Jeugfront het daar verwyte gekom wat Basson sekerlik moes geraak het. Vir Basson se vrou, Clarence, kon dit geen maklike vooruitsig gewees het om uit die een politieke vriendekring na die ander te verskuif nie en dit het moontlik ook nie sonder onaangenaamheid gepaard gegaan nie.[65]

## Basson se verkiesing as 'n verteenwoordiger van Suidwes-Afrika vir die Volksraad in Suid-Afrika

Spoedig na Basson se aanstelling as medesekretaris van die Nasionale Party, het hy saam met hoofbestuurslede van die Party, A.H. du Plessis, H.J. Klopper en dr. H.J. Steyn, vergaderings begin toespreek. 'n Mylpaal is vir die Nasionale Party bereik met die aanvaarding van die Suidweswet wat verteenwoordiging vir Suidwes-Afrika in die Unie-Parlement moontlik gemaak het.[66] Die Nasionale Party se steun in Suidwes-Afrika het toegeneem vanweë sy sukses om die Suidweswet deur te voer, asook sy standpunt teen internasionale inmenging in Suidwes-Afrika se huishoudelike sake. Die datum vir die verkiesing van verteenwoordigers vir Suidwes-Afrika tot die Suidwes-Afrikaanse Parlement is bepaal vir 30 Augustus 1950. Dit sou genoeg tyd bied vir die administratiewe voorbereiding vir die verkiesing.[67] Die Nasionale Partylede van Suidwes-Afrika het hulle in alle erns begin voorberei vir die verkiesing. Die oorheersende tema waarop die Party gekonsentreer het in die aanloop tot die verkiesing, was die inlywing by Suid-Afrika en die apartheidsbeleid as 'n oplossing vir die kleurvraagstuk.[68]

---

65. Die Suidwester, 26.02.1949; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 14.06.1993 en Frans Venter, 22.06.1993; Japie Basson aan Sakkie Perold, 06.04.1949.
66. Die Suidwester, 30.03.1949, 09.04.1949, 20.04.1949.
67. Die Suidwester, 20.07.1949, 03.08.1949.
68. Goldin, I., Making Race the Politics and Economics of Coloured Identity in South Africa, pp. 78, 81; Klein, T.J., Origin and Development of Political and Socio-Economic Aspects of Apartheid in South Africa, p. 70.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het sy posisie versterk deur die aansluiting van die Afrikanerparty van Suidwes-Afrika by die Nasionale Party.[69] Faktore wat die Nasionale Party begunstig het, was die toenemende spanning in die verhouding tussen die Verenigde Nasionale Suidwesparty en die Verenigde Party in Suid-Afrika. Daarteenoor het die Nasionale Party in Suidwes-Afrika al die steun moontlik gekry van die Nasionale Party uit Suid-Afrika. Oorwinnings van die Nasionale Party in Suid-Afrikaanse tussenverkiesings, die inwyding van die Voortrekkermonument en die oplewing van Afrikanernasionalisme het die posisie van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika indirek verbeter. Hierop het die Verenigde Nasionale Suidwesparty nie 'n politieke teenvoeter gehad nie.[70]

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika was die Verenigde Nasionale Suidwesparty ook voor in die verkiesingsveldtog en het intensief begin voorberei deur die organisering van takke en kiesafdelings, die hou van vergaderings en die werwing van stemme. Klopper het 'n landswye toer onderneem en tagtig vergaderings toegespreek wat die kiesers se verbeelding aangegryp het.[71] Die Nasionale Party het beplan om hulp van die Nasionaliste uit Suid-Afrika te verkry in die vorm van sprekers en organiseerders om die kandidate vir die verkiesing by te staan. Reisplanne vir vergaderings is in samewerking met die Partyleiding uitgewerk en Basson het as medesekretaris van die Party sy eie motor ontvang. Die verkiesingsaanloop van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika was skynbaar deeglik beplan.[72]

Eers na die aanvaarding van die Suidweswet is die kandidate van die deelnemende partye benoem. Basson het as Sekretaris van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika die geleentheid gehad om homself verkiesbaar te stel vir óf die Wetgewende Vergadering óf vir die Volksraad. Hy en Du Plessis was egter medesekretarisse van die Nasionale Party. Die Hoofbestuur het daarom beslis dat Basson en Du Plessis self onderling moes besluit wie vir die Volksraad sou staan. Een van die twee moes vir die Wetgewende Vergadering staan om die administrasie van die Party te kon behartig, terwyl die ander een in Kaapstad was tydens Parlementsittings. Du Plessis, die senior van die twee, het tot Basson se groot vreugde verkies om hom verkiesbaar te stel vir die Wetgewende

---

69. PV 122: 1/3/2/2/1/2, Notule van Hoofbestuur, 23.05.1949; Notule van samesprekings, 18.06.1949; 6/3/1/1/1, Sekretariële verslag - Hoofbestuursvergadering, 1 Augustus 1949; Die Suidwester, 22.06.1949.

70. Die Suidwester, 02.02.1949, 21.05.1949; Thom, p. 216.

71. Die Suidwester, 27.04.1949.

72. PV 122: 2/1/1/9, A.H. du Plessis aan H.J. Klopper, 05.04.1947.

Vergadering. Basson kon daarom vir die Volksraad staan en moontlik sy droom verwesenlik deur tot Volksraadslid verkies te word.

Die suidelike kiesafdeling Namib is aan Basson toegeken en die Bethanietak in die kiesafdeling het Basson amptelik as kandidaat vir die Nasionale Party genomineer. Basson se opponent was M.J. Kritzinger van die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Dit was dieselfde persoon met wie Basson swaarde gekruis het toe hul saam op die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty was.[73] Namib was geografies die tweede grootste kiesafdeling in die land met Oranjemund, Maltahöhe, Keetmanshoop en Luderitz as die groter dorpe. Die meerderheid kiesers was in dorpe gevestig en die ekonomie het hoofsaaklik bestaan uit die vis-, kreef- en robnywerhede, diamantontginning en karakoelskaapboerdery. Ekonomies was die kiesafdeling welvarend vergeleke met die ander kiesafdelings in Suidwes-Afrika.[74] Die Namibkiesafdeling was egter ook een van die sterker kiesafdelings van die Verenigde Nasionale Suidwesparty en Basson sou hard moes werk om seker te maak dat hy die verkiesing in die kiesafdeling sou wen.[75] Volgens Basson het hy letterlik duisende kilometers afgelê om vergaderings toe te spreek. Hy wou seker maak dat hy elke moontlike stem sou kry om die meerderheid te verkry en daardeur sy droom verwesenlik om as Volksraadslid verkies te word. Die laaste geleentheid wat hy gehad het, was in 1943 en hy wou nie toelaat dat nóg 'n geleentheid sonder sukses verbygaan nie.

Malan, die leier van die Nasionale Party, wou sy eie posisie en dié van die Nasionale Party maksimaal versterk deur die meerderheid van vyf setels waaroor die Party in die Volksraad beskik het, te vermeerder met die ses setels van Suidwes-Afrika na elf setels.[76] Hy het daarom opdrag gegee dat geen moeite ontsien moes word in die hulpverlening aan die Nasionale Party in Suidwes-Afrika nie. Malan se vasberadenheid om al die setels te wen, het vir Basson as 'n groot hulp in sy veldtog gekom. Selfs Kabinetministers soos Malan self, J.G. Strijdom, S.P. le Roux, T.E. Dönges, F.C. Erasmus en Eric Louw het hulp verleen met openbare optredes. Basson is bygestaan deur sy broer, Hein, en

73. PV 58: 2/8/1/1/1, B. Janssen aan Japie Basson, 07.06.1949 en 20.07.1949; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993; Die Suidwester, 10.05.1950, 23.08.1950.

74. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

75. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993.

76. Ibid.; Die Suidwester, 01.07.1950, 15.07.1950.

Hennie van Aswegen, beide Party-organiseerders uit Kaapland.[77] Hulle het die nodige administratiewe ondersteuning verleen wat Basson se las verlig het, aangesien hy talle ure op die pad en in ander dorpe moes deurbring. Basson se vrou, Clarence, het as sy verkiesingsagent opgetree. Met haar administratiewe en organisatoriese vaardighede het sy die kantoor effektief bestuur. Die kantoor was 'n huis in Keetmanshoop, een van die grootste dorpe in die kiesafdeling, wat Basson en sy vrou ingerig het vir die verkiesing. Sy vrou het die kantoor voltyds beman en 'n onskatbare rol gespeel om haar man se openbare beeld uit te dra deur haar innemende aard en die goeie verhoudinge wat sy met die kiesers gehad het. Met sy vrou aan sy sy en die hulp van sy broer en Hennie van Aswegen was hulle 'n gedugte span. Basson se vorige ervarings as kandidaat in verkiesings het hom goed te pas gekom in die organisasie van sy veldtog.[78] As Basson se voorbereidende stappe tot sy nominasie as kandidaat en ook sy verkiesingsveldtog in ag geneem word, was daar weinig Suid-Afrikaanse partypolitici wat só voorbereid en gereed vir 'n verkiesing en die amp van Volksraadslid was soos Basson.

Benewens die verkiesingsveldtog wat Basson in die Namibkiesafdeling moes loods, was hy as medesekretaris van die Party steeds verantwoordelik vir twee ander kiesafdelings en hul takke in die suide van die land. Du Plessis was verantwoordelik vir die noorde van die land se kiesafdelings. Tydens Basson se reise na die betrokke kiesafdelings het hy kontak gemaak met joernaliste uit Suid-Afrika wat oor die verkiesing in Suid-Afrika verslag gedoen het. Van die joernaliste wat saam met hom gereis en vergaderings bygewoon het, was Jan van Rooyen, Hennie Smit, M.P.A. Malan en Paul van der Merwe.[79] Dit was vir Basson belangrik dat hierdie joernaliste goeie dekking aan sy veldtog moes gee. Hulle het Basson as 'n aangename en interessante persoon ervaar en sommiges het sedert dié verkiesing persoonlike vriende van hom geword.

Die hulp wat die Nasionale Party uit Suid-Afrika gekry het, veral die besoek wat Malan aan Suidwes-Afrika gebring het, het dié party in 'n gunstige posisie geplaas om goed te doen in die verkiesing. Malan het talle kiesafdelings self

---

77. PV 58: 3/1/1/1, Paarl: H.N.P. basaar, 17.11.1950. Persone uit Suid-Afrika wat toegedeel was aan ander kiesafdelings was Harry Botha, Koot van Staden, Danie Basson en Pieter Hugo.

78. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Hein Basson, 10.06.1993, Japie Basson, 15.06.1993 en Jan van Rooyen, 18.06.1993.

79. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met A.H. du Plessis, 25.11.1993, Jan van Rooyen, 18.06.1993 en Japie Basson, 15.06.1993.

besoek en vergaderings saam met kandidate toegespreek.[80] Die optrede van Malan en ook van dr. A.J.R. van Rhijn in Keetmanshoop het die kiesers geïmponeer en die Nasionale Party se posisie in die Namibkiesafdeling verstewig.[81] Voor die vergaderings van Malan en Van Rhijn was Basson 'n bekommerde man, aangesien hy besef het dat hy die steun van die Nasionale Party oorskat het in veral Keetmanshoop en Luderitz. Na die optrede was hy egter seker dat hy 'n kortkop voor was teen sy opponent, M.J. Kritzinger.[82]

In die midde van die verkiesingsveldtog is die leier van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, H.J. Klopper, skuldig bevind aan bedrog en hy moes bedank uit sy posisie. Die gebeure is deur die Verenigde Nasionale Suidwesparty as 'n geleentheid gesien om die Nasionale Party in 'n swak lig te stel. Die gebeure het egter nie 'n groot langtermyninvloed op die kiesers se politieke lojaliteit gehad nie en dit blyk dat dit nie 'n wesentlike invloed op Basson se veldtog gehad het nie.[83]

Intussen het 'n groter slag die Verenigde Nasionale Suidwesparty getref nadat Smuts vanweë swak gesondheid bedank het as leier van die Verenigde Party. Ondersteuners van die Verenigde Party het Smuts en die Partye as sinonieme beskou en daarom was hul steun aan die Partye in die eerste plek steun aan Smuts. Dit was ook in Suidwes-Afrika die geval, ten spyte daarvan dat die Verenigde Nasionale Suidwesparty se uitgangspunt was dat hulle 'n onafhanklike party was. Die Nasionale Party het Malan as 'n troefkaart gebruik om steun onder die kiesers te wen, terwyl die Verenigde Nasionale Suidwesparty nie meer 'n teenvoeter in die persoon van Smuts gehad het nie.[84]

Advokaat J.G.N. Strauss wat as Smuts se opvolger benoem is, se hulp is ingeroep. Een van Strauss se eerste take in sy nuwe amp was om die Verenigde Nasionale Suidwesparty by te staan in die verkiesingstryd. Strauss wou as nuwe leier met 'n beplande reeks vergaderings in Suidwes-Afrika sy stempel op die

---

80. Anoniem, Ons weier om te buk, (s.a.); Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met A.H. du Plessis, 25.11.1993 en Japie Basson, 15.08.1993; Die Suidwester, 09.08.1950, 12.08.1950.

81. Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party Sy Opkoms en Oorwinning - Kaapland se Aandeel, p. 175.

82. PV 122, 2/9/1/1/4, Japie Basson aan A.H. du Plessis, Junie 1950; A.H. du Plessis aan Japie Basson, 11.07.1950; Die Suidwester, 26.07.1950.

83. Die Suidwes-Afrikaner, 26.01.1950; Windhoek Advertiser, 25.01.1950.

84. Die Suidwester, 17.06.1950.

politiek en die Verenigde Party afdruk. Wat beplan was as 'n persoonlike triomftog, het ontaard in 'n nederlaag en 'n vernedering. Strauss het die leiers van die Nasionale Party en kiesers op 'n sterk persoonlike vlak aangeval en hulle verkleineer. Die pers, ook die pers wat die Verenigde Nasionale Suidwesparty ondersteun het, het Strauss verkwalik vir sy uitlatings en die gevolge daarvan op die uiteindelike vertoning van die Verenigde Nasionale Suidwesparty.[85] Die steun uit Suid-Afrika wat 'n troef moes wees teen die Nasionale Party, het die Party uiteindelik in 'n swakker posisie gelaat as wat die geval was voor Strauss se besoek.

Die verkiesing op 30 Augustus 1950 se uitslag is in Die Suidwester aangekondig met die verkiesingslagspreuk van Malan: "*Suidwes antwoord: Ons weier om te buk.*" Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het al ses Volksraadsetels gewen en vyftien van die agtien vir die Wetgewende Vergadering.[86] Vir die Verenigde Nasionale Suidwesparty was die uitslag 'n skok, hoewel die uitslag nie 'n werklike weerspieëling van die stemtotaal was nie. Die Nasionale Party het 12 349 stemme en die Verenigde Nasionale Suidwesparty 10 047 stemme onderskeidelik getrek.[87] Basson het Kritzinger, sy opponent en eertydse vyand binne die Verenigde Nasionale Suidwesparty, verslaan met 1 963 teenoor 1 522 stemme en daardeur sy droom verwesenlik om as Parlementslid verkies te word![88]

Malan se optrede in Keetmanshoop, asook die koue ontvangs wat Strauss in teenstelling met Malan gekry het, het bygedra tot Basson se oorwinning. Basson se persoonlike inset, sy vasberadenheid, sy vrou se ondersteunende rol en die hulp van sy broer, Hein, en van Van Aswegen en daarbenewens die dekking wat hy in die pers geniet het, het ook 'n groot rol gespeel in die verwesenliking van sy lewensideaal.

Dit was die eerste parlementêre verkiesing in Suidwes-Afrika, maar die meerderheid van 441 wat Basson in sy kiesafdeling behaal het, het nietemin 'n verskuiwing van stemme na die Nasionale Party aangetoon. 'n Groot deel van die kiesers was volgens Basson Engelssprekend en stoere ondersteuners van die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Basson moes dus daarin geslaag het om 'n wesentlike getal van dié ondersteuners oor te haal om vir hom te stem.

---

85. Barnard, Die Verenigde Party..., p. 95.

86. Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika Sy Stryd en Sy Prestasies 1914-1964, p. 242; Die Suidwester, 01.09.1950.

87. Joubert, p. 227.

88. Die Suidwester, 01.09.1950.

Die Engelstalige pers het in sy reaksie op die uitslag sy kommer uitgespreek dat Malan die oorwinning van die Nasionale Party in Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika sou voorhou as 'n referendum oor eenheid in Afrikanergeledere. Malan het uit die uitslag ook die afleiding gemaak dat 'n mandaat aan die Party gegee is om voort te gaan met die implementering van die apartheidsbeleid.[89]

Basson het hom egter op dié tydstip waarskynlik nie te veel gesteur aan die beleid van die Nasionale Party nie en was slegs te dankbaar om sy lewensideaal te kon bereik. Hy sou hom eerder besig hou met voorbereiding om sy plek in die Volksraad vol te staan en om sy posisie binne die Party en in sy kiesafdeling te verbeter. Indien hy tog verskil het met die beleid van die Nasionale Party, veral rakende die kleurkwessie, het hy gekonformeer ter wille van sy politieke ambisie.

Basson se verkiesing as Volksraadslid vir die Namibkiesafdeling was die produk van Basson se lewensideaal om in die Volksraad te dien. Stap vir stap en ten spyte van persoonlike botsings met senior lede in die politiek het hy dié ideaal bereik. Sy reputasie dat hy 'n bont politieke kleed gedra het, kon hom ook nie verhinder om in sy doel te slaag nie.

Basson se aanvangsjare in die Volksraad sou leer of hy tevrede sou wees om net sy kiesafdeling te verteenwoordig, en of hy verdere ambisie gehad het om vordering in die Party te maak. Daaruit sou ook vasgestel kon word in watter mate sy politieke dogma sy besluite en optrede sou raak en sodoende sy politieke toekoms sou bepaal.

---

**89.** Race Relations News, Vol. XII, No. 9, September 1950, pp. 92-93; Race Relations News, Vol. XII, No. 10, October 1950, p. 104; The Forum, Vol. 13, No. 24, 9 September 1950, p. 3.

# 4. BASSON SE TYDPERK AS PARLEMENTêRE VERTEENWOORDIGER VAN DIE NASIONALE PARTY VAN DIE KIESAFDELING NAMIB IN SUIDWES-AFRIKA

## Basson vestig homself in die Nasionale Party - sy eerste termyn as Lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Namib

Basson het as Volksraadslid vir die kiesafdeling Namib in Suidwes-Afrika vir die regerende Nasionale Party in die agterbanke van die Volksraad stelling ingeneem. Ander nuwe verkose lede tot die Volksraad moes hulself eers vergewis van die tradisie in die Parlement, maar vir Basson was die omgewing egter reeds bekend sedert sy dae as verslaggewer by Die Suiderstem. Daarteenoor was sy verbintenis met die Nasionale Party onder dr. D.F. Malan tot op daardie stadium nog van korte duur en hy moes homself tuismaak in die Party. Sy aanvanklike aanpassing was dus nie soseer in die kultuur en omgewing van die parlementêre politiek nie, maar grotendeels binne 'n nuwe party wat as party vir die eerste keer ingeskakel het by die Volksraad van Suid-Afrika.

Met Basson se nooienstoespraak op 14 Februarie 1951 in die Volksraad het hy 'n pleidooi namens Suidwes-Afrika tot die Nasionale Partyregering gelewer. Hy het 'n dringende versoek gerig vir hulp en ondersteuning ten opsigte van agterstallige skulde van Suidwes-Afrika jeens Suid-Afrika, aangesien die gebied ver agter die provinsies was ten opsigte van ontwikkeling. Daarbenewens het hy gevra dat die vervoerwese ontwikkel moes word, skole opgerig word, hulp verleen moes word om die handel van die gebied uit te bou en kapitaal voorsien moes word vir ontwikkelingsprojekte.[1] Suidwes-Afrika het dus in 'n afhanklike verhouding tot Suid-Afrika gestaan. Die pleidooie moet teen hierdie agtergrond beskou word. Hy het die solidariteit tussen Suid-Afrika en Suidwes-Afrika verder beklemtoon deur sy steun te gee aan die Nasionale Partyregering se optrede en reaksie teenoor die Verenigde Nasies.[2]

Hy het Suidwes-Afrika as dié gebied uitgesonder wat die naaste aan die apartheidsideaal gestaan het. Volgens Basson was dit nie nodig om die beleid so nougeset toe te pas soos in Suid-Afrika die geval was nie, daar swartmense in

---

1. Hansard, 14.02.1951, kol. 1300-1302.
2. Hansard, 15.02.1951, kol. 1305.

bepaalde streke gewoon het wat, volgens die Regering, reeds oor hulself regeer het.[3]

Basson het hom vroeg van die ander Volksraadverteenwoordigers van Suidwes-Afrika onderskei as 'n bekwame spreker en woordvoerder van Suidwes-Afrika.[4] Hy het gekonsentreer op plaaslike kwessies en sake waarmee hy bekend was, eerder as op die Nasionale Party se beleidsrigtings in Suid-Afrika. Die sake wat hy onder die aandag van die Volksraad en Regering gebring het, het gehandel oor onder andere 'n Afrika-sender van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie vir Suidwes-Afrika, die bou van 'n padbrug oor die Oranjerivier tussen Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en die bespoediging van die neutraliseringsproses van Duitsers in Suidwes-Afrika.[5] Hy het ook verskeie vrae gerig oor die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie en die karakoelbedryf se bydrae tot die wolbedryf. Verder het hy 'n beroep op die Regering gedoen om aandag te gee aan die uitbreiding en ontwikkeling van die spoorweë, en namens die vissers van Luderitz en Walvisbaai 'n pleidooi gelewer vir finansiële bystand.[6] Basson het positiewe reaksie en terugvoer gekry van die betrokke ministers, wat gevolglik die beeld van die Nasionale Party en sy eie statuur in sy kiesafdeling laat toeneem het.[7]

Basson het sy beeld verder probeer uitbou met 'n reeks vergaderings wat hy in sy kiesafdeling, Namib, toegespreek het.[8] Hy het ook 'n reeks artikels vir Die Suidwester geskryf waarin hy sy indrukke van die Volksraad aan die lesers gegee het.[9] Die publisiteit wat hy hierdeur verkry het, was dus beperk tot die kiesers van Suidwes-Afrika. Basson se uitsprake oor Suidwes-Afrika is egter nie oral ewe geesdriftig ondersteun en ontvang nie en dit was veral die opposisiekoerant, Die Suidwes-Afrikaner, wat hom skerp gekritiseer het.[10] As nuweling in die Nasionale Party moes hy noodgedwonge onderdanig wees teenoor die senior lede van die Party, hoewel hy soms van mening was dat sy politieke vermoëns

---

3. Die Suidwester, 17.02.1951; Hansard, 15.02.1951, kol. 1305.
4. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Jan van Rooyen, 18.06.1993.
5. Hansard, 20.01.1951, kol. 260; 02.02.1951, kol. 637; 06.02.1951, kol. 749.
6. Die Suidwester, 03.03.1951, 18.04.1951; Hansard, 09.02.1951, kol. 968; 01.03.1951, kol. 2202; 10.04.1951, kol. 4254; Suidwes-Afrika, Notule van die Wetgewende Vergadering 1951, Tweede Sessie, Sesde Vergadering, 27 Maart 1951, p. 2.
7. Die Suidwester, 07.07.1951, 25.07.1951.
8. Die Suidwester, 18.07.1951, 15.08.1951, 01.09.1951, 31.10.1951, 10.11.1951, 24.11.1951.
9. Die Suidwester, 28.07.1951, 04.08.1951.
10. PV 122: 2/1/1/13, Japie Basson aan A.H. du Plessis, 13.03.1951; Die Suidwester, 24.02.1951; Windhoek Advertiser, 07.03.1951; Die Suidwes-Afrikaner, 07.03.1951.

sommige van hulle s'n oorskadu het. Sy enigste amptelike opmerkings teenoor die Party was van dankbaarheid en komplimente. Hierdie optrede van Basson was soortgelyk aan sy aanvanklike dienswilligheid in die Unie-Jeugfront en in die Verenigde Nasionale Suidwesparty.

Die kwessie van inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika, asook die gedagte van 'n "Groter Suid-Afrika" was van die sentrale temas waaroor Basson op hierdie tydstip van sy politieke loopbaan gedink en gepraat het. Tydens 'n optrede van Basson voor die Instituut van Burgerskap in Kaapstad het hy sy siening van die verhouding tussen Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die Britse Protektorate uiteengesit. Anders as in die verlede toe hy inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika voorgestaan het, het hy met 'n groter bewuswording van die komplekse verhouding verklaar: *"Suidwes maak moontlik geskiedenis, aangesien federalisme die enigste middel mag blyk te wees waardeur die Unie, Suidwes, die Britse Protektorate en Rhodesië kan verenig."* [11] Suidwes-Afrika het 'n unieke identiteit, vergeleke met Suid-Afrika, gehad en dit was een van die redes waarom Basson 'n mate van selfbestuur in die vorm van federalisme gepropageer het. Basson was moontlik ook bekommerd oor die druk wat die Verenigde Nasies op Suid-Afrika en Suidwes-Afrika toegepas het, juis vanweë die poging om Suidwes-Afrika konstitusioneel by Suid-Afrika in te lyf. Volgens die Verenigde Nasies was Suidwes-Afrika nie deel van Suid-Afrika nie en die liggaam wou derhalwe verhoed dat die Regering sy binnelandse beleid ook op dié gebied afdwing. Daarom wou Basson wegstuur van die moontlike konflik tussen Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die Verenigde Nasies. Hy het egter nie 'n volledige uiteensetting gegee van die vorm van federalisme waarvan hy melding gemaak het nie.

Terwyl Basson se partygenote hulself duidelik uitgespreek het ten gunste van die konstitusionele inlywing van Suidwes-Afrika as 'n vyfde provinsie van Suid-Afrika, het Niehaus, die leier van die Verenigde Nasionale Suidwesparty in Suidwes-Afrika, hom soos Basson ook ten gunste van die ontwikkeling van Suidwes-Afrika se regering langs 'n federale weg uitgespreek.[12] Dit blyk dat die botsende standpunte nie ernstige konflik binne die Nasionale Party veroorsaak het nie. Die rede daarvoor was waarskynlik omdat daar geen definitiewe en duidelike standpunt oor Suidwes-Afrika se verhouding met Suid-Afrika aangekondig is nie. Basson kon ook nie daarvan beskuldig word dat hy die Verenigde Nasionale Suidwesparty in hul standpunt gesteun het nie, aangesien

---

11. Die Burger, 16.03.1951; Die Suidwes-Afrikaner, 22.03.1951.
12. Die Suidwester, 22.03.1951; Die Suidwes-Afrikaner, 13.12.1951.

hy ten gunste was van inskakeling op sekere gebiede. Hy was ten gunste van Suidwes-Afrika se Hooggeregshof onder die Hooggeregshof van Suid-Afrika. Daarbenewens het die noue politieke bande wat met Suid-Afrika bestaan het, ook die prioriteit van inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika op die agtergrond geskuif. Die politiek van die dag het vereis dat besin moes word oor inskakeling en die vorm daarvan, eerder as inlywing.[13]

Volgens Basson moes die idee van 'n Groter Suidelike Afrika ten doel hê om die apartheidsbeleid van die Regering te beskerm: *"dit is juis vir die rede* (die aparheidsbeleid) *dat ons oor die dinge besorg is, en dat ons in die land graag dink aan die Unie, Suid-Rhodesië, Suidwes-Afrika, en ook Noord-Rhodesië sovêr dit kan, as potensiële eenhede in 'n Groter Suid-Afrika."* [14] Basson het egter twee voorwaardes gestel. Dit moes 'n oorheersend "Wit" Suidelike Afrika wees, waarin blankes die heersende posisie sou beklee. Die tweede grondslag vir samewerking moes die kleurbeleid van Suid-Afrika wees, aangesien dit volgens Basson die grootste gemeenskaplike en bindende krag was. Indien hierdie idee van Basson tot praktiese uitvoering gebring sou word, sou Suid-Afrika dus nie alleen staan in die verdediging van sy kleurbeleid nie en gevolglik moontlike regverdiging daarvoor verkry. Basson sou egter naïef wees indien hy van mening was dat die Europese moondhede wat in Suidelike Afrika belange gehad het, onsensitief sou staan teenoor internasionale druk.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en die Verenigde Nasionale Suidwesparty het skerp verskil oor Suid-Afrika se hantering van sy verpligtinge teenoor Suidwes-Afrika en die Verenigde Nasies.[15] Basson het teen dié agtergrond 'n versoek tot die opposisie gerig dat onderlinge verskille gestaak moes word, asook dat hulle: *"alles in ons vermoë moet doen om, as ons dan nie inlywing verkry nie, dan minstens Suidwes-Afrika uit die internasionale sfeer van kritiek te haal."* [16] Die voorgestelde samewerking moes volgens Basson plaasvind op die voorwaardes wat deur die Nasionale Party neergelê is. Dit sou uiteraard nie vir die opposisie aanvaarbaar wees nie. Dit blyk daarom dat die "mislukte" poging van Basson en die gevolglike aanvalle op die Verenigde Party, waarskynlik daarop gemik was om populariteit te wen en sy partygenote te probeer oortuig van sy breuk met die Verenigde Nasionale Suidwesparty.

---

13. Die Suidwester, 11.04.1951, 15.08.1951, 18.08.1951.
14. Hansard, 04.04.1951, kol. 3796.
15. Die Suidwester, 01.08.1951, 07.11.1951; Die Suidwes-Afrikaner, 18.10.1951.
16. Hansard, 17.05.1951, kol. 7105.

Majoor Piet van der Byl, lid van die Verenigde Party, het die opportunistiese optrede van Basson geïdentifiseer. Sy reaksie op Basson se versoek het die gesindheid in die opposisie weerspieël: *"Maar die punt is dit, dat terwyl hy dikwels gesê het dat hy nie bereid is om die opposisie vir alles te blameer nie, ek bevrees is dat daar een ding is waarvoor Suidwes-Afrika altyd die opposisie sal blameer - en waarvoor hulle ons nooit sal vergewe nie - dat ons hom in die eerste instansie na Suidwes-Afrika gestuur het as ons betaalde organiseerder om ons werk te doen"* [17] Na dié aanval was Basson waarskynlik versigtiger en meer sensitief vir kritiek wat gesinspeel het op sy sogenaamde politieke onbetroubaarheid. Dié sensitiwiteit kon bygedra het tot sy stilswye oor ander kontroversiële kwessies, soos die afskaffing van die Kleurlingstemreg van die gemeenskaplike kieserslys in die Kaapprovinsie tydens die sitting van 1951 van die Volksraad.

Basson se skynbare stilswye kon ook daaraan toegeskryf word dat hy as 'n junior lid van die Party nie maklik die geleentheid sou kry om aan die debat oor die Wetsontwerp op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers deel te neem nie.[18] Dit het nietemin druk op Basson geplaas om sy standpunt daaroor te verdedig. Volgens hom was hy ten gunste van direkte verteenwoordiging van Kleurlingkiesers, eerder as die indirekte wyse van verteenwoordiging deur blanke Volksraadslede wat voor die aanname van die wetsontwerp gegeld het. Basson het die standpunt van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede ondersteun, naamlik direkte groepverteenwoordiging en skeiding op grond van volkeverband en nie op grond van kleur nie.[19]

Die wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers is egter in die Hooggeregshof teengestaan deur die opposisiepartye en individue in die Kleurlinggemeenskap. Die Hooggeregshof het beslis dat die wetgewing wat bepaal het dat Kleurlingkiesers in Kaapland van die gemeenskaplike kieserslys geskrap sou word, ongeldig was. Die Nasionale Party het daarop gereageer en deur die instelling van die Hoë Hof gepoog om die besluit van die Volksraad te verhef bo die gesag van die Hooggeregshof.[20] Basson het die verset van die Nasionale Party teen die uitspraak van die Hooggeregshof gesteun en gesê: *"dat dit* (die Hoë Hof) *'n middel sal skep, in die eerste plek, om die soewereiniteit van*

---

17. Hansard, 04.04.1951, kol. 3802.

18. Liebenberg, B.J., Spies, S.B., (reds), South Africa in the 20th Century, pp. 227-331; Bond vir Burgerregte, Die Kleurlingstemreg en die Grondwet, (s.a.).

19. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

20. Liebenberg, p. 335.

*die huidige en elke geslag vas te lê en te beskerm."*[21] Hy het daarby aangesluit en die volgende hoop uitgespreek: *"Hier is die enigste kans om die Kleurvraagstuk vir altyd uit die partypolitiek in Suid-Afrika te haal deur te sorg dat die Kleurlinge op 'n aparte lys kom. ...en die Kleurlinge is uitgehaal uit die politieke verskille van die blanke dan sal dit nie alleen tot heil van die Kleurling strek nie, maar dan sal ons ook nader kom aan die volkseenheid wat ons almal begeer"*[22]

Basson was van mening dat die kwessie oor Kleurlingstemreg 'n geskilpunt in die blanke politiek was wat tot politieke verdeling gelei het. As die geskilpunt uit die weg geruim sou word, sou die verlangde eenheid waarna hy verwys het, kon realiseer. Basson het sodoende op 'n berekende wyse daarin geslaag om die fokus te verskuif vanaf die politieke posisie van die Kleurlingkieser na die ideaal van blanke eenheid, en sodoende sy standpunt gerasionaliseer. Hoewel Basson moontlik nie volkome saamgestem het met die wetsontwerp wat die Kleurlingkieser in Kaapland van die gemeenskaplike kieserslys sou skrap nie, het hy nietemin die wetsontwerp gesteun en sy steun daarvoor verdedig op grond van sy siening van direkte verteenwoordiging.[23] Die wese van sy besluit was egter 'n keuse tussen 'n beginselstandpunt en politieke oorlewing. Indien hy die wetsontwerp sou teenstaan, sou dit tot politieke selfmoord lei.

Basson het reeds in Junie 1951 tydens die Jaarkongres van die Nasionale Jeugbond in Kaapland die volkseenheid wat hy nagestreef het, duidelik uitgespel. Die belangrikste oogmerk vir volkseenheid was die verkryging van 'n republiek, op voorwaarde dat die tyd daarvoor geleë moes wees. Daar was egter voorafgaande stappe tot 'n republiek, naamlik: *"Ons wil 'n Suid-Afrikaanse vlag hê sonder die Union Jack; ons wil 'n eie Suid-Afrikaanse volkslied hê as die amptelike volkslied van die land; dis die dinge wat gedoen moet word as ons ware volkseenheid in die land tot stand wil bring."*[24] Met die sitting van die Parlement in 1952 het hy in dieselfde gees die instelling van 10 Oktober, Krugerdag, as openbare vakansiedag bepleit.[25] Basson het die pleidooi gelewer nie in die eerste plek as 'n verteenwoordiger van Suidwes-Afrika nie, maar in 'n persoonlike hoedanigheid. Die ideaal van volkseenheid was een van die kerntemas van Basson se politieke loopbaan tot voordat hy by die Verenigde Nasionale Suidwesparty in Suidwes-Afrika aangesluit het. Die bevordering van

---

21. Hansard, 22.04.1952, kol. 4566.
22. Hansard, 22.04.1952, kol. 4572.
23. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.
24. Die Suidwester, 06.06.1951.
25. Hansard, 20.02.1952, kol. 1646-1648.

die ideale moes egter oorstaan totdat hy as Volksraadverteenwoordiger verkies is en 'n platform verkry het waarvandaan hy sy ideale kon verkondig.

Na die Parlementsitting het Basson weer na sy kiesafdeling teruggekeer en talle vergaderings toegespreek met die oog op die Algemene Verkiesing in 1953. Die strydpunte in die aanloop tot die verkiesing tussen die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en die Verenigde Nasionale Party was onder meer die beleid oor algemene boerebelange, paaie, die arbeidsvraagstuk, inkomstebelasting, die bemarking van landbouprodukte, Suidwes-Afrika se finansiële posisie, onderwys, nywerhede en behuising.[26] Tydens die Volksraadsitting van 1952 het Basson, soos met die vorige sitting, sake genoem wat hoofsaaklik Suidwes-Afrika geraak het, asook die kiesers in sy kiesafdeling. Boerdery en die karakoelbedryf, die Visseryontwikkelings-korporasie, die verbreding van die smalspoorlyn in die Noorde van Suidwes-Afrika en die Verenigde Nasies se eise teen Suid-Afrika rakende die bestuur van Suidwes-Afrika as 'n mandaat, is debatte waaraan hy deelgeneem het en vrae wat hy gestel het.[27]

Basson het teen die einde van 1952 in 'n hewige stryd gewikkel geraak met die partyleiding van die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Harde woorde en wedersydse beskuldigings het tussen hom en sy voormalige partygenote geval en die pers in Suidwes-Afrika het die stryd op sy voorblaaie gedra. Advokaat J.P. Niehaus het Basson gedreig met 'n lastersaak, maar die direksies van Die Suidwester en Die Suidwes-Afrikaner het tussenbeide getree. Die saak is teruggetrek na 'n ooreenkoms om persoonlike aanvalle tussen die twee partye te staak.[28] Dit blyk dat Basson 'n bron van irritasie vir die partyleiding van die Verenigde Nasionale Suidwesparty was en dat sterk persoonlike gevoelens teen hom steeds aanwesig was. Hy is daarvan beskuldig dat hy 'n politieke manteldraaier was. Dit is waarskynlik die rede hoekom Basson in die stryd betrokke geraak het, juis vanweë sy sensitiwiteit oor die beskuldiging wat teen hom gehou is.[29] Aan die ander kant het hy ook die publisiteit wat die twis gekry het, geniet en kon hy daardeur sy politieke statuur verhoog onder ondersteuners van die Nasionale Party.

---

26. Du Plessis, A.H., Nasionale Party van Suidwes-Afrika Strydvrae No. 1-4, 1952; Die Suidwes-Afrikaner, 26.06.1952, 11.12.1952; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

27. Hansard, 19.03.1952, kol. 3328; 25.03.1952, kol. 3716; 26.02.1952, kol. 1961; 04.03.1952, kol. 2389; Die Suidwes-Afrikaner, 17.01.1952, 24.01.1952, 31.01.1952.

28. Die Suidwes-Afrikaner, 06.11.1952, 13.11.1952, 20.11.1952, 27.11.1952, 06.12.1952, 11.12.1952.

29. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Frans Venter, 22.06.1993.

## Die Algemene Verkiesing van 1953

Op die vooraand van 1953 is daar gespekuleer oor die moontlike vertoning van die twee partye in die verkiesing wat op 15 April 1953 sou plaasvind. Die stemgeregtigde kiesers in Suidwes-Afrika het toegeneem van 23 794 in die 1950-verkiesing tot 25 778 aan die einde van 1952. In die Namibkiesafdeling het die getal gestyg vanaf 3653 tot 4023, wat 'n weerspieëling was van die gemiddelde groei van stemgeregtigdes wat gedurende die tydperk in die kiesafdeling en ook in die ander kiesafdelings plaasgevind het.[30]

Die Algemene Verkiesing van 1953 het gelyktydig in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika plaasgevind. Japie Basson moes sy setel in die Namibkiesafdeling teen sy opponent, J.B. Muller, van die Verenigde Nasionale Suidwesparty verdedig. Anders as in die verkiesing van 1950, het die kandidate van Suidwes-Afrika nie dieselfde steun van hul ewekniepartye in Suid-Afrika gekry nie. Beide kandidate was dus op hulself aangewese om die kiesers te bereik. Die verkiesing sou Basson se eerste werklike toets wees om aan te toon of hy op sy eie 'n verkiesingsveldtog kon loods, en ook of hy die setel suksesvol sou kon verdedig. Die sukses van die Nasionale Party in Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika het in Basson se guns getel om die setel te verdedig. Daarbenewens het hy die kiesers in sy kiesafdeling goed leer ken en 'n bekende geword sedert sy verkiesing in 1950.

Die verkiesingsaanloop en propaganda van die Nasionale Party het grootliks ooreengestem met die strategie en inhoud van die verkiesing in Suidwes-Afrika in 1950. Dr. H.J. Steyn, een van die leierskorps van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, het die debatspunte van die verkiesing as volg verwoord: *"Die verkiesing gaan oor die handhawing van die blanke ras in Suid-Afrika, die soewereiniteit van ons Parlement, die voortbestaan of uitroeiing van kommunisme, volkseenheid en die toelating van inmenging van die V.V.O. in ons huishoudelike sake."* [31] Basson het hierby aangesluit met 'n oproep vir nasionalisme en volkseenheid en die opposisie aangeval vanweë hul inkonsekwentheid rakende die kleurbeleid en immigrasie.[32]

30. Die Suidwes-Afrikaner, 16.10.1952, 20.11.1952, 04.12.1952, 11.12.1952; Die Burger, 22.12.1952.
31. Die Suidwester, 21.03.1953.
32. Hansard, 05.02.1953, kol. 752-754; 06.02.1953, kol. 758, 794; Die Suidwester, 07.02.1953, 11.02.1953, 18.02.1953, 11.03.1953; Die Suidwes-Afrikaner, 12.02.1953.

In Suidwes-Afrika het die klem van die kwessies vir die verkiesing in 1953 ietwat verskil van dié in Suid-Afrika. Die fokuspunt was veral op plaaslike sake eerder as op nasionale kwessies gerig. 'n Saak wat uniek was aan Suidwes-Afrika, was die moontlike invloed van die stem van die Duitssprekendes. Daar was gevolglik 'n hewige stryd tussen die kandidate van die Nasionale Party en die kandidate van die Verenigde Nasionale Suidwesparty om die stem van die Duitssprekendes te wen. Basson het die Duitse stem probeer wen deur die Verenigde Nasionale Suidwesparty aan te val oor die beperkings wat hulle op Duitse immigrasie na Suidwes-Afrika voorgestel het. Hy het ook die inisiatief geneem en 'n pamflet opgestel en laat druk met goedkeuring van die Hoofbestuur, om spesifiek die steun van die Duitsers te probeer wen.[33] Basson het dus die voortou geneem onder die Volksraadslede van Suidwes-Afrika deur die Nasionale Party se houding rakende die Duitsers op skrif te stel en as verkiesingspropaganda te gebruik.

Hy kon, soos in die vorige verkiesing, staatmaak op die hulp van sy vrou wat sy administrasie hanteer het. Afgesien van die pamfletoorlog wat in die kiesafdeling gevoer is, het Basson ook vergaderings toegespreek. Hy was nie lief vir huisbesoek nie, maar het moeite gedoen met posstemme. Die verkiesing in 1953 het egter nie dieselfde omvang as die verkiesing in 1950 gehad nie. Die Algemene Verkiesing van 1953 se uitslag is op 18 April 1953 in Die Suidwester bekend gemaak. Die verskillende partye wat aan die verkiesing deelgeneem het in Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika, het as volg presteer:

| | |
|---|---|
| Die Nasionale Party | 94 |
| Die Verenigde Party | 57 |
| Die Arbeidersparty | 5 |
| | |
| Naturelleverteenwoordigers | 3 |

Die Nasionale Party het dus sy meerderheid van 5 setels in die verkiesing van 1950 vergroot tot 29 setels.

Die uitslag in die kiesafdeling Namib waar Basson 'n kandidaat was, was as volg:

---

33. PV 122: 2/9/1/1/8, Japie Basson aan A.H. du Plessis, 09.03.1953; PV 58: 2/25/1/1/1, Basson, J. du P., Party met die twee Gesigte, (s.a.); Basson, J. du P., Ope Gesprek met die Duitssprekende Kiesers in die Kiesafdeling Namib, (s.a.).

| | |
|---|---|
| J.D. du P. Basson<br>Nasionale Party | 2 114 |
| J.B. Muller<br>Verenigde Nasionale Suidwesparty | 1 560 |
| Nasionale Partymeerderheid | 554 |
| 1950-meerderheid | 441 |

Basson is dus vir sy tweede termyn tot die Volksraad verkies.[34] Uit die uitslag blyk dit dat Basson 'n suksesvolle verkiesingsveldtog gehad het met 'n goeie administrasie wat hom gesteun het. Sy sukses was, volgens die pers, egter ook deels toe te skryf aan die swak vertonings deur die leiers van die Verenigde Party en die Verenigde Nasionale Suidwesparty. Strauss en Niehaus is vir die swak vertoning van die twee partye teen die Nasionale Party verantwoordelik gehou, hoewel dit waarskynlik nie die belangrikste rede was nie.[35] Afrikaner-nasionalisme, die Nasionale Party se groeiende gewildheid en sy suksesse in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, asook die feit dat die Nasionale Party van Suidwes-Afrika die weg gebaan het vir direkte verteenwoordiging van kiesers in Suidwes-Afrika in die Volksraad van Suid-Afrika, is moontlik van die belangrike aanleidende redes wat die uitslag bepaal het.

Hoewel Basson se oorwinning hoofsaaklik toegeskryf kon word aan die gewildheid van die Nasionale Party, het hy tog 'n persoonlike bydrae gelewer om sy oorwinning te bewerkstellig. Sake waaraan die Regering aandag gegee het in sy kiesafdeling sedert die vorige verkiesing in 1950, het sy gewildheid bevorder. Dit was veral die verbetering van die infrastruktuur, skool- en hospitaalgeriewe wat in sy guns getel het.[36] Die sterkste teenstand wat hy gekry het, was van Die Suidwes-Afrikaner wat hom steeds aangeval het oor sy nooienstoespraak waarin hy die stelling "Suid-Afrika Eerste" gemaak het. Daarbenewens het Basson ook teenstand vanuit Oranjemund gekry van die werknemers van die De Beers diamantontginningsmaatskappy wat hoofsaaklik Engelssprekend was en die opposisie ondersteun het.[37]

---

34. Joubert, P.S., Partypolitieke Groeperinge in Suidwes-Afrika sedert 1915, Ongepubliseerde verhandeling, p. 284; Die Suidwester, 18.04.1953.

35. White, W.B., *The United Party and the 1953 General Election* in Historia, Jaargang 36, No. 2, 1991, pp. 67-77; White, W.B., *The United Party's Afrikaans-language Press 1948 - 1953* in Kleio, XXIV, 1992, pp. 66-79; Windhoek Advertiser, 17.04.1953; Die Suidwester, 22.04.1953.

36. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

37. Ibid.

Die gevolg van die verkiesing was 'n verswakte opposisie in die Volksraad, maar dit het ook 'n tydperk ingelei waarin die Verenigde Party talle interne probleme en 'n leierskapskrisis ervaar het wat die Party se effektiwiteit as opposisie begin ondermyn het.[38] Die omstandighede het daartoe gelei dat die Nasionale Party met 'n vryer hand sy beleid kon implementeer.

Basson se verkiesing vir 'n tweede termyn as Volksraadslid het sy posisie in die Parlement sowel as in die Nasionale Party bevoordeel. As 'n meer senior lid sou hy meer geleenthede in die Party kry, en daar sou ook ernstiger en meer dikwels kennis geneem word van die bydrae wat hy tot die Party gelewer het. Dit sou vanselfsprekend daartoe lei dat sy standpunte rakende bepaalde aangeleenthede sterker deur die pers belig sou word. Van die eerste geleenthede wat Basson te beurt geval het en wat hy nie verby laat gaan het nie, was sy verkiesing as een van die swepe van die Nasionale Party. Daardeur het hy geleentheid gekry om goed op hoogte te kom met die binnewerk van die Party.[39] Kort daarna is Basson verder beloon vir sy belangstelling in buitelandse sake en Afrika-aangeleenthede, met sy verkiesing tot sekretaris van die Afrika-groep, bestaande uit 'n groep van 35 parlementariërs.[40]

Hoewel Basson meer betrokke geword het by die nasionale politiek, het hy nie sy kiesafdeling en Suidwes-Afrika afgeskeep nie en in die loop van 1953 talle vergaderings toegespreek.[41] Hy was ook betrokke as lid van die sekretariaat by die Tiende Kongres van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika wat in Windhoek vanaf 27-29 Oktober 1953 plaasgevind het. Dit is moontlik as gevolg van dié verpligting dat hy nie dieselfde vryheid gehad het om standpunte op die kongres te formuleer nie en gevolglik nie dieselfde publisiteit in die pers geniet het nie.[42] Kort voor die aanvang van die kongres het hy sy bedanking as medesekretaris van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika aangekondig om meer tyd aan sy werksaamhede as lid van die Volksraad te spandeer.[43] Volgens Die Suidwester is Basson se bedanking egter toegeskryf aan 'n aantal

---

38. Die Suidwester, 28.03.1953, 08.04.1953; Die Burger, 25.04.1953, 05.09.1953, 24.09.1953.
39. Die Suidwester, 15.07.1953.
40. Die Suidwester, 01.08.1953.
41. Die Suidwester, 16.05.1953, 12.08.1953, 15.08.1953, 26.09.1953, 21.10.1953, 28.11.1953, 09.12.1953, 12.12.1953; Suidwes-Afrika, Notule van die Wetgewende Vergadering, Vierde Sessie - Sesde Vergadering, 10 tot 12 Maart en 12 tot 21 Mei 1953.
42. PV 122: 1/2/2/2/2/1, Nasionale Party Kongres Notule.
43. PV 122: 6/2/1/2/1/1, Verslae en memoranda.

direkteurskappe wat hy aanvaar het in sekere visserybelange in Luderitz en Walvisbaai.[44] Basson het as Volksraadslid 'n salaris ontvang en daarom het hy die relatief karige salaris van £70 per maand as mede-sekretaris verruil vir direkteurskappe wat vir hom nuwe uitdagings buite die politiek gebied het.[45] Van der Wath meld dat Basson goeie diens vir die Party as mede-sekretaris gelewer het en dat Basson en A.H. du Plessis, die ander sekretaris, baie goed oor die weg gekom het - 'n faktor wat die Party tot groot voordeel gestrek het.[46]

## Basson - voorstaander van volkseenheid

Basson het aan die einde van die parlementsitting in 1953 voorgestel dat *Die Stem* van Suid-Afrika in die plek van die Britse volkslied, *God Save the Queen*, gespeel moes word met die daaglikse sluiting van die Suid-Afrikaanse Radiodiens en ook na afloop van filmvertonings in bioskope. Hy wou daardeur sy ideaal van Suid-Afrikaanse nasionalisme bevorder. Sy voorstel is gunstig uit talle geledere van die Parlement ontvang en die pers het goeie dekking aan die saak verleen. Die gevolg van Basson se toespraak was dat die speel van *God Save the Queen* oor die Suid-Afrikaanse Radiodiens en ook in bioskope vrywillig gestaak is.[47] Die afloop van Basson se voorstel het hom baie selfvertroue gegee en hom vir enkele dae in die kollig van die Parlement laat verkeer. Uit die oogpunt van die Nasionale Party is Basson se aansien verhoog, aangesien hy die saak van "nasionalisme" bevorder het. Die opposisie, aan die ander kant, kon ook nie grondige besware teen die voorstel inbring nie, aangesien Basson se bevordering van Suid-Afrikaanse nasionalisme nie 'n eng bevoordeling van die Nasionale Party was nie. Basson het met hierdie voorstel dus uitstekende tydsberekening gebruik om die saak ter tafel te lê op die oomblik wat dit steun onder die grootste deel van die Volksraad geniet het. Hy het sodoende daarin geslaag om sy tweede termyn in die Volksraad op 'n hoë noot in te lei.

Basson het sy voorstel aan die begin van die parlementsitting van 1954 verder gevoer met die oogmerk om dit as wetgewing ingestel te kry. Hy het sy kans afgewag en in Januarie 1954 'n mosie vir een vlag en volkslied in die Nasionale Partykoukus gestel. Die voorstel is met gemengde reaksie begroet, met die belangrikste beswaar teen die tydstip waarop dit deurgevoer moes word. Die

---

44. Die Suidwester, 24.10.1953; Die Suidwes-Afrikaner, 29.10.1953; PV 58: 2/26/1/1/1, Japie Basson aan A. Bloomberg, 14.09.1953.
45. PV 122: 1/3/2/2/1/1, Notule van die Hoofbestuursvergadering, 13.03.1953.
46. Van der Wath, J.G.H., Johannes van der Wath van Suidwes-Afrika, p. 124.
47. Hansard, 10.09.1953, kol. 3519; Die Burger, 11.09.1953, 16.09.1953, 03.11.1953; Natal Witness, 11.09.1953; The Star, 11.09.1953.

Transvaalse lede wou hê dat die wetgewing moes saamval met die verwagte Republiekwording wat hulle in die vooruitsig gestel het en sodoende die impak daarvan vergroot. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, het met 'n amendement Basson se mosie in die koukus ondersteun op grond daarvan dat die mosie in lyn was met die beleid van die Nasionale Party. As gevolg van die koukus se verskil oor die tydstip waarop een vlag en volkslied geïmplementeer moes word, het dr. Malan voorgestel dat die mosie nie tot stemming gebring moes word nie, maar dat Basson dit as 'n privaatmosie in die Volksraad kon stel. Dit is so deur die koukus aanvaar en die Transvalers wat aanvanklik weerstand gebied het, het waarskynlik gehoop dat die mosie nie op daardie tydstip verder gevoer sou word om tot stemming in die Parlement gebring te word nie.[48]

Deur fyn waarneming en beplanning en uitstekende tydsberekening het Basson daarin geslaag om sy mosie verder te voer vir bespreking in die Volksraad. Basson se voorstel het gelui:

*" - Dat die Raad van mening is dat, met die oog op die noodsaaklikheid daarvan om 'n gesonde Suid-Afrikaanse volkseenheid te bevorder, die tyd aangebreek het dat-*

*(a) die Nasionale Vlag van die Unie as die enigste amptelike vlag van die land erken word; en*

*(b) één algemeen-erkende en eie Suid-Afrikaanse volkslied in Afrikaans en Engels, by alle Staatsgeleenthede gebruik moet word.*

*Die Raad spreek verder sy afkeuring uit oor die misbruik van "Die Stem van Suid-Afrika" en "God Save the Queen" by vermaaklikheidsplekke soos bioskope, konserte en danspartye."* [49]

Die laaste deel van die voorstel het verskil van Basson se aanvanklike voorstel in 1953, in die enkele opsig dat ook *Die Stem*, net soos die Britse volkslied, nie "misbruik" moes word by "vermaaklikheidsplekke" nie.

In Basson se motivering in die Volksraad vir sy voorstel het hy baie swaar geleun op die bevordering van nasionale eenheid.[50] Volgens hom was die vlag: *"die lewende uitdrukking (is) van die vryheid van 'n land."* Dieselfde het vir die Volkslied gegeld, naamlik *"'n Volkslied (is) 'n lewende uitdrukking van 'n mens se*

48. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993; Die Suidwester, 24.02.1954; Cape Times, 30.01.1954.

49. Unie van Suid-Afrika, Notule van die Volksraad, Tweede Sessie, Elfde Parlement, Vrydag 29 Januarie 1954, p. 12; Hansard, 23.02.1954, kol. 1100-1101; Die Suidwester, 03.02.1954.

50. Hansard, 23.02.1954, kol. 1102.

*liefde vir jou land, en daar is weinig dinge in die lewe van 'n volk wat so samebindende krag kan hê as 'n volkslied... elkeen wat dit ernstig bedoel met nasionale eenheid uit sy pad behoort te gaan om daardie samebindende krag te skep."*[51]

Die toespraak van Basson is oor die algemeen hoog aangeskryf en gunstig ontvang. Hy het nasionale eenheid aktief bepleit vanaf sy studentejare en betrokkenheid by die Unie-Jeugfront en het dus 'n goeie agtergrond en motivering daarvoor gehad. Afgesien daarvan was dit sy grootste geleentheid sedert sy verkiesing in 1950 as lid van die Volksraad en hy was dus deeglik voorbereid. Anders as met die voorstel wat hy in 1953 gemaak het ten opsigte van die speel van die Britse Volkslied in bioskope, het die pers en die opposisie baie sterker standpunt oor die saak ingeneem. In die koerante wat die Nasionale Party ondersteun het, is die Nasionale Party baie sterk aangemoedig om die voorstel te steun. In teenstelling daarmee het die opposisiepers voorspel dat dit die einde van Suid-Afrika se bande met Brittanje beteken het.[52] Daar was nie volkome politieke solidariteit en ooreenstemming in die Verenigde Party nie en daar is te velde getrek teen die rebelle wat Basson se voorstel gesteun het. Basson het vooraf kennis geneem van die spanning en die gevolglike vertrouensbreuk in die Verenigde Party in die stadium toe hy die voorstel ter tafel gelê het. Hy het besef dat sy voorstel deurgevoer kon word as gevolg van die opposisie se interne probleme.[53] Aan die kritiek van die opposisiepers het hy hom klaarblyklik min gesteur, aangesien hy die steun van die Nasionale Partygesinde pers gehad het.

Hoewel Basson se voorstel deur die Volksraad aanvaar is, het hy waarskynlik nie soveel krediet daarvoor ontvang soos hy verwag het nie. Hy het nietemin die aandag van enkele ministers getrek en gelukwensings van sy partygenote en openbare figure ontvang.[54] Hy het moontlik hieruit geleer dat dit die lede in senior posisies was wat die krediet gekry het, en dit kon hom aanspoor om sy posisie en aansien in die Party te verbeter. Die belangrikste gevolg van die aanvaarding van sy voorstel was eerstens dat dit Basson se selfvertroue verbeter het, en tweedens dat sy ideaal van een vlag en volkslied afgehandel was. Een van

---

51. Ibid. kol. 1103, 1109; The Star, 23.02.1954.

52. Natal Daily News, 01.02.1954, 25.02.1954; Cape Times, 08.03.1954; Die Suidwes-Afrikaner, 04.02.1954; Die Burger, 23.02.1954, 24.02.1954.

53. Rand Daily Mail, 30.01.1954. Die rebelle in die Verenigde Party verwys na die Bailey Bekker-groep wat later die Verenigde Party verlaat het.

54. Japie Basson-privaatversameling: Dr. A.D. Keet aan Japie Basson, 24.02.1954; Die Suidwester, 03.02.1954, 13.02.1954.

die sterkste bindende elemente wat die Nasionale Party vir Basson aantreklik gemaak het, se rol was dus uitgespeel. Hy was gevolglik genoodsaak om op ander beleidsaspekte, soos byvoorbeeld apartheid, te konsentreer om aanvaar te word en vordering in die Party te maak.

In teenstelling met baie van die Nasionale Party se Volksraadslede was Basson 'n gewilde spreker - ook by hoofsaaklik Engelssprekende gehore. Tydens 'n optrede voor die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad het hy die sewe belangrikste oogmerke van die Nasionale Party uiteengesit. Volgens hom was dit **eerstens** nasionale eenheid, **tweedens** 'n republikeinse en eg Suid-Afrikaanse grondwet, **derdens** 'n verenigde land, **vierdens** 'n demokratiese en 'n vrye Parlement, **vyfdens** samewerking in die Britse Statebond gepaardgaande met internasionale spanwerk, **sesdens** blanke heerskappy in Suid-Afrika op die basis van welwillendheid, en **laastens** 'n dinamiese demokrasie.[55] Dit was egter die sesde punt, *blanke heerskappy op die basis van welwillendheid*, wat die grootste verduideliking van hom geverg het.

Basson het sy siening van die beleid van apartheid verduidelik en verklaar: *"I do not hate any man of colour"*. Hy het apartheid ondersteun soos dit in afsonderlike ontwikkeling sy beslag gekry het. Basson het verduidelik dat daar 'n noue verband was tussen die nasionalisme van verskillende bevolkingsgroepe en die afsonderlike ontwikkeling van die groepe. Die beleid van apartheid was daarom nie 'n vreemde of nuwe begrip nie. Afsonderlike ontwikkeling was volgens Basson die antwoord vir die Suid-Afrikaanse kleurproblematiek waar daar 'n diepe verskil was tussen swart en wit, 'n tradisie bestaan het van geen vermenging nie en die ontwikkelingsvlak van swartmense veel laer was as die vlak van blankes. Gelykstelling en gevolglik 'n swart meerderheidsregering sou derhalwe die einde van die blanke beskawing beteken. Aldus Basson kon die beleid van afsonderlike ontwikkeling of apartheid die konflik oorbrug wat voortgespruit het uit dié verskille. Teen hierdie agtergrond het Basson die Verenigde Nasies se onwilligheid betreur om nie die beleid van apartheid te erken as 'n oplossing nie.[56]

---

55. PV 58: 3/1/1/1, Toespraak van Japie Basson voor die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad, 18.02.1954; Die Suidwester, 20.02.1954.

56. PV 58: 3/8/1/1/1, Toespraak van Japie Basson voor NUSAS Branch, U.C.T. (Universiteit van Kaapstad), 03.06.1954.

Basson het buiten die politiek van kleur ook 'n lewendige belangstelling in Suid-Afrika se buitelandse beleid en betrekkinge gehad. Hy het aan die begin van Augustus 1954 as deel van 'n afvaardiging van Parlementslede die eerste Statebondskonferensie wat in Afrika plaasgevind het, bygewoon.[57] Die konferensie in Nairobi in Kenia is deur 50 lidlande bygewoon en die Suid-Afrikaanse afvaardiging het na afloop van die konferensie ook van die aangrensende Oos-Afrikalande besoek. Dit blyk dat die maandlange besoek aan Oos-Afrika, asook die blootstelling aan talle afvaardigings van ander lande, 'n baie groot indruk op hom gemaak het.[58] Dit was veral in Kenia dat hy onder die indruk gekom het van die totstandkoming van 'n *"multi-racial society"* en die gemaklike verhoudinge tussen Afrikaan, Europeër en Asiër. Basson wou graag sien dat die aard van die verhoudinge en gesindhede in Kenia, ook sou ontwikkel tussen verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.[59]

Basson is tydens die konferensie deur die Rotariërklub van Mombasa genooi om 'n praatjie oor Suid-Afrika te lewer. Hy het hoofsaaklik oor die Nasionale Party se beleid van apartheid gepraat en dit in perspektief probeer stel: *"Whatever policies we pursue in respect of our many human problems, they spring not from hatred of any people or race, but from a love of our country and from a sense of protection of the institutions in which we believe."* [60] Met Basson se bywoning van die Statebondskonferensie het hy besef dat Suid-Afrika reeds op daardie tydstip kwaai kritiek in die buitewêreld en veral in Afrika verduur het as gevolg van die beleid van apartheid. Hy het daarmee saam ook besef dat die dreigende internasionale isolasie Suid-Afrika onberekenbare skade sou aandoen indien die kleurbeleid nie deur die internasionale gemeenskap aanvaar sou word nie.[61]

Volgens Basson kon Suid-Afrika dus nie blindelings apartheid toepas sonder om die dramatiese veranderinge wat in Afrika plaasgevind het, in ag te neem nie. Hy het reeds voor die Statebondskonferensie 'n pleidooi gelewer dat die Regering aktiewe stappe moes neem om diplomatieke verteenwoordiging na Afrikalande uit te brei ten einde handelsbetrekkinge aan te knoop. Ten opsigte van die

---

57. Commonwealth Survey, No. 158, 15 Oktober 1954, p. 3.
58. Die Suidwester, 04.08.1954, 25.08.1954, 04.12.1954; The Star, 14.08.1954.
59. The Friend, 05.10.1954; The Star, 13.10.1954; Dagbreek en Sondagnuus, 03.10.1954; Cape Argus, 04.03.1954, 05.03.1954.
60. Japie Basson-privaatversameling: Toespr. voorberei vir lewering by Konferensie, 24.08.1954 (Weens sittingstyd nie geleentheid gekry te lewer nie); Toespraak Rotariër-klub Mombasa 2/9/54; East Africa Standard, 01.09.1954; Die Suidwester, 18.09.1954; Die Volksgenoot, 06.10.1954.
61. Dagbreek en Sondagnuus, 10.10.1954.

kleurbeleid het hy die stelling gemaak: *"Wat die verhoudings tussen blank en nie-blank aanbetref, het ons 'n beleid, en ek dink dat ons vol moed is dat ons beleid 'n sukses sal wees. Maar ek glo nie dat iemand so wild sal wees om te sê dat ons alle moontlike wysheid in pag het nie"* [62] Hieruit blyk dit dat hy op daardie tydstip uit 'n ander perspektief na die beleid van apartheid begin kyk het as wat die algemene beskouing in die Party was. Hy het hom egter nie uitgespreek teen die Regering se toepassing van apartheid nie, maar eerder gepoog om 'n meer pragmatiese houding te bevorder.

Teen 1955 het die posisie egter verander en Basson het na aanleiding van sy besoek die vorige jaar aan die Statebondskonferensie gewaarsku: *"we must stop the continual overemphasis of the negative side of apartheid if we do not want this very overemphasis to attract most attention abroad and give the ordinary reader the impression of a policy of oppression."* [63] Hy was bewus van die buiteland se gevoel van: *"little patience with the South African's 'lack of diplomacy' - they complain that we talk too loudly and too much about apartheid and that we 'are far too ostentatious about our apartheid policies, thus arousing unnecessary resistance' - then we shall realize that South Africa will come to stand alone as the only remaining 'apartheid area' in the whole of Africa."* [64] Die rede vir die kritiese beskouing was omdat Basson, as verteenwoordiger van Suidwes-Afrika, meer ingestel was op buitelandse verhoudinge, omdat Suidwes-Afrika in die midde van 'n internasionale geskil gestaan het. Sy posisie in die Party het ook verbeter en daarom kon hy teen bepaalde fasette van apartheid begin waarsku. Daarbenewens het Basson besef dat die toepassing van die beleid negatiewe aspekte gehad het, wat dit verder onmoontlik gemaak het om internasionale persepsies te verander.

Basson het daarom die Nasionale Party sowel as die Volksraad op vier werklikhede gewys waarvan Suid-Afrika kennis moes neem in die beplanning en implementering van apartheid. Die **eerste** was dat: *"geen volk, of versameling van volke soos die naturellebevolking is, wat getalsterk is, op die lange duur - in 'n posisie van onderhorigheid.."* gehou kon word nie.[65] Die **tweede** stelling wat hy gemaak het, is dat daar 'n dramatiese ommeswaai in die wêreld plaasgevind het sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Suid-Afrika moes kennis neem van die

---

62. Spottiswoode, H., South Africa the Road Ahead, pp. 32-33; Hansard, 03.05.1954, kol. 4770.

63. Basson, J. du P., *Revolution in East Africa: How will it influence Us?* in The South African Outlook, April 1955, pp. 57-58.

64. Basson. J. du P., *The Only Surviving Apartheid Area in the whole of Africa?* in The South African Outlook, Mei 1955, p. 72.

65. Hansard, 31.03.1955, kol. 3884.

invloed van die gebeure op die ambisies van swartmense en die moontlikheid van opstand en rewolusie teen die bestaande bedeling. **Derdens** moes Suid-Afrika besef dat die aanvalle nie sou afneem nie, en dat die land die demonstrasieveld geword het vir die stryd tussen die Wit Weste en die Rooi Kommunisme waar Swart Nasionalisme op die draad gesit het, en elkeen gepoog het om dit na sy kant te laat oorval. **Vierdens** het Basson verwys na die werklikheid van: *"die beslistheid van die blankes in Suid-Afrika om hulle nie te onderwerp aan enige beleid wat vir hulle na nasionale selfmoord lyk nie."* [66] Basson het hierdeur gepoog om die realiteite te versoen met die blanke in Suid-Afrika se strewe om alleen die land te regeer om sodoende sy voortbestaan te verseker.

Volgens Basson was daar slegs twee alternatiewe waarop die werklikhede erken kon word, met inagneming van die strewe van die blanke om sy eie identiteit en leefwyse te bewaar. Die alternatiewe was naamlik integrasie, of: *"die weg van parallelle ontwikkeling, m.a.w. ons sal 'n definitiewe afbakening van politieke invloedsfere moet maak in Suid-Afrika. Daar moet gebiede wees waar die blanke politieke belange oorheersend sal wees, en moet ontwikkel; en dan moet daar gebiede wees - ek gebruik die meervoud - waar naturellebelange oorheersend sal wees en kan ontwikkel."* [67] Dit blyk hieruit dat Basson se siening van apartheid hoofsaaklik gebaseer was op gebiedskeiding soos deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede voorgestel is. Hy was 'n gekoöpteerde lid vir die Uitvoerende Komitee van die organisasie en dus in noue kontak met die denkstrominge wat in die organisasie aanwesig was.[68] Hierdie toespraak van Basson is goed deur die media gedra en sy standpunte en sieninge was dus 'n nuwe inslag wat die koerante nuuswaardig gevind het.[69] Hierdeur blyk dit dat hy aangesluit het by die debat waaraan die politieke hoofstroom deelgeneem het. Sy standpunt was goed en helder geformuleer, 'n faktor wat bygedra het tot die goeie dekking wat hy in die pers geniet het. Daarbenewens blyk dit dat Basson as voormalige joernalis die pers goed geken het en gevolglik geweet het wat die pers as nuuswaardig sou beskou.

---

66. Ibid. kol. 3885-3886.

67. Ibid. kol. 3886-3888.

68. Die Suidwester, 29.01.1955; Cape Times, 24.01.1955; PV 58: 11/1/1/1, SABRA Program vir die Sesde Jaarvergadering, 11-14 Januarie 1955, Stellenbosch.

69. Die Burger, 01.04.1955; Die Suidwes-Afrikaner, 01.04.1955; The Pretoria News, 01.04.1955; Die Suidwester, 02.04.1955, 06.04.1955, 13.04.1955; PV 58: 2/1/1/1, Cyrus Smith aan Japie Basson, 07.04.1955.

**Die botsing tussen Basson en die Eerste Minister, J.G. Strijdom**

Dr. D.F. Malan het op 11 Oktober 1954 sy uittrede as Eerste Minister aangekondig. Die stryd om sy opvolger aan te wys, het om twee persone gewentel, naamlik N.C. Havenga, die vertroueling van Malan, en advokaat J.G. Strijdom. Strijdom het veral steun gekry van die Volksraadslede van Transvaal, terwyl Havenga se steun meer tot die Kaapprovinsie beperk was. Dit was dus 'n stryd in die kleine tussen die Noorde en die Suide, wat onderskeidelik 'n meer rigiede toepassing van die kleurbeleid wou sien teenoor die Kaaplanders se oorwegend pragmatiese benadering.[70] Op 30 November 1954 is J.G. Strijdom tot die amp van Eerste Minister aangewys tot die groot teleurstelling van Basson, wat 'n aanhanger van die meer besadigde en gematigde Havenga was.[71] Daar word gemeld dat Basson so teleurgesteld was dat hy selfs die koukus verlaat het nadat Strijdom verkies is.[72] Basson het dus nie van sy hart 'n politieke moordkuil gemaak nie.

Dit is daarom nie vreemd dat geleidelike spanning tussen Basson en Strijdom opgelaai het nie. Die spanning het op die oppervlak verskyn nadat Basson in die openbaar skerp te velde getrek het teen Strijdom en die Nasionale Party se gebruik van die term "baasskap". Piet Cillie, redakteur van Die Burger, het Basson ondersteun en het hom self vroeër in die jaar in die kommentaarkolom van die koerant teen die gebruik van die term "baasskap" uitgespreek.[73] Strijdom het sy reaksie daarop persoonlik per brief aan Basson verwoord: *"maar of dit in belang van ons Party is en van ons saak en stryd om dit in die openbaar te doen onder die omstandighede en op die manier waarop u dit gedoen het, is meer as twyfelagtig."* [74] Basson het in sy terugskrywe die mening uitgespreek dat: *"die gebruik van die term baasskap en dominasie ons Party, en u as staatsman op wie die aandag van die hele wêreld gevestig is, meer kwaad doen as goed. Ek glo ook dat die Afrikaner, in sy eie belang, en ongeag die sê-goed van sy vyande, veel meer krities en selfondersoekend - teenoor homself moet staan."* [75]

---

70. Thom, H.B., D.F. Malan, pp. 295, 297; Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met prof. Piet Cillie, 08.06.1993 en Jan van Rooyen, 18.06.1993; Die Burger, 13.10.1954.

71. Die Burger, 01.12.1954; Thom, pp. 303-304.

72. Die Suidwes-Afrikaner, 22.03.1955; Japie Basson-privaatversameling: N.C. Havenga aan Japie Basson, 24.12.1954; Cape Times, 11.05.1955.

73. Dr. Piet Cillie-versameling: Japie Basson aan Piet Cillie, 20.09.1955; Japie Basson aan Piet Cillie, 03.10.1955; PV 58: 2/1/1/1, Piet Cillie aan Japie Basson, 22.09.1954; Die Burger, 21.04.1954, 27.04.1954.

74. Japie Basson-privaatversameling: J.G. Strijdom aan Japie Basson, 19.07.1955.

75. PV 58: 2/1/1/1, Japie Basson aan J.G. Strijdom, 10.08.1955.

Verdere korrespondensie het tussen Strijdom en Basson gevolg oor die term "baasskap" wat Basson as *" 'n interessante (hoewel vriendskaplike) korrespondensie"* beskryf.[76] Strijdom het gevoel dat die saak eerder in die toekoms in 'n persoonlike gesprek verder gevoer kon word.[77] Dit blyk dus dat Strijdom se aanvanklike reaksie getaan het namate hy die kritiek verwerk het. Basson het heelwat komplimente vir sy standpunt gekry uit die opposisie en die pers en ook van die Nasionale Party. Paul Sauer het hom gekomplimenteer en aangemoedig met die woorde: *"oorspronklike gedagtes wat nie somaar die geykte patroon volg, is soms nie deur almal welkom nie, maar desnieteenstaande baie nodig en doen veel meer goed as kwaad en jy kan seker wees dat jou artikel jou prestige by alle denkende Nasionaliste verhoog het."*[78] Netso het S.E.D. Brown van die South African Observer, asook Basson se vader hom gekomplimenteer met die moedige stap wat hy geneem het om die Eerste Minister tereg te wys.[79]

Hoewel Basson die ondersteuning van talle Nasionaliste gekry het, was daar ook diegene, veral van die Transvaalse lede van die Party, wat selfs so ver wou gaan om hom uit die Party te skors. Sy lojaliteit teenoor die Party en die leierskap is bevraagteken, aangesien: *"Government members of parliament were among those who have felt unhappy about this possible interpretation of Mr. Strydom's point of view, but the only public declaration came from Mr. J. du P. Basson, M.P. for Namib, a young, serious-minded politician, with a brilliant intellect and the makings of a future statesman."* [80] Daarbenewens het hy Strijdom in 'n netelige posisie geplaas, aangesien laasgenoemde se invloed en mag uitgedaag is. Basson het sodoende Strijdom se posisie asook sy eie posisie binne die Party getoets. Hoewel Strijdom ag geslaan het op Basson se standpunt, het die wantroue wat teenoor Basson ontstaan het, sy posisie in die Party benadeel, ten spyte daarvan dat dit sy status onder sekere Volksraadslede en die publiek verhoog het.

Op die nasionale politieke terrein was die afskaffing van die Kleurlingstemreg van die gemeenskaplike kieserslys waarskynlik die betekenisvolste gebeurtenis

76. Dr. Piet Cillie-versameling: Japie Basson aan Piet Cillie, 03.10.1955.

77. PV 58: 2/1/1/1, J.G. Strijdom aan Japie Basson, 08.09.1955 en 12.09.1955.

78. Japie Basson-privaatversameling: P.O. Sauer aan Japie Basson, 16.09.1955.

79. PV 58: 2/20/1/1/1, S.E.D. Brown aan Japie Basson, 01.08.1955; 2/1/1/1, Brief van Pa uit die Paarl, 12.07.1955.

80. N.I.C., *Race relations in Perspective* in The South African Observer, Augustus 1955, p. 12; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993; Die Suidwester, 20.04.1955.

gedurende 1955. Dit het plaasgevind nadat die Senaat vergroot is en die regbank van die Appélhof vergroot is met Regters wat die beleid van die regering simpatiekgesind was. Die oorweldigende reaksie van die opposisie en individue teen die afskaffing van die Kleurlingstemreg het weerklank gevind in koerantopskrifte, byvoorbeeld: *"Mass Protest Planned As Parties Prepare To Fight Senate Bill", "Exponents Of A New Tyranny", "Must Fight This Monster", "Democracy to Become 'Empty Sham' "*.[81] Basson het die instelling van die Hoë Hof volmondig ondersteun. Dit is te betwyfel of hy die vergroting van die Senaat in dieselfde mate gesteun het om sodoende die Kleurlingstemreg af te skaf. Soos Basson was daar talle kabinetslede en Nasionale Party-Volksraadslede wat nie tevrede was met die werkswyse waarop die kwessie hanteer is nie. Geeneen het dit egter oorweeg om hul openlik te verset teen die wetgewing nie.

Die jaar is ook gekenmerk deur die stigting van splinterpartye wat ontevrede geword het met die Verenigde Party en die leierskap se gebrek aan 'n duidelike alternatief op die beleid van apartheid. Een van die partye was die Suid-Afrikaanse Bond, terwyl persoonlikhede soos prof. I.S. Fourie en dr. B. Friedman se paaie met die Verenigde Party geskei het.[82] Die gebeure in Suid-Afrika het egter ook oorgewaai na Suidwes-Afrika, waar dieselfde tendens ervaar is. Dit was veral die Mandaatparty en die Fritz Thiel-Party wat belangstelling in Suidwes-Afrika gelok het, maar dit was weinig meer as nuuskierigheid.[83] Die reoriëntasie in die opposisiepolitiek het Basson se posisie egter nie geraak nie.

Die verkiesing van die Wetgewende Vergadering in Suidwes-Afrika op 16 November 1955 het Basson se tyd vir die laaste deel van die jaar in beslag geneem. Hy het verskeie vergaderings saam met kandidate gehou, wat bygedra het tot die klinkende oorwinning wat die Nasionale Party oor die Verenigde Nasionale Suidwesparty behaal het. Die nederlaag wat die Verenigde Nasionale Suidwesparty gely het, het tot groot ontevredenheid en spanning binne die Party aanleiding gegee. Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het na die verkiesing sterker betoog vir inskakeling by Suid-Afrika en die eise van die Verenigde

---

81. Cape Argus, 14.05.1955, 30.05.1955, 31.05.1955; Cape Times, 08.05.1955, 18.05.1955, 23.05.1955, 24.05.1955, 15.06.1955; Harry Lawrence-versameling: BC 640, F2.73., South Africa. The 1955 Session.

82. Die Burger, 18.06.1955, 05.07.1955; The Friend, 18.08.1955; O.D. Wollheim-versameling: O.D. Wollheim aan prof. Gwendoline Carter, 25.10.1955; Sunday Times, 06.03.1955; Die Suidwes-Afrikaner, 20.12.1955.

83. Die Suidwester, 22.01.1955, 19.04.1955, 19.10.1955, 21.10.1955.

Nasies verwerp.[84] Basson het besef dat die kwessie van die inlywing van Suidwes-Afrika by Suid-Afrika grotendeels as politieke propaganda vir die Nasionale Party gebruik is om stemme te trek. Die finansiële koste van so stap en die internasionale gemeenskap se verwerping daarvan het die stap al meer onwaarskynlik gemaak.

**Basson kritiseer die beleid van apartheid**

Basson se betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede en die bekendmaking van die Tomlinson-verslag wat aanbevelings moes doen oor die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die swart gebiede in Suid-Afrika, het 'n sterk invloed gehad op Basson se siening van die Nasionale Party se beleid van apartheid. Teen die jaar 1956 was die implementering van die beleid van apartheid deur wetgewing reeds so ver gevorder dat die gevolge daarvan in gemeenskappe gevoel is. Veral die African National Congress het protesaksies teen die implementering van apartheid geloods en 'n optog van ongeveer 10 000 vrouens het voor die Uniegebou in Pretoria hul verset teen die Paswette uitgespreek.[85]

Hoewel Basson besorg was oor die ontwikkelinge, het hy sy steun vir apartheid gebaseer op SABRA en Professor F.R. Tomlinson se verslag oor die kleurbeleid. Hy was daarvolgens van mening dat integrasie in 'n veelvolkige land soos Suid-Afrika, sou lei tot 'n onaanvaarbare toestand van swart dominasie. Hy het egter ook gevra dat kanale geskep moes word waardeur swart aspirasies uitgeleef kon word, omdat: *"is impossible, and as dangerous for peace/prosperity indefinitely to follow a policy by which the Bantu, or at least the educated and civilized Bantu, are denied the right of national self-expression in respect of politics, economics and so forth"*. Daarom was die enigste alternatief territoriale skeiding tussen swart en wit en afsonderlike ontwikkeling waardeur alle groepe hul aspirasies kon verwesenlik.[86] Ten opsigte van die Kleurlingbevolking was Basson van mening dat die bruin gemeenskap, anders as die swartmense, baie nouer by die blanke gemeenskap ingeskakel het en daarom kon daar geen sprake van gebiedskeiding wees nie. Hy was egter 'n voorstander van die instelling van afsonderlike, maar

---

**84.** Die Suidwester, 25.06.1955, 02.07.1955, 06.09.1955, 07.10.1955, 21.10.1955, 18.11.1955, 26.11.1955, 10.12.1955; PV 58: 2/8/1/1/1, Vergadering op Keetmanshoop, 15.11.1955; Die Burger, 18.11.1955.

**85.** Cape Times, 02.07.1956, 05.07.1956, 10.08.1956; PV 58: 2/21/1/1/1, J.W. Germishuys aan Japie Basson, 20.01.1956; Race Relations News, Junie 1956, Vol. XVIII, No. 6, pp. 71-76.

**86.** PV 58: 3/8/1/1/1, Lesing: Somerskool. Universiteit van Kaapstad, 17.02.1956.

direkte verteenwoordiging van bruin kiesers in 'n beoogde Kleurlingraad wat onder 'n Departement van Kleurlingsake moes ressorteer.[87]

Hoewel Basson apartheid in terme van gebiedskeiding ondersteun het, het hy toenemende bedenkinge ontwikkel oor die sogenaamde klein apartheid wat hy kleinlike apartheid genoem het. Dit was die wetgewing wat 'n onderskeid tussen mense getref het op grond van hul velkleur. Volgens Basson het dit die menswaardigheid van mense aangetas.[88] Hy het nietemin vertrou dat die sukses van die beleid van gebiedskeiding en afsonderlike ontwikkeling die negatiewe aspekte van apartheid sou oorskadu. Hy het daarom gewaarsku dat apartheid slegs kon slaag op die grondslag van gelyke geleenthede en gelyke voorregte vir almal binne die raamwerk van onderskeibare en onafhanklike sfere van verskillende aktiwiteite.[89] Die verskil ten opsigte van die interpretering van die beleid van apartheid het egter spanning tussen Basson en sy medepartylede veroorsaak.

Basson het ook sterk onder die indruk gekom van die toenemende weersin van die internasionale gemeenskap teenoor die beleid van apartheid. Hy het tot ander insigte gekom, sedert 'n paar jaar tevore toe hy in die Volksraad verkondig het dat Suid-Afrika se kleurbeleid die grondslag vir samewerking tussen Suidelike Afrikastate moes vorm. Hy het verder ook afgesien van sy ideaal van 'n Groter Suid-Afrika waarby die Britse Protektorate ingelyf sou wees.[90] Basson se idealisme is getemper deur die werklikheid en hy het gewaarsku dat: *"Hulle glo dat ons ons patroon van lewe wil uitvoer en afdruk op die res van Afrika en die res van die wêreld, en dat apartheid eintlik 'n nuwe soort imperialisme is - 'n aggressiewe imperialisme"*. Basson se antwoord daarop was dat: *"Persoonlik wil ek dit graag dat ons dit meer moet beklemtoon dat ons beleid van skeiding tussen wit en swart nie 'n uitvoerproduk is nie, maar dat dit 'n middel is in Suid-Afrika om die veilige voortbestaan van die blanke en sy westerse standaarde in Suid-Afrika te bewerkstellig."*[91]

---

87. PV 58: 2/20/1/4/1, Verklaring uitgereik deur SABRA insake Kleurlingaangeleenthede, 23.11.1956; 3/8/1/1/1, Gesamentlike Sitting, 23.02.1956; Die Burger, 28.02.1956, 19.05.1956.

88. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993; PV 58: 3/8/1/1/1, Gesamentlike Sitting, 23.02.1956.

89. PV 58: 5/1/1/2, Bevolkingsregistrasie, (s.a.); 5/1/1/3, Algemeen, (s.a.); Basson, J. du P., *The Case for Apartheid* in Africa South, Vol. 1, No. 1, 1956, p. 17.

90. PV 58: 3/8/1/1/1, Lesing: Somerskool. Universiteit van Kaapstad, 17.02.1956.

91. Hansard, 26.04.1956, kol. 4658.

Ook die Verenigde Nasies het druk op Suid-Afrika toegepas om sy invloed in Suidwes-Afrika te beperk en te probeer verhoed dat apartheid ook daar toegepas word. Hy het ook die Regering aangemoedig om beter betrekkinge met Afrikastate aan te knoop.[92] Dit blyk hieruit dat Basson gepoog het om die Regering te beïnvloed om hul houding te wysig, sonder om hulle te konfronteer om hul beleid drasties te wysig.

Die verhouding tussen Suid-Afrika en Suidwes-Afrika het 'n wending geneem nadat Suid-Afrika sy sittingsreg in die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies verbeur het. Basson het reeds voor die onttrekking van Suid-Afrika uit die liggaam, gesê dat: *"die kwessie van inlywing of anneksasie in die ouderwetse sin van die woord, alle praktiese betekenis verloor het. Binne die regte en magte wat die Unie nog altyd ten opsigte van Suidwes gehad het, het Suidwes inderdaad, de facto, geword 'n vennoot van die vier provinsies, die vyfde eenheid in die breë raamwerk van Suid-Afrika, en wel op 'n grondslag wat die beste aanpas by die politieke, ekonomiese en geografiese omstandighede van die gebied. Dit is hoe ons graag wil hê dat die Regering en die publiek van die Unie die saak moet sien."*[93] Basson het dus aanvaar dat Suidwes-Afrika nie meer as deel van Suid-Afrika ingelyf sou kon word nie, maar dat daar baie noue samewerking tussen die gebiede kon plaasvind met inagneming van die unieke omstandighede van die twee onderskeie gebiede.

Teen 1957 was dit duidelik dat Basson verskil het van sekere aspekte van die Nasionale Party se beleid van apartheid. Hy het dit ook sterker verwoord as in die voorafgaande jare en teenstand vanuit die Party ondervind. Hy het steeds gebiedskeiding of afsonderlike ontwikkeling as die oplossing voorgehou om tred te hou met veranderende wêreldomstandighede en die verhouding tussen wit en swart te verbeter.[94] Basson was egter sterk gekant teen: *"die verwoestende effek wat die berugte 'kerk-klousule' in dr. Verword* (*sic*) (Verwoerd) *se jongste naturellewetgewing reeds buite gehad het, asmede die verregaande beperkings wat in die Universiteitsapartheidswet op die dosente gelê word."*[95]

---

92. Ibid. kol. 4656.

93. Hansard, 23.04.1956, kol. 4327; Die Suidwester, 28.11.1956.

94. PV 58: 3/1/1/2, Tuinetak N.P., Koffiehuis Kaapstad, 22.02.1957.

95. PV 58: 2/1/1/2, Japie Basson aan dr. Bim Lombard, 18.03.1957.

Daarbenewens het Basson gewaarsku dat die beleid van apartheid nie suksesvol toegepas sou kon word indien blankes se houding nie verander na 'n houding van verdraagsaamheid, persoonlike beleefdheid en erkenning van die menslike waardigheid van swartmense nie.[96] Die oproep het ook uit ander oorde gekom en Basson wou 'n drukgroep van gematigdes in die Nasionale Party byeenbring waardeur hulle 'n balanserende effek kon hê op die groep Transvaalse Nasionale Partyvolkraadslede wat apartheid sterk voorgestaan het.[97] Basson het veral teenkanting van dié lede gekry oor sy siening van apartheid en ook sy steun vir lidmaatskap aan die Britse Statebond.[98]

## Spanning laai op tussen Basson en die Nasionale Party

Mnr. Johannes von Moltke, een van Basson se medeverteenwoordigers van Suidwes-Afrika in die Volksraad, het in Oktober 1957 'n persoonlike aanval op hom geloods nadat Basson gereageer het op gerugte wat Von Moltke versprei het dat Basson nie te vertrou was nie. Von Moltke was van mening dat Basson die buitelandse opinie oor apartheid en die gevolge daarvan op Suidwes-Afrika oorskat het. Daarbenewens het hy Basson verkwalik dat hy in die openbaar verskil het oor sommige aspekte van die apartheidsbeleid wat deur dr. H.F. Verwoerd, die Minister van Naturellesake, voorgestel is.[99] Basson se reaksie hierop was dat hy dit betreur het dat ander partylede hom verkwalik het oor sy standpunte. Hy het daarenteen gepleit vir 'n groter mate van openhartigheid en minder selfvoldaanheid teenoor ander bevolkingsgroepe. Die Nasionale Party moes volgens Basson ook selfondersoek doen en hul houding meet aan 'n gesindheid van Christelike regverdigheid.[100] Hy was egter veral ongelukkig omdat hy vermoed het dat Von Moltke 'n kwaadwillige veldtog teen hom en ander gematigdes in die Party geloods het.[101] Uit hierdie geskil het dit duidelik geblyk dat Basson teen daardie tydstip nie meer saam met die hoofstroom van denke in die Nasionale Party beweeg het nie. Die twis tussen hom en Von Moltke was egter eerder 'n botsing van persoonlikhede, maar was ook 'n

---

96. PV 58: 3/8/1/1/1, Toespr. voorberei, (01.05.1957), (nie gehou).
97. PV 58: 2/1/1/2, Dr. Bim Lombard aan Japie Basson, 05.03.1957; Japie Basson aan dr. Bim Lombard, 18.03.1957.
98. PV 58: 2/1/1/2, Japie Basson aan mnr. Willem van Heerden, 15.03.1957.
99. PV 58: 2/1/1/2, Mnr. Johannes von Moltke aan Japie Basson, 30.10.1957.
100. PV 58: 3/1/1/2, Hoofbestuursvergadering, Continental Windhoek, 02.09.1957; Japie Basson aan mnr. Johannes von Moltke, 22.10.1957.
101. PV 122: 2/9/1/1/10, S. Frank aan Japie Basson, 15.10.1957; PV 58: 1/4/2/1/1, Agenda Hoofbestuurs-vergadering, 26.11.1957; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

aanduiding dat daar spanning tussen Basson en van sy kollegas ontstaan het oor sekere bedenkinge en klemverskille wat Basson geaksentueer het.

Die spanning tussen Basson en lede van die Nasionale Party is verder gevoer na aanleiding van 'n voostel van Arthur Barlow van die Verenigde Party. Barlow se mosie het gelui dat slegs die Vlag van Suid-Afrika erken moes word en dat die Union Jack nie meer saam met die vlag gehys moes word by amptelike geleenthede en staatsgeboue nie.[102] Basson was 'n sterk voorstander van die simbole van nasionale eenheid. Sy toespraak tydens die debat oor die wetsontwerp vir die wysiging van die Vlagwet kan as een van sy bestes in die Volksraad beskou word. Dit was sy eerste toespraak in die Volksraad wat hy in Engels voorgedra het. Basson het 'n sterk pleidooi vir volkseenheid gelewer en sy argumente gebaseer op die historiese verloop van die poging om een vlag vir Suid-Afrika te verkry. 'n Nasionale vlag was vir Basson 'n wyse waarop: *"die onbehaaglike betrekkinge en wedywer tussen die twee blanke seksies in Suid-Afrika"* oorbrug kon word om gesamentlik die groter probleme van menslike verhoudinge en rasseprobleme op te los.[103]

Mev. V.M.L. Ballinger, lid van die opposisie en Naturelleverteenwoordiger in die Volksraad, het opgemerk dat Basson moeite gedoen het met die voorbereiding en voordrag van sy toespraak en dat die Volksraad soos gewoonlik met aandag na hom geluister het. Haar kompliment dat aangesien Basson: *"een van die intelligente jongmanne van Suid-Afrika* (was) *wat 'n baie effektiewe verskyning maak op alle platforms, stel hierdie Raad belang in wat hy te sê het"*, het waarskynlik tot afguns en verdere agterdog jeens Basson in die Nasionale Party aanleiding gegee.[104] Die positiewe dekking wat sy toespraak veral in die Engelstalige pers geniet het, het die groeiende wantroue teenoor Basson verder versterk. Ten spyte van die groeiende antagonisme jeens hom vanweë sy bedenkinge oor die beleid van die Nasionale Party, was daar ook enkele ministers wat hom gelukgewens het. Dit was egter veral opposisielede en die voorsteller van die mosie, Arthur Barlow, wat dit bestempel het as: *"die beste toespraak (is) wat vir jare in die Raad gehou is."* [105]

---

102. Cape Times, 04.02.1957; Die Burger, 20.03.1957; Rand Daily Mail, 01.02.1957.

103. Hansard, 04.03.1957, kol. 2198; Die Transvaler, 05.03.1957; Die Burger, 05.04.1957, 03.05.1957; Basson, J.D. du P., *Single Flag is a Contribution to National Unity* in The Forum, April 1957, pp. 34-37.

104. Hansard, 04.03.1957, kol. 2202.

105. Japie Basson-privaatversameling: Japie Basson aan Clarence Basson, (s.a.).

Basson het die geleentheid raakgesien om sy eie ontwerp van die Unievlag voor te stel, naamlik dat die klein vlaggies in die middel van die vlag vervang moes word deur die plan van die vyfpuntige kasteel in Kaapstad.[106] Die voorstel is egter nie verder gevoer nie, want F.C. Erasmus, die Minister van Verdediging, het die voorstel geneem en dit vir die gebruik van die Suid-Afrikaanse Weermag geregistreer.[107] Basson het hierby aangesluit met sy steun aan 'n republiek binne die Statebond. Volgens Basson sou Suid-Afrika deur 'n republiek vergestalting kon gee aan sy onafhanklikheid. Basson se kwalifikasie en sy sterk standpunt oor Suid-Afrika se bande met die Statebond het sy statuur onder 'n groep Nasionaliste verswak.[108]

Basson het beginselbesware gehad teen die wyse waarop gepoog is om apartheid te implementeer. Hy het sy bekommernis uitgespreek dat: *"wetgewing en 'n alte verregaande inmenging van die kant van die staat in die private lewens van sy burgers nie noodwendig die doeltreffendste middel is om 'n euwel mee te bekamp nie."* [109] Hy het in die skrywe aan 'n mede-Hoofbestuurslid van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika die tekortkominge en die onuitvoerbaarheid van sommige apartheidswetgewing probeer uitspel.[110] Die Nasionale Party se leierskap het onder druk verkeer, aangesien daar toenemend aangedring is dat Basson gerepudieer moes word. Dit was veral na sy rede in die Volksraad aangaande Buitelandse Sake dat Basson sterk teenstand vanuit die Nasionale Party ervaar het. Die standpunte van Basson wat dié reaksie tot gevolg gehad het, was eerstens dat hy die onafhanklikwording van Afrikastate aangemoedig het; tweedens dat Suid-Afrika noue betrekkinge met onafhanklike Afrikastate moes sluit; derdens dat apartheid nie as 'n uitvoerproduk na ander Afrikalande beskou moes word nie; en laastens dat Suid-Afrika nie moes poog om 'n sogenaamde Wit Blok te vorm met ander Afrikalande en sodoende die antagonisme van swart Afrikastate teenoor Suid-Afrika wakker maak nie.[111]

---

106. Die Suidwester, 01.05.1957; Dagbreek en Sondagnuus, 28.04.1957; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

107. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

108. PV 58: 3/1/1/2, "The Case for a Republic, Luncheon Club" Kaapstad, 20.05.1957; Van der Walt, N.G.S., Die Republikeinse Strewe: Dryfvere en Probleem Binne die Suid-Afrikaanse Partypolitiek, 1902-1961, Ongepubliseerde proefskrif, pp. 223-224.

109. PV 58: 2/1/1/3, Japie Basson aan mev. A. Louw, 01.08.1957.

110. The Star, 25.02.1957, 27.04.1957, 28.04.1957.

111. Rand Daily Mail, 12.06.1957; Sunday Express, 16.06.1957; Die Suidwester, 12.06.1957, 05.10.1957; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.

Die grootste reaksie is egter uitgelok deur Basson se voorstel dat swart diplomate en gaste van die staat by die sportklub van die Parlement, Fernwood, ontvang en gehuisves moes word.[112] Die Engelstalige pers het deur hul steun aan sekere standpunte van Basson egter 'n groterwordende wig tussen hom en sy Party ingedryf, met die gevolg dat sy standpunt binne die Party al minder gewig begin dra het. Basson het waarskynlik 'n beter begrip vir die ontwikkelinge in Afrika gehad as sy partygenote. Hy het daarom besef dat sekere apartheidswette 'n verleentheid vir Suid-Afrika sou word indien dit op swart persone met 'n hoë opvoedingspeil toegepas sou word.

Die spanning tussen Basson en sommige lede in die Nasionale Party het egter nie tot uitbarsting gekom nie, aangesien Parlementslede hul tyd en energie aan die voorbereiding van die Algemene Verkiesing spandeer het. Die Algemene Verkiesing was beplan vir 16 April 1958. Basson is egter reeds in April 1957 deur Keetmanshoop se Nasionale Partytak as kandidaat genomineer.[113] Die verkiesingstryd het dus bykans 'n jaar voor die verkiesing 'n aanvang geneem. Basson het genoem dat daar vier hoofredes was waarom kiersers vir die Nasionale Party moes stem. Dit was naamlik dat die Nasionale Party die voortou geneem het vir die bereiking van soewereine onafhanklikheid, 'n verenigde nasie: *"strewe na blanke selfbehoud, gepaard met realistiese maar regverdige rasseverhoudinge"*, vryheid en 'n dinamiese demokrasie.[114]

Hy het gedurende sy verkiesingsveldtog veral gefokus op die prestasies van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, hoofsaaklik die verbetering van die infrastruktuur, openbare geriewe en kommunikasie. Die Nasionale Partyregering het ook bystand en finansiële verligting aan boere en nywerhede gebied.[115] Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het ook Duitse stemme probeer werf met die erkenning van Duitse taalregte.[116] Die amptelike verkiesingsmanifes van die Nasionale Party het die bevordering van die gedagte "Suid-Afrika Eerste", die kleurvraagstuk, volkseenheid en 'n republiek in die oog gehad.[117]

---

112. Rand Daily Mail, 11.06.1957.

113. Die Suidwester, 20.04.1957, 14.12.1957, 24.12.1957; PV 58: 2/8/1/1/1, Nasionale Party Tak Oranjemund aan Japie Basson, 15.05.1957.

114. Basson, J. du P., *Moet ek stem?* in Die Huisgenoot, 04.04.1958, pp. 16, 18.

115. PV 58: 3/9/1/1/2, Verkiesingstoespraak Namib-veldtog Alg. Verk. (*sic*) (Algemene Verkiesing) 16 April 1958.

116. Die Suidwester, 04.09.1957, 07.09.1957; Die Suidwes-Afrikaner, 06.09.1957; PV 58: 2/23/1/1/1, Beleidsverklaring van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika ten opsigte van die Taalregte en Voorregte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika.

117. Die Suidwester, 19.03.1958.

In die Namibkiesafdeling het Basson 'n reeks vergaderings toegespreek en onder meer hulp gekry van sprekers soos die Minister van Buitelandse Sake, E.H. Louw, en dr. A.J.R. van Rhijn, Minister van Ekonomiese Sake.[118] Basson se hoofkantoor is vanuit Keetmanshoop bedryf waar sy vrou, Clarence, die posstemme en organisasie hanteer het. Daarbenewens het hy ook 'n kantoor elk op Luderitz en Maltahöhe gehad wat tydens die verkiesingsveldtog beman is.[119] Dit was Basson se derde agtereenvolgende verkiesing in die Namibkiesafdeling en hy was teen hierdie tyd 'n ervare politikus en kandidaat. Hy het egter heelwat administratiewe steun van sy vrou gekry, veral wat die posstemme betref het.[120]

Die opposisiepers in Suidwes-Afrika het selfs voor die verkiesing erken dat Basson se opponent, M.C.E. McDonald van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, nie werklikwaar 'n kans gestaan het om teen hom die stryd te wen nie.[121] Die uitslag van die verkiesing is op 18 April 1958 aangekondig. Die uitslag van die nasionale verkiesing was:

| | |
|---|---|
| Nasionale Party | 103 setels |
| Verenigde Party | 53 setels |
| Naturelle- en Kleurlingverteenwoordigers | 7 setels |
| | |
| Die Namibkiesafdeling | |
| J.D. du P. Basson | 2597 |
| Nasionale Party van Suidwes-Afrika | |
| | |
| M.C.E. McDonald | 1908 |
| Verenigde Nasionale Suidwesparty | |
| | |
| Nasionale Party-meerderheid | 689 |
| 1953 meerderheid | 554 [122] |

Basson is vir die derde termyn tot Volksraadslid verkies. Basson het sy meerderheid opgestoot, maar die Verenigde Nasionale Suidwesparty het ook meer stemme getrek as in die vorige verkiesing. Die styging van stemme vir beide partye kan moontlik toegeskryf word aan die uitbreiding van dorpsgebiede

118. Die Suidwester, 26.02.1958, 05.03.1958, 15.03.1958, 22.03.1958.
119. Die Suidwester, 05.03.1958.
120. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.
121. Windhoek Advertiser, 15.04.1958.
122. Die Burger, 18.04.1958.

en nywerhede wat stemgeregtigdes na die kiesafdeling gelok het. Basson se oorwinning kan waarskynlik toegeskryf word aan die sprekers van die Nasionale Party uit Suid-Afrika wat hom bygestaan het. Daarbenewens het sy organisasie en sy vrou se hantering van sy administratiewe reëlings tydens die verkiesingsveldtog ook 'n belangrike rol gespeel. Basson was teen 1958 ook reeds relatief bekend onder die kiesers in sy kiesafdeling, aangesien hy met talle van hulle persoonlike kontak gehad het en oor die periode reeds talle openbare vergaderings toegespreek het. Na sy verkiesing het hy 'n senior posisie in die Party ingeneem. Dit het hom meer selfvertroue en moed gegee om sy standpunte in die Party te lug.[123]

Sedert Basson se verkiesing as Volkraadslid in 1950, het hy gevorder van 'n relatief onervare Parlementariër tot 'n senior politikus in die Nasionale Party. Die politieke kwessies wat die hoogste op Basson se politieke prioriteitslys was, naamlik simbole van volkseenheid, is verwesenlik en het vergestalting gevind in hierdie periode van 1950 tot 1958. Die enigste uitsondering was die verkryging van republiekstatus vir Suid-Afrika. Die bereiking van volkseenheid was ook een van die sterkste kragte wat Basson tot die Nasionale Party verbind het. Met dié kwessies afgehandel en verwesenlik, moes Basson ander ideale identifiseer wat beide hy en die Nasionale Party nagestreef het. Daardeur sou hy sy verbintenis met die Party kon voortsit. Dit blyk egter dat reeds voor die verkiesing van 1958, die afwesigheid van 'n bindingskrag tussen Basson en die Nasionale Party spanning tussen hom en lede van die Party veroorsaak het. Dit blyk dat Basson nie dieselfde entoesiasme geopenbaar het oor die kleurbeleid van die Nasionale Party nie en ook dat sy persoonlikheidskenmerke 'n rol gespeel het in die toenemende spanning tussen hom en die Nasionale Party.

Daarbenewens het Basson as verteenwoordiger van Suidwes-Afrika en ook vanweë sy belangstelling in internasionale verhoudinge, onder die indruk gekom van die buitelandse druk op Suid-Afrika om sy kleurbeleid te wysig. Hy was self gekant teen sekere wetgewing wat die menswaardigheid van persone en groepe aangetas het. Sy ongemaklikheid met die rigting en filosofie wat die regering verkondig het, het hom so ver gedryf dat hy selfs vir Strijdom aangespreek het oor die gebruik van die term "baasskap".

Hoewel Basson 'n senior posisie in die Nasionale Party beklee het, het die Party se politieke fokuspunt vanuit Kaapland na die Transvaal verskuif, wat Basson se

---

**123.** Die Suidwester, 19.04.1958.

posisie nadelig geraak het. Teen 1958 was hy nie meer deel van die kern van die Party nie en was sy politieke posisie gevolglik nie so sterk as wat moontlik verwag is nie. Teen hierdie agtergrond het dit geblyk dat Basson se verskille met die Nasionale Party nie sou verminder nie, maar dat die teendeel eerder waar sou wees.

# 5. BASSON REBELLEER TEEN DIE BELEID VAN APARTHEID EN SY SKORSING UIT DIE NASIONALE PARTY IN 1959

### Basson bevraagteken die kleurbeleid van die Nasionale Party

Teen die einde van die vyftigerjare was dit duidelik dat Basson nie geneë was met die wyse waarop uitvoering aan die beleid van apartheid gegee is nie. As gevolg van 'n verskeidenheid struikelblokke en die gebrek aan 'n duidelike beleid met voorafbeplande implementeringsfases, het die idee van afsonderlike ontwikkeling getalm. Die Regering het derhalwe sy steun probeer behou deur die implementering van wetgewing wat geriewe, dienste en ander sosiale fasette tussen rassegroepe geskei het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat verskillende interpretasies aan die beleid van apartheid gekoppel is, wat opponerende standpunte in die Nasionale Party tot gevolg gehad het.

'n Gebeurtenis wat Basson se verskil met die meerderheid lede in die Nasionale Party se siening van die kleurbeleid duidelik geïllustreer het, was sy optrede voor die jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA) in 1958. Hy is uitgenooi om tydens die kongres 'n voordrag te lewer met die titel: *"Die taak van die blanke politikus ten opsigte van Rasseverhoudinge in Suid-Afrika"* [1] Hy was die enigste politikus wat deel was van die Uitvoerende Komitee van die Buro en is dus gevra om 'n bydrae te lewer.

In Basson se voordrag oor die verantwoordelikheid van die blanke politikus het hy ses hoofpunte uitgelig:

Die **eerste** was dat die blanke nie net bereid moes wees om die voordele van apartheid aan die blanke gemeenskap toe te deel en die nadele aan die swart gemeenskap nie, maar dat die voor- en nadele regverdig gedeel moes word. Daarbenewens het hy gewaarsku teen die onoordeelkundige gebruik van politieke terminologie soos byvoorbeeld "witmansland", "blanke baasskap" en "white supremacy" wat kwetsend was en verhoudinge vertroebel het.[2] Hy het verklaar: *"Daar is vir my byvoorbeeld 'n direkte teenstrydigheid in die begrippe baasskap en apartheid. Baasskap veronderstel horisontale skeiding, met die blanke bo en die nie-blanke onder. Apartheid, daarenteen, het vertikale skeiding op die oog - die een langs die ander, uiteindelik miskien gelyk in status, maar op afsonderlike*

---

1. PV 58: 2/21/1/1/1, J.W. Germishuys aan Japie Basson, 02.10.1957.
2. SABRA - Nuusbrief, Maart/April 1958, p. 5.

*terreine, in geskeide gebiede."* [3] Daarom het hy politici verkwalik wat verwarring geskep het deur die twee terme as sinonieme te gebruik.

**Tweedens** het Basson gesê dat: *"ons klaarblyklik geen hoop* (het) *om die nie-blanke van ons goeie bedoelings te oortuig as die blanke politikus nie opregte welwillendheid bewys en groter bedagsaamheid toon wanneer hy rasseverhoudinge bespreek nie."*

**Derdens** het hy die volgende mening gehandhaaf: *"Daar behoort in elk geval veel meer oordenking, miskien ook 're-thinking' te wees oor wat apartheid eintlik behels. Soos dit gesien behoort te word, is apartheid slegs 'n middel tot 'n doel, nl. die doel van selfbehoud."* Hy het gevaarligte gesien vir diegene wat apartheid as 'n doel op sigself wou laat realiseer.[4] Sy bedenkinge oor die houdbaarheid van die "negatiewe" sy van apartheid was tot 'n groot mate gebaseer op die gesindhede waarmee die wetgewing deur blankes gemaak en op swartmense en bruinmense toegepas is, asook die reaksie en gesindhede wat die toepassing van die beleid uitgelok het.

Die **vierde** punt wat Basson genoem het, het 'n appél op die politikus se verantwoordelikheid as opvoeder van die kiesers gemaak. Hy noem dat dit *"noodsaaklik* (is) *dat 'n progressiewe atmosfeer dadelik geskep moet word vir die stappe en aanpassings wat Suid-Afrika, in belang van sy eie veiligheid, teenoor die Nuwe Wêreld, veral die Nuwe Afrika, sal moet maak."* Suid-Afrika moes dus nie "bang" wees vir Afrika wat onafhanklikheidswording tegemoet gegaan het nie, maar moes daarby aanpas omdat Suid-Afrika self ook 'n Afrikastaat was. Daarom moes die beleid van apartheid oók voorsiening maak vir swart staatsmanne en diplomate waarmee Suid-Afrika diplomatieke en ekonomiese bande kon aanknoop.

Basson het **vyfdens** bepleit dat die portefeuljes Naturellesake en Kleurlingsake in die kabinet deur 'n senator hanteer moes word wat losser gestaan het van die

---

3. Basson, J.D. du P., *Die Taak van die Blanke Politikus t.o.v. Rasseverhoudinge in Suid-Afrika* in Tydskrif vir Rasseaangeleenthede - Kongresuitgawe, Vol. 9, No. 4, 1958, pp. 208-209; Cape Times, 02.05.1958.
4. Basson, J.D. du P., *Die Taak van die Blanke Politikus t.o.v. Rasseverhoudinge in Suid-Afrika* in Tydskrif vir Rasseaangeleenthede - Kongresuitgawe, Vol. 9, No. 4, 1958, pp. 210-211; The Natal Mercury, 02.05.1958.

partypolitiek.[5] **Ten slotte** was dit sy wens dat: *"daar meer wisseling van gedagtes moet plaasvind tussen die blanke politikus en die nie-blanke leier. Ongelukkig is miskien die meeste blanke politici heeltemal uit voeling met of sonder kennis van die moderne nie-blanke wêreld om en tussen hulle."* [6]

Basson se toespraak het reaksie in die pers en in die Nasionale Party uitgelok. In die opposisiepers is sy standpunte geloof op grond van die gesindheid wat dit weerspieël het, hoewel daar ook strydende standpunte was oor sy interpretasie van die beleid van apartheid. Volgens dr. J.F. Holleman wat die kongres bygewoon het, was Basson se voordrag uitstaande. Holleman het egter ook opgemerk dat dit duidelik uit die kongres geblyk het dat daar geen ooreenstemmende definisie van die inhoud van apartheid bestaan het nie. Daarom het die Regering se implementering van apartheid eerder afgewyk van die Tomlinsonkommissie se voorstelle oor afsonderlike ontwikkeling as wat die riglyne gevolg is.[7]

Basson is persoonlik deur Jim Fouché gelukgewens met die boodskap: *"Dit gee my moed. Persoonlik gebruik ek die term ontwikkeling onder blanke toesig in plaas van baasskap."* [8] Gigashe het as volg gereageer: *"Bantu opinie staan botstil voor u redelike uitstaande christelike uitspraak."* [9] Ook die redakteur van Africa South, Ronald Segal, het hom gelukgewens en gevra dat hy 'n artikel sou voorberei met dieselfde strekking as sy toespraak.[10]

Dit was egter Basson se vader, Danie Basson, wat self ook 'n kenner van die politiek was, wat besef het wat die implikasies van sy seun se standpunte kon wees. Hy het hom gelukgewens, maar in dieselfde asem gewaarsku dat: *"die opposisie hulle mosie van wantroue gaan baseer op ons apartheidsbeleid en hulle gaan jou en SABRA gebruik om iets van 'n saak te kan stel"* [11] Japie Basson het dus besef dat sy standpunte as 'n instrument deur die opposisie gebruik kon word in hul kritiek teen die beleid van apartheid en dat hy sodoende deur die

---

5. The Forum, Junie 1958, p. 10; Rand Daily Mail, 01.05.1958.
6. Basson, J.D. du P., *Die Taak van die Blanke Politikus t.o.v. Rasseverhoudinge in Suid-Afrika* in Tydskrif vir Rasseaangeleenthede - Kongresuitgawe, Vol. 9, No. 4, 1958, pp. 212-213; The Star, 01.05.1958.
7. Race Relations News, Vol. XX Nos. 3 & 4, 1958, pp. 22-23.
8. PV 58: 2/21/1/1/1, Jim Fouche aan Japie Basson, 02.05.1958.
9. PV 58: 2/21/1/1/1, Gigashe aan Japie Basson, 02.05.1958.
10. PV 58: 2/21/1/1/1, Ronald Segal aan Japie Basson, 03.05.1958.
11. PV 58: 2/21/1/1/1, D.J. Basson aan Japie Basson, 17.05.1958.

Nasionale Party verkwalik kon word. Terselftertyd sou Basson se kritiek teen die houdings van sommige Nasionale Partylede jeens ander rassegroepe moeilik vergeef word. Basson se vader se voorspelling was dus nie ongegrond nie. Hoewel hy van mening was dat kongresafgevaardigdes tot die besef gekom het van die: *"nuwe feite wat ons in Afrika in die gesig staar"*, sou die tyd egter leer hoe suksesvol die uitdagings die hoof gebied kon word.[12]

Dr. Jack Loock, 'n ou vriend van Basson, het hom ook gewaarsku dat: *" 'The 'powers that be' hou jou politieke uitlatings maar met 'n mate van argwaan dop. Ek wonder of jy te lank 'persona grata' by hulle sal bly. Maar 'n mens moet jou eie lewe lei. Elkeen moet handel volgens sy eie oortuiging anders ontwikkel of liewers degenereer hy tot die peil van 'n rigtinglose skaap."* [13] Een van die direkte aanvalle wat hy beleef het, het gekom van senator J.H. Grobler. Hy het Basson beskuldig dat hy "swak ingelig" was met 'n gebrek aan realisme oor die praktiese aspekte van apartheid. Daarbenewens was Basson se kritiek teen die term "baasskap" misplaas.[14] Dit was egter nie net sy toespraak wat sterk emosies onder Nasionale Partylede ontketen het nie, maar ook mosies wat SABRA tydens die kongres aangeneem het wat Basson se standpunt onderskryf het.[15] SABRA en sodoende ook Basson, wat met die Buro as Uitvoerende Komiteelid geassosieer is, het 'n bedreiging geword vir politici in die Nasionale Party, omdat die Buro ten opsigte van die kleurbeleid rigting aangegee het, iets waarteen die Regering gekant was.[16]

Die spanning tussen Basson en lede van die Nasionale Partykoukus het verder toegeneem. Daar het 'n duideliker verdeling in die koukus na vore gekom en die verdelingslyne het hoofsaaklik geloop langs die verskille tussen die Transvaalse konserwatiewes en die "gematigdes" van Kaapland. Basson het hom by die gematigdes en dr. Dönges, 'n prominente persoon in die groep, geskaar en dus stelling ingeneem teenoor die Transvaalse groep.[17]

Basson het in 1958 slegs by een geleentheid 'n toespraak in die Volksraad gemaak. Die vraag kan gestel word hoekom dit so was. Die moontlikheid

12. PV 58: 2/21/1/1/1, Japie Basson aan Nico Ferreira, 14.05.1958.
13. PV 58: 2/21/1/1/1, Dr. Jack Loock aan Japie Basson, 21.05.1958.
14. The Forum, Junie 1958, p. 11.
15. PV 58: 2/21/1/1/1, SABRA Resolusies van die Negende Jaarvergadering; Die Burger, 05.05.1958.
16. PV 58: 2/21/1/1/1, Uitvoerende Komitee van SABRA 1959.
17. Die Suidwes-Afrikaner, 14.01.1958; Die Vaderland, 27.05.1958.

bestaan dat hy skugter was om meer aandag op homself te vestig na aanleiding van die afloop van sy toespraak by die SABRA-kongres. 'n Waarskynliker moontlikheid is dat Basson nie verder deur die Party die geleentheid gegee is om sy standpunte in die Volksraad te stel nie, uit vrees dat hy die Party met sy uitsprake in 'n moeilike posisie sou stel.

Basson het nietemin die geleentheid gebruik om sy standpunt oor apartheid te stel in die debat oor die oprigting van 'n radiosender vir uitsendings na Afrikalande. Hoewel hy by 'n vorige geleentheid sterk ten gunste van so 'n sender was om daardeur kontak te maak met Afrikalande, het hy ernstige bedenkinge uitgespreek oor die haalbaarheid van die doel waarvoor dit opgerig moes word. Basson het gevra: *"Kan ons op die oomblik en in die omstandighede van vandag veel meer bereik met uitsendings na die verre lande van Afrika? Wat wil ons in Afrika verkoop? Wil ons apartheid verkoop? Wil ons 'white leadership' verkoop; wil ons 'discrimination with justice' verkoop? Ek dink ons moet realisties genoeg wees om te besef dat, hoe nodig hierdie dinge in Suid-Afrika mag wees en hoe positief ons die dinge ook al mag stel, buitekant Suid-Afrika en in Afrika veral die mark vir hierdie artikels maar taamlik beperk is."* [18] Hy was dus in voeling met die realiteit aangaande die buiteland se houding jeens Suid-Afrika as gevolg van die beleid van apartheid, hoewel hy bewus was van die swart reaksie binnelands oor die beleid het hy voorgestel dat: *" 'n kragtige en omvattende binnelandse uitsendingdiens vir die Bantoenasies"* op die been gebring moes word om sodoende die gevaar van die invloede van Kommunisme uit die swart gemeenskappe en Suid-Afrika te weer.[19]

In 'n voorbereide toespraak en aantekeninge blyk Basson se standpunt oor die Kleurlingverteenwoordigers duidelik. Hy was van mening dat hulle 'n groot sukses daarvan gemaak het, deur die belange van die bruin gemeenskap te bevorder en hy het die hoop uitgespreek dat hulle onafhanklike optrede sou bydra tot die ontwikkeling van die bruin bevolking.[20] As 'n Bolander, maar ook as 'n verteenwoordiger van Suidwes-Afrika, het Basson self ook nou kontak met die bruin bevolking gehad. As lid van die Volksraad vir Namib het hy namens die Suidwes-Afrika Kleurling-Onderwysersvereniging 'n pleidooi gelewer om bruinmense buite die Rehoboth-gebied ('n reservaat gereserveer vir bruinmense) dieselfde status te gee as diegene wat binne die gebied woonagtig was. Basson het die saak breedvoerig opgevolg en aan die betrokke instellings die vertoë

---

18. Hansard, 18.08.1958, kol. 2556-2557.

19. Ibid.

20. PV 58: 3/9/1/1/2, Toespraak voorberei, 19.09.1958.

gerig.[21] Hy het dus empatie gehad met die posisie van die bruinmense. Hy wou graag sien dat hul politieke sowel as hul ekonomiese en sosiale posisie verbeter word, ook buite die reservate wat vir hulle opsy gesit is.

Afgesien van die kleurbeleid het Basson ook sterk standpunte gehad oor Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge. Hy was 'n sterk voorstander van lidmaatskap van die Statebond en het ook gevra dat Suid-Afrika sy verhouding teenoor die Verenigde Nasies in heroorweging moes neem en die voortspruitende nadele uit die verhouding moes opweeg teen die moontlike voordele.[22] Hy het besef dat isolasie van die internasionale arena vir Suid-Afrika weinig voordele kon inhou.

Strijdom se siekte en dood in Augustus 1958 het 'n nuwe wending in Basson se politieke loopbaan tot gevolg gehad. Die keuse van 'n nuwe premier sou sy loopbaan direk beïnvloed en hy was deeglik bewus daarvan. Dr. T.E. Dönges, adv. C.R. Swart en dr. H.F. Verwoerd was die kandidate in die eerste stemming om die premierskap. Verwoerd het egter die stemming met behulp van die vergrote senaat gewen en Basson het uit teleurstelling met die koukus se keuse nie deelgeneem aan die tradisionele aankondiging van die Eerste Minister op die Parlementsgebou se trappe nie.[23] Verwoerd het sterk steun van die Transvaalse lede van die Party gekry, en Basson het verskil met die groepering, of "ekstremiste" soos hy hulle genoem het, se benadering tot apartheid. Daarbenewens het hy reeds voorheen vertoë tot Verwoerd as Minister van Naturellesake gerig namens swart persone, maar klaarblyklik sonder sukses.[24]

Basson het spoedig na die verkiesing van Verwoerd besef dat die Transvaalse denke in die Nasionale Party die toon sou aangee. Een van die eerste "aanslae" wat teen hom geloods is, was sy mislukte poging om tot die Federale Raad van die Nasionale Party herkies te word. Daarbenewens het die verwagting dat een van die verteenwoordigers van Suidwes-Afrika as 'n minister aangestel sou word, nie gerealiseer nie.[25] Volgens Die Burger was Basson een van die bekwaamste verteenwoordigers van Suidwes-Afrika en kon daarom in aanmerking gekom het

---

21. PV 58: 2/20/1/4/1, Mnr. A.J.F. Kloppers aan Japie Basson, 08.09.1958; Japie Basson aan dr. I.D. du Plessis, 15.09.1958; Japie Basson aan mnr. Viljoen, 15.09.1958; Windhoek Advertiser, 02.09.1958; Die Suidwester, 21.06.1958.
22. PV 58: 3/9/1/1/2, Toespraak voorberei, 19.09.1958.
23. Die Burger, 08.08.1958, 01.09.1958, 02.09.1958, 03.09.1958; Sunday Times, 31.08.1958; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.
24. PV 58: 2/20/1/2/1, H.F. Verwoerd aan Japie Basson, 13.08.1958.
25. PV 58: 2/5/1/5/1, Japie Basson aan Clarence Basson, 31.10.1958.

vir die pos. Die feit dat nie een van die Suidwes-Afrikaanse verteenwoordigers op daardie tydstip as 'n minister aangestel is nie, kan egter nie as 'n aksie teen Basson beskryf word nie, want Verwoerd het ook nie ander ministers aangestel nie.[26] Dit blyk dat Basson uit hierdie gebeure besef het dat hy moeilik sy ambisies te midde van die tydsomstandighede sou kon verwesenlik. Hy het sy ernstige bedenkinge teenoor sy vrou verwoord: *"Ons beweeg te stomp, te direk en te onverskillig teen die stroom van die morele rewolusie wat oor die wêreld trek, en 'n geweldige ramp staan ons voor die deur."*[27] Verwoerd se premierskap het vir hom dus weinig positief voorspel.

Basson het aan die einde van 1958 weer die geleentheid gekry om die buiteland op uitnodiging van die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake te besoek. Hy het tydens 'n tweemaandelange toer die Verenigde State van Amerika besoek, waar hy veral aangedoen het by verskeie Amerikaanse regeringsinstansies. Tydens sy besoek het hy onder die indruk gekom van die onkundigheid oor Suid-Afrika en vyandigheid jeens die land wat opgelaai het oor die land se kleurbeleid. Hy was egter van mening dat apartheid nie as die finale antwoord beskou moes word om die rassevraagstuk in Suid-Afrika te probeer oplos nie.[28] Basson het apartheid dus eerder as 'n middel in plaas van 'n doel beskou. Die rede waarom hy die uitnodiging na Amerika gekry het, kan toegeskryf word aan die besondere goeie verhouding wat hy met diplomate, veral die Amerikaanse en Britse diplomate, opgebou het. Hy was bekend as een van die "verligte" lede in die Nasionale Party wat maklik geskakel en gekommunikeer het met persone wat buite die Party gestaan het. Sy besondere tweetaligheid en sy vrou wat hom na sosiale funksies vergesel het, het verder bygedra tot sy gewildheid onder diplomate. Hy is selfs uitgenooi na funksies van verskeie ambassades. Daarbenewens was hy ook op die parlementêre paneel wat verantwoordelik was vir die ontvangs van buitelandse gaste. Hy was in dié opsig anders as die meeste van die Nasionale Partylede wat skugter was vir diplomate en hulle met 'n mate van agterdog bejeën het.[29]

Met die verkiesing van 1958 was dit die eerste keer sedert die Nasionale Party aan bewind gekom het dat die ondersteuners van die Party die totale getal ondersteuners van die Verenigde Party en die ander opposisiepartye saam oortref het. Dit het Verwoerd die geleentheid gegee om die kwessie van

26. Die Burger, 03.09.1958.

27. PV 58: 2/5/1/5/1, Japie Basson aan Clarence Basson, 31.10.1958.

28. The Friend, 18.12.1958; Die Suidwester, 01.10.1958, 24.12.1958.

29. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Louis Louw, 15.06.1993 en Tos Wentzel, 07.06.1993.

republiekwording baie sterker te bevorder.[30] Republiekwording het daardeur een van die temas in die politiek geword wat die aandag tot 'n mate van die apartheidswetgewing afgelei het en terselftertyd steun aan die Nasionale Party besorg het.[31] Basson het dié rigting van denke ondersteun met die voorwaarde dat dit 'n republiek binne die Statebond moes wees.[32]

## Basson en Verwoerd bots

Die jaar 1959 was 'n stormagtige jaar in die politieke loopbaan van Japie Basson. Pas na afloop van sy buitelandse toer was hy ongesteld en kon daarom nie 'n belangrike koukusvergadering bywoon nie. Die oogmerk van die koukusvergadering was om die voorstelle vir wetgewing wat gedurende die sitting bespreek sou word, oorsigtelik te behandel. Dit het onder sy aandag gekom dat Verwoerd 'n voorstel sou indien wat voorsiening sou maak vir die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers. Verwoerd wou sodoende kort na sy verkiesing tot premier sy invloed binne die Party laat geld en verder gestalte gee aan die beleid van apartheid. Die voorgestelde afskaffing van die naturelleverteenwoordigers was een van die eerste stappe waartoe Verwoerd in sy termyn oorgegaan het. Omdat Basson siek was, kon hy nie self sy beswaar daarteen in die koukus uitspreek nie en het dit toe per brief gedoen.[33]

Basson se volledige mosie het as volg gelui: *"Graag gee ek kennis dat ek op Dinsdag oor agt dae sal voorstel:*
*Dat, met die oog op ons verslegtende posisie internasionaal en in Afrika, en die gevaarlik oplaaiende vyandskap teen ons, die koukus <u>NIE</u> as in die beste belang van Suid-Afrika beskou dat die paar Naturelleverteenwoordigers - nie net in die Volksraad nie, maar [in stryd met ons tradisionele Partybeleid] ook in die Senaat en die Kaapse Provinsiale Raad - <u>in die heersende omstandighede</u> gelikwideer word nie;*
*En dat die Regering versoek word om in dié verband <u>vir eers</u> net op <u>positiewe</u> maatreëls te konsentreer, minstens totdat, onder andere,*

*(a) die naturellegebiede verder op die pad van 'n meer duidelik waarneembare politieke selfstandigheid gevorder het; en*

---

30. Die Burger, 05.07.1958, 29.10.1958, 06.11.1958, 07.11.1958.
31. The Forum, Desember 1958, pp. 9-10, 14.
32. PV 58: 3/1/1/9, Verenigde Volk.
33. PV 122: 2/1/1/22, Japie Basson aan A.H. du Plessis, 29.01.1959; Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, p. 172.

*(b) ons ons eie huis in orde gesit het, die huidige feitlike éénparty-Senaat beëindig het en die Hoërhuis hervorm het tot 'n kamer wat nouer ooreenstem met die beginsels en tradisies van die Demokrasie.*

Versoek

*Graag wil ek die Eerste Minister vriendelik vra om die Koukus nie in verband met bogenoemde saak voor 'n voldwonge feit te plaas nie."* [34]

Basson was van mening dat Verwoerd 'n belofte verbreek het met die aankondiging dat die naturelleverteenwoordigers uit die Parlement sou verdwyn, sonder om vooraf die koukus van die Nasionale Party in die saak te ken.[35] Sy aanklag het die koukus en Verwoerd onkant gevang. Hy het klaarblyklik steun in die koukus vir sy standpunt gehad en daar is besluit dat die saak in 'n volgende koukusvergadering verder bespreek sou word, voordat dit as 'n mosie vir 'n wetsontwerp ingedien sou word.[36] Sy optrede was lynreg teen Verwoerd se standpunt en die uitslag daarvan sou bepaal hoe sterk Verwoerd as premier enkele maande na sy verkiesing gestaan het.[37]

Die verset en inhoud van Basson se brief het uit die koukus gelek en die pers bereik. Dit het verder bygedra tot bespiegelinge oor Verwoerd se reaksie daarop en die implikasies vir Basson. [38] Basson het Johannes von Moltke van die stap verdink, want hulle het voorheen reeds swaarde gekruis. Die bekendwording van sy standpunt het hom op daardie tydstip in 'n moeilike posisie geplaas: *"aangesien ek geen kommentaar kan maak en berigte wat gedeeltelik verkeerd is kan korrigeer nie. Ontken ek één deel, dan erken ek by implikasie 'n ander en handel dan strydig met koukusreëls."* [39] Hy het dus geen kommentaar gelewer voordat die saak nie weer in die koukus uitgeklaar is nie.

Met die debat oor die wetsontwerp vir die implementering van die Bantoebeleggingskorporasie het Basson weer eens die fokus op hom laat val. Die

34. PV 122: 2/1/1/22, Japie Basson aan A.H. du Plessis, 29.01.1959.
35. Sunday Times, 25.01.1959; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 16.06.1993; Adam, H., Giliomee, H., (reds), Ethnic Power Mobilized: Can South Africa Change?, p. 200.
36. Cape Times, 26.01.1959.
37. Die Transvaler, 27.01.1959.
38. Die Vaderland, 26.01.1959.
39. PV 122: 2/1/1/22, Japie Basson aan A.H. du Plessis, 29.01.1959.

Bantoebeleggingskorporasie moes voorsiening maak vir die kapitaal en bestuur van die Bantoegebiede. Hy het die voorblaaie in die pers gehaal met sy betoog dat so ver moontlik gebruik gemaak moes word van swart personeel in die korporasie en dat swart verteenwoordigers ook op die direksie moes dien.[40] Dit was veral die opposisiepers wat die wig tussen Basson en die Nasionale Party probeer indryf het - 'n situasie wat vir die leierskap van die Party 'n bron van ergernis sou wees.[41]

Basson het op uitnodiging 'n toespraak by 'n geleentheid van die Sake- en Beroepsvroueklub in Windhoek gelewer oor Suid-Afrika se verhoudinge met betrekking tot die buiteland en spesifiek Afrikalande. Hy het 'n gevestigde belangstelling gehad in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika se betrekkinge met die buiteland. As parlementariër het hy noue kontak met Statebondslande gehad en het enkele maande tevore teruggekeer van 'n uitgebreide buitelandse reis. Dit was veral sy stellings ten opsigte van Suid-Afrika se verhouding met die res van Afrika wat die aandag getrek het en wat 'n ander aksent op die Regering se buitelandse beleid geplaas het. Hy het, in teenstelling met die gevoel in die Nasionale Party, betoog vir nouer betrokkenheid by die Verenigde Nasies en die Statebond.[42] Hy het ook gevra dat Suid-Afrika die ontwikkelinge en onafhanklikwording van Afrika moes aanvaar en dat daar vriendskapsbande gesmee moes word om sodoende Kommunisme uit Afrika te weer en die handelsbetrekkinge tussen die lande te beskerm.[43] Suid-Afrika moes derhalwe bewus wees van die gevare wat 'n isolasiementaliteit in Afrika kon inhou.[44]

Die spanning tussen Basson en die Nasionale Party het verder opgelaai nadat hy in 'n toespraak by die Universiteit van Kaapstad die mate van vryheid en besluitnemingsbevoegdheid van verskillende Amerikaanse state vergelyk het met die provinsies in Suid-Afrika. Daarbenewens was Amerika in voeling met die wêreld en het hulself nie soos Suid-Afrika geïsoleer nie. By implikasie was dit 'n indirekte aanval op die Regering. Basson het ook gemeld dat hy tydens sy besoek aan Amerika onder die indruk gekom het van die belangstelling in die ontwikkelinge in Afrika - veral by universiteite, kolleges en ook biblioteke en

---

40. Hansard, 12.02.1959, kol. 820; Die Suidwes-Afrikaner, 13.02.1959.
41. Cape Times, 16.02.1959; The Star, 13.02.1959; PV 58: 2/8/1/2/1, Japie Basson aan mnr. Roelf van Wyk, 24.02.1959.
42. Windhoek Advertiser, 27.02.1959.
43. PV 58: 3/9/1/1/2, Toespraak 26.02.1959; Die Vaderland, 27.02.1959; Rand Daily Mail, 27.02.1959.
44. PV 58: 4/1/1/1, Konsepartikel voorberei vir Die Vaderland (nie ingegee) Maart 1959; Die Burger, 28.02.1959; Cape Argus, 27.02.1959; Natal Daily News, 27.02.1959.

institute wat spesiaal vir Afrikastudies opgerig is.[45] Basson het daarop gesinspeel dat die Suid-Afrikaanse Regering moes aanpas by die ontwikkelinge in Afrika en dit nie ignoreer nie. Hy was verder van mening dat die Suid-Afrikaanse regering veel meer aan die sentrale mag vasgehou het as wat die Amerikaanse regering deur 'n federale bestel kon doen.

Intussen het kiesers soos byvoorbeeld Rippon en Van Wyk briewe aan Basson gerig en hul kommer uitgespreek oor die rigting wat Verwoerd en die Nasionale Party ingeslaan het. Daarbenewens het hulle hom aangemoedig om sy standpunt te handhaaf. Die aanmoediging en steun kon moontlik daartoe gelei het dat Japie Basson meer vasberade opgetree het.[46] Ook binne die Nasionale Party het daar stemme begin opgaan teen die implementering van Verwoerd se idee van gebiedskeiding, bekend as Bantoestans. Professor H.J. Coetzee, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede, het by Basson aangesluit met 'n betoog dat swartmense en blankes volkome gelykheid moes verkry, beide met gelyke geleenthede, maar elkeen in sy eie staat.[47] Basson het die idee van "wit baasskap", wat die swart persoon in 'n onderdanige posisie tot die blanke geïmpliseer het, verwerp.[48]

Verwoerd en die lede van die Nasionale Party wat sy interpretasie van apartheid gesteun het, het toenemend geïrriteerd geword met SABRA se siening van die beleid. Dit was Die Burger wat dié tweespalt in die Volksraad uitgewys het: *"Twee lynreg strydige opvattinge van die toekomstige Suid-Afrika bots nou soos nooit tevore nie."* Die botsing het gehandel *"oor die toekenning van politieke regte aan die naturelle in hul eie volkstuistes en die beëindiging van die bestaande naturelle verteenwoordiging in die Parlement".* [49] Selfs die redakteur, Piet Cillie, van die Nasionale Partygesinde koerant Die Burger, is deur Verwoerd aangespreek as gevolg van kritiek teen die aspekte van apartheid.[50]

Basson se lidmaatskap van SABRA het hom onder verdenking gebring, en hy is as 'n rebel gebrandmerk. Hy is veral na sy toespraak asook na sy reaksie op

45. Cape Times, 13.03.1959; Rand Daily Mail, 13.03.1959; The South African Observer, Vol. V, No. 4, 1959, p. 14.
46. PV 58: 2/8/1/2/1, H.C. Rippon aan Japie Basson, 06.02.1959; R. van Wyk aan Japie Basson, 24.02.1959; Japie Basson aan E. Nell, 18.05.1959.
47. Sunday Times, 03.05.1959.
48. The Forum, April 1959, p. 10; Die Suidwester, 02.04.1959.
49. Die Burger, 25.03.1959.
50. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993.

Minister Eric Louw se opmerkings tydens die SABRA-kongres in Durban gekritiseer. Mnr. Eric Louw, die Minister van Buitelandse Sake, het in sy toespraak tydens die kongres gesê dat swart diplomate uit Afrika wel in Suid-Afrika toegelaat sou word, maar eers op 'n latere stadium. Basson het tydens die kongres daarop gereageer en gesê: *"Dit sal hom (die nie-blanke diplomaat) vry moet staan om in 'n blanke gebied te woon as hy dit verkies, om vriende te maak met Suid-Afrikaanse nie-blankes en hulle vir 'n aand se vermaak saam te neem na 'n openbare plek wat vir blankes gereserveer is."* [51] Basson se "teregwysing" was vir Louw en die Regering 'n verleentheid. Die opposisiepers het gespekuleer oor wat Basson in die mou gevoer het, terwyl die pers wat die Nasionale Party gesteun het, weinig van die gebeure laat blyk het. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat Basson se argument as geldig aanvaar is, omdat hy op die leemte van die beoogde wetgewing ten opsigte van buitelandse diplomate gewys het. Aan die ander kant kan die opposisiepers meer van die botsing gemaak het as wat dit in werklikheid was, omdat Basson se standpunt kontroversieel en interessant was.[52] Hoewel dit blyk dat Basson se argument suiwer was, het hy getoon dat hy nie so gedienstig voor die partydissipline sou buig nie en daardeur die gesag van senior partylede uitgedaag - 'n houding wat sy posisie in die Party benadeel het.

Die gevolg van die gebeure was duidelik. Verwoerd en sy ondersteuners binne die Nasionale Party het ongeduldig geraak met standpunte in dié party wat die implementering van apartheid bevraagteken het. Beaumont Schoeman noem dat Verwoerd besonder geïrriteerd was met Basson se optrede tydens die SABRA-kongres en hom kwalik geneem het oor sy uitlating.[53] SABRA het toenemend die skyf geword van Verwoerd, nie net as gevolg van die kritiek wat uit die geledere gekom het nie, maar ook omdat die organisasie daarin geslaag het om die leierskap en die Party altyd 'n paar treë vooruit te wees ten opsigte van die formulering en denke oor apartheid.[54] Die joernalis, Stanley Uys, het egter gewys op die problematiek waarin SABRA en ook Basson vasgevang was: *"The SABRA dilemma - one can say the dilemma of all Nationalist intellectuals who are seeking a way out - is that they are not satisfied apartheid will work, but they can't for the life of them think of anything else that will."* [55] Basson se teenstand het sy

---

51. Die Suidwester, 04.04.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 10.04.1959; SABRA Nuusbrief Januarie/Junie 1959, p. 8.
52. The Forum, Mei 1959, pp. 9-10; Rand Daily Mail, 03.04.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 07.04.1959.
53. Schoeman, p. 174.
54. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993.
55. The Forum, April 1959, p. 10.

posisie in die Party bemoeilik en sy spreekbeurte is as gevolg daarvan beperk.[56] Die Suidwester het Basson aangeval, en hoewel Basson probeer aandui het dat hy by geleentheid verkeerd aangehaal is, kon hy nie daarin slaag om die persepsie aangaande hom te verander nie. Een van die sterkste persepsies was dat hy 'n onafhanklike denker was wat hom weinig aan die Party gesteur het.[57]

Dié reeks insidente het 'n duidelike invloed op Basson en sy posisie in die Nasionale Party gehad. Verwoerd se persoonlikheid en sy politieke styl het verskil van dié van sy twee voorgangers, Malan en Strijdom. Basson het onder albei gedien en het Malan as 'n akkommoderende persoon beskryf wat volkseenheid hoog geag het. Ten spyte daarvan dat hy Strijdom aangeval het oor sy gebruik van die term "baasskap", is dit nie deur die Eerste Minister op 'n persoonlike vlak teen hom gehou nie. Verwoerd het daarenteen geen teenstand geduld nie en het bykans absolute slaafse navolging geëis. Die ruimte in die Party om met die leierskap te verskil, het drasties verklein en Basson is al meer binne die Party geïsoleer. Hoewel hy nie baie in die Party aangehoor is nie, het hy deeglik daarin geslaag om die pers se aandag te trek en sodoende op 'n alternatiewe wyse sy boodskap uit te dra.[58]

Hoewel Basson se betrokkenheid by SABRA teen hom gehou is deur die Nasionale Party, het hy die blootstelling baie positief ervaar. Hy meld dat hy in die periode wat hy by die Buro betrokke was, gestimuleer is deur leidende akademici soos byvoorbeeld professore N.J.J. Olivier, J.L. Sadie, B.I.C. van Eeden en Erika Theron. Basson het gevoel dat SABRA die regte rigting ten opsigte van die beleid van apartheid ingeslaan het en hy het homself sterk daarmee geassosieer.[59] Hoewel hy homself nie as 'n woordvoerder van SABRA in die Parlement beskou het nie, het sy medepartylede asook die pers sy standpunte as die standpunt van SABRA vertolk.[60] Dié persepsie kon daartoe bygedra het dat Verwoerd en sommige lede in die Nasionale Party hom wou verhoed om binne die Party sy standpunt te verwoord.

Teen die begin van Meimaand 1959 het die spanning tussen Verwoerd en Basson verder opgelaai. Die rede was eerstens Basson se verset om die leierskap slaafs

56. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Jan van Rooyen, 18.06.1993.
57. Die Suidwester, 06.05.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 08.05.1959.
58. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Louw, 15.06.1993.
59. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 15.06.1993.
60. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Otto Krause, 24.11.1993 en Japie Basson, 15.06.1993.

na te volg, en tweedens sy voorwaarde waarop hy die wetsontwerp op die Bevordering van Bantoeselfbestuur sou steun. Dié verskil het veral skerp op die voorgrond getree tydens 'n koukusvergadering van die Nasionale Party in die eerste week van Mei 1959. Klaarblyklik het slegs hy en Verwoerd tydens die koukus geleentheid gehad om hul standpunte te stel en dit was dus 'n tweestryd tussen 'n premier en 'n Volksraadslid. Basson het aangevoer dat hy nie die wetsontwerp in sy totaliteit kon steun nie. Hy het as redes aangevoer dat dit die verbreking van 'n belofte sou wees indien die naturelleverteenwoordigers uit die Parlement verwyder sou word en dat hy in beginsel 'n etiese probleem daarmee gehad het. Hy het bygevoeg dat Suid-Afrika se beeld in die buiteland onberekenbare skade toegedien sou word indien die stap deurgevoer sou word. Daarbenewens sou die stap slegte tydsberekening wees, want daar moes eers gewag word totdat strukture en liggame in die Bantoestans gevestig sou wees wat dieselfde rol sou speel as die naturelleverteenwoordigers, voordat laasgenoemde afgeskaf kon word. Hy het daarop gewys dat, in die verkiesingsdokument van 1948 van die Nasionale Party, slegs voorsiening gemaak is vir die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers in die Volksraad en nie ook in die Senaat nie.[61]

Verwoerd het in 'n uurlange toespraak op Basson se stellings gereageer en gesê dat geen argumente die Regering sou verhinder om voort te gaan met die toepassing van die beleid van apartheid nie. Verwoerd het die naturelleverteenwoordigers as uitgedien beskou. Hulle het in die pad gestaan van die swartman se politieke aspirasies en nie ingepas in die raamwerk van apartheid nie.[62] Ten spyte van die pogings van veral Ministers Dönges en Ben Schoeman, om die vergunning aan Basson te gee om buite stemming te bly wanneer die wetsontwerp ter stemming gebring word, is dit afgekeur. Ook Paul Sauer en P.K. le Roux het vir toegewings aan Basson gevra, maar sonder sukses. Na aanleiding van 'n gesprek wat tussen hulle plaasgevind het, het hy in 'n skrywe aan Dönges die mening uitgespreek dat: *"die debat in die koukus sy normale loop moet neem en 'n aanduiding van heersende gevoelens moet gee."* [63]

'n Groep in die Party het gepoog om Basson te diskrediteer en hom probeer verhoed om sy standpunte te stel. Volgens die Sunday Times het die groep onder andere bestaan uit Carel de Wet, Ben van der Walt, J.C.B. Schoeman, G.F. van L. Froneman en Herman Martins, almal lede van die Volksraad.[64] Eric Louw

61. Sunday Times, 03.05.1959.
62. Die Transvaler, 07.05.1959; Sunday Times, 03.05.1959.
63. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993; PV 58: 2/8/1/2/1, Japie Basson aan dr. T. E. Dönges, 27.04.1959; Schoeman, pp. 175-176.
64. Sunday Times, 03.05.1959.

het gesê dat Basson eenvoudig die standpunt van die Verenigde Party herhaal het. De Wet Nel het aangesluit en gewaarsku dat Basson fundamenteel van die apartheidsbeleid verskil het en Albert Hertzog het die mening uitgespreek dat Basson eerder by die Verenigde Party tuisgehoort het as by die Nasionale Party.[65] Basson het die koukusvergadering verlaat voordat die vergadering verdaag het. Daaruit kan afgelei word dat die koukus oor Basson se posisie in die koukus wou besin.[66] Basson het hom egter nie deur die intimidasie laat afskrik nie en verklaar dat hy sy standpunt sou stel tydens die debat oor Bantoeselfbestuur wat op 18 Mei 'n aanvang sou neem.[67] Daar is in die pers bespiegel oor hoe die koukus teenoor hom sou optree en die moontlikheid van sy skorsing uit die Party is selfs genoem. Dit was egter bykans ondenkbaar, aangesien die Party sedert sy oorwinning in 1948 geen lid uit die Party se parlementêre koukus geskors het nie. Dit was egter duidelik dat Basson nietemin sy standpunt gehandhaaf het en ook versoek het dat hy sy standpunt in die Volksraad wou stel.[68]

Basson het na afloop van die koukusvergadering vir 'n week in Windhoek vertoef, waar hy met van sy kiesafdeling se bestuurslede beraadslaag het en sy toespraak voorberei het. Die sweep van die Nasionale Party het wel 'n volle spreekbeurt aan Basson in die Volksraad toegeken, maar takties besluit dat hy eers laat die middag op die laaste dag van die periode wat aan die debat toegedeel is, sou praat. Intussen het die belangstelling in die debat en ook in Basson se standpunt toegeneem.[69]

Zach de Beer meld dat hy en Basson op die vooraand van Basson se toespraak in gesprek was. Basson het aangedui dat hy verwag het dat hy moontlik geskors sou word vanweë sy siening. De Beer het gepoog om hom oor te haal om by die groep ontevredenes in die Verenigde Party aan te sluit om 'n nuwe party te vorm, maar Basson was nie daarvoor te vinde nie. De Beer meld verder dat hy onder die indruk gekom het dat Basson sy standpunt gebaseer het op beginsels eerder as politieke ambisie, aangesien hy sy politieke loopbaan deur sy optrede op die spel geplaas het.[70]

---

65. Schoeman, p. 176.
66. Die Suidwes-Afrikaner, 12.05.1959.
67. The Star, 06.05.1959.
68. Sunday Times, 10.05.1959, 17.05.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 12.05.1959, 19.05.1959.
69. Die Transvaler, 07.05.1959; Die Burger, 05.05.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 19.05.1959.
70. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met dr. Zach de Beer, 07.06.1993.

Piet Cillie, redakteur van Die Burger, het gepoog om Basson te laat afsien van sy plan om die toespraak voor te dra en gevolglik op 'n botsing met Verwoerd af te stuur. Cillie het 'n lang argument met Basson gevoer en hom op die problematiek van Die Burger gewys, omdat die koerant dieselfde idees as Basson gesteun het. Indien die koerant sou voortgaan om die idees uit te dra, sou hy toenemend daarvan beskuldig word dat dit in navolging van Japie Basson was. Basson is gevra om die Party van binne te probeer hervorm saam met persone soos Schalk Pienaar en andere, maar hy het voet by stuk gehou.[71] Ook ander invloedryke lede van die Nasionale Party het probeer om hom te oorreed en hom met die leierskap te versoen. Basson noem dat dit veral sy vader Danie Basson, wat 'n senator was, asook Ben Schoeman, dr. Dönges, Ben van der Walt, A.H. du Plessis en Simeon Frank was wat die kwessie ernstig met hom bespreek het, maar terselfdertyd ook begrip vir sy standpunt gehad het.[72]

Basson het geleentheid gekry om op 19 Mei 1959 laatmiddag sy standpunt in die Volksraad te stel. Die atmosfeer in die Volksraad en persgalery was gespanne en groot afwagting het geheers.[73] Basson het sy toespraak begin deur daarop te wys dat daar reeds telkens tevore sogenaamde oplossings was vir die naturellevraagstuk, maar dat dit nie blywend was nie, omdat te veel veranderlikes buite rekening gelaat is. Volgens Basson moes die uitgangspunt van die Parlement die volgende wees: *"naas goeie wette, hom toelê op die inskerping van goeie waardes en gesonde opvattings; wat nie sy eie tyd te vêr probeer verbystreef en te veel vir die onsigbare toekoms probeer beplan nie; en wat daarna streef om met sy onmiddellike wetgewing en gesindheid van vertroue en vreedsaamheid en 'n gevoel van veilig en goed versorg te wees, onder al sy mense bevorder."*[74] Sy uitgangspunt het dus verskil van Verwoerd s'n in die opsig dat hy apartheid slegs as 'n eksperiment beskou het, terwyl Verwoerd dit as 'n finale antwoord beskou het.

Basson het daarna gesê dat hy ten gunste was van die eerste deel van die wetsontwerp, naamlik die toekenning van plaaslike regeringsmagte aan die voorgestelde swart gebiede. Volgens hom het dit niks weggeneem nie en leemtes kon uitgeskakel word deur eksperimentering en ervaring. Daardeur sou die politieke ambisies van die swartmense in dié gebiede ook vervul kon word.

---

71. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993.
72. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 16.06.1993; Die Suidwes-Afrikaner, 27.05.1959.
73. Die Burger, 20.05.1959.
74. Hansard, 19.05.1959, kol. 6463-6464.

Basson het sy steun verder gekwalifiseer en genoem dat hy die eerste deel van die wetsontwerp gesteun het, nie soseer vir wat dit op daardie oomblik was nie, maar vir wat hy vertrou het dit sou word.[75]

Dit was egter die tweede deel van die wetsontwerp, naamlik die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers, wat die grootste deel van sy rede in beslag geneem het en wat van betekenis was. Basson het erken dat: *"dit* (is) *algemeen bekend dat ek diep ongelukkig voel oor die afskaffing van die Naturelle-verteenwoordiging in die Parlement; oor die manier waarop dit gedoen word; oor die tydstip waarop en die omstandighede waarin dit gedoen word; en as gevolg van sekere beginsels wat daarby bemoei is."* [76] Hierna het hy die redes vir sy verset teen die stap verwoord. Hy het genoem dat die stap nie net die swart bevolking geraak het nie, maar ook die wese van die Parlement aangetas het. Die rede daarvoor was dat een party wat een seksie van die bevolking verteenwoordig het, homself die reg toegeëien het om die samestelling van die parlement te verander. Hy het ook gevra of daar nie eers behoorlike konsultasie met die swart bevolking en die mense wat direk daardeur geraak sou word, moes plaasvind voordat die wet goedgekeur kon word nie.[77]

Basson het verder sy bedenkinge uitgespreek oor die tyd en omstandighede waarin hulle die stap wou deurvoer. So 'n stap sou Suid-Afrika se bestaande sensitiewe verhoudinge met die buitewêreld geensins verbeter nie. Basson het besef dat dit moontlik tot nadeel van Suidwes-Afrika sou strek indien die kleurbeleid van Suid-Afrika in Suidwes-Afrika op dieselfde wyse toegepas sou word.[78] Deur die afskaffing van die verteenwoordigers sou die Volksraad en die Regering ook sonder 'n belangrike bron van eerstehandse inligting en kritiek ten opsigte van sake rakendende die swart bevolking moes klaarkom.[79]

Basson het sy argument herhaal, naamlik dat 'n plaasvervangende liggaam gevestig moes word voordat die verteenwoordiging beëindig word. Hy het gesê dat dit vir hom op geen wyse geblyk het dat die Bantoegebiede op só 'n wyse totale outonomie en onafhanklikheid sou ontwikkel dat dit naastenby vergelykbaar sou wees met die Parlement nie.[80] Hy wou dus graag sien dat daar

75. Die Burger, 20.05.1959; Hansard, 19.05.1959, kol. 6464.

76. Hansard, 19.05.1959, kol. 6466.

77. Hansard, 19.05.1959, kol. 6467-6468.

78. Windhoek Advertiser, 21.05.1959; Cape Times, 30.05.1959.

79. Hansard, 19.05.1959, kol. 6468-6469.

80. Ibid. kol. 6472.

eers strukture en liggame in plek kom in die gebiede met dieselfde status as dié van die bestaande Parlement voordat verteenwoordiging afgeskaf kon word. Hy het gewaarsku dat: *"die naturelle hierin 'n daad van troubreuk en van onreg sal sien wat hom verbitterd sal maak, nie net teen die Regering en die Nasionale Party nie, maar in die besonder teen die Afrikaner."* [81] Dit lyk egter nie asof Verwoerd en die Nasionale Party op sy waarskuwing ag geslaan het nie.

Basson het sy toespraak afgesluit met 'n stelling waarvoor hy moeilik in die Nasionale Party vergewe sou word, naamlik *"dat as my stem deurslaggewend was, as my stem hierdie afskaffing van die naturelle-verteenwoordigers kon verhinder het, dan sou ek ten koste van my politieke posisie en ten koste van my persoonlike posisie, daarteen gestem het."* [82]

Pas na afloop van Basson se toespraak moes die Speaker van die Parlement die Raad versoek om die onderlinge gesprekke te staak, aangesien hy nie die spreker kon hoor nie. Dit was sonder twyfel Basson se belangwekkendste toespraak in dié periode in die Volksraad, en dit het die verbeelding van veral die opposisiepers aangegryp.[83] Hulle het dit as 'n teken gesien dat die politieke granietmuur van die Nasionale Party krake begin toon het. Uit die persgalery was daar groot opgewondenheid, want hulle het 'n breuk tussen Basson en die Nasionale Party voorsien en sommiges het hom bewonder vir sy moed om die Eerste Minister eiehandig tot 'n stryd uit te daag. Daar was ook verbasing vir die kalme manier waarop hy sy toespraak voorgedra het en dit het bewondering in die Raad afgedwing.[84]

Hoewel verwag is dat Verwoerd op Basson se toespraak sou reageer, was dit egter P.W. Botha, die Adjunkminister van Binnelandse Sake, wat sy teleurstelling met Basson se optrede uitgespreek het. Daar is egter nie verwys na die sake wat hy aangespreek het nie, maar sy optrede is aangeval.[85] Schalk Pienaar het in 'n hoofberig van Die Burger daarop gewys dat, indien dit werklik sy wens was om versoening tussen hom en die Party te bevorder, hy die aard en bewoording van sy toespraak anders kon gekies het. Pienaar het by Cillie se standpunt aangesluit en betekenisvol opgemerk dat: *"Aan die saak wat hy in die*

---

81. Die Suidwes-Afrikaner, 22.05.1959; Hansard, 19.05.1959, kol. 6473.
82. Hansard, 19.05.1959, kol. 6474.
83. Die Transvaler, 20.05.1959.
84. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Alf Ries, 07.06.1993 en Tos Wentzel, 07.06.1993.
85. Die Suidwes-Afrikaner, 22.05.1959; Hansard, 19.05.1959, kol. 6498-6499.

*politiek wil dien, het hy groter ondiens bewys as wat iemand anders dit sou kon doen."* [86]

Basson het na die lewering van sy toespraak talle notas van bewondering en bemoediging gekry, veral uit die opposisiegeledere. Harry Lawrence het in sy boodskap aan hom gesê: *"I wish I were as brave as you !"* [87] Talle ander leidende politici in die opposisie, soos byvoorbeeld Helen Suzman, professor Sakkies Fourie, Marais Steyn en Brian Wilson, het ook hul bewondering en gelukwensing aan hom oorgedra.[88]

Keetmanshoop se afdelingsbestuur in die Namibkiesafdeling wat Basson verteenwoordig het, het in reaksie op sy toespraak verklaar dat hulle rotsvas agter Verwoerd gestaan het, ongeag van wat hy oor Basson sou besluit.[89] Teen dié agtergrond was Basson 'n eensame figuur wie se politieke loopbaan in die Nasionale Party in die weegskaal was. Basson se skorsing sou Verwoerd se posisie in die Party bevestig en terselfdertyd 'n voorbeeld van Basson maak om ander moontlike rebelle in die Party af te skrik.[90] Aan die ander kant sou sy skorsing die fokus laat val op die verskille in die Nasionale Party. Dit kon daarom 'n oorweging wees om Basson toe te laat om politieke stoom af te blaas ter wille van eenheid in die Party, eerder as om hom te skors.[91]

## Basson se skorsing uit die koukus van die Nasionale Party

Basson het van sy kant egter niks gedoen om die koukus en Verwoerd se keuse te vergemaklik nie. Verwoerd het hom selfs gevra om tydens die eerste lesing van die wetsontwerp daarteen te stem, maar Basson het geweier. Indien hy nie die wetsontwerp sou steun nie, sou dit die taak van die koukus aansienlik vergemaklik het om hom te skors.[92] Hy het egter genoem dat sy stem gekwalifiseerd was tot die eerste deel van die wetsontwerp.[93] Intussen was dit

86. Die Burger, 20.05.1959.
87. PV 58: 2/8/1/2/1, Harry Lawrence aan Japie Basson, 19.05.1959.
88. PV 58: 2/8/1/2/1, Helen Suzman aan Japie Basson, 19.05.1959; Prof. Sakkies Fourie aan Japie Basson, 19.05.1959; Marais Steyn aan Japie Basson, 19.05.1959; Brian Wilson aan Japie Basson, 19.05.1959.
89. Cape Times, 21.05.1959.
90. Cape Argus, 27.05.1959.
91. The Friend, 21.05.1959.
92. The Star, 21.05.1959.
93. Die Transvaler, 21.05.1959; Dagbreek en Sondagnuus, 24.05.1959; Die Burger, 23.05.1959.

veral minister Eric Louw, wat Basson nog nie vergewe het vir sy standpunt oor swart diplomate nie, wat Basson in die openbaar aangeval het. Daar is gespekuleer dat dit óf Louw óf Johannes von Moltke sou wees wat 'n mosie sou indien om Basson se skorsing te eis.[94] Basson het dus baie besliste vyande in die Nasionale Party gehad wat nie sou skroom om hom uit die Party te skors indien dit binne hulle vermoë was nie.

Basson se optrede het Verwoerd geïrriteer en met die koukusvergadering op 26 Mei 1959 is die saak bespreek. Die algemene gevoel was dat hy uit die koukus geskors moes word, hoewel daar lede was wat gevoel het dat sy "oortreding" nie genoegsaam was om sy skorsing te eis nie.[95] Die poging om Basson en die leierskap te versoen, was egter vrugteloos. Mnre. J.E. Potgieter, die hoofsweep, asook Hans Abraham en G. F. van L. Froneman het in toesprake daarop aangedring dat Basson geskors moes word. Na 'n twee uur lange vergadering is die mosie van J.G.H. van der Wath dat Basson uit die koukus geskors moes word, eenparig aanvaar. Basson was merkbaar geskok, aangesien hy gedink het dat hy oor steun beskik het. Die dissipline in die Nasionale Party het egter tot 'n groot mate bygedra tot die konformiteit in die Party.[96] Van der Wath noem dat hy die mosie ingedien het nadat hy Basson se verset met die lede van Suidwes-Afrika bespreek het en Verwoerd die vorige dag van sy voorneme in kennis gestel het.[97] Hoewel Basson uit die koukus geskors is, was die koukus nie by magte om hom uit die Party te skors nie. Basson was dus in die vreemde posisie dat hy nie meer die Nasionale Party in die Volksraad verteenwoordig het nie, hoewel hy steeds 'n lid van die Party was.

Basson moes enkele dae na sy skorsing sy plek in die Volksraadbanke verruil vir 'n enkelsitplek as onafhanklike lid van die Volksraad agter die kleurling- en naturelleverteenwoordigers.[98] Hy het voortaan as onafhanklike sy kiesafdeling verteenwoordig.[99]

Basson moes na sy kiesafdeling terugkeer om sy saak aan die kiesers te stel. A.H. du Plessis, Sekretaris van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, het reeds voor

94. Die Suidwes-Afrikaner, 26.05.1959.
95. Die Vaderland, 25.05.1959; Rand Daily Mail, 27.05.1959.
96. Kenney, H., Power Pride and Prejudice, p. 205; Sunday Times, 31.05.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 26.05.1959.
97. Van der Wath, J.G.H., Johannes van der Wath van Suidwes-Afrika, p. 144.
98. Die Suidwes-Afrikaner, 03.06.1959; Rand Daily Mail, 29.05.1959.
99. Die Vaderland, 01.06.1959.

Basson se skorsing die Hoofbestuurslede kennis gegee van 'n spesiale vergadering van die Hoofbestuur om Basson se posisie te bespreek.[100] Dit was egter duidelik dat Basson se optrede die Hoofbestuur in 'n moeilike posisie geplaas het. Basson was een van die lede van die Volksraad wat die Nasionale Party vanaf die eerste verkiesing as Volksraadslid verteenwoordig het. Daarbenewens was hy 'n knap politikus en gerespekteerde verteenwoordiger van Suidwes-Afrika se kiesers. Die Hoofbestuur het ook nie geweet hoeveel steun Basson werklik in sy kiesafdeling gehad het nie, aangesien die politiek in Suidwes-Afrika 'n groot afstand verwyder was van die politiek in Suid-Afrika en Verwoerd se invloed derhalwe ook nie so direk in die gebied gevoel is nie.[101]

Ook die kiesafdelingbesture in die Namibkiesafdeling het gereed gemaak om saam met Basson te vergader en oor sy posisie as lid van die Volksraad van die kiesafdeling te besin.[102] Dit blyk egter dat daar twee kampe was, want hoewel Basson steun vanuit talle oorde ontvang het, was daar ook diegene wat aktief vir sy bedanking as Lid van die Volksraad vir Namib georganiseer het.[103] Hy het daarop gereageer en gewaarsku dat hy openbare vergaderings in sy kiesafdeling sou hou om sy kant van die saak aan die kiesers oor te dra, indien die Hoofbestuur en die Afdelingsbestuur onbillik teenoor hom sou optree.[104] Die Hoofbestuur sou hul egter nie veel aan die dreigement steur nie.

Op 10 Junie 1959 is 'n streeksvergadering van die Namibkiesafdeling gehou waartydens Basson se posisie bespreek is. J.G.H. van der Wath, die leier van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, en J.E. Potgieter, die hoofsweep van die Nasionale Party, het teen Basson gepraat. Van der Wath het die redes herhaal wat Basson aangevoer het in sy toespraak in die Parlement, en tot die gevolgtrekking gekom dat Basson nie meer deur die Nasionale Party vertrou kon word nie. Hy het Basson beskuldig dat hy die naturelleverteenwoordigers, mev. Ballinger en advokaat Stanford, se siening ondersteun het en sodoende die belange van die swartmense bo dié van blankes gestel het. Hy het Basson kwalik geneem dat hy die Nasionale Party se platforms misbruik het om sy eie siening uit te dra.[105] Potgieter het Van der Wath ondersteun en bevestig dat Verwoerd niks afgewyk het van die beleid van apartheid nie.[106]

---

100. Die Suidwes-Afrikaner, 27.05.1959.
101. Windhoek Advertiser, 27.05.1959.
102. Die Suidwester, 27.05.1959; Die Suidwes-Afrikaner, 29.05.1959.
103. Die Suidwes-Afrikaner, 05.06.1959; Windhoek Advertiser, 05.06.1959.
104. Die Suidwes-Afrikaner, 05.06.1959.
105. PV 122: 1/4/2/1/1, Notule van die Streeksrade; The Star, 10.06.1959.
106. Rand Daily Mail, 12.06.1959; PV 122: 1/4/2/1/1, Notule van die Streeksrade.

Basson het op die beskuldigings gereageer en gesê dat dit van onwaarhede en bevooroordeeldheid gespreek het. Hy het homself verdedig en verduidelik dat die besprekings in die koukus informeel en nie bindend was nie. Daarbenewens het Verwoerd diktatoriaal opgetree, omdat hy volgens prosedure verkeerd opgetree het deur sy beleid reeds op 14 Januarie af te kondig voordat die Parlement op 23 Januarie byeengekom het. Derhalwe het hy 'n skrywe aan die Eerste Minister gerig waarin hy gevra het dat die wetgewing eers in die Nasionale Partykoukus bespreek moes word, maar het geen reaksie op sy versoek gekry nie. Die beleid is egter twee maande later as voorgestelde wetgewing aan koukuslede voorgelê vir stemming sonder dat hulle die geleentheid gekry het om die wetgewing te bespreek. Basson het ook op grond van die prosedure wat gevolg is, besluit om nie die afskaffing van die naturelleverteenwoordigers te steun nie. Teen hierdie agtergrond het hy betoog dat Nasionale Party Volksraadslede dus geen sê meer gehad het oor wetgewing nie, maar gedikteer is. Hy het daaraan toegevoeg dat die opposisie en die swartmense ook glad nie in die saak geken is nie. Ter afsluiting het hy dit teenoor die kiesafdeling genoem dat hy nie van plan was om te bedank nie, maar as Volksraadslid van Namib aan te bly totdat sy termyn verstryk het.[107]

Basson is, ten spyte van sy verweer op die beskuldigings, gevra om te bedank.[108] Hy het egter geweier en aangevoer dat die besluit onkonstitusioneel was, aangesien slegs ses van die dertien takke in sy kiesafdeling verteenwoordig is met meer afgevaardigdes per tak as wat toelaatbaar was.[109] Dit het die Hoofbestuur in 'n moeilike posisie geplaas, want volgens die konstitusie van die Nasionale Party kon hy nie geskors word nie. Daardeur het hy dus tyd gewen om te besin oor sy politieke toekoms. Hy was egter daarvan oortuig dat Potgieter deur Verwoerd aangesê is om toe te sien dat die Namibkiesafdeling Basson sou versoek om te bedank.[110]

Hoewel Basson se standpunt aangeval is, het hy tog persoonlike steun in sy kiesafdeling gehad. Die voorsitter van die tak op Keetmanshoop, A.P. Steyn, het

---

107. PV 122: 1/4/2/1/1, Notule van die Streeksrade; Horrell, M., A Survey of Race Relations: 1958-1959, p. 51.
108. Windhoek Advertiser, 11.06.1959.
109. Die Suidwester, 13.06.1959; Windhoek Advertiser, 12.06.1959; Die Burger, 11.06.1959; PV 122: 2/1/1/22, Telegram van T.A. Eloff aan die Hoofbestuur op 03.07.1959.
110. Die Suidwester, 13.06.1959; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 16.06.1993.

selfs na afloop van die vergadering 'n onthaal vir Basson en die afgevaardigdes van ander takke gereël en hul persoonlike vriendskap aan hom bevestig.[111] Dié bevestiging het Basson ook van hoofbestuurslede verkry en talle briewe van steun is aan die pers gerig. Dit was veral Duitssprekendes wat sterk steun aan Basson gebied het, hoewel dit reeds voorspel is dat die Hoofbestuur hom sou skors in opdrag van die leierskap van die Party.[112]

Die Hoofbestuur van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het op 9 Julie 1959 byeengekom om te beslis oor Basson se politieke toekoms as lid van die Nasionale Party. Sy posisie is bespreek en dit was veral Van der Wath, Johannes von Moltke, dr. H.J. Steyn en Paul van der Merwe wat sterk standpunt teen hom ingeneem het. Die vergadering was egter verbaas deur die steun wat Basson gekry het van veral A.H. du Plessis en van twee Duitssprekende bestuurslede, W.E. Kalweit en S. Wache.[113] Potgieter het ook weer vanaf Kaapstad gekom, wat druk op die hoofbestuurslede geplaas het om toe te sien dat Basson geskors moes word.[114] Die spanning tussen Basson en Von Moltke het reeds 'n geruime tyd bestaan en Basson was voorbereid op die kritiek wat hy van Von Moltke sou kry. Nadat die saak vir meer as nege ure bespreek is, is dit die volgende dag, op 10 Julie voortgesit, maar eenstemmigheid kon nie bereik word voordat Van der Wath na New York moes vertrek vir die sitting van die Verenigde Nasies nie. Die Hoofbestuur het besluit om nie 'n finale beslissing te maak voor die aanvang van die jaarlikse kongres van die Party in Windhoek nie. Die Hoofbestuur het 'n verklaring uitgereik waarin hulle hul steun aan die optrede en besluit van die Party se koukus toegesê het.[115] Die verrassende besluit van die Hoofbestuur om hom nie te skors nie, maar geleentheid te gee om voorstelle te maak oor hoe om die breuk wat tussen hom en die Party ontstaan het, te oorbrug, het opslae gemaak.[116]

---

111. Die Suidwester, 17.06.1959.

112. PV 122: 2/1/1/22, Japie Basson aan A.H. du Plessis, 06.06.1959; Windhoek Advertiser, 18.06.1959, 24.06.1959; Rand Daily Mail, 03.06.1959; Die Burger, 08.06.1959.

113. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 16.06.1993 en A.H. du Plessis, 25.11.1993; Die Burger, 16.07.1959; Die Suidwester, 04.07.1959.

114. Die Suidwes-Afrikaner, 14.07.1959.

115. Van der Wath, p. 145.

116. Die Burger, 11.07.1959; Die Suidwester, 15.07.1959; PV 61: 1/2/2/2, Notule van Hoofbestuursvergadering, 09.07.1959. Die hoofbestuur se besluit is as volg geformuleer: *"Die Hoofbestuur besluit dat hy mnr. Basson 'n geleentheid bied om voorstelle te maak om die breuk wat ontstaan het tussen hom en die Nasionale Party, te oorbrug. Indien die voorstelle nie vir die Hoofbestuur aanneemlik is nie, sal die Hoofbestuur moet besluit of dit in belang van die Nasionale Party is dat mnr. Basson langer aanbly as lid van hierdie Party."*

Die optrede van die Hoofbestuur kan waarskynlik toegeskryf word aan die steun wat Basson onder van die lede van die Hoofbestuur en die kiesers gehad het. Verwoerd se aanhangers in die Hoofbestuur het dus klaarblyklik nie die meerderheid gehad nie en moes met die skikking tevrede wees.[117] 'n Verdere moontlikheid is dat die Hoofbestuur huiwerig was om hom te skors kort voor die Marientaltussenverkiesing en moontlik op dié wyse veral die steun van Duitssprekendes te verloor. Daarbenewens was die provinsiale verkiesings in Suid-Afrika ook voor die deur. Indien die uitslag gunstig vir die Nasionale Party sou wees, kon verwag word dat die Hoofbestuur baie sterker teen Basson sou optree. Hulle moes dié stap dus opweeg teen die moontlike beskuldiging dat die versuim om hom te skors as 'n mosie van wantroue in Verwoerd geïnterpreteer kon word.[118]

Die Hoofbestuur het egter nie 'n tydsbeperking op Basson geplaas om die spanning op te los nie. Die volgende vergadering sou eers teen die einde Oktober plaasvind, net voor die jaarlikse kongres van die Party in Suidwes-Afrika. Hy het egter einde Julie 1959 vir 'n paar weke op 'n buitelandse toer vertrek en sou eers teen die helfte van Oktober weer terug in die land wees. Dit sou hom 'n goeie geleentheid gegee het om oor sy toekoms in die politiek na te dink. Hy self meld egter dat beide die besluit van die Hoofbestuur om hom nie te skors nie, asook die ondersteuning wat hy gekry het, hom verras het.[119] Hy het egter kort na die verklaring van die Hoofbestuur te kenne gegee dat hy nie sy stellings en standpunte kon terugtrek nie.[120] Dit het daardeur geblyk dat Basson nie op daardie tydstip van plan was om wel versoening te bewerkstellig nie. Hy het moontlik besef dat sy kredietwaardigheid in die Nasionale Party tot so 'n mate geskaad was, dat hy nie verder 'n groot rol in die Party sou kon speel nie. Selfs al sou hy nie deur die Hoofbestuur uit die Nasionale Party geskors word nie, sou dit nie noodwendig daartoe lei dat hy weer in die koukus opgeneem word nie. Sy kanse om weer as kandidaat vir die Nasionale Party in die volgende verkiesing benoem te word, was dus gering.

Basson het op daardie tydstip ook nie planne gehad om by 'n ander Party aan te sluit nie en het sy steun aan die Nasionale Partykandidaat in die

---

117. Die Suidwes-Afrikaner, 14.07.1959.

118. Windhoek Advertiser, 10.07.1959; Die Burger, 11.07.1959; Weekblad, 24.07.1959; Sunday Times, 12.07.1959.

119. The Star, 11.07.1959.

120. The Friend, 16.07.1959.

Marientalkiesafdeling se tussenverkiesing, F. Rall, toegesê.[121] Hy het daardeur waarskynlik gepoog om die bestaande spanning nie verder op 'n spits te dryf nie. Indien hy nie die kandidaat gesteun het nie, sou dit geïnterpreteer kon word dat hy hom by die opposisie geskaar het. Hierdie persepsie wou hy ten alle koste vermy. Intussen het die opposisiegesinde pers die Nasionale Party aangeval met velerlei beskuldigings, veral vanweë Verwoerd se sogenaamde diktatoriale optrede. Die pers het die Hoofbestuur van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika onder druk geplaas, aangesien hul weiering om Basson te skors, by implikasie Verwoerd se outoriteit in twyfel getrek het.[122] Die Nasionale Party se hantering van Basson se verset, het vir die eerste keer die werking van die federale aard van die Party bekendgestel, aangesien 'n koukusbesluit nie verhewe was bo 'n kiesafdeling en die Hoofbestuur se magte nie.[123]

Met die publisiteit wat die opstand en rebellie in die Verenigde Party in Augustus 1959 geniet het, is die Bassonaangeleentheid op die agtergrond geskuif. Talle vooraanstaande en senior lede het hul rug op die Verenigde Party en Sir De Villiers Graaff, leier van die Party, gekeer en hul bedankings ingedien. Die bedanking van persone soos dr. Jan Steytler, Kaaplandse leier van die Party, dr. Zach de Beer, Ray Swart, Colin Eglin, advokaat Clive van Rhyneveld, Harry Oppenheimer en mevrou Helen Suzman het 'n groot leemte in die Verenigde Party gelaat, iets waaroor die Nasionale Party verheug was.[124] Basson was bewus van die aanloop tot die uitbarsting van die spanning in die Verenigde Party en het dit dus nie oorweeg om vroeër by die Verenigde Party aan te sluit nie.[125] Hy het egter ook nie by die rebelle aangesluit nie, aangesien hul sukses nie gewaarborg was nie.

Basson het in die begin van Oktober 1959 teruggekeer na Suid-Afrika na afloop van die twee-en-'n-halfmaandelange buitelandse reis. Hy het dit met sy tuiskoms duidelik gestel dat hy nie sou afwyk van die standpunt rakende die naturelleverteenwoordigers wat gelei het tot sy skorsing uit die Nasionale Partykoukus nie. Hy het daardeur te kenne gegee dat hy nie van plan was om op die Party se voorwaardes versoening tussen hom en die Party te bewerkstellig nie. 'n Hoofbestuursvergadering is belê vir 26 Oktober, 'n dag voordat die

---

121. Die Suidwester, 15.07.1959; Cape Argus, 31.07.1959.
122. Die Burger, 14.07.1959.
123. Die Burger, 13.07.1959.
124. Die Burger, 15.08.1959, 18.08.1959, 19.08.1959, 20.08.1959; Die Suidwester, 05.09.1959; Cape Times, 18.08.1959.
125. Die Burger, 21.09.1959.

kongres van die Party in Suidwes-Afrika geopen sou word.[126] Daar het 'n gevoel van afwagting op die Hoofbestuursvergadering geheers oor die beslegting van Basson se standpunt. As gevolg van die feit dat Basson afwesig was uit Suidwes-Afrika en die sterker wordende Nasionale Party, het dit geblyk dat sy relatiewe posisie sedert die vorige Hoofbestuursvergadering verswak het.[127] Van der Wath het tydens 'n besoek aan Verwoerd ook opdrag gekry om die saak af te handel deur Basson uit die Party te skors. Dit blyk dat Verwoerd se begeerte om van Basson ontslae te raak, 'n belangrike rol sou speel in die beslissing wat oor hom gevel sou word.[128]

Veral die Engelstalige pers het bespiegel oor die steun wat Basson onder die kiesers, veral die Duitssprekendes, gehad het en wat die implikasie sou wees indien hy uit die Party geskors word. Die mening is gehuldig dat dit onwaarskynlik was dat hy deur die Hoofbestuur geskors sou word, maar dat 'n beslissing tydens die kongres van die Party in Suidwes-Afrika geneem sou word.[129]

Basson het self ook druk op die Hoofbestuur geplaas deur aan te kondig dat hy van plan was om die kongres van die Nasionale Party in Suidwes-Afrika net na afloop van die Hoofbestuursvergadering by te woon.[130] Hy wou daardeur die Hoofbestuur se taak bemoeilik om hom te skors, aangesien hy homself daardeur steeds met die Party geassosieer het. Basson het moed geskep na die aankondiging dat die Hoofsweep van die Nasionale Party, anders as tydens vorige vergaderings van die Hoofbestuur, nie teenwoordig sou wees nie. Potgieter sou dus nie weer die geleentheid kry om toe te sien dat die Hoofbestuur slaafs die opdragte van Verwoerd uitvoer nie.[131]

Die aanloop tot die Hoofbestuursvergadering het onderlinge spanning by hoofbestuurslede veroorsaak, aangesien daar twee kampe was wat verskillend geoordeel het oor Basson se saak.[132] A.H. du Plessis noem dat die begeerte by die Hoofbestuur bestaan het om die regte ding te doen, nieteenstaande die eksterne druk wat hulle ervaar het van die pers en die partyleierskap. Du Plessis

---

126. The Friend, 09.10.1959.

127. Die Burger, 27.10.1959.

128. Van der Wath, p. 146.

129. Rand Daily Mail, 19.10.1959; Sunday Times, 18.10.1959; The Friend, 24.10.1959.

130. Rand Daily Mail, 09.10.1959.

131. Rand Daily Mail, 17.10.1959; Die Transvaler, 17.10.1959.

132. Rand Daily Mail, 26.10.1959; Die Vaderland, 22.10.1959; Die Transvaler, 26.10.1959.

het Basson gevra om 'n brief aan die Hoofbestuur te rig waarin hy sy posisie verduidelik. Basson het egter nie aan die versoek van Du Plessis gehoor gegee nie.[133]

Dié stap van Basson het Du Plessis in 'n netelige posisie geplaas. Hy was een van die naaste kollegas aan Basson en het by talle geleenthede vir hom in die bresse getree.[134] Tydens die vergadering het Du Plessis sy steun van Basson onttrek nadat hy besef het dat Basson nie kompromieë wou tref nie. Na 'n twee-uurlange bespreking is Basson se lidmaatskap van die Nasionale Party in 'n geheime stemming met 'n meerderheid van 18 - 6 opgehef. Du Plessis meld dat die besluit van die Hoofbestuur, nadat Basson die vergadering verlaat het, op 'n rasionele grondslag geneem is. In die persverklaring van die Hoofbestuur word dit beklemtoon dat die besluit om Basson te skors, *"met spyt"* geneem is. Sy skorsing was nie 'n konsensusbesluit nie, maar die Hoofbestuur het aangevoer dat hy nie genoegsaam bewyse kon lewer van 'n poging om die breuk tussen hom en die Hoofbestuur te heel nie en dat sy skorsing daarom die gepaste dissiplinêre stap was. Basson is ook in kennis gestel dat hy nie sitting op die Kongres van die Party, wat die volgende dag sou begin, gehad het nie.[135]

Basson het in reaksie op sy skorsing genoem dat hy die stap te wagte was, maar dat, ten spyte daarvan, geen persoonlike vete tussen tussen hom en Verwoerd bestaan het nie. Hy het te kenne gegee dat hy nie van plan was om te bedank as Volksraadslid van die Namibkiesafdeling nie, maar sou sy posisie in oorweging neem indien daar heroriëntasie in die politiek sou plaasvind.[136] Hy het die wens uitgespreek om intussen steeds met die Nasionale Party geassosieer te word en moontlik later aan te sluit, indien die Party sy beleid sou wysig ten opsigte van die sake waarmee Basson verskil het. Hy het gemeld dat hy van plan was om sy standpunte duidelik te maak, aangesien daar talle in die Nasionale Party was wat sy standpunt gedeel het.[137]

---

133. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993.

134. PV 122: 2/1/1/22, P.E. Basson aan A.H. du Plessis, 06.08.1959.

135. PV 61: 1/2/2/2, Notule van Hoofbestuursvergadering, 26.10.1959; Die Burger, 27.10.1959, 28.10.1959; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met A.H. du Plessis, 25.11.1993; Die Suidwester, 28.10.1959; Van der Wath, p. 146. Van der Wath noem dat daar slegs twee teenstemme was, maar 18 - 6 ten gunste van Basson se skorsing is egter die korrekte uitslag.

136. The Star, 28.10.1959; The Friend, 27.10.1959, 28.10.1959; Die Burger, 27.10.1959.

137. Cape Times, 28.10.1959; Die Burger, 27.10.1959.

Basson was dus nou 'n onafhanklike en het geen party in die Volksraad verteenwoordig nie. Hy het egter vroeg reeds besef dat dit nie 'n houdbare toestand was nie, aangesien hy nie van 'n party se strukture en ondersteuningsbasisse kon gebruik maak om steun vir sy standpunt te wen nie.[138] Indien hy sy loopbaan wou voortsit as Volksraadslid, sou hy dus voor die volgende verkiesing van die Volksraad daarin moes slaag om in te skakel by 'n politieke party om sodoende genomineer te word as 'n kandidaat.

Dit blyk dat daar nie aktiewe pogings deur die Verenigde Party aangewend was om Basson in hul Party te verwelkom nie. 'n Vriend van Basson, Piet van der Bijl, wat lid was van die Verenigde Party het selfs so ver gegaan as om hom te ontmoedig om op daardie tydstip by die Verenigde Party aan te sluit. Basson, wat 'n republikein was, sou ook nie op daardie stadium by die Verenigde Party aansluit nie. Die Verenigde Party wou die *status quo* handhaaf eerder as om 'n republiek te steun. Volgens dr. Zach de Beer het hy en Colin Eglin gesprekke met Basson gehad om hom te oorreed om by hulle groep aan te sluit.[139] Dit blyk hieruit dat Basson hom sou toespits op sy persoonlike oriëntering binne die politiek en dat sy optrede en besluite teen dié agtergrond beoordeel moet word.

By terugskoue blyk dit dat dit 'n kumulatiewe sameloop van omstandighede en faktore was wat tot Basson se skorsing gelei het. Basson het reeds in die middel van die vyftigerjare sy bedenkinge teenoor die toepassing van sommige aspekte van die apartheidsbeleid uitgespreek. As 'n jong opkomende politikus was hy ook vasgevang in die stryd tussen die Noordelike en Suidelike faksies in die Nasionale Party oor die hantering van die kleurkwessie. Hy kon die Transvaalse standpunt ondersteun om sodoende sy politieke ambisie te probeer verwesenlik. Die alternatief was om die Kaaplandse siening van die apartheidsbeleid na te volg wat aan hom 'n minder gewilde en prominente posisie in die Party sou besorg. Op daardie tydstip kon Basson vanweë sy senioriteit in aanmerking gekom het vir 'n kabinetspos. Verwoerd het egter besluit om nie die bevordering te doen nie, enersyds as gevolg van Basson se kritiek teen die apartheidsbeleid en andersyds vanweë bedenkinge wat daar bestaan het oor sy betroubaarheid.[140]

---

138. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 16.06.1993.

139. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 16.06.1993, dr. Zach de Beer, 07.06.1993 en Colin Eglin, 21.06.1993; PV 58: 2/1/1/4, Jan Smith aan Japie Basson, 27.10.1959.

140. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Piet Marais, 10.06.1993 en Pen Kotze, 10.06.1993.

Hoewel verskillende menings oor Basson se optrede en skorsing uitgespreek is, blyk dit dat hy by hierdie geleentheid op grond van sy oortuigings gehandel het. Hy moes 'n hoë prys betaal vir sy verset, aangesien hy die sekuriteit en 'n moontlike bevordering tot 'n kabinetspos moes ontbeer. Daarbenewens het hy ook nie meer toegang gehad tot die administrasie en inligting wat 'n party aan sy lede gebied het nie. Op sosiale gebied moes hy en sy gesin ook by die veranderde situasie aanpas omdat hy nie meer by Partyaangeleenthede welkom was nie.

Nieteenstaande die siening dat Basson se optrede as dapper beskryf kon word, het sekere van sy persoonlikheidskenmerke sterker na vore getree. Sy persoonlikheid was 'n faktor wat 'n beduidende invloed op sy politieke siening en loopbaan gehad het. Sy standpunte was logies en goed deurdink. Hy het ook goeie tydsberekening gehad, wat 'n kragtige politieke wapen was. Sy taalvaardigheid, afgeronde sprekerstyl en alternatiewe benadering het hom goeie dekking in die pers gegee, en sodoende sy standpunt uitgedra.

Basson het vanweë sy persoonlikheidskenmerke en ook as gevolg van geografiese struikelblokke, nie daarin geslaag om naby die "hart" van die Nasionale Party te kom nie en gevolglik nie tuisgevoel in die "laermentaliteit" wat in die Party ontwikkel het nie. Basson kon homself ook nie vereenselwig met die inhoud van nasionalisme wat deur die meerderheid van die Party aanvaar is nie. Hy het gevolglik langsamerhand 'n randfiguur in die Party geword, wat die emosionele impak van sy skorsing vergemaklik het. In Suidwes-Afrika, waar hy meer steun onder die kiesers geniet het, is daar met groter omsigtigheid te werk gegaan en is hy eers vyf maande later uit die Party geskors.

# 6. DIE ROL VAN JAPIE BASSON IN DIE STIGTING VAN DIE NASIONALE UNIE EN DIE VERKIESINGSOOREENKOMS MET DIE VERENIGDE PARTY

## Die totstandkoming van die Nasionale Unie

Nadat Basson uit die Nasionale Party se koukus geskors is, het hy te kenne gegee dat hy nie onmiddellik daarin belang gestel het om by 'n ander politieke party of groepering aan te sluit nie. Basson was ook nie op 'n amptelike grondslag met ander politieke groeperinge in verbinding nie. Hy het nietemin sy kontak in die politiek uitgebou, sodat hy kort na sy skorsing weer eens daarin kon slaag om ondersteuners om sy persoon te vergader wat aan hom relatiewe politieke aansien verleen het.

Die vraag is aan Basson gevra of hy daaraan gedink het om 'n nuwe party te stig. Dit was veral lede van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede wat Basson tot die stap aangemoedig het.[1] Basson se aanvanklike antwoord daarop was negatief, maar hy moes weliswaar die moontlikheid oorweeg het na gelang van die ondersteuning wat hy daarvoor gekry het. Nadat hy op uitnodiging van die Politieke Studiegroep van Pretoria sy mening aangaande politieke kwessies gelug het, het die idee van die totstandbringing van 'n beweging of party 'n groter realiteit geword.[2]

Teen die tweede helfte van 1959 het verskeie tekens van verset in die Suid-Afrikaanse politiek uitgeslaan. In dié periode het daar vorming van drukgroepe ook in die Nasionale Party plaasgevind, maar wat egter nie openlik teen Verwoerd in opstand gekom het nie.[3] Die aankondiging van die Bantoestanbeleid in 1959 het ook die Verenigde Party onkant gevang en die Party in twee verdeel. Die een groep het 'n liberaler beleid teenoor swartmense voorgestaan en het later onder leiding van Jan Steytler weggebreek en die Progressiewe Party gevorm. Daarteenoor het Douglas Mitchell en sy volgelinge

---

1. PV 58: 2/1/1/4, J.D.L. Kruger aan Japie Basson, 28.05.1959.
2. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993; O.D. Wollheim-versameling: Hennie Serfontein aan O.D. Wollheim, 09.06.1958.
3. Botha, J., Verwoerd is Dead, p. 48.

gevoel dat die beleid te ver gegaan het in die toekenning van vryhede aan swartmense.[4]

Teen hierdie agtergrond het die Politieke Studiegroep van Pretoria en Basson die inisiatief geneem vir die totstandbringing van 'n groter beweging wat: " *'n gesonde, Nasionaal-georienteerde Opposisie*" as oogmerk gehad het.[5] Die totstandkoming van die voorgestelde beweging het in verskillende fases geskied. In die eerste fase is ondersoek na die lewensvatbaarheid van 'n beweging ingestel en is breë doelstellings geformuleer. Jan Smith, 'n joernalis verbonde aan The Star, het as een van die leidende figure met hoofregter H.A. Fagan onderhandel vir 'n leierskapsposisie in die voorgestelde beweging. Fagan het geantwoord dat hy eers 'n besluit sou neem nadat Basson sy eie posisie bekend gemaak het.[6] Op daardie tydstip het dit geblyk dat die stigting van 'n politieke party nie die hoofoogmerk was nie. Dit was eerder die stigting van 'n beweging wat die Regering moes opponeer as deel van 'n breër opposisie. Intussen het veral Smith en Hennie Serfontein moontlike belangstellendes geïdentifiseer wat deel kon vorm van die beweging.[7] Basson was persoonlik ten gunste van 'n beweging, maar Smith, Serfontein en andere was van die begin af ten gunste van die totstandbringing van 'n party.[8]

Die Beweging het gestalte aangeneem nadat Basson se voorstel vir 'n naam, naamlik die Nasionale Unie, goeie steun ontvang het. Met die naam is gepoog om die Beweging vir beide Nasionale Partylede en Verenigde Partylede toeganklik te maak.[9] 'n Koerant vir die Beweging was 'n prioriteit en Harry Oppenheimer, Charles Engelhard en Anton Rupert sou genader word vir die moontlike finansiering van die koerant. Die naam van Nic Olivier is ook genoem

---

4. PV 58: 2/1/1/4, Jan Smith aan Japie Basson, 27.10.1959; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Nic Olivier, 14.06.1993. Die Hermanus- en die Grabouwkonferensies was 'n poging van geleerdes en professionele persone om 'n nuwe rigting in die politiek ten opsigte van rasseverhoudinge in te slaan.
5. PV 58: 2/1/1/4, Jan Smith aan Japie Basson, 27.10.1959; O.D. Wollheim-versameling: J.H.P. Serfontein aan O.D. Wollheim, 09.06.1958; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993. Volgens Serfontein het die Politieke Studiegroep van Pretoria meesal in die geheim vergader, aangesien gevrees is vir die viktimisasie van sprekers en lede wat die byeenkomste bygewoon het.
6. Ibid.
7. PV 58: 2/1/1/4, Jan Smith aan Japie Basson, 23.11.1959; 2/9/1/1/1, Jan Smith aan Japie Basson, 01.12.1959; J.H.P. Serfontein aan Japie Basson, 28.12.1959.
8. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 17.06.1993.
9. Ibid.

as 'n moontlike persoon wat genader kon word vir die Hoofsekretarisskap van die Nasionale Unie.[10] Basson het aan die begin van Januarie 1960 in die openbaar die wens uitgespreek dat Fagan sou toetree tot die politiek as 'n leidende figuur wat die Hertzogbenadering sou kon bevorder. Die aankondiging het aanleiding gegee tot bespiegelinge dat Basson beplan het om 'n party te stig.[11]

Hoewel Basson betrokke was by die voorbereidingswerk om die Nasionale Unie op die been te bring, het hy steeds as onafhanklike deelgeneem aan die politiek van die dag. Hy het veral sy bekommernis uitgespreek oor die internasionale posisie van Suidwes-Afrika as gevolg van die verslegtende verhoudinge tussen Suidwes-Afrika se staatkundige voog, Suid-Afrika, en die internasionale gemeenskap.[12] Gebeure wat tot Basson se bekommernis aanleiding gegee het, was onder andere die ernstige voorvalle waarin mense dood en beseer is by Lady Selborne, Cato Manor, Pietermaritzburg, die Paarl en Katatura (die swart woongebied in Windhoek). Die gebeure het daartoe gelei dat die African National Congress, Pan African Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party sterker op die voorgrond getree het.[13] Swak sosio-ekonomiese omstandighede en die gevolge van die swart verstedelikingsproses het 'n teelaarde geword vir swart nasionalisme en die bewegings wat dit bevorder het. Verwoerd se poging om deur die Bantoestanbeleid die buiteland se kritiek te demp, het presies die teenoorgestelde uitwerking gehad. Die rede daarvoor was omdat ook dié inisiatief van die Regering deur die buiteland beskou is as 'n vorm van onderdrukking. Binnelands het Verwoerd egter steun onder blanke kiesers gewen en sy posisie as premier versterk.

Nieteenstaande die binnelandse toestand en die buitelandse houding jeens Suid-Afrika, was Basson se hooffokus die organisasie van die Nasionale Unie, waardeur sy tyd dan ook grotendeels in beslag geneem is. Verwoerd se

---

10. PV 58: 2/9/1/1/1, Jan Smith aan Japie Basson, 01.12.1959; 2/1/1/4, Jan Smith aan Japie Basson, 23.11.1959.

11. Sunday Times, 27.12.1959; Rand Daily Mail, 07.01.1960; Die Transvaler, 07.01.1960.

12. Sunday Times, 15.11.1959, 27.12.1959.

13. Cape Argus, 15.12.1959, 18.12.1959, 28.12.1959. In 'n betoging teen paswette by Lady Selbourne is 90 persone beseer nadat die polisie die skare uitmekaar gejaag het. By Cato Manor is 4 persone gedood en 13 gewond deur die polisie. In Pietermaritzburg is 2 persone gedood en 1 beseer nadat vroue betoog het vir beter salarisse vir hulle mans. In die Paarl is 12 persone beseer na die verbanning van 'n vakbondleier. In die ou lokasie in Windhoek is 12 persone gedood na 'n opstand teen die verskuiwing van swartmense na 'n nuwe woongebied.

verklaring tydens die Parlementsopening in Januarie 1960 dat 'n Referendum sou plaasvind om oor die staatkundige status van Suid-Afrika te beslis, het die Nasionale Unie voor 'n kruispad geplaas. Dit het die proses verhaas waardeur die Beweging sou omskakel na 'n politieke party en mobiliseer vir die Referendum wat een van die hooftemas van die politiek geword het.

Basson het hom as onafhanklike Volksraadslid sterk ten gunste van 'n Republiek verklaar, maar op voorwaarde dat Statebondlidmaatskap voortgesit, en die bestaande parlementêre stelsel behou moes word. Hy het ook die wens uitgespreek dat Suidwes-Afrika ook aan die Referendum sou kon deelneem ten spyte van Verwoerd se standpunt daarteen.[14] Basson het daarbenewens versoek dat die Referendum so spoedig moontlik moes plaasvind om 'n emosionele stryd tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes te verhoed. Die Regering moes daarop voortbou en na afloop van die Referendum hervorm en 'n nasionale regering saamstel wat beide Engels- en Afrikaanssprekendes sou verteenwoordig.[15] Dit is as een van Basson se meer geslaagde toesprake beskou waarvoor hy talle aanprysings ontvang het.[16]

Die Referendum het 'n dringendheid in die Nasionale Unie veroorsaak en kort na afloop van die debat het Japie Basson op 5 Februarie na Johannesburg vertrek waar hy samesprekinge gevoer het met invloedryke Afrikaanse sakemanne en ander professionele persone. Volgens die Rand Daily Mail is die inhoud van die samesprekinge nie bekend gemaak nie, maar die koerant het gespekuleer dat dit in verband met die stigting van 'n nuwe politieke party gestaan het.[17]

In die tweede fase van die totstandkoming van die Nasionale Unie is gekonsentreer op en beplan vir 'n stigtingskongres. As 'n eerste stap in dié rigting het daar reeds op 10 Februarie 1960 'n "Aanvoorkonferensie" van die Nasionale Unie in Johannesburg plaasgevind.[18] Van die 57 persone wat na die byeenkoms

---

14. Hansard, 22.01.1960, kol. 199-200; Die Burger, 21.01.1960; Cape Times, 21.01.1960; Die Suidwester, 23.01.1960.
15. The Star, 22.01.1960; Rand Daily Mail, 23.01.1960; Die Suidwes-Afrikaner, 26.01.1960.
16. PV 58: 2/1/1/5, Owen Horwood aan Japie Basson, 23.01.1960; H.J. McDonald aan Japie Basson, 25.01.1960.
17. Rand Daily Mail, 06.02.1960.
18. PV 58: 2/9/1/1/1, Uitgenooides na Konferensie om Stigting van Nuwe Beweging of Party in Noorde te bespreek; 2/9/1/1/1, Jan Smith aan Japie Basson, 31.01.1960; Die Suidwester, 13.02.1960; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof.

uitgenooi is, het ongeveer veertig persone dit bygewoon. Een van die moontlike redes daarvoor is dat die vergaderplek, wat 'n geheim moes bly, aan die pers gelek is en die byeenkoms is toe verskuif na die Victoria Hotel. Volgens Serfontein is Robert van Tonder, een van die organiseerders van die geleentheid, van die lekkasie verdink.[19] Die geheimhouding waarin die byeenkoms plaasgevind het en die vrees dat teen persone gediskrimineer kon word wat die byeenkoms wou bywoon, was moontlik verdere redes waarom nie meer mense die byeenkoms bygewoon het nie.

Basson was die hoofspreker en hy het in sy toespraak tydens die byeenkoms verwys na die onaanvaarbare rigting wat die Nasionale Party ingeslaan het deur wetgewing daar te stel wat bykans elke faset van die mens se lewe beheer het. Die onaanvaarbare wetgewing het 'n negatiewe invloed op Suid-Afrika se ekonomie en sy internasionale posisie gehad. Dit was veral klein-apartheid, asook die oordrewe toepassing van die Groepsgebiede- en Ontugwet wat 'n dieper kloof tussen blankes en swartes ingedryf het.[20]

Volgens Basson was een van die wyses waarop die Regering onder druk geplaas kon word om af te sien van sy kleurbeleid, deur die stigting van 'n party of drukgroep. 'n Politieke party was vir Basson in die eerste plek: *"instrumente om die belange van die land mee te dien, en nie iets wat in sigself gedien moet word nie."* Teen dié agtergrond was Basson van mening dat 'n nuwe party vir homself die beperkte doel moes stel om 5% van die stemme teen die volgende verkiesing te verkry. Dit sou die party in 'n posisie plaas om die magsbalans te beheer, enersyds deur saam met die opposisie druk uit te oefen teen die Regering en andersyds deur onderhandelinge met die Regering aan te knoop.[21]

Basson het voorgestel dat, in plaas van 'n omvattende en wydlopende beleid, eerder gekonsentreer moes word op enkele beleidsaspekte soos die verhouding

---

W.A. Kleynhans, 22.11.1993. Persone wat die byeenkoms bygewoon het en latere bekendheid verwerf het, was onder andere prof. W.A. Kleynhans, akademikus, adv. Johan Kriegler, prof. Ben Marais as teoloog, dr. Jan Schutte as leraar en Robert van Tonder in die regse politieke geledere.

19. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993; The Star, 10.02.1960; Die Vaderland, 10.02.1960.

20. PV 58: 3/5/1/1/1, Rede van mnr. Japie Basson, voor Aanvoorkonferensie van Nasionale Unie, gehou te Johannesburg op 10 Februarie 1960.

21. Sunday Times, 14.02.1960; PV 58: 3/5/1/1/1, Rede van mnr. Japie Basson, voor Aanvoorkonferensie van Nasionale Unie, gehou te Johannesburg op 10 Februarie 1960.

tussen Engels- en Afrikaanssprekendes en tussen wit-, swart- en bruinmense, asook die onderwys, ekonomie en Suid-Afrika se posisie in Afrika en internasionaal. Die Party kon ook geskoei word op riglyne wat Fagan in sy boek Ons Verantwoordelikheid uiteengesit het.[22] Dié sake was hoofsaaklik ook die kwessies waarin Basson 'n persoonlike belangstelling gehad het en homself goed kon verwoord. Ten opsigte van die onderwys het hy 'n beleid voorgestel wat voorsiening moes maak vir: *"moedertaalonderwys, sonder dwang, onder een dak"*. Hy het die bevindinge van die Tomlinsonkommissie voorgehou as 'n oplossing vir die verhoudinge tussen swart en wit en ook die standpunt uitgespreek dat bruinmense direkte verteenwoordiging in die Parlement moes verkry.[23]

Basson was 'n oordeelkundige politikus wat eers 'n opname van die steun vir die Nasionale Unie wou maak. Daarom is besluit om twee aksiekomitees vir Johannesburg en Pretoria te verkies wat die taak opgelê is om ondersoek in te stel na die lewensvatbaarheid van die Nasionale Unie as 'n politieke party in die res van Suid-Afrika. Basson wou nie sy reeds onsekere loopbaan aan verdere onsekerhede blootstel deur betrokke te raak by die stigting van 'n party wat oor geen steun beskik het nie.[24] Dit is waarskynlik ook die belangrikste rede waarom die totstandbringing en die "Aanvoorkonferensie" in geheimhouding gehul was.

Basson het na afloop van die byeenkoms self tot die propagandastryd toegetree, die geheimhouding gebreek, en sy verbasing uitgespreek oor die steun wat hy ontvang het en gemeld dat hy ook bewus was van groot steun uit Suidwes-Afrika. Hy was daarom van plan om na afloop van die Parlementsitting ook steun in Suidwes-Afrika vir dié gedagterigting te werf.[25] Hy het voortaan as die parlementêre woordvoerder van die Nasionale Unie opgetree, hoewel hy steeds lid vir die Volksraad van die kiesafdeling Namib was.

Intussen het Basson talle briewe en navrae ontvang van persone wat betrokke wou raak by die Nasionale Unie. Die hulp wat aangebied was, was egter beperk tot die organisasie van dié politieke groep. Tomlinson het aangedui dat hy bereid was om behulpsaam te wees met die opstel van 'n kleurbeleid vir die Nasionale

---

22. Horison, No. 210, Maart 1960, p. 1; Ballinger, M., *The book we have been waiting for "Our Responsibility"* in The Forum, Maart 1960, pp. 4-6; Rand Daily Mail, 26.03.1960.
23. Cape Argus, 15.02.1960.
24. Die Suidwester, 13.02.1960; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 17.06.1993.
25. Die Suidwes-Afrikaner, 19.02.1960.

Unie, op die voorwaarde dat sy betrokkenheid nie bekend sou word nie.[26] Netso het talle persmanne, onder andere Piet Cillie, redakteur van Die Burger, en Sarel Marais van die Afrikaanse Pers, Basson se standpunte gesteun. Hul het egter uit vrees vir dissiplinêre stappe van die Nasionale Party, nie hulle openbare steun bekend gemaak nie.[27] 'n Ernstige geldnood het die totstandbringing van 'n organisasie beperk en die stigting van 'n koerant verhinder. Daarbenewens was die Nasionale Unie steeds leierloos, aangesien Fagan nie gereageer het op Basson se suggestie dat hy die aangewese persoon vir die taak sou wees nie.[28]

Teen hierdie agtergrond kan die vraag met reg gevra word hoekom Basson nie eerder by 'n ander politieke party aangesluit het nie, indien politieke oorlewing sy hoofmotief was. Serfontein is van mening dat Basson geglo het dat daar 'n sterker weerstand teen Verwoerd en die beleid van apartheid sou opbou en dat Dönges en sy volgelinge met Verwoerd sou bots. Dit kon lei tot die stigting van 'n party waarby Basson dan maklik sou kon inskakel.[29] Dit is ook waarskynlik een van die redes waarom Basson aanvanklik gekant was teen die stigting van 'n politieke party en eerder gekonsentreer het op die totstandbringing van 'n beweging. As lid van 'n onverbonde beweging sou Basson makliker kon inskakel by 'n politieke party waarvan Dönges die leier was. Met die verloop van tyd het Verwoerd sy posisie versterk, en 'n botsing wat kon lei tot 'n skeuring in die Nasionale Party het onwaarskynliker geword. Basson moes dus self tot aksie oorgaan, anders sou hy in die politieke woestyn agtergebly het.

'n Ander moontlikheid vir die bestaan van die persepsie dat die Nasionale Unie 'n beweging en nie 'n party moes wees nie, was waarskynlik om 'n groter mate van belangstelling vir 'n breër teikengroep te wek. Ingeskrewe lede van politieke partye sou eerder by 'n polities-georiënteerde beweging aansluit, eerder as om

---

26. PV 58: 2/9/1/1/1, Jan Smith aan Japie Basson, 23.01.1960. Prof. Tomlinson was die voorsitter van 'n kommissie wat ondersoek moes instel en aanbevelings doen oor die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die sogenaamde Bantoestangebiede in die Unie van Suid-Afrika. Die volledige verslag van die kommissie is nie gepubliseer nie, aangesien Verwoerd en die Regering met sekere aanbevelings verskil het.

27. PV 58: 2/9/1/1/5, Jack Steyn aan Japie Basson, 29.02.1960; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993.

28. PV 58: 2/9/1/1/1, Jan Smith aan Japie Basson, 18.02.1960; Dr. Michael Webb aan Japie Basson, 20.02.1960; Maj. L.P.J. Badenhorst aan Japie Basson, 20.02.1960; Die Burger, 22.02.1960.

29. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

van politieke party te verwissel, veral as die party ook nog nie sy lewensvatbaarheid kon bewys nie.

Basson het daarom erns gemaak om die struikelblokke in die vestiging van die Nasionale Unie te oorwin en het sy aanvalle in die Volksraad teen die Nasionale Party verskerp. Hy het tydens die debat oor die gewysigde Senaatwet die Nasionale Party aangeval, omdat alleen blankes verteenwoordiging in die senaat gehad het. Die Engelstalige pers het goeie dekking aan Basson se versoek verleen dat ook bruinmense direkte verteenwoordiging in die senaat moes verkry en dat minstens een vrou per provinsie as senator aangestel moes word. Suidwes-Afrika moes ook groter seggenskap verkry in die aanstelling van senatore vir die gebied.[30] Basson het beweer dat talle lede in die Nasionale Party dié gedagterigting gesteun het.[31]

Basson het, soos in Johannesburg en Pretoria, ook 'n vergadering in Kaapstad toegespreek om aksiekomitees vir die Nasionale Unie op die been te bring. Die vergadering op 27 Februarie is bygewoon deur veral akademici van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad. Soos in Johannesburg en Pretoria het persmanne ook 'n belangrike rol gespeel in die aksiekomitees en Gert Pretorius is tot voorsitter verkies.[32] Daarna het Basson ook op Stellenbosch en weer in Johannesburg en Pretoria vergaderings gehou waardeur hy steun probeer werf het vir die Nasionale Unie. Volgens The Star is die vergaderings in Johannesburg en Pretoria onderskeidelik deur ongeveer 1500 en 500 belangstellendes bygewoon. Dit is besonder interessant dat so 'n groot getal persone die vergaderings bygewoon het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die reklame en organisasie van die geleenthede, asook die nuuskierigheid van veral professionele persone wat geprikkel is deur Basson se optrede en standpunte.[33]

Die gebeure by die Sharpeville Polisiestasie naby Vereeniging op 21 Maart 1960 het skokgolwe deur die wêreld en Suid-Afrika gestuur. 'n Optog van 'n paar duisend persone het om die polisiestasie vergader. Polisiemaglede wat die stasie beman het, het sonder bevel op die optoggangers losgebrand en 180 persone is

30. Hansard, 24.02.1960, kol. 2187-2192; Cape Times, 25.02.1960; The Natal Mercury, 25.02.1960; The Friend, 25.02.1960.

31. PV 58: 2/1/1/5, Bim Lombaard aan Japie Basson, 18.02.1960; Die Suidwester, 27.02.1960.

32. Die Vaderland, 29.02.1960; Sunday Times, 28.02.1960.

33. The Star, 21.03.1960, 22.03.1960; Rand Daily Mail, 22.03.1960; Die Transvaler, 22.03.1960; PV 58: 3/5/1/1/1, Stellenbosch 14.03.1960.

beseer en 69 persone gedood. Basson het die dood van omstanders in die voorval betreur en die Regering verantwoordelik gehou vir die aanleidende toestande tot die gebeure.[34] Die Sharpevillegebeure het 'n nuwe tydvak vir die Suid-Afrikaanse politiek en rasseverhoudinge ingelui. Daarna het die verhouding tussen wit en swart dramaties versleg, wat die Regering en Basson se reaksie daarop beïnvloed het.

In opdrag van die Regering het die polisiemag die versetaksies in *townships* (swart woongebiede), veral in Langa en Nyanga, met geweld onderdruk en 'n noodtoestand is op 30 Maart 1960 afgekondig.[35]

Die Regering se optrede het ook die Nasionale Unie geraak. Volgens Basson het die Veiligheidspolisie opposisielede se pos onderskep en hulle telefoongesprekke afgeluister.[36] Twee deeltydse organiseerders van die Nasionale Unie, J.H.P. Serfontein en D.J. Grabe wat prokureursklerke was, is uit hulle poste ontslaan, omdat hulle werkgewers teen hulle lidmaatskap van die Nasionale Unie gediskrimineer het.[37] Ten spyte van die teenstand wat die leiersfigure in die totstandbringing van die Nasionale Unie tydens dié periode ervaar het, het die Suid-Afrikaanse Republikeinse Party onder die leierskap van R.S.P. Willers, hulle formeel by die Nasionale Unie aangesluit. Die aansluiting het plaasgevind sonder die amptelike bestaan van die Nasionale Unie en sonder 'n konstitusie. Dit blyk daaruit en die feit dat Willers nie 'n hoë posisie in die Nasionale Unie gekry het nie, dat die reeds bestaande Republikeinse Party bloedweinig ondersteuners gehad het. Dit word bevestig deurdat die gebeurtenis bykans geen publisiteit geniet het nie, en die nuwe aansluitings by die Nasionale Unie onbeduidend was.[38]

Die aanloop tot die formele stigting van die Nasionale Unie as 'n politieke party, is op 31 Maart 1960 'n stap verder gevoer met 'n persverklaring waarin Basson die manifes van die Nasionale Unie bekendgestel het. Van die standpunte was kontroversieel, onder andere die herstel van politieke regte van swartmense na die status wat dit in 1936 gehad het, en regstreekse verteenwoordiging in die

---

34. Rand Daily Mail, 23.03.1960; Cape Times, 22.03.1960, 23.03.1960.
35. Liebenberg, B.J. en Spies, S.B., (reds), South Africa in the 20th Century, p. 395.
36. Rand Daily Mail, 23.03.1960.
37. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.
38. Rand Daily Mail, 24.03.1960.

Senaat.[39] Basson het hierby aangesluit en gepleit dat 'n moratorium op rasgebaseerde wetgewing geplaas moes word, veral ten opsigte van die verstedelikte swartman. Arrestasies as gevolg van die oortreding van apartheidswette moes gestaak word, aangesien die voortsetting daarvan die toestand sou versleg en versetaksies tot gevolg sou hê.[40]

Volgens die manifes word die Nasionale Unie as 'n beweging beskryf.[41] Daar was egter meningsverskil onder sy lede, aangesien sommige dit as 'n party en ander as 'n beweging beskou het.[42] Die kwessie was dus nie amptelik opgeklaar nie, maar dit blyk dat dit op daardie stadium soos 'n party gefunksioneer het en dat ander politieke partye die Nasionale Unie as 'n politieke party beskou het.

'n Gebeurtenis wat nuwe hoop aan Basson gegee het, was die toespraak van minister Paul Sauer tydens 'n geleentheid op Humansdorp. Sauer het sonder om Verwoerd te raadpleeg, gesê dat daar 'n belangrike verandering moes kom in die praktiese toepassing van die Regering se apartheidsbeleid en dat 'n nuwe era betree is na die Sharpevillegebeure.[43] Basson het die uitspraak van Sauer beskou as 'n bevestiging van sy vermoede dat daar teenstand onder veral die Kaaplandse Nasionale Partylede was teen die koers wat Verwoerd ingeslaan het. Basson was so oortuig dat sy voorspelling bewaarheid sou word, dat hy selfs gemeld het dat hy bereid was om onder Sauer te dien, indien 'n breuk in die Nasionale Party sou plaasvind. Basson se vermoede is egter nie bewaarheid nie, aangesien minister Eric Louw Sauer namens Verwoerd gerepudieer het. Sauer het hom daarby berus en sy uitsprake het niks opgelewer waarby Basson baat kon vind nie.[44]

Die finale fase in die vestiging en stigting van die Nasionale Unie het eindelik op 30 April 1960 in Bloemfontein begin, toe die Nasionale Unie by 'n stigtingskongres as 'n politieke party gevestig is. Dit blyk dat die kongres nie die verwagte belangstelling by die kiesers en in die pers gehad het nie, aangesien

---

39. Die Transvaler, 31.03.1960; Cape Times, 31.03.1960; PV 58: 2/9/1/1/2, C.F. van der Merwe aan Japie Basson, 08.03.1960.
40. Rand Daily Mail, 31.03.1960.
41. PV 58: 3/5/1/1/1, Die Oogmerke van die Nasionale Unie.
42. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Phillip Myburgh, 22.06.1993.
43. De Villiers, D., Paul Sauer, pp. 135-139; Die Burger, 20.04.1960; Sunday Express, 24.04.1960.
44. Die Vaderland, 06.05.1960; The Star, 12.05.1960; PV 58: 2/9/1/1/3, P.J. Flinn aan Japie Basson, 28.04.1960.

slegs ongeveer 50 persone die kongres bygewoon het.[45] Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die persepsie dat die Nasionale Unie 'n reeds bestaande party was, en dat die kongres daarom 'n byeenkoms sonder buitengewone betekenis was.

Tydens die stigtingskongres is 'n interim-organisasiekomitee aangewys, met Japie Basson as die voorsitter, Hein Richter as die sekretaris en Louis Schachat die tesourier. Hoewel Basson reeds 'n konsepkonstitusie opgestel het, is komitees benoem wat die finale beleidstukke moes opstel en die konstitusie van die Party moes formuleer.[46] Basson is verkies as voorsitter van die Perskomitee vanweë sy kennis en verbintenis met die pers. Die formulering van die beleid van die Party was 'n dringende saak en Basson moes deur middel van sy kontak met die pers die beleid aan die publiek bekend maak.[47] Daar is besluit dat die hoofkantoor van die Party in Johannesburg sou wees. Die aanstelling van die Partyleierskap is uitgestel tot drie maande later met 'n algemene kongres in Johannesburg wat in die vooruitsig gestel is.[48] Basson wou nie die leierskap aanvaar nie, waarskynlik omdat hy besef het dat daar wantroue teenoor hom as individu bestaan het en die take van 'n leier sy politieke mobiliteit kon inkort.[49] Volgens The Friend het Basson in 'n onderhoud genoem dat die stigting van die Party oorweldigende steun geniet het en ook onverwagse finansiële steun ontvang het. Basson het die steun egter nie gekwalifiseer nie.[50] Dié verklaring was waarskynlik deel van 'n propagandastrategie. Hy het die stigtingskongres opgevolg met 'n reeks vergaderings in die Johannesburg- en Kaapstadomgewing.[51]

Volgens die Program van Beginsels van die Nasionale Unie (Bylae I) het die Party die waardes van verdraagsaamheid, samewerking, welwillendheid en goeie

45. The Friend, 30.04.1960.
46. Ibid.; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Phillip Myburgh, 22.06.1993. Ander lede van die Hoofbestuur was prof. C.F. van der Merwe, J.D. Smith, L.C. Whipp en H.J.C. de Jager. Onder die aanwesiges was daar bekendes soos die skrywers, I.S. Mocke, H.J. Potgieter, G. Pretorius, 'n joernalis, adv. Bruckner de Villiers en Taffie Kikillus, 'n musikant.
47. PV 58: 1/5/2/3/1, Notule van 'n Konferensie van die Nasionale Unie-Aksiekomiteelede, 30 April 1960.
48. Die Burger, 02.05.1960; Cape Times, 02.05.1960; Cape Argus, 30.04.1960.
49. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Phillip Myburgh, 22.06.1993.
50. The Friend, 30.04.1960; 02.05.1960.
51. Cape Argus, 06.05.1960, 02.06.1960; Die Burger, 06.05.1960, 07.05.1960; Rand Daily Mail, 10.05.1960, 11.05.1960; The Star, 12.05.1960, 17.05.1960, 25.06.1960; Die Vaderland, 10.05.1960, 25.06.1960.

trou voorgestaan. Die doelstellings van die Party kan kortliks as volg opgesom word: 'n Suid-Afrikaanse Nasieskap met sy kenmerkende nasionale simbole; samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes; steun vir republiekstatus vir Suid-Afrika, maar met die behoud van lidmaatskap van die Statebond; stappe om die verwydering tussen die bruin en blanke gemeenskap te oorbrug en die reg vir bruinmense om direkte verteenwoordiging in wetgewende liggame te verkry; die ontwikkeling van Bantoegebiede, groter politieke inspraak van die swartman buite die gebiede in die verkiesing van verteenwoordigers en die herstel van indirekte verteenwoordiging in die parlement deur blankes; individuele vryheid; 'n vrye ekonomie met groter geleenthede vir private inisiatief; solidariteit met die Statebond; vriendskaplike samewerking met ander Afrikalande en samewerking met internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies.[52]

Hoewel Basson aanvanklik ten gunste was van die noodtoestand wat in Maart 1960 verklaar is, het hy sy steun vir die voortsetting daarvan teen Meimaand onttrek, aangesien die Regering in gebreke gebly het om met positiewe beleidsmaatreëls die vrede te herstel en wettige griewe uit die weg te ruim.[53] Hieruit blyk een van Basson se politieke kenmerke, hoewel sy optrede nie 'n vreemde verskynsel in die politiek van die dag was nie. Hoewel hy soms teen bepaalde wetgewing gekant kon wees, het hy op sekondêre voorwaardes gekonformeer, ter wille van sy voortbestaan in die politiek. Dit het hom in staat gestel om later teen die wetgewing stelling in te neem op grond van die voorwaardes wat hy gestel het wat nie nagekom is nie.

Basson het deur hierdie en ander soortgelyke optredes bekend geword as 'n politikus wat nie polities vertrou kon word nie en dat daar noukeurig gelet moes word op die formulering wat hy gebruik het indien hy wetgewing gesteun het. Dit word ook genoem dat Basson nie geoordeel moes word op grond van sy uitlatings nie, maar eerder op dit wat hy verswyg het.[54] Die vraag oor Basson se politieke betroubaarheid kon een van die redes wees waarom daar 'n huiwering by kiesers en ander politici was om by die Nasionale Unie aan te sluit. Geen parlementêre politikus het aangedui dat hulle uit hul partye sou bedank om by die Nasionale Unie aan te sluit nie. Basson se politieke reputasie, en die feit dat hy dikwels van partye verwissel het, het klaarblyklik nie voldoende politieke

52. Mostert, J.P.C., Politieke Partye in Suid-Afrika, pp. 94-101.

53. Hansard, 16.05.1960, kol. 8049; The Friend, 17.05.1960.

54. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met dr. Gideon Jacobs, 23.11.1993.

sekuriteit aan kiesers en ander politici gebied dat hulle op 'n groot skaal begin volg het nie.

Na die stigting van die Nasionale Unie, was die stigting van 'n koerant vir die Party 'n prioriteit. As oud-joernalis het Basson besef watter rol 'n koerant kon speel in die propagering van 'n party. Onder sy leiding kon die perskomitee egter nie daarin slaag om eenstemmigheid te bereik oor die formaat wat die koerant moes aanneem nie. Die grootste struikelblok was die verkryging van finansiële steun om die blad op die been te bring.[55] Die beloofde fondse waarna Basson verwys het, was nie voldoende om die administratiewe kostes van die Party te dra nie en daar is indringend gekyk na fondsinsamelingsmoontlikhede. Intussen is propaganda gemaak deur vergaderings toe te spreek en ernstiger aandag is gegee aan die totstandbringing van organisasies op plaaslike vlak waardeur die Party steun kon werf.[56]

Na die stigting van die Party het daar egter ook verskille ingetree ten opsigte van beleidsaangeleenthede waarvan die belangrikste die kwessie van 'n republiek was. Basson was ten gunste van 'n republikeinse regeringsvorm, maar talle lede van die Nasionale Unie het gevrees dat republiekstatus sou lei tot die uitsluiting van Suid-Afrika uit die Statebond. Brian Bamford, een van die leiersfigure van die Nasionale Unie in Kaapland het voorgestel dat die Nasionale Unie moes ontbind indien die geskil in die Party nie opgelos kon word nie en eers na die Referendum weer gestig moes word.[57] H.A. Fagan het in 'n brief aan Basson voorgestel dat lede van die Nasionale Unie individueel hulle keuse moes uitoefen en nie deur die Party voorgeskryf moes word nie.[58] Basson het Fagan se standpunt ondersteun, maar sy persoonlike steun ten gunste van 'n republiek gegee.[59]

Steun vir die Nasionale Unie was hoofsaaklik in Johannesburg en Kaapstad gesetel. Richter, die Sekretaris van die Nasionale Unie, het egter ook besoeke

---

55. PV 58: 2/9/1/1/4, Jan Smith aan Japie Basson, 30.05.1960; Hennie Potgieter aan Japie Basson, 18.05.1960.
56. PV 58: 2/9/1/1/4, Hein Richter aan Japie Basson, 07.06.1960; Jan Smith aan Japie Basson, 13.06.1960.
57. PV 58: 2/9/1/1/5, B.R. Bamford aan Japie Basson, 11.08.1960; 2/1/1/6, Jan Smith aan Japie Basson, 08.07.1960.
58. PV 58: 2/9/1/1/5, H.A. Fagan aan Japie Basson, 15.08.1960.
59. Cape Argus, 19.08.1960; PV 58: 3/5/1/1/3, Standpunt insake die Volkstemming oor 'n Republiek.

aan die Vrystaat en Natal gebring. Hy het gevind dat die meeste belangstellendes in die Nasionale Unie óf oud-Afrikaner Partylede óf Engelssprekendes was.[60] In die aard en motiewe van die ondersteuners was een van die inherente swakhede van die Nasionale Unie opgesluit. Talle lede het geen ander politieke tuiste gehad nie en dit was die enigste rede waarom hulle aangesluit het by die Nasionale Unie. Selfs advokaat J.G.N. Strauss, eertydse leier van die Verenigde Party, het sommige vergaderings bygewoon. Belangstelling het ook gekom van Hans van Rensburg, voormalige leier van die Ossewa-Brandwag, en Marius Jooste, 'n persmagnaat.[61]

Basson het besef dat die steunbasis van die Nasionale Unie ook na Suidwes-Afrika uitgebou moes word. Dit sou 'n groter aansien aan die Nasionale Unie verleen en sodoende Basson se bedingingsposisie in die politiek verbeter. Daarom is die Suidwesparty in Suidwes-Afrika gestig as eweknie van die Nasionale Unie in Suid-Afrika. Basson het geglo dat die beginsels van die Suidwesparty en sy persoonlike aanhang onder veral Duitssprekendes, die stigting van die Party moontlik gemaak het.[62] Basson was van mening dat die Party 'n belangrike rol kon speel in Suidwes-Afrika, waar setels met relatief klein meerderhede gewen is. Die beleid van die Suidwesparty het grootliks ooreengestem met die beleid van die Nasionale Unie. Samewerking tussen Afrikaans-, Engels- en Duitssprekendes op gelyke grondslag, was een van die hoofdoelstellings van die Party. Die Party was ten gunste van selfbestuur en die grootste moontlike outonimiteit vir Suidwes-Afrika op die basis van 'n federale inskakeling by Suid-Afrika.[63]

Die pers en publiek het relatief min aandag aan die stigtingsgeleentheid van die Suidwesparty gegee. Dit is nie duidelik wie en die getal persone wat by die stigting van die Party betrokke was nie. 'n Moontlike rede daarvoor is dat die Suidwesparty op daardie tydstip nie die steun en publisiteit van 'n koerant in Suidwes-Afrika gehad het nie. 'n Ander moontlikheid is dat Basson en lede van die Nasionale Unie in die Transvaal, en nie Suidwesters nie, die inisiatief geneem het met die stigting en stigtingsgeleentheid van die Suidwesparty. Dit is waarskynlik waarom Basson na afloop van die stigting van die Suidwesparty 'n

---

60. PV 58: 2/9/1/1/4, Hein Richter aan Japie Basson, 07.06.1960; Hein Richter aan Japie Basson, 28.07.1960.

61. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 17.06.1993.

62. Serfontein, J.H.P., Namibia?, p. 123.

63. PV 58: 3/10/1/1/1, Toespraak, Windhoek, 10.08.1960 - Die Beginsels en Strewe van Die Suidwesparty.

reeks vergaderings toegespreek het, waartydens hy die beleid van die Party verkondig het.[64]

J.H.P. Serfontein se aanstelling as Sekretaris het verdere statuur aan die Suidwesparty verleen. Hy was verantwoordelik vir die totstandbringing van 'n Partyhoofkantoor en organisasie vanuit Windhoek.[65] Dit blyk egter dat die stigting van die Suidwesparty 'n opportunistiese stap was, wat waarskynlik meer op eie politieke belang gemik was, eerder as om die beginsels van die Party te bevorder.[66] Deur die stigting van die Suidwesparty, die vestiging van 'n hoofkantoor en die indiensneming van 'n voltydse amptenaar vir die Party, het Basson die persepsie geskep dat hy 'n groot gevolg in Suidwes-Afrika gehad het. Hy het op 'n goed beplande wyse te werk gegaan om die indruk te vestig dat hy in Suid-Afrika sowel as in Suidwes-Afrika 'n politieke gevolg gehad het waarmee ander politieke partye rekening moes hou.

In Suid-Afrika het Basson ook gepoog om die steun van die Nasionale Unie uit te brei. Samesprekinge tussen die Suid-Afrikaanse Bond en die Nasionale Unie het plaasgevind om samewerking en moontlike inlywing te bespreek, maar 'n dooiepunt is bereik as gevolg van die Suid-Afrikaanse Bond se onoorbrugbare voorwaardes tot samesmelting. Die volgende eise is gestel: 'n naamsverandering na "Die Nasionale Bond" of "Die Sentrale Suid-Afrikaanse Party"; die aanvaarding van die Suid-Afrikaanse Bond se program van beginsels; die akkommodering van alle amptenare van die Bond in die Nasionale Unie se administrasie en kantore en die betaling van hul salarisse; asook die alleenreg van die Bond om steeds 'n deel van hul eie fondse te bestuur.[67] Dit blyk egter dat die Bond gewillig was om kompromieë te tref, maar dit was nie vir Basson en die ander lede van die Nasionale Unie-afvaardiging, C. Steenkamp, H. Richter en J. Smith, aanvaarbaar nie. Basson sou nie maklik toegee ten opsigte van beleidsake nie en daarbenewens het die Nasionale Unie nie oor die fondse

---

64. PV 58: 3/9/1/1/3, Toespraak, Witvlei, 10.06.1960 en Okahandja, 30.08.1960; Cape Argus, 18.07.1960; Die Suidwes-Afrikaner, 15.07.1960, 22.07.1960, 16.08.1960; Die Suidwester, 20.07.1960.

65. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

66. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

67. Die Transvaler, 13.06.1960; PV 58: 1/5/2/2/1, "Minutes of meeting of the Head Committee of the National Union, held on the 24th June, 1960"; Nasionale Unie-Komiteeverslag oor samesprekings met S.A. Bond; 2/9/1/1/4, Hein Richter aan Japie Basson, 11.07.1960 en 28.07.1960.

beskik om bykomstige amptenare finansieel te dra nie. Die partye het nietemin besluit om die samesprekinge voort te sit. Eers teen 1961 sou daar enige vrug op hierdie samesprekings wees.

Basson het steeds nie-amptelik as leier opgetree en 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van die interne organisasie van die Nasionale Unie en die stigting van 'n koerant. Basson was bewus van die potensiële mag en invloed van die pers op kiesers en politici. Daarom het hy die stigting van 'n koerant vir die Nasionale Unie as 'n prioriteit beskou. Basson was die naamgewer van die tweetalige Transvaalse koerant, Werda. 'n Eerste oplaag van 8 000 kopieë is in samewerking met Hans Strydom en Chris Steenkamp, die aangestelde redakteure, beplan.[68] Brian Gilfillan het ongespesifiseerde finansiële steun aan die koerant belowe, wat die geldnood verlig het. Die drietalige Suidwes-Bulletin is ook intussen beplan vir Suidwes-Afrika met Ferdinand Lempp as redakteur.[69]

Dit blyk dat Basson nie so betrokke was by Werda, vergeleke met sy betrokkenheid by die Suidwes-Bulletin nie. Hy was steeds Volksraadslid van Namib en het in Windhoek hulp verleen aan Lempp, die redakteur. Werda en die Suidwes-Bulletin het op 20 Oktober hulle eerste oplae beleef.[70] Die Realis was 'n onverbonde koerant wat die beginsels van die Nasionale Unie ondersteun het. Die koerant het die ondersteuning van die Kaaplandse afdeling van die Nasionale Unie geniet en Brian Bamford, 'n lid van die Nasionale Unie, was die redakteur. Die eerste oplaag van Die Realis het egter eers in Januarie 1961 verskyn.[71] Met die vestiging van koerante in Johannesburg, Kaapstad en Windhoek, het Basson verder daarin geslaag om die persepsie te skep en te versterk dat hy 'n politieke aanhang gehad het. Dit was geen geringe prestasie nie, en die tyd sou leer of die jong party en Basson met sy persoonlike invloed daarin sou slaag om die finansiële steun van sakemanne en maatskappye te verkry om die koerante op die been te hou.

Ten spyte van die talle probleme wat Verwoerd in die eerste helfte van 1960 moes trotseer, kon die Nasionale Party daarin slaag om die Referendum vir 'n

68. PV 58: 2/9/1/1/5, Hein Richter aan Japie Basson, 26.09.1960.

69. PV 58: 2/27/1/1/1, Hein Richter aan Japie Basson, 22.09.1960; Japie Basson aan Hein Richter, 27.09.1960; Die Burger, 22.10.1960.

70. Cape Times, 22.10.1960; Die Burger, 22.10.1960.

71. Die Realis, 19.01.1961.

Republiek op 5 Oktober 1960 met 'n meerderheid van stemme te wen.[72] Verwoerd se herstel na 'n mislukte sluipmoordpoging op hom tydens die Randse Paasskou, kon moontlik bygedra het tot die uitslag ten gunste van die Republiek. Ook die Nasionale Unie en die Suidwesparty het erkenning vir hulle bydrae tot die oorwinning geëis.[73] Die aannames kon egter nie empiries getoets word nie. Dit blyk egter onwaarskynlik te wees dat die Nasionale Unie so 'n groot verskil gemaak het, veral omdat die Nasionale Unie dit aan sy lede oorgelaat het om 'n persoonlike beslissing by die stembus te maak. Basson was verheug oor die uitslag, maar hy kon weinig politieke munt daaruit slaan.

Volgens Basson het die Nasionale Unie in sy eerste toets geslaag en die eerste paar maande van sy bestaan goeie groei getoon.[74] 'n Groot getal lede het om persoonlike redes aangesluit, eerder as wat die beginsels van die Nasionale Unie hulle aangetrek het.[75] Hoewel daar 'n moontlike groei in die ledetal was, was die finansiële posisie en toekoms van die Nasionale Unie na die Referendum geensins rooskleurig nie. Schachat, die tesourier, het gerapporteer dat beloftes van skenkings, waaronder 'n bedrag van £10 000, nie nagekom is nie. Die beskikbare fondse het teen die einde van Oktober 1960 slegs £158.13.0 beloop. Schachat het die hoofbestuur gewaarsku dat: *"die Party sal nou daadwerklike pogings moet aanwend om fondse in te samel"* om die Partyorganisasie en sy amptenare op die been te hou.[76]

## Die samewerkingsooreenkoms tussen die Suidwesparty en die Verenigde Nasionale Suidwesparty

Na die Referendum het 'n groter toets vir die Suidwesparty voorgelê wat voorbereidings begin tref het vir die Verkiesing van die Wetgewende Vergadering in Suidwes-Afrika op 8 Maart 1961. Tydens 'n vergadering in Windhoek in die begin van Desember 1960 het Basson 'n sewepuntplan aangekondig waarvolgens die Suidwesparty die verkiesing sou veg. Basson se punte was soos volg:

---

72. Harry Lawrence-versameling: The Referendum. Die stemme ten gunste van die Republiek was 850 458 en daarteen 775 878.

73. PV 58: 1/5/2/2/1, Notule van die Uniale Raadvergadering, 22.10.1960; 2/9/1/1/5, B.R. Bamford aan Japie Basson, 01.10.1960; Die Suidwester, 08.10.1960.

74. Cape Argus, 09.09.1960, 15.11.1960.

75. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

76. PV 58: 1/5/2/2/1, Notule van die Uniale Raadvergadering, 22.10.1960; 9/2/1/1/1, Total Expenditure to Date, Feb. 1961.

"(1) *Die drie politieke partye van Suidwes moet in die toekoms met mekaar oor die Suidwes-vraagstuk konsulteer.*

(2) *'n Parlementêre komitee bestaande uit alle partye, moet die regering oor Suidwes-vraagstuk adviseer.*

(3) *Die V.V.O.-afvaardiging moet in die toekoms bestaan uit mense wat Suidwes verteenwoordig.*

(4) *Die Nasionale Party moet onmiddellik die onverantwoordelike standpunt van mnre. Van der Wath en Von Moltke repudieer en dadelik afstap van sy nuwe beleid van inlywing van Suidwes by die Unie.*

(5) *Ons moet 'n feite jaarboek oor Suidwes opstel en tot beskikking van die V.V.O. stel.*

(6) *Die administrasie van Suidwes se naturellesake moet in Suidwes se hande kom en die pos wat dr. Frey nou in die Senaat het, moet na die Wetgewende Vergadering oorgeskuif word.*

(7) *Die kleurlinge moet dadelik verteenwoordiging deur die blankes in die Wetgewende Vergadering kry."* [77]

Volgens die berig in Die Suidwester moes nie net bruinmense nie, maar ook swartmense indirekte verteenwoordiging in die Wetgewende Vergadering verkry deur blanke verteenwoordigers.[78] Hierdie punte het ooreenstemming getoon met van die standpunte wat die Verenigde Nasionale Suidwesparty gehuldig het. Dit het geblyk dat Basson daardeur toenadering begin soek het tot die Verenigde Nasionale Suidwesparty.

Dit was daarom nie vreemd dat Basson in Januarie 1961 verklaar het dat dit nie sy wens was dat die Suidwesparty in driehoekige gevegte betrokke moes raak en sodoende die opposisie se stem verdeel nie. Daarom sou die Suidwesparty die Verenigde Nasionale Suidwesparty se kandidate steun in kiesafdelings waarin hulle nie self kandidate sou stel nie.[79] Basson het daardeur die weg gebaan vir die eerste samesprekinge tussen die twee partye, hoewel die Hoofbestuur van die Verenigde Nasionale Suidwesparty reeds in September 1960 besluit het dat hulle nie in 'n verkiesingsooreenkoms met die Suidwesparty belang gestel het nie.[80] Daar is bespiegel of Niehaus, leier van die Verenigde Nasionale Suidwesparty,

---

77. Die Suidwes-Afrikaner, 02.12.1960.
78. Die Suidwester, 03.12.1960.
79. Cape Argus, 09.01.1961.
80. Verenigde Party-versameling: SWA Head Committee, Notule van Hoofbestuursvergadering, 05.09.1960.

bereid sou wees om Basson, wat eens een van die vurigste opponente van die Verenigde Nasionale Suidwesparty was, as 'n bondgenoot te aanvaar.[81]

Teen die verwagting in is daar teen die einde van Januarie 'n verkiesingsooreenkoms tussen die twee genoemde partye bereik. Die rede waarom die Verenigde Nasionale Suidwesparty tot hierdie stap oorgegaan het, was: *"Eerstens, indien ons die verkiesing alleen beveg en 'n loesing kry sal Basson dit vir sy eie voordeel uitbuit. Tweedens mag sy samewerking daartoe bydra om die Duitssprekendes te beïnvloed om teen die regering te stem."* [82] Die voorwaardes vir samewerking waartoe Niehaus en Serfontein ooreengekom het, was onder andere dat die twee partye nie kandidate teen mekaar sou stel nie en dat die kieasafdelings Swakopmund en Luderitz onderskeidelik aan Marga Vaatz en Serfontein van die Suidwesparty toegeken word. Daarbenewens sou die Verenigde Nasionale Suidwesparty vir die verkiesing sy strukture ter beskikking van die Suidwesparty stel, maar elke party was verantwoordelik vir sy eie kostes wat in hul veldtogte aangegaan is. Daar is ook ooreengekom ten opsigte van beleidsake soos Suidwes-Afrika se internasionale posisie, die verhouding met Suid-Afrika en hul kleurbeleid.[83] Die ooreenkoms het by implikasie ook samewerking moontlik gemaak tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party in die geval van 'n verkiesing.[84] In die Nasionale Unie het die vermoede bestaan dat Verwoerd 'n vroeë verkiesing sou uitroep. Een van die moontlike motiverings daarvoor was om die Nasionale Unie en die Progressiewe Party te vernietig, aangesien beide as jong partye op wankelende bene gestaan het.[85]

Die samewerkingsooreenkoms het skerp reaksie in die Nasionale Party van Suidwes-Afrika uitgelok en Die Suidwester het Basson beskuldig van politieke opportunisme.[86] Volgens hulle het Basson die leierskap van die Verenigde Nasionale Suidwesparty oortuig dat die Suidwesparty wesentlike steun gehad het en datdié party 'n verskil kon maak aan die uitslag van die verkiesing. Niehaus het waarskynlik geglo dat met Basson se persoonlike steun die pakt moontlik wel setels kon wen. Basson het dus op 'n berekende wyse daarin geslaag om die tydelike voortbestaan van die Suidwesparty te verseker, aangesien hy daarvan seker was dat die Party geen noemenswaardige steun gehad het nie en dat die

81. Die Suidwester, 14.01.1961; The Friend, 17.01.1961.
82. Verenigde Party-versameling: SWA Head Committee, Notule van Hoofbestuursvergadering, 18.01.1961.
83. Die Burger, 27.01.1961; PV 58: 2/12/1/1/1, Verkiesingsooreenkoms.
84. Die Suidwester, 28.01.1961; Die Burger, 27.01.1961.
85. Die Realis, 19.01.1961.
86. Die Suidwester, 11.02.1961, 15.02.1961, 22.02.1961.

verkiesing dit sou aantoon.[87] Die Suidwesparty kon dus op die rug van die Verenigde Nasionale Suidwesparty ry en voordeel put uit sy infrastruktuur met die oog op die verkiesing.[88]

Met die Parlementsopening in 1961 is Basson se fokus tydelik verskuif van die voorbereidings vir die verkiesing van die Wetgewende Vergadering in Suidwes-Afrika na die nasionale politiek. Basson het tydens die wantrouedebat sy kommer uitgespreek oor die groeiende antagonisme van die buiteland, swartmense en bruinmense, veral teenoor die Afrikaners. Dit was die gevolg van die vereenselwiging van die taalgroep met Verwoerd se inperking van vryhede deur wetgewing.[89] Een van die terreine waaraan die Regering volgens Basson aandag moes gee, was die kwessie van volkseenheid. Hy het die interessante mening gehuldig dat die ideaal beter gedien sou kon word deur 'n monargale stelsel. 'n Monarg het die staat verteenwoordig eerder as 'n president, wat 'n politieke party verteenwoordig het soos in 'n republiek.[90]

In teenstelling met die skerp aanvalle wat Basson op die Nasionale Party geloods het, het sy kritiek op die Verenigde Party merkbaar verminder.[91] Basson het reeds daarin geslaag om 'n samewerkingsooreenkoms met die Verenigde Nasionale Suidwesparty te bewerkstellig. Dit blyk dat hy teen 1961 besef het dat hy aktief na politieke bondgenote moes soek, wat tot die Nasionale Unie en sy politieke oorlewing kon bydra. Daarom het hy die samesprekings met die Suid-Afrikaanse Bond voortgesit en op 31 Januarie 1961 het nog 'n ontmoeting plaasgevind met R. Joubert, G. Kuyter en J. de Ruco, waartydens samesmelting met die Nasionale Unie bespreek is. Beide partye het hulle in beginsel ten gunste van samesmelting uitgespreek, maar die saak sou eers op 'n latere stadium verder gevoer word.[92]

Die onderhandelinge oor samesmelting tussen die Nasionale Unie en die Suid-Afrikaanse Bond het nie onmiddellik verdere aandag geniet nie, waarskynlik

---

87. Cape Times, 27.02.1961; Die Burger, 27.02.1961.
88. Hansard, 27.03.1961, kol. 3410.
89. The Star, 27.01.1961; Die Suidwester, 25.01.1961; 28.01.1961; Rand Daily Mail, 27.01.1961; Die Realis, 19.01.1961, 22.02.1961; Legum, C., South Africa: Crisis for the West, p. 186.
90. Hansard, 09.02.1961, kol. 1031-1036; Die Burger, 10.02.1961; PV 58: 2/1/1/7, Japie Basson aan T.S. Lessing, 27.04.1961.
91. Cape Times, 27.01.1961.
92. PV 58: 1/5/2/1/1, "Meeting of the joint committees of the South African Bond and the National Union held at Johannesburg on Tuesday the 31st January, 1961."

omdat Basson se tyd in beslag geneem is deur die voorbereiding en hulp met die Wetgewende Vergadering se verkiesing in Suidwes-Afrika. Basson en Niehaus het vergaderings toegespreek saam met die kandidate van hulle onderskeie partye.[93] Dit was veral die Suidwesparty wat van bykomende organiseerders gebruik gemaak het om steun vir die Party te probeer wen, maar sonder sukses. Die uitslag van die verkiesing het slegs twee setels aan die Verenigde Nasionale Suidwesparty besorg.[94] Die twee kandidate van die Suidwesparty, Hennie Serfontein in Luderitz en Marga Vaatz in Swakopmund, kon egter nie setels wen nie, hoewel hulle die meederhede van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika sedert die verkiesing van 1955 verminder het. Volgens Die Suidwester was: *"Die enigste verdienste van dié party vir die Verenigde Party in die verkiesing (was) dat hy gehelp het om die twee V.P.-kandidate in die Windhoek-Distrik en Windhoek-Oos met skrale meerderhele (sic) (meerderhede) te laat wen. Origens het dit duidelik geblyk dat die Basson-party in Suidwes van geen betekenis is nie. Hy kan nie daarop aanspraak maak dat hy noemenswaardige ondersteuning geniet nie. Dit wat hy het, het hy vir hierdie verkiesing doeltreffend genoeg agter sy bondgenootskap met die V.P. verberg."* [95] Die beslissende oorwinning van die Nasionale Party oor die pakt, het aangedui dat die Suidwesparty se invloed in die verkiesing minimaal was en dat kiesers nie maklik sou afwyk van die beleid wat die Nasionale Party voorgestaan het nie. Die uitslag was dus 'n teleurstelling vir Niehaus wat die krag van die Suidwesparty totaal oorskat het.[96]

Die teleurstellende uitslag het spanning tussen lede van die Suidwesparty en lede van die Verenigde Nasionale Suidwesparty veroorsaak.[97] Beide partye het beweer dat hulle verantwoordelik was vir die verowering van die twee setels.[98] Basson is beskuldig dat hy die Verenigde Nasionale Suidwesparty vir sy eie

93. Die Suidwester, 15.02.1961, 22.02.1961, 01.03.1961, 04.03.1961, 08.03.1961; Die Realis, 22.02.1961.
94. Cape Argus, 10.03.1961; Die Suidwester, 29.03.1961.
95. Die Suidwester, 11.03.1961. Daar was 'n swaai van 2.2% van die steun ten gunste van die Nasionale Party sedert die Algemene Verkiesing in 1958. Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het in totaal 19 360 stemme, die Verenigde Nasionale Suidwesparty 11 314 stemme en die Suidwesparty het 1 902 stemme in die verkiesing gekry.
96. Verenigde Party-versameling: SWA Head Committee, Notule van Hoofbestuursvergadering, 15.03.1961; Cape Times, 10.03.1961; Cape Argus, 09.03.1961.
97. PV 58: 2/12/1/1/1, J.H.P. Serfontein aan Japie Basson, 27.03.1961.
98. Die Suidwester, 18.03.1961.

oogmerke misbruik het.[99] Teen Augustus 1961 het Niehaus aangekondig dat die ooreenkoms met die Suidwesparty verval het.[100]

Hoewel die verkiesing aangetoon het dat die Suidwesparty geen noemenswaardige steun gehad het nie, het Basson sy tevredenheid uitgespreek oor die relatiewe sukses van die Party. Twee faktore het hom bemoedig, naamlik die verkleining van die meerderheid van die Nasionale Party, en tweedens dat die Party steun vanuit alle blanke taalgroepe getrek het. Volgens Basson sou die Party daarom voortgaan met die stigting van takke en die opbou van 'n organisasie in Suidwes-Afrika.[101] Dit blyk dat Basson, deur die behoud van die Party en sy organisasie, eerder gepoog het om die kieser en politici aan die raai te hou oor die werklike krag van die Party. Basson het dus volgehou om die persepsie te vestig dat sy aanhang groter was as wat dit in werklikheid was. Hierdie strategie van Basson word bevestig deur Serfontein wat gerapporteer het dat die Suidwesparty sowel as die Suidwes-Bulletin in 'n finansiële verknorsing was. Fondse moes dringend gevind word om die Party van verdere ondergang te red.[102] Die ernstige toedrag was egter nie aan die Verenigde Nasionale Suidwesparty of die kiesers bekend nie. Indien die toestand bekend sou word, sou die persepsie dat die Suidwesparty 'n sterk en gesonde party was, daarmee vernietig word. Basson wou deur die weerhouding van inligting oor die swak toestand waarin die Party verkeer het, verhoed dat sy politieke bedingingsmag geskaad word.

Dit was egter nie net die Suidwesparty wat onder probleme gebuk gegaan het nie. In die Nasionale Unie in Transvaal het skerp persoonlike binnegevegte plaasgevind wat tot onenigheid in die Party aanleiding gegee het. Robert van Tonder, die Onder-voorsitter van die Transvaalse streek van die Party, het in botsing gekom met Hein Richter, die Sekretaris van die Party. Die botsing was nie soseer oor metode- en beleidsverskille nie. Dit het eerder geblyk dat 'n belangrike element van die botsings, die poging van individue was om die Party te gebruik om hulle eie oogmerke te bevorder.[103] Dit skyn egter nie of Basson

---

99. Die Suidwester, 04.03.1961.
100. Verenigde Party-versameling: SWA Head Committee, Notule van Hoofbestuursvergadering, 14.08.1961.
101. PV 58: 3/10/1/1/1, "Statement by Japie Basson", 10.03.1961; Serfontein, p. 123.
102. PV 58: 2/12/1/1/1, J.H.P. Serfontein aan Japie Basson, 27.03.1961 en 05.04.1961.
103. PV 58: 1/5/2/5/1, "Minutes of the Area Council", 29.03.1961, Randse Streekvergadering gehou op 29.03.1961 - Voorafgaande Gebeure; 6/5/2/1/1, Memorandum oor die gebeure op die Randse Streeksvergadering gehou op 29 Maart 1961; 2/9/1/1/6, Robert van Tonder aan Japie Basson, 05.04.1961.

persoonlik ingegryp het nie, aangesien die bestuur van die streek die twis besleg het. Basson moes nietemin kennis neem van die diversiteit in die Party. Dit blyk ook hieruit dat die eksterne beeld van die Nasionale Unie vir Basson 'n groter prioriteit was as om sy tyd en energie te fokus op interne probleme en persoonlikheidsbotsings in die Party. Dit was ook meer in sy aard om vergaderings toe te spreek en onderhoude met die pers te voer as om geskille te besleg.

## Die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party

Basson het besef dat die Nasionale Unie se magsbasis moes vergroot indien die Party in 'n verkiesing betrokke wou raak. 'n Ander metode om polities te oorleef, was deur 'n verkiesingsooreenkoms met 'n gevestigde party, wat wesentlike steun geniet het, aan te gaan.[104] Na maandelange samesprekinge en onderhandelinge tussen die Nasionale Unie en die Suid-Afrikaanse Bond, is die verskille tussen die twee partye oorbrug. Raymond Joubert, die leier van die Bond, het sy steun aan Basson en die Nasionale Unie toegesê en die Suid-Afrikaanse Bond het op 8 April 1961 by die Nasionale Unie ingeskakel.[105] Die steun wat daardeur aan die Nasionale Unie toegevoeg is, was onbeduidend. Die betekenisvolheid daarvan kon geleë wees in die persepsie, dat die Nasionale Unie se krag daarmee aansienlik versterk is. Volgens Barnard het die samesmelting egter bykans geen rol gespeel om die aansien van die Nasionale Unie uit te bou nie.[106]

In 'n verdere poging om die Nasionale Unie se magsbasis uit te brei, het Louis Schachat, een van die leiers in die Party, 'n memorandum opgestel waarin gekyk is na moontlikhede om 'n regeringsverandering teweeg te bring.[107] Die memorandum het aangesluit by die gees van die Hermanuskonferensie op 21-22 April 1961 wat bygewoon is deur leidende akademici en uitgenooides wat besorg was oor die politieke toestand waarin die land verkeer het. Dit was veral Afrikanerakademici soos B.B. Keet, Ben Marais en V.L. Pistorius wat die Regering ongemaklik laat voel het met hul bedenkinge oor apartheid.[108] Basson het self ook die byeenkoms bygewoon en enersyds die behoefte raakgesien vir 'n

---

104. PV 58: 6/5/2/1/1, Japie Basson aan Hans Strydom, 16.03.1961.
105. PV 58: 3/5/1/1/2, "Statement issued by the National Chairman of the South African Bond"; Sunday Times, 09.04.1961.
106. Barnard, S.L. en Marais, A.H., Die Verenigde Party die groot Eksperiment, p. 153.
107. PV 58: 2/9/1/1/3, Memorandum.
108. Vatcher, W.M., White Laager: The rise of Afrikaner Nationalism, pp. 141, 164; Legum, p. 38.

Party soos die Nasionale Unie onder 'n segment van die kiesers en andersyds waarskynlik probeer om steun te werf vir die Party.[109] J.C. Wilkinson het egter gewaarsku dat talle Nasionale Partylede wat in die Nasionale Unie belanggestel het, huiwerig was weens die voorbehoud dat dit kon ontwikkel in 'n Bassonbeweging.[110] Die vrees dat Basson die alleeninisieerder was van die Party, was egter ook onder lede van ander partye aanwesig. Hulle was waarskynlik skrikkerig om op 'n politieke sleeptou geneem te word, met die risiko om agtergelaat te word indien Basson skielik van Party sou verwissel.

In 'n poging om sy bedingingsmag te verbeter en toenadering te soek tot die opposisie, het Basson die Regering aangeval. Op die nasionale politieke terrein het die kollig op Verwoerd se aankondiging in Maart 1961 geval, naamlik dat hy nie Suid-Afrika se aansoek om hernuwing van Statebondlidmaatskap ingedien het nie. Die rede daarvoor was die teenstand wat Suid-Afrika tydens die Statebondkonferensie gekry het oor sy kleurbeleid. Volgens Basson was die buitelandse reaksie geen verrassing nie, omdat die Regering nie gehoor gegee het aan herhaaldelike waarskuwings oor die toepassing van die kleurbeleid nie.[111] Met hierdie aanvalle het hy homself aan die kant van die opposisie geskaar.

Basson het gewaarsku dat die buiteland Suidwes-Afrika toenemend sou misbruik om Suid-Afrika se rassebeleid aan te val. Die rassebeleid kon om daardie rede nie net meer as 'n huishoudelike aangeleentheid gesien word nie. Daarom moes die Regering sy beleid hersien, maar ook aandag gee aan die posisie van Suidwes-Afrika met die uitgangspunt dat Suidwes-Afrika nie onder die soewereiniteit van Suid-Afrika geval het nie.[112] Basson is skerp aangeval deur veral sy voormalige kollegas in die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, waarvan Johannes von Moltke die voorbok was. Die aanvalle het hom duidelik begin irriteer soos afgelei kan word uit die woordewisselings wat tussen Basson en sy aanvallers gevolg het.[113] Basson was 'n oop politieke teiken en het nie die ondersteuning en die beskerming van 'n party geniet soos die geval was met lede van die Verenigde Party of die Nasionale Party nie. Die situasie waarin hy

---

109. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 17.06.1993; Bandopname van 'n onderhoud met prof. Gerd Schuler, 18.06.1993.

110. PV 58: 2/1/1/7, J.C. Wilkinson aan Japie Basson, 28.04.1961.

111. Cape Times, 06.03.1961, 08.03.1961, 28.03.1961; Rand Daily Mail, 21.03.1961; Die Realis, 22.03.1961.

112. Hansard, 10.04.1961, kol. 4311, 4313; 18.04.1961, kol. 4864; The Star, 19.04.1961; Cape Argus, 13.04.1961.

113. Hansard, 18.04.1961, kol. 4902; Die Suidwester, 01.04.1961, 19.04.1961.

verkeer het, kon moontlik in 'n mindere mate 'n rol gespeel het om groter toenadering tot die Verenigde Party te soek. Sy hoofmotief was egter om al die moontlikhede te ondersoek waardeur hy sy politieke loopbaan in die Volksraad kon voortsit.

Die posisie van die Suidwesparty en die Suidwes-Bulletin het intussen tot so 'n mate verswak, dat besluit is om die koerant in sy geheel in te skakel by Werda en dit aan intekenaars vanuit Johannesburg te versprei.[114] Die Party het min uitbreiding beleef, behalwe in Windhoek waar enkele takke gestig is, hoofsaaklik vanweë die teenwoordigheid van die hoofkantoor.[115] Een van die terreine waar die Party sy stempel afgedruk het, was die vordering wat gemaak is op die gebied van samesprekinge met swart en bruin leiers in Suidwes-Afrika. Die groepe waarmee samesprekinge gevoer is, was bestuurslede van SWAPO, SWANU, die Herero-Hoofmanneraad, Ovambopriesters, die Basterraad, Kleurling-onderwysersvereniging en predikante van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Die organisasies het 'n breë spektrum verteenwoordig wat gemeenskaps-, politieke- en godsdienstige leiers ingesluit het. Teen die agtergrond van die tyd was dit 'n uitsonderlike gebeurtenis dat 'n blanke politieke party of organisasie met persone oor die kleurskeidslyn op dié vlak samesprekinge gevoer het. Serfontein noem egter nie die name van die individue met wie samesprekinge gevoer is nie.[116]

Die gevolgtrekking wat die Party na aanleiding van die samesprekinge gemaak het, was dat daar bitterheid aanwesig was teenoor die Regering en die toepassing van sy kleurbeleid.[117] Enersyds was die samesprekinge met swart en bruin leiers 'n eerlike poging van Basson en Serfontein om kontak te maak met ander belange- en bevolkingsgroepe in Suidwes-Afrika. Vir Basson en die Suidwesparty het dit egter ook 'n ander doel gedien. Die samesprekinge het die kwynende Suidwesparty se beeld verbeter en steeds die indruk geskep dat dit 'n party was waarmee rekening gehou moes word. Serfontein het waarskynlik tot 'n groot mate op eie inisiatief te werk gegaan, maar Basson het indirek daarby baat gevind. Die publisiteitswaarde van die samesprekinge was daarin geleë dat die Suidwesparty die voortou geneem het om met buite-parlementêre belangegroepe te praat. Dit het aan Serfontein en Basson sowel 'n negatiewe etiket as 'n positiewe status gegee. Basson het besef dat die Suidwesparty geen

114. PV 58: 2/27/1/1/2, Japie Basson aan F. Lempp, 01.05.1961; F. Lempp aan Japie Basson, 04.05.1961; Japie Basson aan F. Lempp, 07.06.1961.

115. PV 58: 2/12/1/1/1, J.H.P. Serfontein aan Japie Basson, 27.05.1961, 30.05.1961.

116. PV 58: 2/12/1/1/1, J.H.P. Serfontein aan Japie Basson, 30.05.1961.

117. Windhoek Advertiser, 30.05.1961.

lewensvatbaarheid gehad het nie en wou op 'n beplande wyse bykans alles in die stryd werp om die politieke fasade vol te hou tot op die tydstip wanneer hy sy doel daarmee bereik het.

Die Nasionale Unie het ook 'n tydelike terugslag beleef met Richter se bedanking as Sekretaris van dié party, na 'n hofsaak waarin hy beskuldig is van onwettige diamanthandel. Na sy bedanking het dit geblyk dat hy slegs 'n geringe bydrae op organisatoriese gebied tot die Party gelewer het.[118] Daarbenewens het Die Suid-Afrikaanse Bond die samesmelting tussen hulle en die Nasionale Unie geïgnoreer en weer eens op hulle eie begin takke stig.[119] Dit was dus klaarblyklik 'n groep individue wat nie bereid was om onder Basson se leierskap en die Nasionale Unie te staan nie en wat waarskynlik in elk geval op 'n latere stadium met die Party sou breek. Aan die ander kant is dit moontlik dat hulle besef het dat Basson die Bond slegs gebruik het om die Nasionale Unie groter te laat vertoon as wat dit in werklikheid was. Die ooreenkoms met die Nasionale Unie het dus na alle waarskynlikheid nie die dividende vir die leiers van die Bond opgelewer soos wat hulle verwag het nie. Dit skyn ook asof Basson nie veel moeite wou doen om die breuk te verhinder nie. In Kaapland het dit egter beter met die Nasionale Unie gegaan en takke is op die been gebring en vergaderings gehou. Die vordering kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die werk van Louis Schachat, die tesourier van die Party en Brian Bamford, die redakteur van Die Realis.[120]

Basson het steeds probeer om Fagan te oorreed om die leierskap van die Party oor te neem om verdere aansien aan die Party te verleen en ook sodoende die bedingingsmag van die Party te versterk. Sy aanvanklike pogings om Fagan te oorreed, was egter onsuksesvol. Basson het toe 'n versoekskrif opgestel, dit laat onderteken deur vooraanstaande sakemanne en professionele persone, en aan Fagan gestuur. Dit was 'n versoek aan Fagan om 'n vergadering van die Nasionale Unie in Johannesburg toe te spreek.[121] Dit blyk dat die versoekskrif nie direk melding gemaak het van 'n versoek aan Fagan om leier van die Nasionale Unie te word nie, maar slegs gevra het dat hy die vergadering sou toespreek. Na Fagan se instemming is die vergadering vooraf noukeurig beplan en goeie publisiteit is daaraan verleen. Die vergadering met Fagan as hoofspreker het op 23 Mei in Johannesburg se stadsaal plaasgevind en is deur

118. PV 58: 2/9/1/1/7, Hein Richter aan Japie Basson, 08.05.1961; Die Transvaler, 27.07.1961.

119. PV 58: 2/9/1/1/7, Hein Richter aan Japie Basson, 08.05.1961.

120. PV 58: 6/5/1/1/1, W.B. Venter aan Japie Basson, 02.05.1961.

121. PV 58: 2/9/1/1/7, Hein Richter aan Japie Basson, 09.05.1961.

ongeveer 2 000 persone bygewoon. Fagan het 'n goeie ontvangs gekry en is met 'n mosie gevra om leiding te neem sodat 'n politieke heroriëntasie bewerkstellig kon word en sodat tasbare hoop aan die swart bevolking gegee kon word. Dit blyk dat Fagan waarskynlik ietwat oorbluf was deur die ontvangs en openbare versoek wat hy ontvang het, en hy het nie dadelik 'n aanduiding gegee of hy die uitnodiging sou aanneem nie.[122] Basson was egter daarvan oortuig dat hy dit wel sou doen, aangesien sy beplanning en strategie vir die geleentheid foutloos verloop het.[123]

Voordat Fagan finaal oor die leierskap in die Nasionale Unie besluit het, was 'n saak wat dringend geword het die samewerkingsooreenkoms met die Verenigde Party. Fagan het in sy persoonlike hoedanigheid goeie kontak met lede van die Verenigde Party gehad. Dit is weerspieël in die voorwaarde wat hy gestel het vir die aanvaarding van die leierskap. Hy sou nie die leierskap aanvaar het tensy nouer samewerking tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party plaasgevind het nie. Fagan en Sir De Villiers Graaff, die leier van die Verenigde Party, het ook reeds samesprekinge in 'n persoonlike hoedanigheid in dié verband gevoer.[124] Dit het daartoe gelei dat gerugte ontstaan het van nouer samewerking tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party.

Basson meld egter dat die Verenigde Party doelbewuste pogings aangewend het om die Nasionale Unie se guns te probeer wen.[125] Fagan se inisiatief het Basson moontlik op die verkeerde voet gevang, maar dit het hom welgeval, aangesien dit 'n aanduiding was dat Fagan die leierskap sou aanvaar. Daarbenewens het die voorafsamesprekinge van Fagan samewerking met die Verenigde Party 'n groter moontlikheid gemaak. Basson het egter groot werk verrig deur die meeste van die voorstelle en punte vir bespreking tussen die partye op skrif te stel. Hy is hierin bygestaan deur Fagan, asook prof. S.P. Cillie en prof. Nic Olivier.[126] Die ontwikkeling kon egter vir Basson voordele inhou deurdat hy as nie-amptelike leier van die Party persoonlik baat kon vind deur in Fagan se skadu te beweeg.

---

122. Die Burger, 24.05.1961; Cape Argus, 24.05.1961; Die Suidwester, 24.05.1961.
123. The Star, 30.05.1961; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 17.06.1993.
124. PV 58: 2/9/1/1/7, Hein Richter aan Japie Basson, 01.06.1961.
125. PV 58: 2/12/1/1/1, Japie Basson aan Hennie Serfontein, 13.06.1961.
126. Japie Basson-privaatversameling: Konsep, "Programme of Principles"; Konsepverklaring van Sir De Villiers Graaff, 27.06.1961; Konsepvoorstelle deur Basson, Olivier en S.P. Cillie; Konsepvoorstelle deur Fagan.

Fagan, Graaff en Basson het in die eerste week van Julie 1961 in Kaapstad samesprekinge gehad.[127] Dié samesprekinge is in Johannesburg op 8 Julie voortgesit. Douglas Mitchell het Graaff bygestaan, maar geen inligting aangaande die inhoud van die gesprek is aan die media bekend gemaak nie.[128] Die toenadering tussen Fagan en Graaff en die moontlike vooruitsig van 'n verkiesingsooreenkoms het egter teenstellende reaksie in die Nasionale Unie uitgelok. Serfontein en Strydom was gekant teen so 'n moontlikheid, terwyl die pragmatiste in die Party, soos Basson, nie sonder meer die moontlikheid wou uitsluit nie.[129] Die stap het ook in die Verenigde Party reaksie uitgelok en talle Volksraadslede en lede van die Verenigde Party was gekant teen die toenadering tot die Nasionale Unie.[130] Basson het erken dat die Nasionale Unie nie die Regering alleen sou kon oorneem nie en ook dat dit onwaarskynlik sou wees dat die opposisiepartye en groepe effektief sou kon saamstaan teen die Regering.[131] Hy het daarom besef dat hy die geleentheid moes gebruik om samewerking te bevorder terwyl daar goeie verhoudinge tussen Fagan en Graaff bestaan het.

Fagan se aanvaarding van die leierskap van die Nasionale Unie in Julie 1961 het saamgeloop met die groeiende verhouding met die Verenigde Party. Basson se posisie is direk geraak met Fagan se aanvaarding van die leierskap.[132] Fagan het die openbare beeld van die Party geprojekteer en Basson het as voorsitter die Nasionale Unie se organisasie behartig. Basson het steeds talle toesprake gelewer en Fagan vergesel na vergaderings en openbare optredes. Hy het Fagan ondersteun, aangesien Fagan nie bekend was as 'n dinamiese spreker nie en Basson politieke verhoë geken het.[133] Volgens Serfontein was Basson egter steeds in volle beheer van die Nasionale Unie en het Fagan grotendeels volgens Basson se advies en versoeke opgetree. Basson het dus steeds die politieke leisels van die Nasionale Unie vasgehou, maar deur fyn beplanning en geduld gesorg dat hy nie die amptelike leier van die Nasionale Unie geword het nie. Die redes hiervoor is waarskynlik omdat hy besef het dat hy minder aansien by die

---

127. Dagbreek en Sondagnuus, 02.07.1961; The Friend, 03.07.1961, 04.07.1961; Japie Basson-privaatversameling: Standpuntstelling, 10.07.1961.
128. Dagbreek en Sondagnuus, 09.07.1961.
129. PV 58: 2/12/1/1/1, Hennie Serfontein aan Japie Basson, 30.06.1961; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993; Bandopname van 'n onderhoud met Hans Strydom, 22.11.1993; Japie Basson-privaatversameling: Notule, Aksiekomitee, 28.07.1961.
130. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Klasie Viljoen, 20.11.1993.
131. PV 58: 3/5/1/1/2, N.U. Stellenbosch, 12.06.1961.
132. Die Realis, 21.07.1961.
133. Cape Times, 18.07.1961; Die Burger, 17.07.1961.

Verenigde Party gehad het as Fagan. Met Fagan as leier het Basson sy bedingingsposisie by die Verenigde Party indirek versterk.

Die samesprekings van 8 Julie in Johannesburg is 'n week later opgevolg met 'n vergadering in dieselfde stad. Beide die Nasionale Unie en die Verenigde Party se hoofbesture het tegelykertyd in Johannesburg vergader. Basson het saam met Fagan in sy hoedanigheid as die amptelike leier van die Nasionale Unie, verdere samesprekinge met Sir De Villiers Graaff, D. (Douglas) Mitchell en J.L. (Bill) Horak gevoer. Die onderhandelaars kon sodoende hulle hoofbesture op hoogte hou van die verwikkelinge en het ook nuwe mandate van hulle verkry om voort te kon gaan met die onderhandelinge. Basson en Fagan kon selfs daarin slaag om Graaff die moontlikheid te laat noem dat hy sou terugstaan vir Fagan as die leier van 'n breër Beweging.[134] Dit was egter te betwyfel of Fagan die omvang van politieke blootstelling van 'n Partyleier soos van die Verenigde Party wou hê, aangesien sy ambisie nie op 'n politieke pos ingestel was nie. Basson, daarenteen, het 'n loopbaan in die politiek gevind en daarom sou die verkryging van setels, in die geval van 'n verkiesing, 'n belangrike oorweging in die samesprekinge met die Verenigde Party wees.[135]

Op 21 Julie het die Rand Daily Mail aangekondig: *"Div. and Fagan Draw Up Pact"*. Volgens die koerant was daar steeds verskille tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party, maar Graaff en Fagan het ooreengekom ten opsigte van die volgende basiese punte van samewerking: die onvoorwaardelike aanvaarding van die Republiek; die verteenwoordiging van Kleurlinge in die parlement; verteenwoordiging van swartmense deur blankes in die parlement; onderhandelinge met die Indiërgemeenskap oor hul verteenwoordiging in die parlement; die ontwikkeling van die Bantoestangebiede met die toekenning van 'n vorm van politieke outonomiteit binne 'n federale vorm en die verwydering van rassespanning, veral op die gebied van die Groepsgebiedewet, Paswette en Werkreserveringswette. Die inhoud en implikasies van die ooreenkoms is egter nie bekend gemaak voordat die partye die uitstaande sake afgehandel het nie.[136] Die twee partye het nietemin ooreengekom om as afsonderlike en onafhanklike partye saam te werk.[137] Die ooreenkoms tussen die Verenigde Party en die Nasionale Unie was slegs 'n samewerkingsooreenkoms gemik op die algemene verkiesing van 1961 en nie 'n samesmelting tussen die twee partye nie.

134. The Star, 15.07.1961; PV 58: 2/9/1/1/8, H.A. Fagan aan J.C. Wilkinson, 17.07.1961.

135. The Friend, 15.07.1961.

136. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Sir De Villiers Graaff, 09.06.1993; Rand Daily Mail, 21.07.1961.

137. Japie Basson-privaatversameling: Gedagtes oor die beoogde Beleidsverklaring, 20.07.1961.

Een van die belangrikste onafgehandelde sake vir Basson en die Nasionale Unie, was die toekenning van setels aan dié party. Dit het aanvanklik voorgekom dat die Verenigde Party die setels van die wegbreeklede van die Progressiewe Party beskikbaar sou stel vir kandidate van die Nasionale Unie. Basson was nie daarmee tevrede nie en het in sy samesprekinge met Henry Tucker en Horak van die Verenigde Party aangedring op twee veilige setels, een vir homself en 'n ander vir Fagan. Basson het aangevoer dat hy 'n veilige setel moes bekom om hom in staat te stel om landswyd te reis tydens die verkiesingsaanloop. Hy sou dus nie veel tyd hê om in sy eie kiesafdeling stemme te werf nie.[138] Basson het aanvanklik aangedui dat hy in Windhoek wou staan, maar na onderhandelinge met Niehaus wat die voorneme van Basson ten sterkste teengestaan het, het die Transvaalse streek van die Nasionale Unie hom versoek om in die Transvaal 'n setel te beveg.[139] Basson het die streek waarskynlik van die onderhandelinge tussen hom en die Verenigde Party ingelig wat daartoe aanleiding kon gee dat hy amptelik versoek is om in die Transvaal 'n setel te beveg.

Basson sou ernstige oorweging moes gee aan die moontlikheid om in Transvaal te staan, enersyds omdat hy dan naby aan die hoofkantoor van die Nasionale Unie en die Verenigde Party sou wees, maar ook omdat die inisiatief van die nasionale politiek vanuit Transvaal geneem is. Indien hy in Suidwes-Afrika sou bly, kon die moontlikheid ontstaan dat hy as 'n randeier beskou sou word en daardeur toenemend van die nasionale politiek geïsoleer kon word.[140]

In Augustus is die formele onderhandelinge tussen die leiers van die Nasionale Unie en die Verenigde Party, wat reeds etlike maande geduur het, voortgesit. Volgens J.D. Opperman was 'n verskeidenheid van Verenigde Partylede by die onderhandelinge met Basson betrokke, onder andere Opperman self, asook Harry Rissik en Marais Steyn.[141] Dit blyk dat Basson 'n aanduiding gekry het dat hy 'n veilige setel sou kry, want hy het aangekondig dat hy nie meer in Windhoek as kandidaat van die Suidwesparty sou staan nie. Volgens Serfontein het Basson sy nominasie van die hand gewys, omdat hy nie die Verenigde Nasionale Suidwesparty op hoogte gehou het van die onderhandelinge tussen die

138. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hans Strydom, 22.11.1993.

139. Verenigde Party-versameling: SWA Head Committee, Notule van Hoofbestuursvergadering, 14.08.1961; Cape Argus, 27.07.1961; Die Suidwester, 15.07.1961.

140. PV 58: 2/9/1/1/9, Organisasie Verslag; Cape Argus, 13.07.1961.

141. Sunday Times, 06.08.1961; Rand Daily Mail, 12.08.1961; Persoonlike versameling: J.D. Opperman aan W. Adendorff, 09.02.1994.

Verenigde Party en die Nasionale Unie nie.[142] Die Verenigde Nasionale Suidwesparty het daarom ook 'n kandidaat vir die Windhoeksetel benoem en dit sou dus onwaarskynlik wees dat Basson in 'n driehoekige geveg die setel sou bekom.[143] Van Basson se ondersteuners in Suidwes-Afrika was gekant teen die noue verbintenis tussen die Verenigde Party en die Nasionale Unie. Hulle het Basson ook verkwalik en gevoel hulle is in die steek gelaat en misbruik nadat hy aangedui het dat hy nie meer verkiesbaar sou wees in Windhoek nie. [144] Hul teleurstelling is verdiep nadat die Hoofbestuur van die Suidwesparty aangekondig het dat die Party geen kandidate in die verkiesing sou stel nie.[145]

Basson het bevestiging van 'n veilige setel tydens 'n ontmoeting met die Verenigde Party se leierskap op Graaff se plaas, De Grendel, gekry. Die punte waaroor verskil is, is egter eers enkele ure voor die aanvang van die jaarkongres van die Verenigde Party in Bloemfontein op 15 Augustus 1961 uit die weg geruim en 'n ooreenkoms is bereik. Na maande se samesprekinge wat telkens gedreig het om op 'n dooie punt uit te loop, is die kleinlike verskille tussen die twee partye uit die weg geruim as gevolg van die druk van die naderkomende verkiesing.[146] Fagan het voor die samesprekinge selfs gedreig om nie die Kongres by te woon nie, tensy Basson 'n veilige setel sou ontvang. Dit het druk op die Verenigde Party geplaas en Graaff het daartoe ingestem. Opperman gee die verklaring waarom Graaff onder dié druk geswig het. *"Die grootste aantrekkingskrag van die N.U. was Regter Fagan en sy naam was vir die V.P. heelwat werd."* Die Verenigde Party het gepoog om sy beeld uit te bou na die skeuring en stigting van die Progressiewe Party.[147] Daarbenewens het die Verenigde Party met hierdie stap dit duidelik aan die Progressiewe Party gestel dat hulle enige vorm van samewerking met die Party verwerp het.[148] Graaff bevestig dat die Verenigde Party meer waarde aan Fagan geheg het, maar noem

---

142. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

143. Die Suidwester, 12.08.1961; Japie Basson-privaatversameling: Japie Basson aan Sir De Villiers Graaff, 08.08.1961.

144. Die Vaderland, 12.08.1961; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

145. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993; Die Suidwester, 23.08.1961; Japie Basson-privaatversameling: Verklaring: Die Suidwesparty, 9 Augustus 1961.

146. Barnard, Die Verenigde Party..., p. 153; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Tos Wentzel, 07.06.1993.

147. Persoonlike versameling: J.D. Opperman aan W. Adendorff, 09.02.1994; Schoeman, B., Ben Schoeman My Lewe in die Politiek, p. 416.

148. Barnard, Die Verenigde Party..., p. 153.

dat Basson ook waarde gehad het om jonger mense, intellektueles en akademici te mobiliseer.[149] Daarna het die twee Partye 'n gesamentlike verklaring uitgereik dat hulle 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan het, wat gebaseer was op 9 punte. Enkele van die punte was onder andere die aanvaarding van die Republiek; die bevordering van nasionale eenheid; die witman se reg op selfbeskikking; die verwydering van dinge wat die menswaardigheid van nie-blankes geskend het; en die aanvaarding van Graaff se rassefederasiekonsep.[150]

Uit verskeie oorde is die ooreenkoms skerp gekritiseer. Dagbreek en Sondagnuus van 10 September 1961 het die ooreenkoms veroordeel met die opskrif: *"Opposisie-pakt lyk na Windeier"*. [151] S.E.D. Brown het die ooreenkoms beskryf as: *"enunciated by Sir De Villiers Graaff and Mr Japie Basson as an exhibition of 'unashamed expediency' intended to win a few votes from the ranks of the 'dissatisfied Nats' "* [152] Stanley Uys van Sunday Times het daarenteen die optrede van die Verenigde Partyleierskap verdedig en die ooreenkoms as 'n logiese uitvloeisel beskou van die strategie en oogmerke wat die Verenigde Party gevolg het.[153] Die finale oordeel oor die wysheid van die ooreenkoms sou egter eers na die uitslag van die algemene verkiesing op 18 Oktober 1961 gefel kon word.

Die besonderhede van die ooreenkoms ten opsigte van die toedeling van setels en die organisasie van die twee partye is egter eers in die daaropvolgende week bekendgemaak, aangesien opvolgsamesprekinge plaasgevind het tydens en kort na die kongres in Bloemfontein.[154] Die spekulasie oor Basson se setel is beëindig met die toekenning aan hom van die setel Bezuidenhout in Johannesburg, wat vroeër deur die Verenigde Party gehou is en deur Hymie Miller verteenwoordig is. Daar is ook ooreengekom op die ander 10 setels waarin lede van die Nasionale Unie as kandidate sou staan.[155] Dit het geblyk dat Basson reeds vroeg in Augustus geweet het van die moontlikheid dat

---

**149.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Sir De Villiers Graaff, 09.06.1993.

**150.** Rand Daily Mail, 16.08.1961; Sunday Times, 13.08.1961; Die Vaderland, 12.08.1961; PV 58: 10/3/2/1/1, Ooreenkoms tussen die Verenigde Party en die Nasionale Unie, 15.08.1961.

**151.** Dagbreek en Sondagnuus, 10.09.1961.

**152.** Barnard, p. 154.

**153.** Ibid. p. 154.

**154.** Japie Basson-privaatversameling: Maitland Hotel Bloemfontein, 15.08.1961, Konsep van samesprekinge.

**155.** Die Burger, 16.08.1961; Sunday Times, 20.08.1961; Rand Daily Mail, 29.08.1961.

Bezuidenhout aan hom toegeken sou word, maar hy het geduld aan die dag gelê en dit eers bekendgemaak nadat die Verenigde Party die setel amptelik aan hom toegeken het.[156]

Bezuidenhout, die kiesafdeling wat aan Basson toegeken is, was een van die sterkste setels van die Verenigde Party, soos blyk uit vorige verkiesingsuitslae en die Referendum.[157] Die meerderheid van die kiesers het teen 'n Republiek gestem. Dit was in teenstelling met Basson se pro-Republikeinse standpunt. Dié kwessie het moontlik wantroue by die kiesers teenoor Basson geskep. Daarbenewens was hulle nie te geneë daarmee dat Basson as 'n buitestaander en lid van 'n ander party vir Miller, wat 'n Verenigde Partykandidaat was, vervang het nie. Die Verenigde Party se bestuur van die kiesafdeling het hulle nietemin amptelik agter Basson geskaar.[158] Basson en die ander kandidate van die Nasionale Unie sou grotendeels aangewese wees op die Verenigde Party se kiesafdelingsbesture se steun, veral in die vorm van veldwerkers en partyorganisasie.[159]

Die Bezuidenhoutkiesafdeling het, in teenstelling met die Namibkiesafdeling, hoofsaaklik bestaan uit Engelssprekendes en daarom moes Basson sy veldtog hoofsaaklik in Engels voer. Dit het 'n nuwe benadering van Basson geverg en hy het in sy eerste optrede voor die kiesers veral klem gelê op blanke eenheid en 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme. Hy het betoog vir die reoriëntasie van politieke partye om die Nasionale Party as Regering te vervang.[160] Basson het die kwessies herhaal in toesprake wat hy ten gunste van kandidate van die Nasionale Unie gelewer het in hulle betrokke kiesafdelings.[161]

Die Nasionale Unie het kort nadat die ooreenkoms met die Verenigde Party bereik is, 'n konferensie belê wat deur die leiersfigure in die Nasionale Unie bygewoon is. Die ooreenkoms is waarskynlik tydens die geleentheid verduidelik

---

156. Japie Basson-privaatversameling: Japie Basson aan Sir De Villiers Graaff, 08.08.1961; Japie Basson, Voorsitter: Die S.W.P. 21 Augustus 1961.

157. PV 58: 2/25/1/1/2, "Referendum Analysis" - Transvaal, 1961.

158. Cape Times, 22.08.1961; Die Transvaler, 29.08.1961.

159. Die Suidwester, 23.08.1961; Persoonlike versameling: J.D. Opperman aan W. Adendorff, 09.02.1994.

160. PV 58: 3/5/1/1/2, Cyrildene, 18.09.1961.

161. PV 58: 3/5/1/1/2, Boksburg, 18.10.1961; Swellendam, 1961.

en ook die implikasies daarvan vir die komende verkiesing in Oktober 1961.[162] Een van die gevolge van die ooreenkoms met die Verenigde Party was dat die Suid-Afrikaanse Bond hulle samewerking met die Nasionale Unie formeel opgeskort het. Hulle het aangevoer dat die ooreenkoms met die Verenigde Party eensydig was en dat, vanweë Basson se ywer om vir homself 'n setel te bekom, hy die Bond nie in die saak geken het nie.[163] Dit blyk egter uit voorafgaande gebeure dat daar nie 'n hartlike verhouding tussen die Nasionale Unie en die Suid-Afrikaanse Bond bestaan het nie. Die skeuring was gevolglik nie 'n verrassing of 'n groot verlies op daardie tydstip vir die Nasionale Unie nie. Dit blyk dus dat Basson bereid was om die verhouding met die Bond op te offer ter wille van 'n beter politieke posisie en toekoms as bondgenoot van die Verenigde Party. Die Suid-Afrikaanse Bond kon nie dieselfde sekuriteit bied as die Verenigde Party, wat veel groter en sterker was nie.

Na afloop van die verkiesingsooreenkoms was daar twee maande waarin voorbereidings gemaak kon word voordat die verkiesing op 18 Oktober sou plaasvind. Die voorbereiding het onder meer behels dat die Nasionale Unie kandidate hulself moes bekendstel aan die kiesers en die reeds bestaande kiesafdelingsbesture van die Verenigde Party. Die kandidate het onder meer vergaderings toegespreek en huisbesoek gedoen om steun vir die Pakt te probeer werf.[164] Die kandidate was hoofsaaklik professionele persone waarvan talle oud-Nasionale Partylede was. Daar was ook enkeles waarmee Basson se verbintenis gestrek het tot die periode toe hy as organiseerder vir die Unie-Jeugfront gewerk het.[165]

Op finansiële gebied het die Nasionale Unie 'n groot skenking van R4 000.00 van die mynmagnaat Harry Oppenheimer, wat lid van die Progressiewe Party was, ontvang. Oppenheimer het die vertroulike skenking soos volg ge motiveer: *"since the two parties are not in direct opposition to each other and since I recognise the*

---

162. Japie Basson-privaatversameling: Bywoningsregister Nasionale Unie-Konferensie 26.08.1961.

163. Die Vaderland, 28.08.1961.

164. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Hennie Serfontein, 24.11.1993 en Hans Strydom, 22.11.1993.

165. Die Nuwe Republiek, September, 1961. Die twaalf kandidate van die Nasionale Unie het in die volgende kiesafdelings gestaan: Japie Basson in Bezuidenhout; Hennie Serfontein in Boksburg; Dr. Wiets Beukes in Pretoria Sunnyside; Mike van Reenen in Valsbaai; Bill Beckman in Port Elizabeth-Noord; Pines Pienaar in Krugersdorp; Brian Shrosbree in Nelspruit; Kobus van Eeden in Swellendam; Hans Strydom in Vereeniging; Roelf Verster in Newcastle; Pieter Bosch in Vryheid en dr. S.J. Swanepoel in Stellenbosch.

*importance and value of the effort you are making I would like to make a contribution to your party funds".* [166] Uit die skenking kan afgelei word dat Basson, Fagan en die Nasionale Unie se doelstellings wel 'n indruk op Oppenheimer gemaak het. Oppenheimer het die geld aan Basson gestuur, waaruit afgelei kan word dat Basson 'n goeie verhouding met Oppenheimer gehad het, hoewel dit nie voorkom asof Basson 'n versoek om die fondse gesuggereer het nie.

In Basson se persoonlike veldtog het hy slegs 'n week gehad om die kiesers in Bezuidenhout te oortuig om vir hom te stem. Anders as in van die ander kiesafdelings waar Nasionale Uniekandidate gestaan het, het hy goeie steun geniet van die Verenigde Party se kiesafdelingsbestuur ten spyte van 'n groep beswaardes.[167] Die steun van die kiesafdelingsbestuur, met Jeff Stark as verkiesingsagent aan die spits, het vir Basson as voorsitter van die Nasionale Unie groter vryheid gegee om ander kandidate te ondersteun, deur saam met hulle vergaderings toe te spreek. Volgens Basson het hy die organisasie en Partystrukture in die kiesafdeling in 'n swak toestand gevind, maar daar was nie tyd om daaraan aandag te gee nie.[168] Basson het die verkiesing geveg hoofsaaklik op grond van die punte waaroor ooreengekom is met die Verenigde Party.[169] Sy vrou, Clarence, het soos in die geval van vorige verkiesings in 'n ondersteunende hoedanigheid opgetree en sy kantoor in Kitchenerlaan in Johannesburg, wat hy ingerig het vir die verkiesing, beman.[170] Basson het nie tyd gehad om huisbesoek te doen of talle vergaderings in sy kiesafdeling toe te spreek nie, maar het deur middel van pamflette die kiesers probeer bereik en met sy organiseerders gekommunikeer. Hy het veral swaar gesteun op telefoonwerwing.[171] Afgesien van die gebrek aan tyd, het die profiel van die kiesers in Bezuidenhout dit moeilik gemaak om gesamentlike vergaderings toe te spreek. Die kiesafdeling het bestaan uit die hoogste sowel as die laagste inkomstegroepe, waarvan talle Portugese en Jode was en ook ander Nasionaliteite, buiten die relatiewe klein getal Afrikaanssprekendes. Die groot meerderheid was egter Engelssprekende kiesers.[172] In die

166. PV 58: 2/9/1/1/10, Harry Oppenheimer aan Japie Basson,14.10.1961.

167. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Joan Allen, 24.11.1993 en Japie Basson, 20.06.1993; Die Transvaler, 20.09.1961.

168. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 20.06.1993.

169. Maritz, B., Ons Aanklag!, (s.a.); Basson, J.D. du P., Daar is geen Veilige Setel nie!, (s.a.); Basson, J.D. du P., Geagte Kieser van Bezuidenhout!, (s.a.).

170. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Klasie Viljoen, 20.11.1993.

171. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Hans Strydom, 22.11.1993 en Japie Basson, 20.06.1993.

172. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 20.06.1993.

Bezuidenhoutkiesafdeling was Jack Loock die Nasionale Party se kandidaat. Dit het druk op Basson en die Pakt geplaas om elke moontlike stem op hulle te verenig. Die Nasionale Party wou nie die setel onbestrede afstaan en Basson se taak sodoende vergemaklik nie.[173]

In die kiesafdelings wat die Pakt beveg het, was die belangrikste opponente die regerende Nasionale Party en veral ook die Progressiewe Party.[174] Die Nasionale Unie se vergaderings is ontwrig met mosies van wantroue en van die vergaderings het selfs oproerig uitmekaar gegaan. Die Nasionale Unie het daarop geantwoord met aanvalle op die Regering se kleurbeleid en die gebrek aan blanke eenheid.[175] Basson het ook die Regering gekritiseer vir die outoritêre wyse waarop die Nasionale Party regeer het.[176]

Die Nasionale Party het in al die kiesafdelings wat die Pakt beveg het, behalwe Bezuidenhout, 'n besliste meerderheid behaal. Basson se optrede in Bezuidenhout was 'n reusesukses.
Die uitslag was:

| | | |
|---|---|---|
| J. du P. Basson | Nasionale Unie | 6507 |
| J.H. Loock | Nasionale Party | 1983 |
| Stempersentasie | | 71,9% |
| Nasionale Uniemeerderheid | | 4 524 [177] |

Met die bekendwording van die uitslae van die verkiesing het dit geblyk dat Graaff die steun oorskat het wat die Nasionale Unie tot die Pakt bygedra het. Van die twaalf kiesafdelings wat deur die Nasionale Uniekandidate beveg is, kon slegs Hennie Serfontein in Boksburg en Phillip Myburgh in Swellendam daarin slaag om die meerderhede van die Nasionale Party van die verkiesing in 1958 te

173. Sunday Times, 03.09.1961, 15.10.1961; Die Vaderland, 08.09.1961.

174. The Progressive, 11.09.1961.

175. Sunday Times, 10.09.1961; Cape Argus, 27.09.1961, 12.10.1961; Die Transvaler, 14.09.1961, 24.10.1961; Rand Daily Mail, 12.09.1961; Cape Times, 03.10.1961.

176. Natal Daily News, 07.10.1961, 11.10.1961.

177. Schoeman, B.M., Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p. 389; Die Suidwester, 21.10.1961.

verminder.[178] Basson en die Nasionale Unie kon dus nie daarin slaag om die getal kiesers vanaf die Nasionale Party na die Pakt oor te bring soos vermoed is nie. Dit was eerder die Progressiewe Party wat ongeveer 70 000 stemme weg van die Verenigde Party getrek het.[179] Die aanname sou dus gemaak kon word dat die Nasionale Unie se ondersteuners veel minder as 70 000 was, aangesien die Pakt nie daarin kon slaag om die leemte wat deur die wegbreek van Progressiewe Partyondersteuners veroorsaak is, te vul nie. Volgens Schoeman was die totale getal stemme vir die Nasionale Unie 46 448, waarvan 15 473 in Kaapland, 24 525 in Transvaal en 6450 in Natal was.[180] Klasie Viljoen is van mening dat die Verenigde Party 'n fout gemaak het deur 'n verkiesingsooreenkoms met die Nasionale Unie aan te gaan, aangesien die Nasionale Unie se steun nie vooraf getoets is en uiteindelik nie aan die verwagtinge voldoen het nie.[181]

Die uitslag in Bezuidenhout was egter die uitsondering, aangesien Basson die enigste kandidaat van die Pakt was wat sy setel kon wen. Die rede daarvoor moet eerstens gesoek word in die toekenning van setels aan kandidate van die Nasionale Unie na die bereiking van 'n verkiesingsooreenkoms met die Verenigde Party. Basson het op 'n meesterlike wyse daarin geslaag om as 'n politieke buitestaander een van die heel sterkste setels van die Verenigde Party in Transvaal vir homself te verkry. Die steun van die kiesafdelingsbestuur en sy vrou, asook sy organisatoriese vermoëns, het sy oorwinning net verder verseker. Met die toekenning van die kiesafdeling Bezuidenhout aan Basson, het hy reeds geweet dat sy loopbaan as verteenwoordiger in die Volksraad ten minste vir die volgende termyn verseker was.

Die verkiesing het ook die Suidwesparty vernietig, eerstens omdat hulle nie kandidate in die verkiesing gestel het nie, maar ook omdat hulle steun aan die Verenigde Nasionale Suidwesparty nie kon verhoed dat die Nasionale Party sy meerderhede sedert die vorige verkiesing vergroot het nie.[182] Die effek van die verkiesing op die Suidwesparty, het Basson se persoonlike posisie nie wesentlik geraak nie. Die Party se funksie vir Basson was uitgespeel na die totstandkoming van die verkiesingsooreenkoms tussen die Verenigde Party en die Nasionale

---

178. Die Suidwester, 21.10.1961.

179. The Natal Mercury, 23.10.1961.

180. Schoeman, Parlementêre Verkiesings..., p. 405.

181. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Klasie Viljoen, 20.11.1993; Schoeman, Ben Schoeman..., p. 415. Ben Schoeman bevestig Viljoen se standpunt dat Basson vir Graaff met 'n slenterslag gevang het.

182. Die Burger, 20.10.1961; Die Suidwester, 21.10.1961.

Unie. Die afleiding word gemaak op grond van die feit dat die Suidwesparty geen kandidate in die verkiesing gestel het nie en sy uitgawes drasties verminder het. Hoewel die Party effektief nie meer aktief was nie, het Basson die Party egter nie ontbind nie.

Kenney vat die reaksie van die Verenigde Party op die uitslag van die verkiesing en die Nasionale Unie se aandeel daarin as volg saam: *"But the high hopes of the United Party were bitterly disappointed. Basson was a lone maverick, representing nobody but himself, as the United Party discovered when it was foolish enough to enter into a pact with Basson's National Union."* Hy oordeel verder dat die getalle ontnugterde Nasionaliste wat eindelik vir die pakt gestem het, slegs 'n versinsel van Basson se verbeelding was.[183]

Teen hierdie agtergrond het Basson genoem dat, hoewel die verkiesingsooreenkoms slegs geldig was tot na afloop van die verkiesing, hy in die toekoms steeds die Verenigde Party sou ondersteun.[184] Hy het dus besef dat hy geen verdere eise kon stel nie en dat die Nasionale Unie en sy eie politieke loopbaan se voortbestaan op die lang termyn sonder samewerking met die Verenigde Party gedoem was. Hy het daarom 'n goeie verhouding tussen hom en Graaff probeer voortsit deur hom te bedank: *"vir die hulp wat ons op alle vlakke van organisasie van die Verenigde Party ontvang het (nie). Ons is ten volle bewus van die feit dat dit te danke is aan die leiding en gesindheid wat van u persoonlik uitgegaan het. Dit het bande gesmee wat blywend is en waarvoor ek u persoonlik en in my hoedanigheid as voorsitter van die Nasionale Unie volmondig wil sê: Baie hartlik dankie."* [185] Daarbenewens was dit ook Fagan se begeerte om samewerking met Graaff voort te sit.[186]

Dit blyk hieruit dat die verkiesing ook die einde van die Nasionale Unie beteken het. Met slegs een verteenwoordiger in die Volksraad en sonder finansiële ondersteuning het die Party geen toekoms gehad nie. Die Progressiewe Party se posisie was ook nie te rooskleurig nie (slegs Helen Suzman kon een setel wen), met die verskil dat dié Party oor veel groter finansiële steun en steun van kiesers beskik het.

---

**183.** Kenney, H., Power Pride and Prejudice, pp. 204-205.

**184.** Sunday Times, 22.10.1961.

**185.** Verenigde Party-versameling: Sir De Villiers Graaff Correspondence: Japie Basson aan Sir De Villiers Graaff, 27.11.1961; Die Burger, 25.10.1961.

**186.** PV 58: 2/9/1/1/10, Phillip Myburgh aan Bertie Maritz, 17.11.1961.

Die Nasionale Unie was vir Basson 'n instrument waarmee hy weer in die politieke hoofstroom kon kom. Strydom is van mening dat, om in die Verenigde Party opgeneem te word, Basson se oogmerk was vanaf die totstandkoming van die Nasionale Unie.[187] Hierin het hy uitstekend geslaag. Die Party was grotendeels Basson se breinkind waardeur hy sy persoonlike ideale kon uitleef deur die beleid van die Party. Die Party het ook aan hom die bewegingsvryheid en ruimte geskep om in sy individuele hoedanigheid die Party se rigting en keuses te bepaal. Volgens Serfontein was die Nasionale Unie en Basson sinonieme. Dit spreek uit die beleid van die Party, maar meer nog uit die invloed van Basson op die funksionering van die Nasionale Unie.[188]

Die wyse waarop Basson na sy skorsing uit die Nasionale Party weer daarin kon slaag om 'n kiesafdeling in die Volksraad te verteenwoordig, was uitsonderlik en uniek aan die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis.

---

**187.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hans Strydom, 22.11.1993.

**188.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

# 7. BASSON SE TWEEDE VERBINTENIS MET DIE VERENIGDE PARTY

## Basson sluit aan by die Verenigde Party

Die Nasionale Unie moes na afloop van die verkiesing sy posisie deeglik evalueer. Basson was die enigste Volksraadslid van die Nasionale Unie en Fagan is in Desember 1961 deur die Verenigde Party aangestel as senator.[1] Die Nasionale Unie het dus slegs twee lede in die Parlement gehad waardeur hulle kon deelneem aan die nasionale politiek. Om dié rede en vanweë die verhouding wat met die Verenigde Party ontwikkel het, is daar in November, 'n maand na die verkiesing, in Kaapstad, Durban en Johannesburg konferensies gehou. By dié geleenthede kon lede hulle standpunte oor die toekoms van die Nasionale Unie stel. Die meeste was dit eens dat die Nasionale Unie onafhanklik moes voortbestaan, maar daar was nie eenstemmigheid oor die wyse waarop dit gedoen moes word nie.[2]

Teen die einde van 1961 was daar nie genoeg fondse beskikbaar om die personeel hulle salarisse en die huur van die kantore te betaal nie.[3] Groot somme geld van die Party is aan die verkiesing spandeer, hoewel die finansiële posisie van die Nasionale Unie reeds voor die verkiesing benard was. Die situasie het die finansies en die posisie van die koerant, Werda, direk geraak. Die oplossing was om personeel en kantore te verminder om die agterstallige rekeninge te kon vereffen en voort te gaan met die druk van Werda.[4] Daar is opnuut gekyk hoe die blad vernuwe kon word en hoe meer adverteerders getrek kon word. Die koerant is selfs vir enkele uitgawes uitgegee met die naam Die Nuwe Republiek in die poging om die koerant wyer te bemark, maar sonder wesentlike sukses.[5]

Na afloop van die verkiesing het dit geblyk dat selfs ook die organisasie van die Nasionale Unie in 'n swak toestand was. Die bevrediging van persoonlike politieke ambisies en voorvalle van bedrog, het 'n klad op die naam van die Party geword. Dit het geblyk dat een van die kandidate van die Nasionale Unie in die

---

1. Die Vaderland, 12.12.1961.
2. PV 58: 3/5/1/1/2, Nasionale Unie Konferensies, Na-Eleksie.
3. PV 58: 2/9/1/1/10, Hein Richter aan Japie Basson, 06.11.1961.
4. PV 58: 2/9/1/1/10, Japie Basson aan Hein Richter, 27.10.1961.
5. PV 58: 2/27/1/1/2, Japie Basson aan Louis Schachat, 20.01.1961; Japie Basson aan Janet Webb, 27.12.1961; 2/27/1/1/2, R. McBride aan Die Redakteur, 07.02.1962.

verkiesing gestaan het, fondse namens die Party ingesamel het en dit vir sy persoonlike gewin gebruik het. Van die kandidate en ook lede in besture van die Party was teleurgesteld, aangesien die Party nie na verwagting in die verkiesing presteer het nie. Hulle sosiale status en moontlike posisies in die Party het daarmee 'n knou gekry, wat 'n direkte invloed gehad het op hulle entoesiasme vir die Party. Daar het 'n gebrek aan motivering bestaan en laksheid het onder amptenare geheers terwyl talle takke net in naam bestaan het.[6] Die hoop is uitgespreek dat die toekoms weer opnuut ywer vir die doelstellings van die Nasionale Unie sou bring en dat die nodige fondse verkry sou word om die skulde van die verkiesing te delg.[7] Dit het egter nie gebeur nie en Werda is na Kaapstad verskuif waar die redaksie wat voortaan bestaan het uit 'n driemanskap, naamlik advokaat Brian Bamford, Basson en Fagan, kosteloos hulle taak verrig het. Die advertensies is egter steeds vanuit Johannesburg behartig.[8] Die rede vir die voortsetting van Werda was waarskynlik daarop gemik om die Nasionale Unie groter en sterker voor te stel as wat die geval in die verkiesing was. Daarbenewens het Basson persoonlik betrokke geraak om sodoende sy bedingingsposisie te handhaaf en te versterk.

Die pogings om nuwe lewe in die Nasionale Unie te blaas, het egter nie veel vrugte afgewerp nie. Ontevredenheid het geheers, aangesien talle persone se status in die Nasionale Unie en ook in hulle gemeenskappe afgeneem het nadat die verkiesing die werklike toedrag van sake in die Party ontbloot het. Hierdie gebeure het die Nasionale Unie voor 'n kruispad gebring. Die leierskap het, nadat verskillende menings ingewin is, besluit dat die Nasionale Unie sy verbintenis met die Verenigde Party moes voortsit.[9] Talle oud-Nasionale Partylede wat by die Nasionale Unie aangesluit het, asook persone wat hulle eerder vereenselwig het met die beleid van die Progressiewe Party, was nie geneë daarmee nie en het hulle bedankings ingedien.[10]

Dit was veral met die bedankings van Hans Strydom en Hennie Serfontein, beide kandidate vir die Nasionale Unie in die algemene verkiesing, dat dit duidelik geword het dat Basson en Fagan nie net 'n noue verbintenis met die Verenigde Party wou voortsit nie, maar dat dit hulle oogmerk was om by die Verenigde

6. PV 58: 2/9/1/1/10, Hennie Serfontein aan Japie Basson, 18.12.1961.
7. PV 58: 2/25/1/1/2, Ernst Wiener aan Japie Basson, 13.12.1961.
8. PV 58: 2/27/1/1/2, Japie Basson aan Arend Brink, 09.03.1962.
9. The Star, 23.11.1961; Rand Daily Mail, 01.12.1961, 30.12.1961; Die Realis, Desember 1961; Werda, Desember 1961.
10. PV 58: 2/9/1/1/10, Jack Steyn aan Japie Basson, 07.12.1961; Hennie Serfontein aan Japie Basson, 18.12.1961.

Party aan te sluit. Volgens Serfontein het hy en Strydom reeds tevore hulle ontevredenheid te kenne gegee en ook in skrywes aan Basson hulle voorneme om te bedank, aangekondig. Basson en Fagan het 'n besoek aan hulle in Johannesburg gebring om hulle tot ander insigte te bring, aangesien Serfontein en Strydom onderskeidelik voltydse organiseerder en redakteur van Werda was en belangrike rolle in die Party beklee het. Indien hulle sou bedank, kon dit die indruk skep dat die kern van die Party besig was om uit mekaar te spat. Serfontein se voorwaarde was dat Fagan en Basson die versekering moes gee dat hulle nie met die Verenigde Party sou saamsmelt voordat 'n periode van twee jaar verloop het nie. Basson en Fagan kon hulle egter nie die versekering gee nie en Serfontein en Strydom het besluit om te bedank.[11] Phillip Myburgh en Kobus van Eeden, wat prominente figure in die Kaapprovinsie was, het ook hulle bedankings ingedien.[12] Serfontein het nie die werklike rede vir sy bedanking aangevoer nie, maar die beswaar uitgespreek dat die Nasionale Unie as 'n party nie 'n rigting verteenwoordig het nie. Daarom het hy by die Progressiewe Party aangesluit.[13]

Talle ander lede van die Nasionale Unie het die Party begin verlaat. Basson het egter die dringendheid om nouer by die Verenigde Party in te skakel, besef nadat van die voorste Partyleiers en kandidate wat vir die Party gestaan het in die verkiesing, ook te kenne gegee het dat hulle ander politieke weivelde begin soek het.[14] Hy het die gevaar begin loop om 'n koue ontvangs by die Verenigde Party te kry indien die Nasionale Unie sonder enige ondersteuners by die Verenigde Party sou aansluit. Om sy bedingingsmag te behou, was Basson genoodsaak om met meer haas oor sy politieke toekoms te besin.

Die Nasionale Unie se aanvanklike doelstelling was om 'n onafhanklike party tussen die Verenigde Party en die Nasionale Party te wees. Hul ondersteuners het egter ook mettertyd besef dat die Nasionale Unie geen toekoms gehad het nie en: *"that some form of tie-up between the N.U. and another party will have to be faced. And after very careful consideration of all aspects, it will have to be the U.P. with whom some form of toenadering will have to be looked for."* [15] Die alternatiewe was om óf by die Nasionale Party óf by die Progressiewe Party aan te sluit.[16]

---

11. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993; Rand Daily Mail, 09.01.1962.
12. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Phillip Myburgh, 23.11.1993.
13. PV 58: 2/9/1/1/11, Hennie Serfontein aan Japie Basson, 15.01.1962.
14. PV 58: 2/9/1/1/11, Ernst Wiener aan Japie Basson, 07.01.1962, 12.01.1962.
15. PV 58: 2/9/1/1/11, Ernst Wiener aan Japie Basson, 13.02.1962.
16. Die Transvaler, 23.01.1962; Die Burger, 14.02.1962.

Hoewel daar enkele bittereinders was wat volgehou het dat die Nasionale Unie volkome onafhanklik moes funksioneer, het die praktiese politiek dit nie toegelaat nie. As 'n kenner van die politiek het Basson besef dat in die jaar 1961 en die daaropvolgende jare 'n klein politieke party soos die Nasionale Unie nie hond haar-af sou maak nie. Strydom is egter van mening dat Basson reeds voor die stigting van die Nasionale Unie geweet het dat die Party nie 'n lang leeftyd sou hê nie en dat dit vir Basson slegs 'n oorgang na die Verenigde Party was.[17]

Dit is interessant hoe Basson gereageer het op die bedankings van Nasionale Unielede. Sommiges het selfs bitter woorde teenoor hom gebruik. Basson was egter 'n diplomaat by uitstek en hy het geen verwyte uitgespreek teenoor lede wat bedank het of hom selfs persoonlik aangeval het nie.[18] Dié optrede was kenmerkend van Basson se politieke styl en persoonlikheid. Hy wou nie vyande maak nie, ten spyte daarvan dat moontlik talle lede van die Party hom verwyt het omdat hulle gevoel het dat Basson hulle misbruik het vir sy eie doeleindes.

As gevolg van die stigting van die Progressiewe Party was dit nie net Basson wat toenadering tot die Verenigde Party gesoek het nie. Dit was ook die wens van die Verenigde Party om verlore aansien te probeer herwin en lede van die Nasionale Unie in hulle geledere in te trek. Fagan het die wedersydse toenadering in 'n brief aan Wiener beskryf: *"The U.P. is definitely playing the game by us, and its leaders are very friendly to myself and Japie, while the other parties, through the newspapers that support them, have been showing hostility."* [19] Dié skrywe van Fagan was moontlik daarop gerig om die ondersteuners van die Nasionale Unie te oortuig dat die Nasionale Unie steeds oor politieke mag en status beskik het. Daarbenewens het die Verenigde Party nog nie daarin geslaag om Fagan in te trek by die Verenigde Party soos wat hul oogmerk met die verkiesingsooreenkoms met die Nasionale Unie was nie. Die Verenigde Party het Japie Basson as 'n bruikbare persoon vir die Party beskou, ten spyte van sy individualiteit. Sarah-Gertrude Millen, skrywer-joernalis in die Verenigde Partygesinde pers, se indruk van Basson was: *"You can't make a back-bencher of him. You have also to consider his value as an individual"*. Sy het verder gesê: *"And he certainly is a valuable man. We need him."* [20]

---

17. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hans Strydom, 22.11.1993.
18. Ibid.; PV 58: 2/9/1/1/11, Gert Pretorius aan Brian Bamford, 09.01.1962; Japie Basson aan Gert Pretorius, 26.01.1962.
19. PV 58: 2/9/1/1/11, H.A. Fagan aan Ernst Wiener, 11.02.1962.
20. PV 58: 2/1/1/8, Sarah-Gertrude Millen aan Japie Basson, 18.03.1962.

Basson skryf aan G.W. von Kuhne dat dit sy mening was dat: *"In die omstandighede is die beste wat die S.W.P.* (*sic*) (Suidwesparty) *en 'n party soos die Nasionale Unie kan doen dit: om 'n nukleus van belangstellendes wat hy het, te behou en deur die kanale (i) rigting te probeer gee aan nuwe beleid - wat ons beter as ander in staat is om te doen, omdat ons nie aan ou foute en dade gekoppel is nie; en (ii) voort te gaan om te werk vir 'n hergroepering, of liewer 'n rekonstruksie van die opposisie. Die opposisie sal immers eers hervorm moet word voordat die Regering effektief beveg en vervang kan word."* Basson was ook van mening dat: *"as ander partye van ons gedagtes oorneem, dan beteken dit tog dat ons goeie werk gedoen het."* [21] Dit is onwaarskynlik dat Basson en die Nasionale Unie in 'n posisie was om enersyds leiding te gee ten opsigte van die formulering van beleid en andersyds die spilpunt te wees van 'n rekonstruksie van die opposisie. Vir hierdie take is die Nasionale Unie te gering geag en vooroordele teenoor Basson se motiewe het bestaan.

Die redakteur van Werda, Brian Bamford, het hierby aangesluit en verklaar dat die Party getrou moes bly aan sy beginsels en deurentyd na punte van ooreenkoms met die Regering en die opposisie moes soek. Sodoende sou die Nasionale Unie as 'n hervormingsinstrument kon dien en deels aan sy eie beginsels uitvoering gee.[22]

In die Volksraad het Basson hom by die standpunte van die Verenigde Party geskaar en die noue verhouding tussen hom en die Verenigde Party het ook daar duideliker na vore gekom tydens die Wysigingswetsontwerp op Bevolkingsregistrasie. Die *"Leier van die Opposisie het die breë Opposisie se standpunt teen hierdie wetsontwerp skitterend gestel, en ek onderskryf sy argumente en ondersteun sy amendement."* [23]

Ook Werda die maandblad wat die beleid van die Nasionale Unie uitgedra het, het teen April 1962 groter samewerking met die Verenigde Party bepleit. *"Those who are not with Nationalism are against it, and must accept all that this means - primarily, that it is idle to think of the United Party as anything but the leader in any attempt at consolidation. Points of agreement, and there are many, must constantly be sought and found, in a spirit beyond vested party interests."* [24]

---

21. PV 58: 2/9/1/1/11, Japie Basson aan G.W. von Kuhne, 15.02.1962.
22. Werda, Maart 1962.
23. Hansard, 30.04.1962, kol. 4877.
24. Werda, April - Mei 1962.

Die standpunte het gehelp om die weg te baan vir Basson en Fagan om aan te sluit by die Verenigde Party. In Mei 1962 het Basson 'n memorandum aan Sir de Villiers Graaff, die leier van die Verenigde Party, oorhandig. Die memorandum het onder meer gelui dat: *"Sen. Fagan en ek het besluit om met die minste moontlike versuim aansoek te doen om toelating tot die Verenigde Party en die Party se Parlementêre koukus."* Hy het ook verklaar dat die aansoek onvoorwaardelik was en dat, indien hulle aansoek goedgekeur sou word, die Nasionale Unie sou ontbind en lede dan individueel by die Verenigde Party kon aansluit. Hy het as rede vir die stap aangevoer dat die Party dit moeilik gevind het om 'n bestaan te voer en uit te brei as gevolg van finansiële verpligtinge. Indien die Nasionale Unie sou uitbrei, sou dit ten koste van die Verenigde Party wees en nie van die Nasionale Party nie. Basson het ook 'n lys van name van Nasionale Unielede aan Graaff beskikbaar gestel wat, volgens Basson, baie bruikbaar vir die Verenigde Party sou wees. Dit blyk dat Fagan reeds in gesprek was met Graaff oor die Nasionale Unie se skulde en dat die moontlikheid bestaan het dat die Verenigde Party die skulde sou delg indien hulle aansoek goedgekeur word.[25]

Basson en Fagan het voorheen te kenne gegee dat hulle ten gunste van samewerking met die Verenigde Party was. Hulle siening is gedeel deur Werda en van die Verenigde Partygesinde koerante, maar is nie met dieselfde geesdrif deur al die lede van die Nasionale Unie ondersteun nie. Basson en Fagan het dus nie 'n amptelike mandaat verkry om oor inskakeling by die Verenigde Party te onderhandel deur die hou van 'n nasionale partykongres nie. Hulle het wel vergaderings met bestuurslede van die Party in verskillende sentra gehou waartydens hul voorneme om die Nasionale Unie met die Verenigde Party te laat saamsmelt, goedgekeur is.[26] Dit blyk nietemin dat Fagan en Basson tot 'n groot mate uit eie voorkeur en in hul persoonlike hoedanigheid namens die Nasionale Unie besluite geneem het. Dit blyk ook dat hul nie gepoog het om die uiteenlopende standpunte in die Nasionale Unie oor inskakeling by die Verenigde Party met mekaar te versoen nie. Van die moontlike redes vir dié wyse van optrede van Fagan en Basson, was waarskynlik daarin geleë dat die Party teen die middel van 1962 geen hoofkantoor, streekskantore of betaalde amptenare meer in diens gehad het nie. Basson en Fagan se moontlike vrees dat hulle steun en status in die Verenigde Party sou inboet indien hulle langer sou

---

25. Verenigde Party-versameling: Sir de Villiers Graaff, Japie Basson, Die Nasionale Unie 1962; Japie Basson-privaatversameling: Memorandum aan Sir De Villiers Graaff, 11.05.1962.

26. Japie Basson-privaatversameling: Mededeling aan die pers. Vir Saterdag, 16 Junie.

sloer om by die Verenigde Party aan te sluit, kan ook as 'n moontlike verklaring vir hul optrede aangebied word.

Dit was egter eers 'n maand nadat die aansoek ingelewer is, dat 'n ooreenkoms tussen Fagan, Basson en Graaff bereik is. Fagan en Basson het voor hulle aansluiting eers 'n verklaring aan medelede van die Nasionale Unie gestuur wat gelui het: *"Ons was verenig in ons strewe na die ideaal van nasionale eenheid en van 'n goeie verstandhouding en samewerking tussen die rasse.*

*Ons vertrou dat die voorgenome stap ons nie minder nie maar meer geleenthede sal gee vir die bevordering van daardie ideaal, wat ook dié van die Verenigde Party is, en om in samewerking met daardie party meer doeltreffend te kan optree as onder afsonderlike vaandels. Die versekering is aan ons gegee dat u en ons in die geledere van die Verenigde Party hartlik verwelkom sal word."* [27]

Met 'n persverklaring vir 16 Junie het Basson die samesmelting van die Nasionale Unie en die Verenigde Party aangekondig. Daarmee saam het sy en Fagan se aansluiting by die Verenigde Party bevestig en die mening uitgespreek dat dit geblyk het dat die meeste lede van die Nasionale Unie hulle sou volg en by die Verenigde Party aansluit. Die verklaring het gelui:
*"Die samesprekings wat 'n tydlang aan die gang was tussen leiers van die Verenigde Party en die Nasionale Unie met die oog op samesmelting van laasgenoemde met eersgenoemde party, is met sukses beëindig.*

*Vergaderings van bestuurslede van die Nasionale Unie wat in verskeie sentra gehou is, het besluite ten gunste van daardie stap aangeneem. Die besluite het 'n voorbehoud bevat dat dit nie individuele lede sou bind nie.*

*Senator H.A. Fagan en mnr. Japie Basson, L.V., wat beide nou by die Verenigde party gaan aansluit, het egter, op grond van hul konsultasies met die bestuurslede, goeie rede om te meen dat die meeste lede van die Nasionale Unie van plan is om dit ook te doen.*

*In 'n boodskap wat hulle aan hul partygenote rig, betuig hulle hul opregte dank vir die ondersteuning wat in die verlede aan die Party gegee is, en spreek hulle die hoop uit dat hierdie konsolidasie van magte van die twee partye sal help om die saak van nasionale eenheid en van 'n goeie verstandhouding en samewerking tussen die rasse, wat beide vir hulle as ideaal gestel het, te bevorder."* [28]

---

**27.** Japie Basson-privaatversameling: Die Nasionale Unie, Kaapstad, 14 Junie 1962; The Star, 16.06.1962; Die Transvaler, 18.06.1962.

**28.** Japie Basson-privaatversameling: Mededeling aan die pers. Vir Saterdag, 16 Junie.

Dit is interessant om daarop te let dat Basson die ontbinding van die Suidwesparty eers in September 1962 aangekondig het, ten spyte daarvan dat die Party reeds vroeër bykans net as 'n party in naam bestaan het. Die verklaring het onder andere gelui:
*(1) Die Uitvoerende Bestuur van Die Suidwes-party het in Windhoek vergader en besluit dat, as gevolg van die buitengewone swaar tyd wat die Gebied en sy mense deurmaak, die Party dit nie op die oomblik kan bekostig om enige veld- of uitbreidingswerk te onderneem nie.*

*(2) Die Bestuur vra die lede en ondersteuners van die Party derhalwe om hul begeerte om 'n verandering van regering in Suidwes en in die Republiek te sien, te bevorder op die wyse wat elk van hulle volgens eie omstandighede die beste ag.*

*(4) Die Bestuur is tevrede dat die Party in die kort periode van sy bestaan 'n belangrike impak gemaak het op politieke gesindheid ten opsigte van die binnelandse en buitelandse vraagstukke van Suidwes."* [29] 'n Moontlike rede daarvoor was dat die Suidwesparty nie met die Verenigde Nasionale Suidwesparty onderhandel het oor samesmelting nie, aangesien Niehaus reeds vroeër te kenne gegee het dat hy nie daarin belang gestel het om verder met die Suidwesparty te onderhandel nie na die teleurstellende uitslag van die verkiesing vir die Wetgewende Vergadering die vorige jaar.

Die inskakeling van die Nasionale Unie het weinig invloed op die Suid-Afrikaanse politiek van die dag gehad. Netso min invloed het dit op die Verenigde Party gehad, want daar was slegs 'n klein getal lede wat amptelik by die Verenigde Party aangesluit het. Die inskakeling het ook relatief maklik verloop, aangesien die Nasionale Unie op die tydstip wat dit ingeskakel het by die Verenigde Party, geen betaalde amptenare meer in diens gehad het nie. Die wins van die Verenigde Party was die enkele roerende bates van die Nasionale Unie en die setel Bezuidenhout wat hulle aan Basson as leier van die Nasionale Unie met die verkiesingsooreenkoms moes afstaan. Hulle moes egter die oorblywende skulde van die Nasionale Unie oorneem. In die persoon van Fagan het die Verenigde Party aansien gewen en sy kundigheid op die gebied van rasse-aangeleenthede kon ook gebruik word. Volgens Viljoen het die Verenigde Party in Basson 'n uitstaande parlementariër en spreker ryker geword wat die Nasionale Party van binne geken het en effektiewe aanvalle op die Nasionale Party en hulle beleid geloods het. Daarbenewens was Basson Afrikaanssprekend - 'n faktor wat stemme kon wen onder Afrikaanssprekendes, aangesien die

---

**29.** PV 58: 3/10/1/1/1, Die Suidwesparty, Verklaring, 13.09.1962.

Verenigde Party nie weer daarin sou slaag om aan bewind te kom sonder die steun van Afrikaanssprekendes nie.[30]

Volgens 'n insiggewende berig in die Cape Times het die Verenigde Party, uit 'n partypolitieke oogpunt, egter ook 'n risiko met Basson in sy midde geloop, aangesien: *"Above all things, he is an individualist. Political parties are to him subordinate things, vehicles of convenience and not much more, and for this reason he is refreshingly different from the usual run of party political hacks with which this country is afflicted."* [31] Daar was lede van die Verenigde Party wat Basson juis om dié eienskap as 'n opportunis met geen konstante beginsels beskou het nie. Die gevolg daarvan was dat die vraag oor Basson se politieke betroubaarheid nooit wou wyk nie.[32]

Hoewel Fagan as persoon nie veel gewen het met sy betrokkenheid by die Nasionale Unie en inskakeling by die Verenigde Party nie, kan dieselfde nie ten opsigte van Basson gesê word nie. Basson het op 'n bykans meesterlike wyse daarin geslaag om, nadat hy uit die Nasionale Party geskors is en 'n politieke woestyn sy voorland was, homself weer tot in die hoofstroom van die politiek te maneuvreer. Hy kon daarin slaag om 'n politieke party op die been te bring wat hy as 'n instrument gebruik het om weer in die hoofstroom te kom en sodoende sy doel te verwesenlik. Hy het egter op 'n berekende wyse daarin geslaag om eers 'n verkiesingsooreenkoms met Graaff aan te gaan en daardeur die indruk te skep dat die Nasionale Unie veel groter en sterker was as wat inderdaad die geval was. Dit het Basson ook in 'n veel sterker posisie geplaas. Sy strategie was foutloos, want hy het daarin geslaag om minder as 'n jaar later as 'n senior lid in die Verenigde Party opgeneem te word. Hy kon daarin slaag ten spyte daarvan dat hy vroeër in sy loopbaan met senior lede van die Verenigde Party in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gebots het. Dit is sterk te betwyfel of Basson 'n sterk setel soos Bezuidenhout sou ontvang het, indien hy nie die oënskynlike lang weg gevolg het en vroeër by die Verenigde Party aangesluit het nie. Vanweë die sterker bedingingsposisie wat hy bekom het, het hy dus 'n sterk setel gekry wat hom baie moeite en tyd sou spaar met toekomstige verkiesings.

---

30. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Klasie Viljoen, 20.11.1993 en dr. Zach de Beer, 07.06.1993; J.D. Opperman aan W. Adendorff, 09.02.1994.

31. Cape Times, 21.06.1962.

32. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Sir De Villiers Graaff, 09.06.1993.

Na Basson en Fagan se aansluiting by die Verenigde Party, het die Nasionale Unie 'n spoedige kreeftegang beleef, hoewel daar 'n poging van veral C.F. van der Merwe en 'n groepie bittereinders was om die Party te laat voortleef.[33] Die meeste Nasionale Unielede het Basson en Fagan na die Verenigde Party gevolg, hoewel min amptelik by die Party aangesluit het. Daar was ook talle ondersteuners wat hulle by die Progressiewe Party en ook by die Nasionale Party geskaar het.[34] Die tot niet gaan van die Nasionale Unie het Basson nie sterk emosioneel geraak nie, juis omdat dit 'n instrument was om weer in die politieke hoofstroom te kom.

Basson het met sy aansluiting by die Verenigde Party weer 'n nuwe fase in sy politieke loopbaan betree. As nuweling in die Party, moes hy homself vestig en ook die vertroue van medepartylede probeer wen. Hy het reeds 'n blik op die Party se organisasie en strukture verkry deur die samewerkingsooreenkoms tussen die Verenigde Party en die Nasionale Unie. Daar was egter talle van sy medepartylede wat hom as 'n politieke opportunis beskou het. Basson het homself spoedig in die Party gevestig deur vergaderings toe te spreek. Hy het die Regering aangeval oor, onder andere, hulle verhouding met die Afrikaner-Broederbond, die onwerkbaarheid van die Bantoestanbeleid, die implementering van die kleurbeleid en die inbreuk wat dit op die reg van die individu gemaak het.[35] Hy het ten opsigte van die Ontugwet gesê dat dit geen algemene maatreël teen onsedelikheid was nie, maar in die eerste instansie 'n rassewet. Hy het die Regering nie gespaar met die binnelandse sowel as buitelandse reaksie daarop in die pers en hofsake wat daaruit voortgespruit het nie.[36]

Basson het sy vuurdoop as Transvaalse lid van die Verenigde Party gehad tydens die jaarkongres van die Party in Johannesburg op 28 Augustus 1962. Hy het tydens die kongres gesê dat die goeie en regte gees in die Party die belangrikste rede was waarom hy en Fagan by die Party aangesluit het. Volgens Basson was die Verenigde Party nie perfek nie, en 'n daadwerklike poging moes aangewend word om weer die regerende party te word.[37] Dit is egter belangrik om daarop

---

33. Die Burger, 04.07.1962.
34. Die Vaderland, 18.06.1962; The Star, 18.07.1962.
35. The Friend, 09.07.1962, 28.09.1962; Die Burger, 30.07.1962; Natal Daily News, 15.08.1962.
36. Joubert, D., Met Iemand van 'n Ander Kleur. Beskouings en Wetgewing oor Ontug, p. 87.
37. Die Transvaler, 30.08.1962.

te let dat Basson nie die beleid van die Party onderskryf het nie. Volgens Cronje het Basson daardeur sy politieke opsies oopgehou.[38]

Tot aan die einde van 1962 het Basson nie veel ander openbare optredes gehad nie, aangesien hy 'n maandlange besoek aan Japan teen die einde van Oktober onderneem het.[39]

In 1963 het dit geskyn asof die Nasionale Party die politieke inisiatief totaal oorgeneem het en dat die Verenigde Party bloot 'n party in reaksie geword het. Eksterne faktore soos die onafhanklikheidswordingsproses wat in Afrika plaasgevind het met die gevolglike ontvlugting van eertydse blanke kolonialiste, het die Nasionale Party wat vir blanke heerskappy gestaan het, bevoordeel. Die vrees vir Kommunisme en Swart Nasionalisme het stukrag aan die Regering verleen om sterker op te tree teen verset uit die swart gemeenskap asook bevrydingsorganisasies soos die *African National Congress* en die *Pan African National Congress* met hulle gewapende vleuels, *Umkonto We Sizwe* en *Poqo* onderskeidelik. Die strewe na die behoud van die blanke se politieke mag het ook die implementering van die Bantoestanbeleid bespoedig.

Basson het gepoog om die oorsake van die verset uit te wys. Dit was veral sy optrede voor die Kaapse Parlementêre Debatsvereniging waartydens hy 'n skerp aanval op een van die hoofoorsake van die verset, apartheid, gedoen het. Hy het die Regering gekritiseer dat Suid-Afrika die enigste land was waar apartheid en diskriminasie tot wet verhef is en dat vervolging ingestel is vir oortreders van die wetgewing. Dit was ook die enigste land waarin wetgewing 'n onderskeid getref het tussen mense van verskillende velkleur.[40] Basson het gewaarsku dat die toestand 'n gevoel van onrustigheid onder die kieserspubliek geskep het.[41] Basson se persoonlike aanvalle op die Minister van Justisie, B.J. Vorster, en sy eis dat die Minister van Buitelandse Sake, Eric Louw, moes bedank, het 'n irriterende uitwerking op die Nasionale Party gehad.[42] Sy aanvalle op Verwoerd

---

38. Persoonlike versameling: Bandopnames van 'n onderhoud met dr. Frans Cronje, 23.11.1993 en Phillip Myburgh, 22.06.1993.

39. Die Burger, 19.10.1962.

40. PV 58: 3/3/1/1/1, Kaapse Parlementêre Debatsvereniging, Kaapstad, 17.04.1963; Cape Argus, 18.04.1963.

41. The Friend, 07.11.1963.

42. Rand Daily Mail, 20.09.1963; 08.11.1963.

se totalitêre optrede en sy veragting van klein apartheid het hom die gramskap van die Nasionale Party op die hals gehaal.[43]

Die Verenigde Party se alternatief vir apartheid was die konsep Rassefederasie. Hoewel Basson hom nie eksplisiet ten gunste van die Rassefederasie-idee uitgespreek het nie, was hy 'n sterk aanhanger van die federale idee. Volgens Basson was federalisme die enigste idee met: *"the scope and capacity to deal successfully with our racial problems as well as the regional difficulties related to them. It recognizes diversity - and achieves unity."* [44] Daarbenewens blyk dit dat die verkiesing van 1961 die swak organisasie en strukture van die Party op plaaslike vlak ontbloot het en dat Basson tot 'n mindere mate daaraan aandag geskenk het deur vergaderings in kiesafdelings toe te spreek en by geleentheid die stigting van takke by te woon.[45]

Aan die begin van 1964 het Basson hom onomwonde ten gunste van 'n federale stelsel vir Suid-Afrika uitgespreek. Volgens Basson het 'n federasie *"the distribution of power according to geographic or group interests"* beteken.[46] Basson het egter nie duidelik uitgespel wat die stappe tot en die formaat van 'n federasie sou wees soos deur die Verenigde Party verkondig is nie. Die rede daarvoor was waarskynlik omdat Sir De Villiers Graaff gesê het dat eers oor die detail van die beleid besin sou moes word met die verloop van tyd.[47] Die beleid was dus vaag en Basson is beskuldig dat hy nie die beleid van die Party verkondig het nie, maar sy eie interpretasie daaraan gekoppel het. J.H.P. Serfontein, eertydse lid van die Nasionale Unie, was van mening dat: *"Mr. Basson's whole case and arguments are based mainly on a geographical federation, which legally and constitutionally is the only form of federation..."* en dat die Verenigde Party se *" 'race federation' is only another name for separate group representation."* [48] Donald Molteno het by Serfontein aangesluit en gevra: *"How, then, can Mr. Basson condemn apartheid on the ground that it 'orders a man's position and future in*

---

43. PV 58: 3/1/1/7, Lunch Club, Johannesburg, November 1963; Die Burger, 05.11.1963; Natal Mercury, 29.08.1963.
44. Cape Times, 30.12.1963.
45. PV 58: 3/8/1/1/3, Bezuidenhout, Nigel, Benoni, September 1963; 3/11/1/1/1, Rondebosch, 05.04.1963; 3/1/1/3, Klerksdorp, 21.05.1963.
46. The Star, 20.04.1964.
47. Japie Basson-privaatversameling: Die Doelstellings en Beginsels en Konstitusie van die Verenigde Party, September 1964; Toespraak deur Sir De Villiers Graaff, L.V., gelewer tydens die opening van die Sentrale Kongres van die Verenigde Party, Bloemfontein, 19 November 1963.
48. The Star, 29.04.1964.

*society strictly according to the colour of his skin'? Both on its past record and its contemporary policy declarations this is precisely what the U.P.'s policy of 'race federalism' amounts to."* [49]

Basson se verweer was dat die Verenigde Party federalisme beskou het as een van die wyses waarop die kleurkwessie bevredigend aangespreek kon word. Die benaming Rassefederasie het volgens Basson slegs op die Party se verbintenis gedui om die kleurkwessie in Suid-Afrika aan te spreek.[50] Basson se antwoord was enersyds nie baie duidelik nie en ook nie oortuigend nie. Basson se uitsprake het spanning in die Verenigde Partykoukus veroorsaak en lede het Basson: *"beskuldig van klemverskille in sy vertolking van amptelike beleid wat die indruk van verandering geskep het - en ook van ondermyning van die gekose VP leierskap"*.[51]

Basson het as 'n voorstaander van 'n federale bestel, die Regering se sentralisering van mag gekritiseer, omdat Suid-Afrika daardeur ontwikkel het in 'n totalitêre staat.[52] Hy het ook as amptelike woordvoerder oor Buitelandse Sake in die Verenigde Party, ten sterkste beswaar aangeteken teen die Odendaal-kommissie se aanbevelings vir Suidwes-Afrika. Basson het die verslag in detail bestudeer, wat voorsiening gemaak het vir die implementering van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling deur die skepping van tien "onafhanklike state" binne Suidwes-Afrika. Basson was veral gekant teen die moontlikheid dat die Regering apartheid soos dit in Suid-Afrika toegepas is, ook wou toepas in Suidwes-Afrika.[53] Hy het sy kommer uitgespreek oor die rasseverhoudinge en in 'n brief aan 'n vriend die oproep gedoen dat 'n verandering van Regering so spoedig moontlik moes plaasvind, want: *"Voorspoed is besig om ons mense te verblind vir die ongeregtighede wat aangaan, en die groeiende volume bitterheid teen die witman wat Regeringsbeleid besig is om te veroorsaak. Veiligheid lê nie vir ons by die Regering nie, omdat veiligheid nooit lank in magsmaatreëls geleë is nie. ...die Regering is gebonde aan die dwangdogma van apartheid - 'n ideologie wat in sy aard absoluut en onverbiddelik en in menige opsig onmenslik is"*.[54]

---

49. Cape Times, 06.01.1964.
50. Cape Times, 17.01.1964.
51. Persoonlike versameling: Vause Raw aan W. Adendorff, 10.03.1994.
52. Sunday Times, 05.04.1964, 18.10.1964; Cape Argus, 21.02.1964.
53. Cape Argus, 11.03.1964; The Star, 21.05.1964; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 19.06.1993.
54. PV 58: 2/20/1/1/1, Japie Basson aan Taffie Kikillus, 07.04.1964.

Hoewel Basson in 1964 'n pleidooi vir die uitbreiding van die bruinmense se regte gelewer het, was dit eers in 1965 dat hy sterk op die voorgrond getree het as pleitbesorger vir die regte van bruinmense. Die geleentheid was tydens die Wetsontwerp vir die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kleurlingkiesers. Hy was ten gunste van direkte verteenwoordiging van bruinmense in die Volksraad en in die Senaat deur hulle eie verteenwoordigers. Sodoende kon die bruinmense deelneem aan die nasionale politiek en die verhoudinge tussen blankes en bruinmense gevolglik verbeter. Sy standpunt het wye reaksie uitgelok, hoofsaaklik omdat sy siening nie ooreengestem het met die beleid van die Verenigde Party nie.[55] Die Regering het die geleentheid aangegryp om die verskil tussen Basson se standpunt en die beleid van die Verenigde Party uit te wys.[56] Dit het spanning tussen Basson en van die Verenigde Partylede veroorsaak, ten spyte daarvan dat hy goedkeuring van die koukus gekry het om sy standpunt te stel. Daar is bespiegel of sy standpunt amptelike beleid sou word, aangesien hy die woordvoerder oor Kleurlingsake was.[57]

Basson het die Regering op die negatiewe gevolge van die apartheidswetgewing op die bruin gemeenskap se sosio-maatskaplike situasie gewys. Hy het dit bepleit dat bruinmense billike lone, behuising, onderwys en mediese bystand moes verkry. Die Regering moes ook toesien dat die bruinmense ekonomies ontwikkel en die kunsmatige skeidings tussen die blankes en bruinmense verwyder.[58]

Dit was nie net Basson se standpunt oor direkte verteenwoordiging van bruin kiesers wat spanning in die Verenigde Party se koukus veroorsaak het nie, maar ook sy pleidooie vir die afskaffing van 'n gemeenskaplike kieserslys en stemkwalifikasies. Sy motivering vir die standpunt was dat dit meer logies ingeskakel het by die Verenigde Party se Rassefederasiekonsep.[59] Hy het egter teenkanting gekry, aangesien sy mosie ter wysiging van die Wetsontwerp op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kleurlinge deur die koukus afgekeur is.[60] Basson het by sy standpunt gehou, maar kon nie daarin slaag om die Party tydens die jaarkongres in November 1965 tot sy standpunt oor te haal nie. Die saak is

---

55. Sunday Times, 18.04.1965; Die Burger, 20.04.1965; PV 58, 3/8/1/1/5, Institute Citizenship, 03.06.1965.

56. Hansard, 07.04.1965, kol. 4400.

57. PV 58: 2/13/1/1/1, Voorstel vir Koukus, 20.01.1965.

58. Hansard, 07.04.1965, kol. 4399.

59. PV 58: 2/1/1/12, Japie Basson aan prof. Theo Haarhoff, 14.06.1965; Cyril aan Japie Basson, 18.06.1965; Sunday Chronicle, 02.05.1965.

60. PV 58: 3/8/1/1/4, Wetsontwerp ter wysiging Wet op Afs. Verteenwoordiging v. Kiesers, 03.05.1965; Sunday Times, 09.05.1965.

egter verwys na 'n Kommissie van ondersoek.[61] Basson kon dus nie daarin slaag om die meerderheid lede van die koukus tot sy standpunt oor te haal nie. Die rede daarvoor is moontlik dat hulle polities meer konserwatief was, of gehuiwer het om die saak te steun, as gevolg van voorbehoude oor Basson.

Basson het egter aansien in die Verenigde Party geniet vir die wyse waarop hy daarin geslaag het om 'n doring in die politieke vlees van die Nasionale Party te wees. Hy het die Regering kwalik geneem vir hulle selfverheerliking deur byvoorbeeld geboue na persone in die Party te vernoem. Hy het hulle ook beskuldig dat hulle die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie vir partypropaganda misbruik het en die polisie aangewend het om die pers, mense en instellings wat teen die Nasionale Party gekant was, te intimideer. Hy het die beperkings op "gemengde" sport betreur en die Regering gewaarsku teen sy pogings om deur wetgewing die opposisie te elimineer.[62] Volgens The Star het Basson tydens die Wetsontwerp op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kleurlingkiesers op 'n teer punt in die Nasionale Party se politieke gewete geraak: *"Seldom have fervour and sound political sense been so combined. Mr. Basson towered like a giant above all who spoke before and after, and seldom have Nationalists given louder evidence of their discomfort. Mr. Basson had to speak over a constant barrage of interjections, sure indication that every blow hurt."* [63]

Die Nasionale Party het in hulle reaksie op Basson se aantuigings oor die verwerplikheid van rasseklassifikasie, die behandeling van swart buitelandse diplomate en die toekenning van paspoorte aan swartmense, hom beskuldig van onbetroubaarheid, aangesien hy die wetgewing gesteun het toe hy die Nasionale Party verteenwoordig het.[64] Die teenaanvalle het Basson nie van stryk gebring nie en hy het veral te velde getrek teen die Regering se inmenging en voorskrywing in die daaglikse lewe van Suid-Afrikaners. Hy het die Regering gewaarsku teen die gevolge van hulle beleid, veral die bitterheid wat in swart geledere opgebou het teenoor blankes.[65]

---

61. PV 58: 3/8/1/1/5, Toespraak en mosie voorgestel, Sentrale Kongres, V.P. Bloemfontein, 11.11.1965.
62. Natal Mercury, 03.04.1965; The Star, 27.05.1965; Rand Daily Mail, 19.08.1965; Sunday Chronicle, 26.09.1965; The Friend, 11.10.1965; Cape Argus, 09.10.1965; PV 58: 2/16/1/1/1, Greenfields, 02.08.1965.
63. The Star, 03.04.1965.
64. PV 58: 3/1/1/4, Binnelandse Sake.
65. Rand Daily Mail, 01.03.1965; The Star, 05.06.1965; Rand Daily Mail, 04.08.1965.

## Die aanloop tot die Algemene Verkiesing van 1966

Die uitslag ten gunste van die Nasionale Party in die provinsiale verkiesings op 24 Maart 1965 het egter tot 'n groot mate die angel uit Basson se aanvalle gehaal. Die Regering het duidelik 'n mandaat van die kieserskorps gekry om voort te gaan met die implementering van sy beleid, terwyl die Verenigde Party in 'n krisis gedompel was nadat hulle twaalf setels afgestaan het.[66] Die Cape Times het die oorsake vir die uitslag toegeskryf aan die ekonomiese voorspoed wat die land onder die Nasionale Partyregering ervaar het en die Regering se ferme optrede teen ondermynende organisasies. Eksterne faktore het ook 'n rol gespeel soos byvoorbeeld die bedreiging vir blankes in die onafhanklikwordende Afrikastate, asook die uitsprake en optrede van verteenwoordigers van die Verenigde Nasies en Brittanje. Volgens dié koerant moes die Verenigde Party geleentheid maak: *"for self-examination, and a complete overhaul of its motives and policies should be undertaken as an urgent duty"*.[67] Die uitslag het geen positiewe vooruitsigte vir die Verenigde Party gehad vir die geskeduleerde Algemene Verkiesing van 1966 nie, en die Party moes 'n poging aanwend om die verdere wegvloei van steun te beperk.

Eksterne faktore soos die optrede van Brittanje as koloniale moondheid in Afrika en die dekolonisasie van sy kolonies, asook die toenemende vyandigheid van Brittanje teenoor Suid-Afrika se kleurbeleid het die Verenigde Party benadeel. Dit was veral die optrede van Harold Wilson, die Britse premier, wat die beleid van die Nasionale Party aantreklik gemaak het vir ondersteuners van die Verenigde Party.[68]

Die faktor wat die meeste bygedra het tot die gewildheid van die Nasionale Party, was die persoonlikheid van Verwoerd wat op 'n oënskynlik dinamiese en selfversekerde wyse leiding geneem het. Teen hierdie agtergrond moes die Verenigde Party sy rol as amptelike opposisie vervul tot met die volgende verkiesing. Hoewel die faktore wat op die Verenigde Party ingewerk het, nie 'n direkte invloed op Basson se posisie in die Party gehad het nie, het dit sy optrede namens die Party beïnvloed. Veral tydens sy optredes in die Volksraad is hy dikwels deur lede van die Nasionale Party in die rede geval en persoonlike

---

66. Die Burger, 26.03.1965.
67. Cape Times, 26.03.1965.
68. Barnard, S.L., Politieke Oriëntasie in die Suid-Afrikaanse Opposisie sedert 1958, Ongepubliseerde proefskrif, p. 182.

aanvalle is op hom geloods.[69] Dit het gevolg op skerp aanvalle van Basson op die Nasionale Party oor apartheid en die magte wat die Regering vir homself toegeëien het deur tallose wette wat 'n inbreuk gemaak het op die individu se regte.[70]

Die uitslag van die Provinsiale Verkiesings was vir die Verenigde Party en Basson 'n vroeë waarskuwing wat Basson aangespoor het om die Party se organisasie in sy kiesafdeling op 'n gereedheidsgrondslag te bring. Hy het gewaarsku dat 'n vroeë verkiesing nie uitgesluit kon word nie. Hy het daarom sy kiesafdeling besoek en die talle takke wat onaktief was of doodgeloop het, weer probeer aktiveer. Daar is ook reeds teen Julie 1965 aandag gegee aan die voorsiening van veldwerkers, 'n kantoor, administrasie en vervoer van kiesers tydens die verkiesing.[71]

Basson het ook enkele voorstelle gemaak waardeur die Verenigde Party sy ledetal en beeld kon uitbou. Basson het veral klem gelê op die potensiële rol van die pers. Hy het gevra dat 'n koerant van hoë gehalte uitgegee moes word, en dat die Party vir dié doel 'n uitgewersmaatskappy op die been moes bring. Die kleure van die Party moes verander vanaf geel en groen na wit, oranje en blou. 'n Verdere alternatief was dat die bestaande geel kleur vervang moes word met oranje in kombinasie met groen. Daarbenewens moes studente en die jeug groter aandag geniet en die Party moes sy terminologie hersien. In die geval van 'n verkiesing moes elke setel beveg word en partykantore moes in huise gevestig word, in plaas van duur kantoorblokke. Rolprente moes ook ingespan word om die Party te propageer. Op die terrein van beleidsformulering moes die Party die hersiening en formulering van sy beleid aan kundiges toevertrou.[72]

Voor die Algemene Verkiesing van 1966 was Basson reeds goed in die Verenigde Party gevestig. Hy was sowel met respek as met agterdog deur sy kollegas in die Party bejeën. Soos toe hy lid van die koukus in die Nasionale Party was, was hy nie 'n gereelde spreker tydens koukusvergaderings nie. Hy was

69. Hansard, 11.02.1963, kol. 1211; Kahn, E.J., The Separated People; A Look at Contemporary South Africa, p. 233.

70. Natal Daily News, 21.11.1963; Cape Argus, 01.05.1963.

71. PV 58: 1/8/2/4/1, "Minutes of a Divisional Meeting held on 28th July 1965"; 2/25/1/1/3, Japie Basson aan S.G. Norman, 24.05.1965; 3/11/1/1/3, "Special Occasion, Bezuidenhout".

72. PV 71: 1/6/5/1/1, "Memorandum to Parliamentary Publicity Sub-Committee: J.D. du P. Basson, May 1965".

eerder 'n alleenloper wat homself met sy eie idees besig gehou het. Sy toesprake was nietemin van bogemiddelde gehalte, maar hy het nie dieselfde voorliefde en aanvoeling vir administrasie gehad nie. Hoewel daar talle lede was wat met sy sieninge en optrede verskil het, was daar volgens Olga Cronje nie 'n doelbewuste gevoel van antagonisme jeens Basson onder die Transvaalse lede van die Verenigde Party nie.[73] Basson het veral moeite gedoen om die navrae en versoeke van Indiërs wat in sy kiesafdeling gewoon en besighede gehad het, te hanteer. Dit was veral probleme in verband met die Groepsgebiedewet, onderwysgeriewe, permitte vir besighede, behuising en die besoek aan hospitale, asook die verkryging van visums na en vanaf Indië wat mense uit die gemeenskap by Basson om hulp laat aanklop het. Hulle moes volgens die wet almal na Lenasia verskuif en het gevrees dat hulle besighede as gevolg daarvan sou skade ly.[74] Volgens G.N.A. Seedat het die Indiërgemeenskap die hoogste agting vir Basson gehad, aangesien hy altyd beskikbaar was en hulle bygestaan het. Hy is ook gereeld uitgenooi om hulle sosiale funksies by te woon as spreker of eregas.[75]

Die Verenigde Party en Basson se kiesafdeling, Bezuidenhout, het sy bydrae erken en hulle vertroue in hom bevestig deur in Desember 1965 hom weer as kandidaat vir die Algemene Verkiesing op 30 Maart 1966 te benoem.[76] Na die ontbinding van die Volksraad het Basson gekonsentreer op die voorbereidings vir die verkiesing in Bezuidenhout. Hy het in sy eie kiesafdeling vergaderings toegespreek en as een van die leiersfigure in Transvaal ook vergaderings in die Provinsie gehou. Van die vergaderings het egter in wanorde uitmekaar gegaan, en daar het by geleentheid gewelddadige konflik tussen die Verenigde Party- en Nasionale Partyondersteuners plaasgevind.[77] Hy was egter nie soveel uitstedig soos tydens die vorige verkiesing nie. Gevolglik kon hy meer tyd aan die administrasie en organisasie van sy verkiesingspan spandeer. Die span het uit twintig vrywilligers bestaan en het onder die leiding van Basson, Walter Williams, die werwingsagent, mevrou Theron, die sekretaris, en Jeff Stark, hoof

73. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Olga Cronje, 23.11.1993, dr. Gideon Jacobs, 23.11.1993 en Japie Basson, 19.06.1993; Vause Raw aan W. Adendorff, 10.03.1994.

74. Persoonlike versameling: Japie Basson aan M.A. Seedat, 06.02.1964; Japie Basson aan A.S. Seedat, 18.06.1964; Japie Basson aan A.S. Seedat, 09.06.1965.

75. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met G.N.A. Seedat, 24.11.1993 en M.A. Seedat, 24.11.1993.

76. Japie Basson-privaatversameling: J.D. Opperman aan Japie Basson, 17.12.1965; Republiek van Suid-Afrika, Buitengewone Staatskoerant, 11.02.1966, Proklamasie No. 42, 1966.

77. Cape Argus, 22.03.1966; Sunday Times, 20.03.1966; Die Transvaler, 24.03.1966; Die Beeld, 27.03.1966.

van administrasie, gefunksioneer. Die span het 'n groot taak gehad om die kieserslyste op datum te kry nadat die kiesafdeling in Desember 1965 heringedeel is en ses nuwe woonbuurtes moes bykry, terwyl ander weer buite die kiesafdeling sou val.[78]

Die Verenigde Party het sy kandidate bygestaan deur 'n dokument, bekend as die *Speaker's Notes*, saam te stel met verklarings en antwoorde op kritiek van die Nasionale Party teen die beleid van die Verenigde Party.[79] Die Verenigde Party se verkiesingsveldtog was gebaseer op nege beloftes. Dit het kortliks die volgende ingesluit: Blanke leierskap oor die hele Suid-Afrika; Behoud van die tradisionele leefwyse; Geen bemoeiing met interne aangeleenthede nie; Nuwe boerderybedeling; Mediese Staatshulpskema; Lewensduurtetoelae; Ouderdomspensioene sonder middeletoets; Beeldradio en Staatslotery.[80] Die Nasionale Party, daarenteen, het in sy verkiesingspropaganda klem geplaas op die prestasies wat die Regering sedert 1948 behaal het, en die fasiliteite waaraan in die toekoms aandag gegee sou word. Twee sake wat uitgestaan het, was die kleurbeleid van die Regering en die handhawing daarvan, asook die handhawing van die Regering se gesag binnelands en buitelands.[81] Die eensydige onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië in Desember 1965 onder die bewind van Ian Smith was ook 'n belangrike strydpunt.[82]

Basson het in sy eie kiesafdeling 'n verkiesingskoerantjie, Bezuidenhout Bulletin, uitgegee waarin hy die Nasionale Party aangeval het oor die swak toestand van die onderwys en die swak betaling van staatsamptenare. Die uitgawe het veral gefokus op plaaslike belange soos byvoorbeeld munisipale dienste en 'n oproep is op ondersteuners gedoen om te stem sodat die Nasionale Party se aanslag afgeweer kon word. Daardeur sou hulle Basson as 'n effektiewe opponent van die Nasionale Party, veral op die gebied van die kleurbeleid en Buitelandse Sake, terug in die Volksraad hê.[83] Basson was nie 'n sterk voorstander van huisbesoeke nie en daarom het hy die koerantjie die lig laat sien.[84]

---

78. The Star, 03.03.1966; Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 20.06.1993.
79. PV 58: 10/6/1/14/1, "Speaker's Notes, Election: March 1966".
80. Van Lingen, J., Dit is die Verenigde Party Erns, 30 Maart 1966.
81. Die Vaderland, 18.03.1966; Dagbreek, 13.03.1966.
82. Dagbreek, 13.03.1966.
83. Bezuidenhout Bulletin, Maart 1966.
84. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Japie Basson, 20.06.1993.

Basson het in sy bydrae tot die verkiesing saam met Marais Steyn vergaderings op die platteland toegespreek. Hulle het propaganda vir die Party probeer maak deur te verklaar dat daar talle Nasionale Partylede was wat vertroue in die Regering verloor het en dat hulle 'n groot wegswaai na die Verenigde Party voorspel het.[85] Die Nasionale Partygesinde koerant, Die Vaderland, het egter 'n skeuring in die Verenigde Party voorspel na afloop van die verkiesing. Volgens die koerant was die sleutelpersone wat dopgehou moes word, Japie Basson, Marais Steyn en ook Douglas Mitchell.[86] Dit was duidelik dat Basson 'n meer liberale siening ingeneem het as die meeste van die ander Partylede. Die Engelssprekende pers het oor die algemeen goeie publisiteit aan hom gegee, wat sy statuur opgebou het. Dit is daarom nie vreemd dat Die Vaderland voorspel dat hy dopgehou moes word nie, veral in die lig van sy politieke verlede.

Die uitslag van die verkiesing was vir die Verenigde Party 'n skok. Die Verenigde Party kon slegs 39 setels behou en die Progressiewe Party 1. Die Nasionale Party en Verwoerd was met 126 setels in die sterkste posisie sedert sy bewindsoorname in 1948. Volgens 'n ontleding van The Star het die Nasionale Party 75% van die setels verower, maar slegs sowat 55% van die stemme op hom verenig.[87] Volgens K.A. Heard se berekeninge het daar 'n swaai van ongeveer 7% - 8% weg van die Verenigde Party, plaasgevind.[88] Daar was 'n verskeidenheid van redes waarom die Verenigde Party steun verloor het. Dit het geblyk dat die Nasionale Party 'n aantreklike alternatief vir Verenigde Partyondersteuners geword het. Dit was nie net meer Afrikaanssprekendes wat die Verenigde Party verlaat het nie, maar ook talle Engelssprekendes het by die Nasionale Party aangesluit, veral nadat Verwoerd vir F. Waring en A.E. Trollip as ministers aangestel het.[89] Daarbenewens het Verwoerd bykans onaantasbaar vertoon en 'n gevoel van veiligheid by kiesers geskep.[90] Dié gevoel van beskerming het 'n groot invloed op kiesers uitgeoefen, veral gesien teen die lig van 9 staatsgrepe wat Afrikastate in die voorafgaande 8 maande tot die verkiesing deurgemaak het.[91] Vir die kieser was die gevaar van Swart Nasionalisme 'n realiteit, maar die verbanning van die *African National Congress*

---

85. Sunday Times, 20.03.1966.
86. Die Vaderland, 30.03.1966.
87. The Star, 13.04.1966.
88. Heard, K.A., General Elections in South Africa 1943 - 1970, p. 171.
89. Marquard, L., The Peoples and Policies of South Africa, pp. 156-157.
90. Meiring, P., Ons Eerste Ses Premiers, p. 143.
91. Lever, H., The South African Voter, pp. 7, 52.

en *Pan African Congress* en die wyse waarop die Regering teen die "terroriste" opgetree het, het die vrese van kiesers gedeeltelik besweer.[92]

Die Verenigde Party se oënskynlike oorhaastige en emosionele reaksie en ondersteuning van Ian Smith se eensydige onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië het hom voor 'n dilemma geplaas. Daarteenoor het Brittanje die onafhanklikheid van Rhodesië verwerp. Verwoerd het besef dat dié gebeure implikasies vir Suid-Afrika ingehou het en daarom nie Rhodesië se onafhanklikheid erken nie, maar was nietemin blankes in die gebied goedgesind. Dié optrede van Verwoerd het die goedkeuring en steun van talle Engelssprekende kiesers weggedra.[93] Afgesien van dié faktore, was daar ook faktore in die Verenigde Party wat die Party se posisie verswak het. Die Party het gepoog om sy organisasie meer vaartbelyn te maak deur te desentraliseer en nuwe lewe in die kwynende jeugtakke in te blaas. Selfs 'n Afrikaanse koerant, Ons Land, is as propagandamiddel gestig om meer Afrikaanssprekende kiesers te trek. Die maatreëls het egter nie die gewensde uitwerking gehad nie.[94]

In die kiesafdeling Bezuidenhout het die uitslag as volg daarna uitgesien:

| | | |
|---|---|---|
| J.D. du P. Basson | Verenigde Party | 4 920 |
| N.C. Gey van Pittius | Nasionale Party | 3 480 |
| F.A. Thompson | Progressiewe Party | 979 |
| Verenigde Partymeerderheid | | 1 440[95] |

Basson het gelukwensings vir sy vertoning in die verkiesing gekry, maar die Party het onder skoot gekom van die pers en partylede vir die swak vertoning. Volgens Gerald Shaw was dit veral die verlies van dr. Frans Cronje wat 'n groot slag vir die Party was. Japie Basson se oorwinning moes egter vir die Verenigde Party in

92. Strydom, L., Rivonia Masker af, pp. 12-13; Hepple, A., South Africa, A Political and Economic History, p. 170.

93. Vosloo, T., Schalk Pienaar, 10 Jaar Politieke Kommentaar, p. 4; Strangwayes-Booth, J., A Cricket in the Thorn Tree Helen Suzman and the Progressive Party, p. 224; Die Burger, 25.01.1966; Rand Daily Mail, 26.01.1966.

94. Barnard, Politieke Oriëntasie..., pp. 187-188.

95. Schoeman, Parlementêre Verkiesings..., p. 418; Republiek van Suid-Afrika, Staatskoerant, No. 1426, 22.04.1966.

Transvaal 'n vorm van bemoediging gewees het, want: *"Apart from the silver-tongued Mr. Marais Steyn, he is the United Party's most effective debater and platform man. But he is also a consummately shrewd strategist, with a highly sophisticated grasp of the options open to a parliamentary opposition in South Africa in the mid-sixties."* [96] Die Burger het egter oor Basson se oorwinning gerapporteer dat: *"Mnr. Basson het hoogstens vyf jaar kennis gekry in Bezuidenhout"* voordat die Nasionale Party die setel sou wen.[97] Die Transvaler was skerper in sy kommentaar en het Basson se herverkiesing as 'n ramp vir die Verenigde Party beskou.[98]

Basson was bewus van die aanmerkings en het die gerugte en twyfel in Graaff se gemoed probeer besweer deur hom geluk te wens en trou aan hom te beloof: *"wees asseblief verseker van my volste ondersteuning en lojaliteit en aan my voortgesette vasberadenheid om die geveg met die beste moed vol te hou."* [99]

Na afloop van die verkiesing het Basson sy helpers bedank vir die ondersteuning en hulp wat bygedra het tot sy oorwinning. Hy het egter 'n beroep op hulle gedoen dat die kiesafdeling se organisasie in 'n goeie toestand moes bly sodat hulle nie onverhoeds gevang sou word nie.[100] Basson se beroep kan verstaan word, aangesien sy meerderheid by die stembus afgeneem het vanaf 4 524 stemme in 1961 tot 1 440 stemme in 1966. Die redes daarvoor was onder andere die deelname van die Progressiewe Party in die Bezuidenhoutkiesafdeling, wat dit 'n driehoekige stryd gemaak het. Dit is moontlik dat Basson hulle stemme sou getrek het as die Progressiewe Party nie 'n kandidaat gestel het nie. 'n Groot getal kiesers het egter nie gestem nie, wat waarskynlik toegeskryf kan word aan apatie en 'n verskeidenheid van ander redes. Die Nasionale Party se opgang het ook die Bezuidenhoutkiesafdeling geraak. Net so het die agteruitgang van die Verenigde Party 'n invloed uitgeoefen op die kiesers se stempatroon. Hieruit blyk dit dat, ten spyte van Basson se persoonlike veldtog in die verkiesing, asook die wyse waarop hy sy kiesafdeling gedurende die vorige termyn vanaf 1961-1966 verteenwoordig het, hy nie 'n besonder groot persoonlike aanhang gehad het nie.

---

96. Japie Basson-privaatversameling: Marais Steyn aan Japie Basson, 01.04.1966; Cape Times, 02.04.1966.

97. Die Burger, 01.04.1966.

98. Die Transvaler, 02.04.1966.

99. Verenigde Party-versameling: Sir de Villiers Graaff; Japie Basson, Die Nasionale Unie 1962; Japie Basson-privaatversameling: Memorandum aan Sir De Villiers Graaff, 15.04.1966.

100. PV 58: 2/25/1/1/3, Onthaal Bezuidenhout-werkers, 10.05.1966; 2/13/1/2/1, Japie Basson aan Irene Galbraith, 26.04.1966; Rand Daily Mail, 06.04.1966.

In die Suid-Afrikaanse politiek was dit nie persoonlikhede wat die uitslag bepaal het nie, maar die persepsie wat kiesers van politieke partye gehad het. Helen Suzman van die Progressiewe Party was waarskynlik een van die enkele Parlementariërs wat die uitsondering op hierdie reël was.

Basson het sedert sy verkiesing as lid van die Volksraad vir Bezuidenhout in 1961 besef dat hy as lid van die Nasionale Unie nie met die volgende verkiesing weer as oorwinnaar uit die stryd sou tree nie. Dit sou hoogs onwaarskynlik wees dat Graaff weer 'n verkiesingsooreenkoms met die Nasionale Unie sou sluit, enersyds omdat Graaff besef het dat die steun van die Nasionale Unie nie só groot was dat die Verenigde Party daarby kon baat vind nie. Andersyds is dit te betwyfel of Basson daarvoor kans gesien het om die tyd, energie en die risiko te loop om die Nasionale Unie uit te bou na die verkiesing met die hoop dat hy sy setel sou herower met die eerste algemene verkiesing na 1961. Afgesien van die beperkte en verspreide steun wat die Nasionale Unie geniet het, is dit nie gerugsteun deur persone en instansies wat bereid was om groot finansiële bydraes tot die Party te doen nie. Die enigste logiese alternatief wat vir Basson oorgebly het indien hy sy loopbaan as Volksraadslid wou voortsit, was om by die Verenigde Party aan te sluit. Hy het tot hierdie stap oorgegaan deur met Graaff te onderhandel oor die samesmelting van die Nasionale Unie met die Verenigde Party. Dié stap het in Junie 1962 plaasgevind, waarna hy sy posisie as voorbanker in die Verenigde Party ingeneem het. Daardeur het Basson sy politieke loopbaan verskans as lid van die Volksraad, tensy daar drastiese omwentelinge óf in die landspolitiek óf in die Verenigde Party sou plaasvind.

Basson se optrede het egter veroorsaak dat hy politieke vyande van eertydse politieke bondgenote gemaak het, aangesien van die ondersteuners van die Nasionale Unie gevoel het dat hy hulle in die steek gelaat het. Basson was sekerlik sensitief vir die beskuldigings. Daarbenewens sou hy ook nie ewe maklik deur almal in die Verenigde Party aanvaar word nie. Basson het daarom 'n relatiewe lae profiel in die Verenigde Party gehandhaaf tot voor die verkiesing van 1966.

Volgens Graaff was Basson tot 1966 nie 'n politikus na wie sy kollegas opgesien het nie. Hy was eerder 'n alleenloper en sy verlede is steeds teen hom gehou. Basson het egter 'n waardevolle rol gespeel ten opsigte van sy kennis oor en kontak in verband met buitelandse sake en met diplomate.[101] Daarbenewens

---

**101.** De Villiers Graaf, Div Looks Back The Memoirs of Sir De Villiers Graaff, p. 212.

het Basson 'n slag gehad met die pers en koerante. Hy het daarom goeie dekking aan die Verenigde Party se beleid gegee, maar veral aan sy persoonlike standpunte. Graaff noem dat hy juis om dié rede soms 'n vergadering moes gaan toespreek as gevolg van navrae wat voortgespruit het uit 'n standpunt wat Basson gehuldig het en wat nie amptelike beleid van die Party was nie. Hy noem verder dat Basson reeds in hierdie tydperk 'n rol in die koukus gespeel het deur te konsentreer op swak punte of leemtes van die Party se beleid en ook: *"mense laat dink het waaroor hulle nie graag wou dink nie".* In daardie opsig was Basson 'n beleidsbepaler, hoewel dit nie so beskou is nie. Graaff meld verder dat Basson 'n uitstekende spreker was wat hy bykans op enige verhoog kon gebruik, ongeag van die gehoor.[102] Hy het ook 'n besondere slag met die jeug gehad en het veral sy volgelinge onder hulle gehad.[103] Volgens De Beer het Basson lid van die Verenigde Party se koukus geword op 'n stadium toe die Party 'n behoefte gehad het aan politieke vonk. Basson het tot 'n mate daarin geslaag om 'n bydrae te lewer om weer lewe in die Party te blaas, hoewel hy soms teenstand gekry het.[104]

Dit was egter veral in sy kiesafdeling waar Basson baie van sy tyd deurgebring het en waarmee hy moeite gedoen het. Hoewel Basson waarskynlik nie 'n besonder groot persoonlike aanhang gehad het nie, was sy kiesafdelingsbestuur en sy helpers in die verkiesing lojaal aan hom. Volgens Joan Allen en Jenny Logie, wat in die kiesafdeling woonagtig was, was die rede daarvoor dat Basson 'n besondere aangename persoon was om mee saam te werk. Tydens die verkiesing het hy sy helpers gemotiveer en hulle baie goed behandel. As Basson nie tydens die Volksraadsitting in Kaapstad was nie, het hy die meeste van sy tyd in Bezuidenhout deurgebring en het hy die huis wat hy as kantoor ingerig het, beman. Hy het talle sosiale funksies bygewoon en byeenkomste toegespreek.[105] Basson het dus baie moeite gedoen om homself bekend te stel in sy kiesafdeling en diensbaar vir sy kiesers te wees. J.D. Opperman is ook van mening dat Basson baie gewild was in sy kiesafdeling, waaraan hy besonder toegewyd was. Hy het ook 'n goeie verhouding met die Transvaalse Hoofkantoor gehad en sy opdragte betyds en getrou uitgevoer.[106] Daardeur het Basson gesorg dat beide sy kiesafdelingsbestuur en die Hoofkantoor van die Verenigde Party in Transvaal

---

**102.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Sir De Villiers Graaff, 09.06.1993.

**103.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Andre Fourie, 08.06.1993.

**104.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met dr. Zach de Beer, 07.06.1993.

**105.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Joan Allen, 24.11.1993 en Jenny Logie, 24.11.1993.

**106.** Persoonlike versameling: J.D. Opperman aan W. Adendorff, 09.02.1994.

nie aan ander moontlike kandidate gedink het om voor te stel vir die Bezuidenhoutkiesafdeling nie. Basson het sodoende verder gesorg dat hy ook in die Verenigde Party 'n gevestigde en gerespekteerde posisie verkry.

In die vroeë sestigerjare het die Nasionale Party onder Verwoerd 'n bloeitydperk beleef wat met die Algemene Verkiesing in 1966 'n hoogtepunt bereik het. Die Verenigde Party wat die amptelike opposisieparty was, moes herstel na die wegbreek van die Progressiewe Party en 'n alternatief vind op die apartheidsbeleid om te verhoed dat hulle verdere steun verloor. Die Verenigde Party was egter verdeeld, wat sy effektiwiteit verminder het. Volgens De Beer was Graaff se uitgangspunt: *"Politics is the art to reconcile the irreconcilable."* Harry Oppenheimer se kommentaar hierop was: *"The trouble with this party is - anyone who will lead it will split it."* [107] Hoewel Graaff 'n gewilde leier en persoonlikheid was, het die Party 'n gebrek gehad aan duidelike beleid en doelgerigte leiding. Dit het die ruimte vir Basson geskep om sy eie idees te formuleer en te ondersoek.

Reeds voor die verkiesing van 1966 blyk dit dat daar nie eenstemmigheid bestaan het oor die Verenigde Party se beleid nie en dat daar 'n mate van ongeduld by kiesers ingetree het omdat die Party nie aan hulle verwagtinge voldoen het nie. Dit blyk onder andere uit die bedankings van J.H. Russell, H. Odell en P.W.J. Groenewald.[108] Dit sou dwaas wees indien Basson kort na sy aansluiting ook sou bedank oor verskille wat hy met die party se beleid gehad het. Hoewel hy verskil het, veral ten opsigte van die bruinmense se wyse van politieke verteenwoordiging, het hy dit taktvol hanteer en nie tot 'n spits gedryf nie. Hy was ten gunste van direkte verteenwoordiging van bruinmense deur hulle eie verteenwoordigers, maar die meerderheid Volksraadslede in die Verenigde Party het die voorstel verwerp. Deur die optrede van Basson het dit geblyk dat hy ten gunste van verandering in die Verenigde Party was, en as gevolg van die gebrek aan verandering inisiatief probeer neem het deur die formulering van sy eie standpunte. Vanweë die frustrasie wat Basson ervaar het, en ook vanweë sy persoonlikheidseienskappe, kon hy 'n relatief belangrike rol speel in die opbou, herstel en konsolidasie van die Verenigde Party na die verpletterende neerlaag by die stembus in 1966.

---

**107.** Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met dr. Zach de Beer, 07.06.1993.

**108.** Sunday Times, 12.05.1963, 20.10.1963.

Dit blyk egter reeds dat Basson ook in die Verenigde Party polities koppe sou stamp met ander leiersfigure in die Party en dat hy graag die Party sou wou beïnvloed om sy standpunte te steun. Vir die fyn politieke waarnemer was dit duidelik dat Basson ook nie in dié Party vir baie lank sou tuisvoel nie. Die feit dat die Verenigde Party 'n tuiste vir kiesers met uiteenlopende politieke agtergronde gebied het, het dit vir Basson moontlik gemaak om met veel meer vryheid as toe hy lid van die Nasionale Party was, sy eie idees en rigting voor stel. Dié eienskap van die Verenigde Party het waarskynlik daartoe bygedra dat Basson in die eerste plek daarin kon slaag om 'n verkiesingsooreenkoms met die Party te sluit en later as Volksraadslid in die Party opgeneem te word. Teen 1966 was Basson nietemin reeds in die Verenigde Party gevestig as een van die voorbankers van die Party van wie die verwagting gekoester is dat hy 'n bydrae kon lewer om die Party op 'n nuwe koers te plaas.

'n Logiese vraag is hoe Basson se politieke loopbaan verder verloop het na 1966. Basson het sy pad deur die Verenigde Party geloop totdat hy eers in 1975 en toe weer in 1976 as leier van die Verenigde Party in Transvaal verkies is. Dit het geblyk dat die Verenigde Party geen politieke toekoms gehad het nie, en Basson het die pogings en onderhandelinge gesteun om 'n gekonsolideerde opposisieparty op die been te bring. Hy was sodoende betrokke by die ontbinding van die Verenigde Party en die stigting van die Progressiewe Federale Party. Basson het egter sy bande met die nuutgestigde Party in 1979 verbreek nadat hy en Van Zyl Slabbert, leier van die Party, verskil het oor die instelling van die Presidentsraad. Hy het die kiesafdeling Bezuidenhout tot aan die einde van 1979 gedien, waarvan die laaste periode as onafhanklike was. Hiermee was sy loopbaan in die Volksraad afgesluit.

Basson is egter deur die Eerste Minister, P.W. Botha, uitgenooi om in die eerste Presidentsraad te dien vanaf ingang 1 Januarie tot in Augustus 1984. Hy het daarna tydelik uit die politiek getree en as gewone lid by die Nasionale Party in 1985 aangesluit. Hy is egter weer genooi om in die Presidentsraad te dien vanaf Februarie 1986 tot September 1989, waarna hy finaal uit die politiek getree het. Hy het gedurende dié periode ook aan sy laaste verkiesing as kandidaat vir die Nasionale Party deelgeneem. Hy het egter met 486 stemme teen Ken Andrew van die Progressiewe Federale Party in die kiesafdeling Tuine in Kaapstad in 1987 verloor.

Basson het altesaam 9 Parlementêre Verkiesings as kandidaat betwis, waarvan hy 7 gewen en die eerste en die laaste een verloor het. Gedurende sy politieke

loopbaan was hy lid van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, die Verenigde Nasionale Suidwesparty, die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, onafhanklike, die Nasionale Unie, die Verenigde Party, die Progressiewe Federale Party en die Nasionale Party. Dit getuig van die kleurvolle politieke loopbaan van 'n gesoute politikus met 'n merkwaardige vermoë om polities te oorleef.

# EVALUERING

Dit blyk uit hierdie studie dat Basson gedurende sy politieke loopbaan tot 1966 reeds lid en verteenwoordiger van 'n verskeidenheid politieke partye was. Daarom is van die mees pertinente vrae wat uit hierdie studie na vore kom, onder andere eerstens watter faktore Basson in staat gestel het om daarin te kon slaag om polities te oorleef. Tweedens duik die vraag op wat die verhouding tussen beginselstandpunt en politieke opportunisme was in sy besluit om van partye te verwissel en derdens wat Basson se rol en bydrae tot die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis was.

Eerstens word gekyk na enkele faktore wat bygedra het tot, en verantwoordelik was, vir Basson se relatiewe suksesvolle toetrede tot en oorlewing in die politiek. Daar word verder kortliks na enkele persoonlikheidskenmerke en kwaliteite van Basson, asook, na sommige van die ondersteuningsbronne wat 'n loopbaan in die politiek moontlik gemaak het, gekyk.

Basson word onderskei van die algemene politikus in die Suid-Afrikaanse parlementêre geskiedenis, aangesien hy deel was van 'n uitgelese groep wat as politici in murg en been beskryf kan word en 'n voltydse loopbaan in die politiek gevind het. Om 'n Parlementêre politikus te wees, was sy droom en hy het geen ander aspirasies of ander beroepsmoontlikhede oorweeg buiten die aktiewe politiek nie. Basson se ambisie, sy botsings met leiers en sy verwisseling van partye moet teen hierdie agtergrond beoordeel word.

Een van die belangrikste faktore wat bygedra het tot sy oorlewing en relatiewe sukses, was die goeie verhouding tussen hom en die pers en die dekking wat hulle aan hom verleen het. Basson is reeds op 'n vroeë stadium van sy lewe bekendgestel aan die dinamika van die pers. As kind het hy grootgeword met koerante. Hy het na voltooiing van sy studentejare die maandblad Nasiebou in die Paarl uitgegee. Daarna was hy vir twee jaar 'n politieke verslaggewer by Die Suiderstem. Hy was as organiseerder by die Unie-Jeugfront steeds nou betrokke by die joernalistiek en het bydraes gelewer tot die Unie-Jeug. In die veertiger- en vyftigerjare was dit nie vreemd dat joernaliste dikwels saam met 'n politikus gereis het om vergaderings wat hy toegespreek het, te dek nie. Dit was ook so met Basson en veral gedurende sy eerste verkiesing in Suidwes-Afrika het hy goeie vriende en kennisse gemaak, byvoorbeeld met, onder andere, Jan van

Rooyen van Die Burger, Skakel Kriek van Die Volksblad, Hennie Smit van Die Kruithoring en Paul van der Merwe van Die Suidwester.[1] Voordat Basson as Volksraadslid in 1950 verkies is, het hy 'n grondige kennis van die joernalistieke- en koerantwese gehad. Daarbenewens het hy teen daardie tydstip reeds vriende en kennisse in die koerantwêreld gehad.

Volgens Louw het Basson homself in die Volksraad gevestig as *"een van die briljantste parlementariërs van Suid-Afrika. Sy benadering van die politiek en optrede in die parlement was onverbeterlik."* [2] Uit 'n joernalistieke oogpunt was Basson 'n gewilde onderwerp om te dek, aangesien hy sy toesprake altyd deeglik voorberei en logies uiteengesit het. Hy het sy toesprake op skrif gestel en dit aan sowel pro- as anti-regeringsgesinde joernaliste beskikbaar gestel. Hy was ook toeganklik vir navrae, selfs by die huis en gedurende naweke.[3] Volgens Ries en Krause was hy bereid om agtergrondinligting te gee, maar het nooit aan hulle vertroulike inligting uit 'n party se koukus verklap nie. Joernaliste het dus nie 'n houvas op hom gehad nie en het hom daarvoor gerespekteer.[4] Volgens Ries het Basson *"prikkelende toesprake gehou wat mense aan die dink gesit het."* [5]

Volgens Cillie was Basson se denke: *"die denke van 'n Bolandse Afrikaner"*. Dit het geïmpliseer dat hy gekant was teen die Transvaalse siening en uitvoering van rasseskeiding. Basson was ook 'n lid van SABRA se hoofbestuur, en as die enigste politikus in die hoofbestuur van die organisasie, is sy standpunte in die Volksraad deur die pers beskou as die siening van SABRA. Daarbenewens het talle persmanne in hulle persoonlike hoedanigheid die meer verligte standpunte oor apartheid van SABRA en Basson gesteun. Daarom is Basson se standpunte waarskynlik ook meer geredelik verkondig as dié van ander politici met dieselfde parlementêre status wat 'n ander mening gehuldig het.

Die Engelssprekende opposisiepers het enige vorm van verset teen apartheid in die Nasionale Party aangegryp om die Regering oor die werkbaarheid en morele regverdigbaarheid van apartheid aan te val. Daarom het ook dié persgroep aandag gegee aan Basson se standpunt oor die kleurbeleid en ander kontensieuse sake. Dit het Basson soms in die middelpunt van belangstelling

1. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Jan van Rooyen, 18.06.1993.
2. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Louw, 15.06.1993.
3. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Tos Wentzel, 07.06.1993.
4. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Alf Ries, 07.06.1993 en Otto Krause, 24.11.1993.
5. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Alf Ries, 07.06.1993.

geplaas en die party wat hy verteenwoordig het, by geleentheid in 'n moeilike posisie of selfs in 'n verleentheid geplaas, tot so 'n mate dat die leierskap dit nodig gevind het om in te gryp. 'n Verdere gevolg van die publisiteit wat Basson in die pers geniet het, was dat 'n toenemende mate van ongeduld en jaloesie jeens hom ontstaan het van kollegas wat hom vyandiggesind was.[6]

Na aanleiding van die dekking en ondersteuning wat Basson in die pers gekry het, kon die indruk ontstaan het dat Basson as persoon en sy standpunte 'n aanhang gehad het. Hierdie persepsie is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom hy daarin kon slaag om eers die Nasionale Unie te stig en daarna 'n verkiesingsooreenkoms met die Verenigde Party te bewerkstellig. Dit het vir hom 'n sitplek in die voorste gestoeltes verseker toe hy by die Verenigde Party aangesluit het. Die werklike toedrag van die Nasionale Unie se steun is egter eers na die algemene verkiesing van 1962 ontbloot. Indien hierdie inligting aan die Verenigde Party bekend was, sou die verkiesingsooreenkoms met die Nasionale Unie na alle waarskynlikheid nie plaasgevind het nie. Die pers was egter deels daarvoor verantwoordelik dat 'n persepsie geskep is dat Basson en die Nasionale Unie beduidende steun geniet het. Die bestaan van dié persepsie word aangedui deurdat Sir De Villiers Graaff bereid was om 'n veilige setel van die Verenigde Party aan Basson af te staan. 'n Verkiesingsooreenkoms en die verkryging van 'n veilige setel sou sonder koerantmanne se steun aan Basson en die rigting wat hy voorgestel het, onwaarskynlik gewees het.

Nadat Basson uit die Nasionale Party geskors is in 1959, was hy vir 'n kort periode 'n onafhanklike in die Volksraad. Basson het as onafhanklike slegs beperkte spreekbeurte in die Volksraad gehad en moes daarom bykans ten volle van die pers as platform gebruik maak, waarvandaan hy sy standpunte kon stel en sowel die Regering as die opposisie aanval. Basson het met sy beïnvloeding van die pers gesorg dat hy steeds 'n deelnemer was aan die openbare debat en dat daar notisie geneem is van sy standpunte. Basson het in hierdie posisie weer eens onder die indruk gekom van die potensiële rol en mag van die pers. Hy het waarskynlik ook besef dat die pers een van die sleutelelemente was waardeur hy weer toegang tot die politieke hoofstroom kon kry. Hy was daarom nie ondankbaar oor die persmanne wat hulle by die Nasionale Unie aangesluit het nie. Van die persone wat deur Basson betrek is, was, onder andere, Jan Smit en Gert Pretorius, wat ook in die besture van die party gedien en aspekte van die organisasie behartig het.

---

6. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Otto Krause, 24.11.1993.

Volgens persmanne het Basson nie doelbewus gepoog om meer dekking in die pers te verkry deur hulle om te koop nie. Sy kennis van die pers en joernaliste het hom egter bevoordeel. Dit was egter ook die wyse waarop hy standpunt ingeneem het, wat moontlik daartoe bygedra het dat hy beter publisteit as die gemiddelde politikus gekry het. Hoewel 'n goeie verhouding tussen Basson en persmanne bestaan het, het hy hom nie laat voorskryf nie en steeds sy eie rigting gevolg. Prof. Piet Cillie noem dat hy en Schalk Pienaar Basson se standpunt teen die afskaffing van die Naturelleverteenwoordigers gesteun het. Cillie was egter onsuksesvol om Basson te oortuig om af te sien van sy opstand teen Verwoerd. Cillie was van mening dat Basson as lid van die Nasionale Party 'n verdere rol kon speel in die bevordering van 'n meer verligte benadering in dié Party oor die kleurkwessie. Ook Jan van Rooyen het gepoog om Basson te laat afsien van sy opstand, maar sonder sukses. Cillie is na Basson se skorsing uit die Nasionale Party se koukus, deur Verwoerd ingeroep en voor stok gekry, aangesien Die Burger volgens Verwoerd ten koste van hom as Eerste Minister vir Basson ondersteun het.[7]

Nadat Basson na die algemene verkiesing in 1962 by die Verenigde Party aangesluit het, het die pers vir 'n tydperk minder publisiteit aan hom verleen. Die pers het hom nietemin voorgehou as een van die persone wat nuwe lewe in die Verenigde Party kon blaas na die laagtepunt wat die Party in die begin sestigerjare ervaar het. Die pers kon moontlik 'n rol gespeel het om Basson se vestiging in die Verenigde Party te vergemaklik en te bespoedig. Basson het goeie publisiteit geniet ten opsigte van sy aanvalle op die regering se buitelandse beleid en hantering van Suidwes-Afrika, asook die kleurbeleid. Die wyse waarop die regeringsgesinde dagblaaie op Basson se aanvalle gereageer het, het daartoe gelei dat sy vaardighede en vermoëns gerespekteer is. Dit is moontlik dat, as gevolg van die "negatiewe" publisiteit wat Basson in dié koerante gekry het, sy kollegas hom vinniger in die party aanvaar het en hul agterdog jeens hom verminder het. Die pers het dus 'n groot en belangrike rol in Basson se loopbaan gespeel, nie net om sy standpunte uit te dra nie, maar ook om hom in staat te stel om van partye te verwissel met behoud van sy status en politieke waardigheid.

Benewens die rol van die pers, het Basson se kennis van die politiek van die dag ook 'n belangrike rol en bydrae gespeel om hom in staat te stel om polities te oorleef. Hieroor is daar egter meningsverskil, maar weinig ander politici het dieselfde mate van insig in en aanvoeling vir die politiek van die dag gehad as

7. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met prof. Piet Cillie, 08.06.1993.

Basson. Van Zyl Slabbert sê van Basson: *"he is a serious student of politics and a mine of information on federal political systems. He knew white politics inside out and I enjoyed listening to his anecdotes on the subject during the many conversations we had."* [8] Vorster het egter 'n heel ander siening van Basson: *"daar is 'n ou Engelse gesegde; ready to hurt but afraid to strike. Dit beskryf Japie Basson wat my betref. In (sic) ('n) sekere sin het Japie miskien té veel insig in die politiek - dis miskien waarom hy so 'n opportunis is. Hy ken beslis sy pad deur die politieke wêreld, maar hy lees die tekens verkeerd."* [9] Volgens Louw was Basson 'n student van die politiek wat 'n saak in sy studeerkamer beredeneer het en op 'n rasionele grondslag besluite geneem het.[10] Basson se kennis het gespruit uit sy liefde vir die lees van politieke en staatkundige materiaal en hy het daardeur 'n merkwaardige boekery versamel.

Basson het ook 'n grondige kennis en ervaring van partystrukture en -organisasie gehad. Hy het ervaring in die funksionering van takbesture tot die vlak van hoofbesture van partye gehad en die besluitnemingsprosesse en bevoegdhede van elkeen begryp. As organiseerder vir die Verenigde Party, die Unie-Jeugfront en as Sekretaris vir die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het hy die uitdagings van die onderskeie ampte in partye verstaan. Met hierdie agtergrondkennis was dit vir Basson relatief maklik om bykans eiehandig die Nasionale Unie as 'n politieke party op die been te bring deur sy organisatoriese en administratiewe vaardighede in te span. Hy het ook dié vaardighede en ervaring suksesvol aangewend tydens verkiesingsveldtogte en stemdae. Verkiesingsveldtogte was een van Basson se sterk punte. Sy strategie en resultate het sy relatiewe posisie in die partye wat hy verteenwoordig het, verstewig.

Die rol en invloed van Basson se vrou, Clarence, op sy politieke loopbaan kan nie negeer word nie. Sy is waarskynlik die één persoon waarsonder Basson nouliks polities sou oorleef het. Haar bystand was onontbeerlik vir die suksesse wat hy behaal het. Clarence Basson was nie net een van die aantreklikste en stylvolste vrouens wat die openinge van die Parlement jaarliks bygewoon het nie, maar self 'n persoon wat 'n groot aandeel gespeel het in Basson se verkiesingsveldtogte. Daar was min vrouens van Parlementariërs wat by haar kon kers vashou ten opsigte van die organisasie, administrasie en bemanning van 'n verkiesingskantoor. Sy was 'n onmiskenbare persoonlikheid en sekerlik het 'n persentasie van die kiesers, as gevolg van hul indruk van en kontak met haar, hul

---

8. Van Zyl Slabbert, F., The last White Parliament, p. 68.
9. D'Oliveira, J., Vorster - Die Mens, p. 229.
10. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Louw, 15.06.1993.

stemme vir Basson uitgebring. Tydens Basson se reise en verpligtinge teenoor sy party en sy verblyf in sy kiesafdeling tydens die parlementêre reses, was sy die een wat hul gesin en huishouding behartig het. Sy het hom nie net die ruimte gegee om homself ten volle in sy loopbaan uit te leef nie, maar het hom ook daarin ondersteun. Sy was bereid om ter wille van Basson sosiale ongerief te verduur nadat hy van partye verwissel het en het die bekommernis oor die onsekerheid van sy politieke loopbaan met hom gedeel. Dit is te betwyfel of Basson, op die tydstippe toe hy lid geword het van 'n nuwe party, tot dieselfde mate aanvaarbaar sou wees in die party indien die rol wat sy vrou gespeel het, weggelaat sou word. Sy was vir hom 'n groot bate en 'n sosiale brug tussen partye, hoewel hy self ook sosiaal vaardig was.[11] Clarence was nie 'n persoon wat haarself op die voorgrond gedring het nie, maar vanweë haar aangename persoonlikheid is daar altyd van haar notisie geneem. Sy het veral by sosiale funksies 'n groot rol gespeel om haar man se beeld uit te bou. Sy was besonder bemind, maar het ook 'n sterk persoonlikheid gehad. Basson se kollegas en hul vrouens het haar daarvoor gerespekteer.[12]

Net soos sy vrou, Clarence, was Japie Basson ook 'n baie aangename persoon. Sy persoonlikheid het ook 'n rol gespeel om hom polities meer aanvaarbaar te maak en het tot sy politieke oorlewing bygedra. Basson was bekend vir sy vriendelikheid, behulpsaamheid en toeganklikheid. In beide die Namib- en Bezuidenhoutkiesafdelings het hy kantore ingerig waar hy die grootste deel van sy tyd spandeer het as die Volksraad nie in sitting was nie.[13] Selfs kiesers wat lede van opponerende partye in sy kiesafdeling was, het by hom om hulp kom aanklop. Basson was ook bekend as 'n persoon wat betrokke was by sy gemeenskap en geraak is deur veral die behoeftes van mense.[14] As 'n Afrikaanssprekende het Basson die Engelssprekende gemeenskap beïndruk met sy gemaklike omgang met Engelssprekendes, sy tweetaligheid en meer verligte standpunte. Teen dié agtergrond van die tyd het hy 'n rol gespeel om negatiewe persepsies jeens Afrikaners by Engelssprekendes in sy kiesafdelings te verander.[15]

---

11. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Jan Marais, 10.06.1993, A.H. du Plessis, 25.11.1993 en Joan Allen, 24.11.1993.
12. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Susan Steyn, 11.06.1993 en Tony Hickman, 04.06.1993.
13. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met A.H. du Plessis, 25.11.1993 en Klasie Viljoen, 20.11.1993.
14. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Jenny Logie, 24.11.1993 en Jan van Rooyen, 18.06.1993.
15. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Adrianne Koch, 14.06.1993.

Volgens Serfontein was Basson ook daarop ingestel om "politieke versekering" uit te neem, deurdat hy gepoog het om nie persoonlike vyande te maak nie. Selfs met lede van opponerende partye en persone wat standpunte gehuldig het waarvan hy skerp verskil het, het hy oor die algemeen goeie verhoudinge gehandhaaf, hoewel daar ook uitsonderinge was.[16] In die Suid-Afrikaanse politiek het persoonlikheid 'n mindere rol gespeel vergeleke met die krag van politieke partye. In Basson se geval kan sy persoonlikheid en sy optrede as een van die onderliggende faktore beskou word wat hom in staat gestel het om polities te oorleef.

Hoewel Basson oor hierdie bogenoemde persoonlikheidskenmerke en ondersteuningsbronne beskik het, kon hy egter nie daarin slaag om hoër sporte in die politiek te bereik nie. Die belangrikste aanleidende rede daartoe was dat hy soveel van politieke party verwissel het en na 1959 nie meer 'n lid van die regerende Nasionale Party was nie. Verskeie politici en politieke waarnemers is dit eens dat Basson 'n uitstekende minister en veral 'n ambassadeur sou kon wees, maar vanweë sy rondvallery tussen politieke partye, was dit nie vir hom bestem nie.[17] Hoewel Basson 'n besonder aangename persoon was, het die feit dat hy 'n politieke alleenloper was, teen hom getel. Hy het homself met sy eie idees besig gehou en het selde deel geword van die emosionele hartspolitiek van 'n party. Hy het 'n emosionele afstand met die party wat hy verteenwoordig het, gehandhaaf. Dit het hom in staat gestel om makliker met politieke partye te breek en by ander aan te sluit. Dit het hom ook meer krities en uitgesproke gemaak teenoor tekortkominge en foute van die partye waarin hy gedien het. Sommige van Basson se kollegas het hom vanweë hierdie eienskappe as afsydig en geheimsinnig ervaar.

Dat Basson as 'n politieke alleenloper bestempel is, kan egter nie alleen aan sy persoonlikheidsvoorkeure toegeskryf word nie. Basson het 'n eiesoortige filosofie en uitgangspunt oor die rol en funksie van 'n politieke party gehad. Basson het hom as volg hieroor uitgespreek: *"Politieke partye as sodanig behoort myninsiens (sic.) eintlik vir 'n mens van minder belang te wees. 'n Politieke party is tog maar 'n instrument wat as middel ingestel is om die belange van 'n land te dien. En as 'n mens reken dat die instrument wat hy ter hand het op 'n gegewe tydstip*

16. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Hennie Serfontein, 24.11.1993.

17. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Pen Kotze, 10.06.1993 en Brian Bamford, 11.06.1993.

*ondoeltreffend of onbruikbaar geword het ten opsigte van die vernaamste behoeftes van die land - is dit dan nie sy plig om 'n beter een aan te gryp, of 'n nuwe een te smee nie? Rigting en beginsels moet altyd hoër gestel word as die middel (die instrument). In hierdie lig beskou ek graag politieke partye en die partypolitiek: Om nie aan 'n party (die instrument) te behoort terwille van die party (die instrument) nie - met die bloed as't ware nie - maar om te alle tye slegs die beste belange van die land na te streef met die geskikste instrument wat die tyd kan lewer."* [18]

Vanuit Basson se filosofiese rasionaal is dit daarom verstaanbaar waarom dit voorkom asof hy nie gehuiwer het om van party te verander, indien die party volgens hom afgewyk het van die beginsels en rigting wat hy nagestreef het nie. As rede vir die kere wat hy van party verwissel het, voer Basson aan dat dit nie hy was wat verander het nie, maar die politiek van die dag. Hy het Winston Churchill aangehaal om sy standpunt te bevestig: *"The only way a man can remain constant amid changing circumstances, is to change with them, while preserving the same dominating purpose"*.[19]

Hierdie aanspraak het skerp teenstellende reaksies uitgelok, en die antwoord daarop is waarskynlik 'n kombinasie tussen die navolging van 'n politieke beginsel en opportunisme. Basson het tot 'n mate konstantheid getoon ten opsigte van sy strewe na eenheid in die blanke bevolking, groter toenadering deur blankes tot bruinmense en 'n billiker bedeling vir swartmense. Die wyses waarop die partye wat Basson verteenwoordig het, hierdie kwessies aangespreek het, was egter nie altyd in ooreenstemming met Basson se sienswyse nie. Die enigste party wat grootliks op Basson se sienswyses en uitgangspunte geskoei was, was die Nasionale Unie. Die Party het egter nie 'n besonder groot aanhang gehad nie, en sou op sigself nie die politieke mas opkom teen sterker partye soos die Verenigde Party en die Nasionale Party nie. Daarom was dit bykans 'n logiese stap dat die Nasionale Unie na 'n kort leeftyd in die Verenigde Party opgegaan het. Die Suid-Afrikaanse politieke realiteit het Basson daartoe genoop om die Nasionale Unie te stig om by die Verenigde Party aan te sluit. Dit was een van die voorbeelde waartydens Basson 'n kompromie tussen politieke strewe en sy politieke voortbestaan moes maak.

Soos reeds genoem, was Basson van mening dat politieke partye met verloop van tyd hul beginsels verander het, terwyl sy beginsels daarteenoor konstant gebly

---

18. PV 58: 2/1/1/2, Japie Basson aan J.L. Pretorius, 24.05.1956.
19. PV 58: 3/1/1/1, [1956].

het. Volgens Basson was die rede waarom hy van party verwissel het, die soeke na 'n politieke tuiste waarmee hy homself op 'n bepaalde tydstip kon vereenselwig. In die vyftigerjare was nasionale eenheid, die bevordering van Suid-Afrikaanse simbole en die verkryging van 'n republiek hoog op die agenda van die Nasionale Party. Basson het egter ongemak begin ervaar toe 'n klemverskuiwing plaasgevind het en 'n aggressiewer benadering van apartheid teenoor die swart- en bruinmense begin volg is. Die Progressiewe Party was nie vir Basson 'n opsie nie, aangesien nasionale eenheid nie hoog op hul agenda geplaas was nie. Na Republiekwording kon Basson homself makliker versoen met die Verenigde Party se gematigder benadering teenoor die kleurkwessie wat toe die hoofpunt op die politieke agenda was.[20]

Afgesien van dié twee standpunte wat Basson gekategoriseer het as óf 'n opportunis óf as beginselvas, verskil die maatstawwe waarmee die oordele gemaak word, wesentlik. 'n Onomwonde en ongekwalifiseerde antwoord op die vraag of Basson 'n opportunis was en of hy vanuit sy filosofiese oortuiging opgetree het, is nie voor die hand liggend nie. Dit blyk egter dat dié faktore, tesame met velerlei ander faktore en omstandighede, 'n rol gespeel het in Basson se optrede en besluite.

Dit blyk egter duidelik dat lojaliteit teenoor 'n party en respek vir senior lede op grond van hul senioriteit, nie waardes was wat Basson tot 'n absolute beginsel verhef het nie. Basson was daarom nie 'n politikus wat maklik gekonformeer het oor sake waarvan hy verskil het nie. Dié verskille het dikwels gehandel oor teenoorstaande sienswyses in die benadering tot menslike verhoudinge. Menslike verhoudinge tussen taal en kleurgroepe was vir Basson een van die belangrikste temas in die politiek. Die verskil in benadering tot die verhoudingsproblematiek was een van die redes waarom hy in botsing gekom het met die senior lede van die Verenigde Party toe hy by die Unie-Jeugfront betrokke was. Die patroon is voortgesit met sy bedanking uit die Verenigde Nasionale Suidwesparty, sy kritiek teen Strijdom se term *"baasskap"*, en sy opstand teen die afskaffing van die Naturelleverteenwoordigers in die Volksraad in 1959.

Dr. Frans Cronje is van mening dat 'n politikus se rol en nalatenskap hoofsaaklik gemeet moet word aan die hand van dit wat hy gedoen en vermag het. Gewoonlik is dit net die politici wat vir 'n land tot seën was, of die teendeel

---

**20.** Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Japie Basson, 19.06.1993 en prof. Dan Kriek, 23.11.1993.

daarvan, wie se name in die geskiedenis opgeteken word. Teen dié agtergrond was Basson se bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis volgens Myburgh gemiddeld. Sy bydrae tot die parlementêre geskiedenis was egter bo-gemiddeld en kan hy beskou word as een van die kleurrykste Parlementariërs wat Suid-Afrika opgelewer het.[21] Basson het die vermoë gehad om tot die kern van 'n saak deur te dring, maar vanweë sy gebrek aan doelgerigtheid en die passie om 'n sentrale gedagte te dryf, is daar nie 'n denkrigting in die politiek wat spesifiek aan hom sy ontstaan te danke het nie.[22]

Volgens Smith, Streicher en Zietsman het Basson egter 'n groot impak gehad op individue met wie hy in aanraking gekom het. Sy besonder goeie menseverhoudinge en sy politieke uitgangspunt van Suid-Afrikanisme, het talle kiesers en individue aangespoor en geïnspireer om beter landsburgers te wees.[23] Volgens Schachat sal Japie Basson nie in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika onthou word nie, maar wel deur die mense wat hom persoonlik leer ken het.[24]

Op politieke gebied was Basson se belangrikste bydrae waarskynlik sy bevordering van 'n breër Suid-Afrikanisme en die rol wat hy in die verligte beweging van Suid-Afrika gespeel het sedert die vyftigerjare. Volgens Krause was Basson een van die voorlopers van verligte nasionalisme, maar sal as gevolg van die groot getal ander betrokkenes daarby, nie noodwendig daarvoor onthou en geëer word nie.[25]

Japie Basson kan uitgesonder word as die persoon wat polities kon oorleef, die een wat sy rol met oortuiging kon speel en daarin kon slaag om die kiesers aan sy kant te kry. Tog bly Japie Basson 'n enigma in die Suid-Afrikaanse politiek.

---

21. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Alf Ries, 07.06.1993, Phillip Myburgh, 22.06.1993, dr. Frans Cronje, 23.11.1993, Pen Kotze, 10.06.1993 en Andre Fourie, 08.06.1993.
22. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met dr. Zach de Beer, 07.06.1993, Marais Steyn, 11.06.1993 en dr. Gideon Jacobs, 23.11.1993.
23. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Frank Zietsman, 23.11.1993, Myburgh Streicher, 07.06.1993 en Cyrus Smith, 22.11.1993.
24. Persoonlike versameling: Bandopname van 'n onderhoud met Louis Schachat, 11.06.1993.
25. Persoonlike versameling: Bandopnames van onderhoude met Otto Krause, 24.11.1993 en prof. Dan Kriek, 23.11.1993.

# BYLAE I

## NASIONALE UNIE PARTY

### Program van beginsels (1960)

In die vaste geloof dat God die beskikker oor die lotgevalle van volkere en nasies is en die verskeie bevolkingsgroepe hier in Suid-Afrika met 'n doel en 'n roeping geplaas het - so glo ons dat dit die plig en verantwoordelikheid van die staat, van elke groep en elke lid daarvan is om steeds te streef na die verwesenliking van daardie doel en roeping.

In die vaste oortuiging ook dat elke mens, geskape na die ewebeeld van God, die reg het op erkenning van sy waardigheid as mens en op geleenthede vir die volle ontwikkeling en gebruikmaking van sy talente in diens van sy medemens - so glo ons dat die optrede van die staat, van elke groep en elke indiwidu steeds gegrond moet wees op die beginsels van billikheid, regverdigheid, welwillendheid en diens.

Verder glo ons dat -
Die Blanke bevolking in Suid-Afrika die reg van bestaan en voortbestaan het soos alle ander volkere van die wêreld, op die Blanke bevolking die besondere verantwoordelikheid rus om die lig van die Westerse beskawing te bring na die volkere by en om hom, en steeds gedwonge is om te handel ooreenkomstig die wesentlike beginsels van die beskawing, en Suid-Afrika, as Westers-beskaafde land, en as gelyke deelgenoot met andere in die lotgevalle van die wêreld, sy volwaardige plek moet inneem in die volkery van nasies.

In die lig van hierdie oorweginge is ons oortuig daarvan dat -
Die huidige politieke verdelinge in Suid-Afrika tot verstarring en onbuigsaamheid gelei het en tot nadeel van ons land en sy verskillende bevolkingsgroepe, alleen langs die weg van Blanke nasionale eenheid die Blanke bevolking in staat sal wees om sy roeping te vervul en sy volle bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die land en van al sy bevolkingsgroepe, en in die verhouding tussen die Blanke bevolking en die onderskeie nie-blanke

bevolkingsgroepe, 'n nuwe gees en benadering dringend noodsaaklik geword het, gegrond op die beginsels van samewerking, verdraagsaamheid, welwillendheid en goeie trou. Aan hierdie verskeie oogmerke wens die Nasionale Unie, as Party vir Nasionale Eenheid, uiting te gee, ooreenkomstig die algemene beginsels hieronder uiteengesit:

1. Suid-Afrikaanse Nasieskap

Die Party betuig sy onverdeelde trou teenoor Suid-Afrika as enigste vaderland met die noodsaaklike eie simbole van nasieskap, naamlik-

1.1 'n Eie kenmerkende Suid-Afrikaanse burgerskap;

1.2 Die Unievlag as Nasionale Vlag;

1.3 Die Stem van Suid-Afrika as enigste volkslied; en

1.4 Sodanige ander simbole as wat noodsaaklike uitinge is van dié nasieskap.

2. Samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes

Op grond van die beginsel genoem hierbo, glo ons dat alle pogings in die werk gestel moet word om daadwerklike nasionale eenheid tussen die twee Blanke taalgroepe in Suid-Afrika te bevorder en te verwesenlik, langs die volgende weg:

2.1 Volle samewerking, deelgenootskap en medeverantwoordelikheid van Afrikaans- en Engelssprekendes in die bestuur van die land;

2.2 Die ongekwalifiseerde erkenning van die taal- en kultuurbesit van elke van die twee groepe, en die beskerming en handhawing van die taal- en kultuurregte van elk;

2.3 Volkome gelykberegtiging van albei groepe in ons staatsdiens en in die openbare lewe van die land;

2.4 Die bevordering en handhawing van tweetaligheid en van agting vir elke groep se taal en kultuur as verrykende elemente in ons gesamentlike nasieskap; en

2.5 Die aanmoediging deur die staat van stappe, in die besonder op onderwysgebied, om bogenoemde oogmerke te bereik.

3. Staatsregtelike posisie

3.1 Die Party glo dat elke nasie die reg tot selfbeskikking het en die reg het om sy regeringsvorm na eie goeddunke te bepaal.

3.2 Op grond van Suid-Afrika se reeds verkreë onafhanklikheid beywer die Party hom vir 'n republikeinse regeringsvorm op die beginsels hieronder genoem.

3.3 Die Party glo dat die republiek op die breë grondslag van die volkswil moet berus en as sodanig 'n verenigende krag in ons nasionale lewe kan en moet wees.

3.4 Derhalwe glo die Party dat die vraagstuk van republiekwording nie as 'n enge party-politieke vraagstuk behandel moet word nie, maar as 'n bo-partypolitieke saak benader moet word.

3.5 Die Party stel hom op die standpunt dat -

3.5.1 Die republiek gegrond moet wees op Westers-demokratiese beginsels en op ons bestaande parlementêre stelsel; en

3.5.2 In belang van Suid-Afrika, ons ons vrye en volwaardige lidmaatskap van die Statebond moet bly behou.

4. Die Kleurlingbevolking

4.1 Die Party, in die lig van die onderskeie oorwegings hierbo genoem, wens hom te beywer vir die groots moontlike mate van vreedsaamheid, verdraagsaamheid en samewerking tussen verskeie rassegroepe in ons land, met inagneming van die beginsels van reg en billikheid teenoor al die groepe.

4.2 Die Party aanvaar ons Kleurlingbevolking as onskeibare onderdeel van ons bevolkingstruktuur en staatshuishouding en geregtigheid om, as groep met Westerse leefwyse en opvatting, hul volle bydrae te lewer tot die ontwikkeling en bestuur van die land.

4.3 Derhalwe beywer die Party hom positief vir die skepping van geleenthede, binne die raamwerk van ons staatsverband, waardeur die Kleurling, as groep en as indiwidue, sodanige konstruktiewe bydrae kan lewer, en verset hy hom teen maatreëls wat neig om die Kleurling en die Blanke uitmekaar te dryf en wat sy waardigheid as mens aantas.

4.4 Verder glo die Party dat die bestaande beginsel van groepsverteenwoordiging van die Kleurlingbevolking in ons wetgewende liggame vereis dat hulle die reg moet hê om hul verteenwoordigers in dié wetgewende liggame uit hul eie groep te verkies.

5. Die Bantoebevolking

Wat die verhouding tussen Blank en Bantoe betref, glo die Party dat -

5.1 Die grootskaalse en spoedige ekonomiese en staatkundige ontwikkeling van die Bantoegebiede noodsaaklik is in belang van alle groepe en van Suid-Afrika as geheel, en dat alle moontlike middele aangewend moet word in die uitvoering van hierdie beleid;

5.2 Hierdie oogmerk slegs bereik kan word indien dit geskied op die grondslag van voortdurende onderlinge oorlegpleging, volle samewerking en mede-verantwoordelikheid;

5.3 Die oogmerk met die ekonomiese en staatkundige uitbouing van die Bantoegebiede moet wees om volle geleenthede te skep vir ontwikkeling en uitlewing, op alle terreine, vir die Bantoe wie se permanente tuiste dié gebiede is;

5.4 Daar nie nou met beslistheid verklaar kan word wat die uiteindelike staatkundige verhouding sal wees tussen hierdie Bantoegebiede en die res van die Unie nie, maar dat, na mate hierdie gebiede ontwikkel, oorweging geskenk moet word aan die mees geskikte vorm van staatkundige verband met die oog op die behartiging van die gemeenskaplike belange;

5.5 Die posisie van die Bantoe wie se permanente tuiste buite die Bantoegebiede is, spesiale oorweging verdien en dat pogings aangewend moet word om hulle groter medeverantwoordelikheid en medeseggenskap te gee in die bestuur van hulle eie aangeleenthede, en dat die maatreëls wat onnodige wrywing veroorsaak en die beginsels van

die menslike waardigheid ontken, uit beleid en administrasie verwyder moet word; en

5.6 Die politieke regte wat die Bantoebevolking by wyse van verteenwoordiging in die parlement deur Blankes tot hede toe gehad het, herstel behoort te word aan die Bantoebevolking buite die Bantoegebiede 'n meer regstreekse aandeel in die verkiesing van die verteenwoordigers gegee moet word.

6. <u>Binnelandse beleid</u>

6.1 Die Party glo in die demokratiese lewensopvatting as die beste grondslag vir ons staatsbewind en dat dit die plig van die staat is om vryheid van godsdiens, persoonlike vryheid, die vryheid van die pers, van spraak en vreedsame assosiasie, en die onafhanklikheid van ons geregshowe te handhaaf en te beskerm. Dien ten gevolge glo die Party dat daar vrye toegang vir alaml tot die land se geregshowe behoort te wees en verset hy hom onverbiddellik teen die kommunisme en enige ander vorm van diktatuur.

6.2 Die Party beywer hom vir 'n meer positiewe en intensiewe immigrasiebeleid as wat tans die geval is.

6.3 Die Party beywer hom vir die grootskaalse ekonomiese ontwikkeling en ontginning van die natuurlike hulpbronne van ons land, met die groots moontlike aanmoediging van private inisiatief in hierdie verband.

7. <u>Buitelandse beleid</u>

7.1 <u>Solidariteit met die Statebond</u>

Die Party glo dat Suid-Afrika deur solidariteit met die Statebond die mees konstruktiewe invloed in Afrika kan uitoefen en internasionaal die doeltreffendste bydrae tot vrede in die wêreld kan lewer.

7.2 <u>Afrika-beleid</u>

7.2.1 Die Party glo dat die verskeie volkere van Afrika geregtig is op hul vryheid en selfbeskikkingsreg.

7.2.2 Hy glo dat Suid-Afrika, as leidende Westerse moondheid op die Vasteland van Afrika, 'n besonderse bydrae kan lewer tot die vreedsame staatkundige en ekonomiese ontwikkeling van die volkere van Afrika en tot die skepping van stabiele staatkundige ordes op die Vasteland.

7.2.3 Hy glo dat, as integrerende deel van die Vasteland van Afrika, ons 'n verhouding van vriendskaplike samewerking tussen Suid-Afrika en die ander state en moondhede in Afrika moet ontwikkel.

7.2.4 In die uitvoering van 7.2.2 en 7.2.3 is die Party oortuig van die wenslikheid van diplomatieke en ander kontak tussen Suid-Afrika en hierdie ander state op die Vasteland van Afrika.

7.3 Algemene buitelandse beleid

7.3.1 Die Party glo in volle samewerking met die Westerse moondhede van die wêreld, soos bepaal deur Suid-Afrika se belange en behoeftes.

7.3.2 Die Party is oortuig van die wenslikheid van volle samewerking met die V.V.O. en ander internasionale organisasies, met inagneming van Suid-Afrika se eie belange.

7.3.3 Die Party glo verder dat ons buitelandse beleid as 'n saak van breë nasionale eenheid behandel moet word en nie as die alleentaak van enige bepaalde politieke party nie.

# BYLAE II

## VERKORTE OPSOMMING VAN DIE POLITIEKE LOOPBAAN VAN JAPIE BASSON TOT 1966

Volle naam: Jacob Daniel du Plessis Basson

Gebore op 25 Julie 1918 in die Paarl as die seun van wyle mnr. en mev. Danie Basson (Senator 1955-1960).

Matrikuleer aan die Hoër Jongenskool in die Paarl. Behaal 'n B.A.-graad in Regte aan die Universiteit Stellenbosch gedurende die periode 1936-1938.

Basson is die stigter-voorsitter van die eerste studentetak van die toentertydse nuwe Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party op Stellenbosch in 1937.

In die jaar 1939 beklee Basson die posisie van Sekretaris-organiseerder van die Verenigde Party in die kiesafdeling Paarl. Hy publiseer ook in dieselfde jaar die maandblad Nasiebou.

Vanaf 1940-1941 is hy 'n politieke verslaggewer vir die Kaapse dagblad Die Suiderstem. Hy is ook parlementêre verslaggewer en lid van die Parlementêre Persgalery.

Vanaf 1942 is Basson die Kaaplandse Organisasiehoof van die Unie-Jeugfront van die Verenigde Party. Hy is ook verantwoordelik vir die publikasie van die maandblad, Unie-Jeug.

As organisasiehoof betwis hy die kiesafdeling Moorreesburg as kandidaat van die Verenigde Party vir die Volksraad teen adv. (later minister) F.C. Erasmus (Nasionale Party) in die Algemene Verkiesing van 1943. Hy betwis dieselfde setel vir die Provinsiale Raad later dieselfde jaar, maar verloor albei verkiesings.

In 1947 word Basson Hoofsekretaris van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, met die hoofkantoor in Windhoek. Hy was een van die verteenwoordigers van die Verenigde Nasionale Suidwesparty wat saam met die Nasionale Party van Suidwes-Afrika deelgeneem het aan die amptelike onderhandelings met die nuwe Eerste Minister, dr. D.F. Malan in 1948. Die onderhandelings het gelei tot 'n nuwe Konstitusie vir Suidwes in 1949 en verteenwoordiging vir die gebied in die Parlement.

In Februarie 1949 bedank Basson uit die Verenigde Nasionale Suidwesparty en sluit by die Nasionale Party van Suidwes-Afrika aan.

In Augustus 1950 word Basson verkies tot Lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Namib en verteenwoordig die kiesafdeling tot 1961. Gedurende dié tydperk het hy drie jaar lank as Regeringsweep in die Volksraad gedien en was Sekretaris van die Nasionale Partykoukus se groep gemoeid met Buitelandse Sake. Hy was etlike jare lank aktiewe lid van SABRA en het in die Parlementêre Komitee en Uitvoerende Bestuur van SABRA gedien.

In 1959 word Basson uit die koukus van die Nasionale Party gesit en later ook geskors as lid van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika. Dit was die gevolg van 'n verskil van mening met die Regering oor sy program van rassewette wat tot 'n punt gekom het met die uitsetting van die Naturelleverteenwoordigers uit die Parlement.

Basson verteenwoordig die kiesafdeling Namib as onafhanklike in die tydperk 1960-1961. Gedurende dié periode stig hy die Nasionale Unie met 'n politieke maandblad Werda in Johannesburg en die S.W.-Bulletin in Windhoek.

In 1961 word 'n verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Unie en die Verenigde Party gesluit en Basson word as kandidaat van die Nasionale Unie gekies as Lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Bezuidenhout in Johannesburg. In 1962 het die Nasionale Unie amptelik by die Verenigde Party aangesluit.

In 1966 word Basson herkies as Lid van die Volksraad vir Bezuidenhout. Hy sit as voorbanker van die Verenigde Party in die Volksraad en is die Voorsitter van die Party se koukusgroep gemoeid met Buitelandse Sake, Inligting en Immigrasie.

Politieke en ander reise: In 1954 bring Basson 'n besoek aan Oos- en Sentraal-Afrika as 'n Suid-Afrikaanse parlementêre verteenwoordiger na die eerste Afrika-byeenkoms van die *Commonwealth Parliamentary Association* in Nairobi. In 1958 besoek hy die Verenigde State, Kanada en die Verenigde Koninkryk met 'n *Leader Grant*. In 1959 reis hy deur Wes-Europa en Skandinawië. In 1962 het hy Japan, Hongkong en Thailand besoek.

Hy is getroud met Clarence Strauss en hulle het twee dogters.

# BRONNELYS EN BIBLIOGRAFIE

## I ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### 1.1 Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat

* PV 58: Japie Basson-versameling
* PV 122: Nasionale Party van Suidwes-Afrika se versameling
* PV 71: Catherine Taylor-versameling
* PV 61: J.G.H. van der Wath-versameling

### 1.2 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein

* The Friend-versameling

### 1.3 J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch

* D.F. Malan-versameling
* Dr. Piet Cillie-versameling

### 1.4 Die Biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika

* Verenigde Party-versameling

### 1.5 J.W. Jagger Biblioteek, Universiteit van Kaapstad

* BC.640: Harry Lawrence-versameling
* BC.627: O.D. Wollheim-versameling

### 1.6 Nasionale Argiefbewaarplek, Pretoria

* A2: J.G. Strijdom-versameling
* A38: N.C. Havenga-versameling

## II PERSOONLIKE VERSAMELING

### 2.1 Bandopnames van onderhoude met:

Joan Allen
Brian Bamford
Hein Basson
Japie Basson
Prof. Piet Cillie
Dr. Frans Cronje
Olga Cronje
Dr. Zach de Beer
A.H. du Plessis
Colin Eglin
André Fourie
Sir De Villiers Graaff
Tony Hickman
Dr. Gideon Jacobs
Prof. Willem Kleynhans
Adrianne Koch
Pen Kotze
Otto Krause
Prof. Dan Kriek
Jenny Logie
Ena Loubser
Louis Louw
Jan Marais
Piet Marais
Philip Myburgh
Adv. Dan Neser
Adv. Percy Niehaus
Prof. Nic Olivier
Izak Perold
Alf Ries
Louis Schachat
Gerd Schuler
G.N.A. Seedat
M.A. Seedat

Hennie Serfontein
Brig. Cyrus Smith
Marais Steyn
Susan Steyn
Myburgh Streicher
Hans Strydom
S.A. van den Heever
Jan van Rooyen
Frans Venter
Klasie Viljoen
Johan Weilbach
Tos Wentzel
Frank Zietsman

### 2.2 Transkripsies van onderhoude met:

Piet Beukes
Caro Wiese

### 2.3 Korrespondensie ontvang van:

Vause Raw
Kol. J.D. Opperman
M.A. Seedat

### 2.4 Ander dokumentasie in eie besit:

Dokumentasie geskenk deur:
Hein Basson
Japie Basson
Izak Perold
M.A. Seedat
Cyrus Smith

**2.5 Versamelings nog in besit van eienaar:**

Japie Basson

## III AMPTELIKE PUBLIKASIES

3.1 Buitengewone staatskoerante
Republiek van Suid-Afrika, Staatskoerant No. 1426, 1966

3.2 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad
1950-1961

3.2.1 Republiek van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad
1961-1966

3.2.2 Unie van Suid-Afrika, Notule van die Volksraad
1954

3.3 Suidwes-Afrika, Notule van die Wetgewende Vergadering
1951, 1953

## IV PERIODIEKE PUBLIKASIES

**4.1 Dag- en weekblaaie**

Cape Argus, 1938, 1954-1955, 1959-1961, 1963-1966
Cape Times, 1937, 1941-1945, 1949, 1954-1957, 1959-1966
Dagbreek en Sondagnuus, 1954, 1957, 1959, 1961, 1966
Daily Report, 1946
Die Beeld, 1966
Die Burger, 1935, 1943, 1947, 1949, 1951, 1953-1963, 1965-1966
Die Oosterlig, 1937, 1942
Die Kruithoring, 1943, 1945, 1947
Die Realis, 1961
Die Suiderstem, 1938-1939, 1941-1947, 1949
Die Suidwes-Afrikaner, 1946-1955, 1957-1960
Die Suidwester, 1946-1951, 1953-1961

Die Transvaler, 1949, 1957, 1959-1962, 1966
Die Vaderland, 1937, 1958-1961, 1966
Die Volksgenoot, 1954
Die Volkstem, 1947
Die Vrystater, 1943-1944
East Africa Standard, 1954
Eastern Province Herald, 1945
Frontier Post, 1943, 1945
Graaff-Reinet Advertiser, 1942
Jeug-Nuus, 1944
Midland News, 1942
Mossel Bay Advertiser, 1944
Natal Daily News, 1954, 1959, 1961-1963
Natal Mercury, 1963, 1965
Natal Witness, 1953
Ons Land, 1944-1945
Oudtshoorn Observer, 1942
Paarl Post, 1933-1937, 1944-1945
Rand Daily Mail, 1954, 1957-1963, 1965-1966
Somerset East Budget, 1943
Sunday Chronicle, 1965
Sunday Express, 1957, 1960
Sunday Times, 1955, 1958-1959, 1961, 1964-1966
Stellalander, 1946
The Friend, 1943, 1954-1955, 1958-1961, 1963, 1965
The Natal Mercury, 1958, 1960-1961
The Pretoria News, 1955
The Progressive, 1961
The Star, 1953-1954, 1957-1962, 1964-1966
Unie-Jeug, 1946-1947
Vereeniging News, 1945
Weekblad, 1959
Werda, 1961-1962
Windhoek Advertiser, 1946-1947, 1951, 1953, 1958-1959, 1961
Youth Friend, 1942, 1943

### 4.2 Pamflette, vlugskrifte en brosjures


Anoniem, Verkiesings 1910 - 1970, 1970.
Anoniem, Die Nuwe Republiek, 1961.
Anoniem, Provinsiale Raad - Algemene Verkiesing - 13 Oktober 1943.
Anoniem, Ons weier om te buk, (s.a.).
Anoniem, Bezuidenhout Bulletin, 1966.
Basson, J. du P., Tot Diens van My Party, 1943.
Basson, J. du P., Die Unie-Jeugfront, Voorligtingreeks Nommer Een, 1944.
Basson, J. du P., Vyf Goeie Redes waarom u teen Dr de Wet moet stem, (s.a.).
Basson, J. du P., Openbare Volksvergaderings, Verenigde Nasionale Suidwes Party, C.P. Michau, (s.a.).
Basson, J. du P., Julle Wraakgieriges! Unie-Nasionaliste Beledig Ons Volk, (s.a.).
Basson, J. du P., Burger van Suidwes Klop u Afrikanerhart nog Warm?, (s.a.).
Basson, J. du P., Laat u Afrikaner-gewete U op 2 Junie lei, (s.a.).
Basson, J. du P., Party met die twee Gesigte, (s.a.).
Basson, J. du P., Ope Gesprek met die Duitssprekende Kiesers in die Kiesafdeling Namib, (s.a.).
Basson, J.D. du P., Daar is geen Veilige Setel nie!, (s.a.).
Basson, J.D. du P., Geagte Kieser van Bezuidenhout!, (s.a.).
Bond vir Burgerregte, Die Kleurlingstemreg en die Grondwet, (s.a.).
Du Plessis, A.H., Nasionale Party van Suidwes-Afrika Strydvrae No.1-4, 1952.
Hamman, J.L., Die Toekoms. Waarom moet u as Kieser die V.N.S.W.P. tydens die eerskomende Verkiesing op 9 Mei heelhartig ondersteun, 1944.
Lazarus, H.W., Kiesafdeling Moorreesburg, (s.a.).
Maritz, B., Ons Aanklag!, (s.a.).
Oosthuizen, O.A., Provinsiale Raadsverkiesing, Woensdag 13 Oktober 1943. Beleidsverklaring deur die Verenigde Party, 1943.
Van Lingen, J., Dit is die Verenigde Party Erns, 1966.

### 4.3 Tydskrifte

Commonwealth Survey, 1954
Horison, 1960.
Race Relations News, 1950, 1956, 1958
SABRA - Nuusbrief, 1958-1959
The Forum, 1950, 1958-1960
The South African Observer, 1959

## V GEPUBLISEERDE WERKE

### 5.1 Artikels

Ballinger, M., *The book we have been waiting for "Our Responsibilty"* in The Forum, Maart 1960.

Basson, J.D. du P., *Die Taak van die Blanke Politikus t.o.v. Rasseverhoudinge in Suid-Afrika* in Tydskrif vir Rasseaangeleenthede - Kongresuitgawe, Vol. 9 No. 4, 1958.

Basson, J. du P., *Revolution in East Africa: How will it influence Us?* in The South African Outlook, April 1955.

Basson, J. du P., *The Only Surviving Apartheid Area in the whole of Africa?* in The South African Outlook, Mei 1955.

Basson, J. du P., *The Case for Apartheid* in Africa South, Vol. 1 No. 1, 1956.

Basson, J. du P., *Single Flag is a Contribution to National Unity* in The Forum, April 1957.

Basson, J. du P., *Moet ek stem?* in Die Huisgenoot, 04.04.1958.

N.I.C., *Race Relations in Perspective* in South African Observer, August 1955.

Posthuma, A.J., *Waarom die Verenigde Party van Generaal J.C. Smuts die Algemene Verkiesing van 1948 verloor het.* in Gister en Vandag, Tydskrif vir Geskiedenisonderrig, No. 17, 1989.

Tothill, F.D., *The South African General Election of 1943* in Historia, Jaargang 34, No. 1, Mei 1989.

White, W.B., *The United Party and the 1953 General Election* in Historia, Jaargang 36 No. 2, 1991.

White, W.B., *The United Party's Afrikaans-language Press 1948 - 1953* in Kleio XXIV, 1992.

**5.2 Literatuur**

Adam, H., Giliomee, H., (reds.), Ethnic Power mobilized: Can South Africa Change?, London, 1979.

Barnard, S.L. en Marais, A.H., Die Verenigde Party die groot Eksperiment, Pretoria, 1982.

Basson, J.D. du P., Advokaat vir Suid-Afrika Deel 1 Die Pad Politiek Toe, Bloemfontein, 1990.

Botha, J., Verwoerd is Dead, Kaapstad, 1967.

Bruwer, J.P. van S., South West Africa: The disputed Land, Kaapstad, 1966.

Carroll, F., South Africa and the United Nations, Westport, 1975.

Carter, G.M., The Politics of Inequality South Africa since 1948, Londen, 1958.

Crafford, F.S., Jan Smuts - A Biography, Londen, 1946.

De Villiers, D., Paul Sauer, Kaapstad, 1977.

De Villiers Graaf, Div Looks Back The Memoirs of Sir De Villiers Graaff, Kaapstad, 1994.

D'Oliveira, J., Vorster die mens, Johannesburg, 1977.

Du Plessis, W., Die Goue Draad "Op die Trekpad van 'n Nasie", Johannesburg, 1971.

Fagan, H.A., Ons Verantwoordelikheid 'n Bespreking van Suid-Afrika se Rassevraagstukke, Stellenbosch, (s.a.).

Giliomee, H. en Adam, H., Afrikanermag Opkoms en Toekoms, Stellenbosch, 1981.

Goldin, I., Making Race the Politics and Economics of Coloured Identity in South Africa, Kaapstad, 1987.

Hancock, W.K., Smuts The Fields of Force 1919 - 1950, Cambridge, 1968.

Hepple, A., South Africa, A Political and Economic History, Londen, 1967.

Heard, K.A., General Elections in South Africa 1943-1970, Londen, 1974.

Horrell, M., A Survey of Race Relations: 1958-1959, Johannesburg, 1960.

Hyam, R., The Failure of South African Expansion 1908-1948, Edinburgh, 1972.

Ingham, K., Jan Christiaan Smuts The Conscience of a South African, Johannesburg, 1986.

Joubert, D., Met Iemand van 'n Ander Kleur, Beskouings en Wetgewing oor Ontug, Kaapstad, 1974.

Kahn, E.J., The Separated People; A Look at Contemporary South Africa, New York, 1968.

Kenney, H., Power Pride and Prejudice, Johannesburg, 1991.

Klein, T.J., Origin and Development of Political and Socio-Economic Aspects of Apartheid in South Africa, Washington D.C., 1965.

Kruger, D.W., The Making of a Nation - A History of the Union of South Africa 1910 - 1961, Johannesburg, 1969.

Lawrence, J., Harry Lawrence, London, 1978.

Legum, C., South Africa: Crisis for the West, Londen, 1964.

Le Roux, J.H., Generaal J.B.M. Hertzog Sy Strewe en Stryd, Volume II, Johannesburg, 1987.

Lever, H., The South African Voter, Kaapstad, 1972.

Liebenberg, B.J., Spies, S.B., (reds.), South Africa in the 20th Century, Pretoria, 1993.

Loewenberg, P., Decoding the Past The Psychohistorical Approach, London, 1985.

Louw, L., Dawie 1946 - 1964, Kaapstad, 1965.

Malan, D.F., Afrikaner Volkseenheid en my Ervarings op die Pad daarheen, Kaapstad, 1959.

Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika Sy Stryd en Sy Prestasies 1914-1964, Kaapstad, 1964.

Marquard, L., The Peoples and Policies of South Africa, Kaapstad, 1969.

Meiring, P., Smuts the Patriot, Kaapstad, 1975.

Meiring, P., Ons Eerste Ses Premiers, Kaapstad, 1972.

Mostert, J.P.C., Politieke Partye in Suid-Afrika, Bloemfontein, 1986.

Pienaar, S.W. en Scholtz, J.J.J., Glo in u Volk - Dr. D.F. Malan as Redenaar 1908 - 1954, Kaapstad, 1964.

Roberts, M. en Trollip, A.E.G., The South African Opposition 1939 - 1945 An Essay in Contemporary History, Londen, 1947.

Schoeman, B., Ben Schoeman My Lewe in die Politiek, Johannesburg, 1978.

Schoeman, B.M., Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, Pretoria, 1977.

Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, Kaapstad, 1973.

Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner Deel VII 1924-1939, Johannesburg, 1967.

Serfontein, J.H.P., Namibia?, Randburg, 1976.

Spies, F.J. du T., Kruger, D.W. en Oberholster, J.J., Die Hertzogtoesprake, Deel 6, Oktober 1932 - September 1942, Johannesburg, 1977.

Spottiswoode, H., South Africa the Road Ahead, Cape Town, 1960.

Springhall, J., Youth, Empire and Society British Youth Movements 1883 - 1940, London, 1977.

Strangwayes-Booth, J., A Cricket in the Thorn Tree Helen Suzman and the Progressive Party, Londen, 1976.

Strydom, L., Rivonia Masker af, Johannesburg, 1964.

Taylor, C., If Courage goes My 20 Years in South African Politics, Johannesburg, 1976.

Thom, H.B., D.F. Malan, Goodwood, 1980.

Van der Wath, J.G.H., Johannes van der Wath van Suidwes-Afrika, Goodwood, 1983.

Vatcher, W.M., White Laager: The Rise of Afrikaner Nationalism, Londen, 1965.

Van Wyk, A., Die Keeromstraat-kliek: Die Burger en die Politiek van Koalisie en Samesmelting 1932-1934, Kaapstad, 1983.

Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party Sy Opkoms en Oorwinning - Kaapland se Aandeel, Elsiesrivier, 1956.

Van Zyl Slabbert, F., The last White Parliament, Johannesburg, 1985.

Vosloo, T., Schalk Pienaar, 10 Jaar Politieke Kommentaar, Kaapstad, 1975.

## VI ONGEPUBLISEERDE SEKONDERE BRONNE

### 6.1 Verhandelings en proefskrifte

Barnard, S.L., Politieke Oriëntasie in die Suid-Afrikaanse Opposisie sedert 1958, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1979.

Barnard, S.L., Interne Wrywing in die Verenigde Party in die Jare Vyftig, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976.

Chadinha, J.G., Magsdeling en Magsverdeling. 'n Vergelykende Studie van Beginselprogramme van Blanke Politieke Partye in Suid-Afrika sedert 1948, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984.

Erasmus, A.S., Die Bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned. Geref. Kerk, met besondere Verwysing na sy Teologiese Denke. 'n Kerkhistoriese Studie, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1986.

Joubert, P.S., Partypolitieke Groeperinge in Suidwes-Afrika sedert 1915, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1959.

Kriek, D.J., Genl. J.B.M. Hertzog se Opvattings oor die Verhoudinge tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes na Uniewording, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971.

Messina, E.A., Die Voortrekkereeufees 1938, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981.

Pretorius, J.W.F., Die Staatkundige Ontwikkeling van Suidwes-Afrika met besondere Aandag aan die Invloed van die Bevolkingsgroepe in die Gebied, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1959.

Stultz, N.M., The Electoral Revival of the National Party in South Africa 1934 - 1948, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Boston, 1965.

Van der Walt, N.G.S., Die Republikeinse Strewe: Dryfvere en Probleem Binne die Suid-Afrikaanse Partypolitiek, 1902-1961, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Potchefstroom, 1968.

Van der Westhuizen, L.J., Die Neutraliteitsvraagstuk as Verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse Politiek (1933-1940), met besondere Verwysing na die Rol van Genl. J.B.M. Hertzog, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984.

Van Wyk, A.W., 'n Krities-Sosiologiese Studie van Afrikaanse Jeugorganisasies, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1966.

# ABSTRACT

| | |
|---|---|
| **TITLE:** | **The political career of Jacob Daniël du Plessis (Japie) Basson up to 1966** |
| **CANDIDATE:** | **Willem Theron Adendorff** |
| **COURSE:** | **Magister Artium** |
| **DEPARTMENT:** | **History, UOFS, 1996** |
| **STUDYLEADER:** | **Prof. Leo Barnard** |

When Japie Basson started his political career in 1937, it was the beginning of a distinctive career which could be distinguished from that of the average politician.

Basson occupied his first political position as chairman of the Junior United Party branch at the University campus of Stellenbosch. Under the leadership of Basson this branch of the Party contributed to the fact that H.A. Fagan won the Stellenbosch seat in the general election of 1938.

Having completed his Law studies, he started working as the organiser of the United Party in the Paarl constituency. When the Second World War broke out, Basson accepted the post of political journalist at Die Suiderstem.

Early in the forties the United Party founded a youth movement called the "V-Front", which was later known as the "Unie-Jeugfront". Being the first Chief Organiser, Basson played an important role in the development and existence of this movement. He already had high political ambitions and in 1943 he was defeated as the United Party candidate in both the general and the provincial elections in the Moorreesburg constituency. With unrealised aspirations he left the "Unie-Jeugfront" and the United Party in 1947 in order to grasp the better political opportunities which South West Africa offered him. He was appointed Chief Secretary of the United National South West Party, but it was not long before he also had a confrontation with the leaders of the Party. After the victory of the National Party in 1948, the National Party increased in size in South West Africa and the possibility of

being incorporated in South Africa, became a more viable reality. For this reason he joined forces with the National Party and negotiated a constituency for himself in the election of 1950 with a view to representation in the South African House of Assembly. After a well-planned election campaign, the National Party won all six seats. Thus Basson realised his lifelong ideal by being elected as Member of Parliament for the Namib constituency.

Although Basson had established himself as a member of the National Party in the early fifties, it became apparent in the mid-50s that he did not always see eye to eye with this Party's interpretation and application of the colour policy. His increasing resistance reached a climax in 1959 when he rebelled against the bill which povided for the abolition of the black representatives. Basson's confrontation with Verwoerd as regards this issue, originally resulted in his suspension from the caucus. He was, however, suspended by the National Executive of the National Party of South West Africa several months after his suspension from the caucus. Basson therefore became the first Member of Parliament of the National Party who was suspended by the Party after his victory in 1948.

Basson was however, a thorough politician and he cherished no other ideals but to be a politician. He therefore did not resign as Member of Parliament of his constituency, namely Namib. He was an independent in the House of Assembly for a short time only before he started playing a leading role in the establishment of the National Union ("Nasionale Unie"). The National Union developed into a political party which strove to win over voters who wanted to support neither the National Party nor the United Party. Basson also founded the South West Party in South West Africa with the same aims and goals in South West Africa. With a view to participation in the election of 1962, Basson succeeded superbly in first of all persuade H.A. Fagan, a respected figure, to become the leader of the National Union. After that Basson, with the help of Fagan, succeeded after long drawn-out negotiations to reach an election agreement with Sir De Villiers Graaff. In this process Basson succeeded in securing a safe seat for the election. Furthermore a senatorial seat was also promised to Fagan. Basson succeeded in winning his seat and shortly afterwards he and Fagan officially joined the United Party and occupied their seats in the caucus. Basson thus succeeded in ensuring his political career and he made worthy contributions to the Party up to the general election in 1966. His contributions were especially as regards the colour policy and more specifically the position of the Coloureds, as well as regarding foreign affairs, which included the international position of South West Africa and South Africa.

# OPSOMMING

| | |
|---|---|
| **TITEL:** | **Die politieke loopbaan van Jacob Daniël du Plessis (Japie) Basson tot 1966** |
| **KANDIDAAT:** | **Willem Theron Adendorff** |
| **KURSUS:** | **Magister Artium** |
| **DEPARTEMENT:** | **Geskiedenis, UOVS, 1996** |
| **STUDIELEIER:** | **Prof. Leo Barnard** |

---

Die toetrede van Japie Basson tot die politiek in 1937 was die begin van 'n eiesoortige loopbaan wat onderskeibaar was van die gemiddelde politikus se loopbaan.

Basson het sy eerste politieke posisie as die eerste Voorsitter van die Junior Verenigde Partytak op die Universiteitskampus van Stellenbosch ingeneem. Onder Basson se leiding het dié Partytak bygedra tot H.A. Fagan se oorwinning van die Stellenboschsetel in die algemene verkiesing van 1938.

Na afloop van sy studie in die Regte het hy as organiseerder vir die Verenigde Party in die Paarlkiesafdeling begin werk. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Basson 'n betrekking as politieke joernalis by <u>Die Suiderstem</u> aanvaar.

In die beginveertigerjare het die Verenigde Party 'n jeugbeweging op die been gebring, naamlik die V-Front, wat later bekend gestaan het as die Unie-Jeugfront. Basson het as die eerste Hooforganiseerder 'n belangrike rol in die ontwikkeling en bestaan van dié beweging gespeel. Hy het reeds hoë politieke ambisies gehad en is as kandidaat van die Verenigde Party in beide die algemene en provinsiale verkiesings van 1943 in die Moorreesburgkiesafdeling verslaan. Met onvervulde aspirasies het hy die Unie-Jeugfront en die Verenigde Party in 1947 vaarwel toegeroep om die groter politieke geleenthede wat Suidwes-Afrika hom gebied het, aan te gryp. Hy is aangestel as Hoofsekretaris van die Verenigde Nasionale Suidwesparty, maar hy het egter kort voor lank ook met die leiers van dié Party gebots. Sedert die Nasionale Party se oorwinning in 1948, het die Nasionale Party in Suidwes-Afrika gegroei en die moontlikheid van inlywing by Suid-Afrika het 'n groter realiteit geword. Om dié rede het hy by die Nasionale Party aangesluit en 'n

kiesafdeling vir homself beding in die verkiesing van 1950 vir verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse Volksraad. Na ’n goedbeplande verkiesingsveldtog het die Nasionale Party met al ses setels uit die stryd getree en Basson het sy lewensideaal verwesenlik deur as Volksraadslid vir die Namibkiesafdeling verkies te word.

Hoewel Basson in die beginvyftigerjare homself eers in die Nasionale Party gevestig het, het dit teen die middel van die vyftigerjare geblyk dat hy nie altyd met die Party se interpretasie en toepassing van die kleurbeleid saamgestem het nie. Sy toenemende verset het ’n klimaks in 1959 bereik met sy opstand teen die wetsontwerp wat voorsiening gemaak het vir die afskaffing van die Naturelleverteenwoordigers. Basson se botsing met Verwoerd oor dié kwessie het oorspronklik tot sy skorsing uit die koukus gelei. Hy is egter eers etlike maande na sy skorsing uit die koukus deur die Hoofbestuur van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika uit die Party geskors. Basson het dus die eerste Volksraadslid van die Nasionale Party geword wat deur die Party na sy oorwinning in 1948 geskors is.

Basson was egter ’n politikus in murg en been en het geen ander aspirasies gehad buiten om ’n politikus te wees nie. Hy het daarom nie as Volksraadslid van sy kiesafdeling, Namib, bedank nie. Hy was slegs vir ’n kort tydperk ’n onafhanklike in die Volksraad voordat hy ’n leidende rol gespeel het om die Nasionale Unie te stig. Die Nasionale Unie het ontwikkel tot ’n politieke party en het gepoog om kiesers te trek wat nóg die Nasionale Party, nóg die Verenigde Party wou steun. Basson het ook in Suidwes-Afrika die Suidwesparty gestig wat dieselfde oogmerk gehad het. Met die oog op deelname aan die verkiesing van 1962, het Basson meesterlik daarin geslaag om eers vir H.A. Fagan, ’n gerespekteerde figuur, te oorreed om die leierskap van die Nasionale Unie op sy skouers te neem. Daarna het Basson met die hulp van Fagan daarin geslaag om na uitgerekte onderhandelinge ’n verkiesingsooreenkoms met Sir De Villiers Graaff aan te gaan. In dié proses het Basson daarin geslaag om ’n veilige setel vir die verkiesing te verkry en ook ’n senaatsetel is aan Fagan beloof. Basson kon daarin slaag om sy setel te wen en kort daarna het hy en Fagan amptelik by die Verenigde Party aangesluit en hul plekke in die koukus ingeneem. Basson het dus daarin geslaag om sy politieke loopbaan te verseker en hy het tot met die Algemene Verkiesing van 1966 goeie bydraes tot die Party gelewer. Sy bydraes was veral ten opsigte van die kleurbeleid, meer spesifiek die posisie van die bruinmense, en ook ten opsigte van buitelandse sake, wat Suidwes-Afrika en Suid-Afrika se internasionale posisie ingesluit het.